

# VOORWOORD

## 1. WELKOMSWOORD

1.1 U is hartlik welkom by die negende gewone vergadering van die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland, een van die 10 streeksinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, en afgestig van die Wes-Kaapse Kerk gedurende Oktober 1973. Die Sinode van Oos-Kaapland vier dus vanjaar sy dertigste bestaansjaar, en my wens is dat hierdie vergadering in elke opsig vir elke afgevaardigde 'n heerlike fees sal wees. U verteenwoordig een van die 106 gemeentes van die NG Kerk in die Oos-Kaap, en u besin saam met 263 ander afgevaardigdes en besluit namens meer as 85,000 medelidmate oor die weg waarop die Kerk hom hier aan die begin van die 21ste millennium moet begewe. Mag ons almal saam die wysheid wat van bo kom ontvang!

## 2. VERANDERING AAN AFVAARDIGING

2.1 U het hierdie sakelys van u gemeentekantoor ontvang. Indien u om een of ander rede nie die vergadering kan bywoon nie, moet u dit asseblief aan u sekundus oorhandig.

2.2 Ek versoek leraar-afgevaardigdes om enige verandering aan u afvaardiging soos gepubliseer in hierdie sakelys *vooraf* onder my aandag te bring. Indien 'n nuwe geloofsbrief voorgelê word moet u ook asseblief vooraf met my skakel.

## 3. VOORBEREIDING

3.1 Berei uself asseblief deeglik voor deur hierdie sakelys met goeie aandag deur te werk. Stel uself op hoogte van die inhoud van verslae, aangesien dit as gelese beskou sal word.

## 4. VERGADERPLEK EN REGISTRASIEREËLINGS

4.1 Die vergadering vind plaas in die gemeentekompleks van die gemeente Port Elizabeth-Wes by Vyfde Laan 57 - 59, Newtonpark, Port Elizabeth. Sien asseblief die roetekaart vir aanwysings.

4.2 Registrasie vind op Maandag 20 Oktober 2003 vanaf 11:00 in die ingangsportaal van die kerksaal plaas.

4.3 Die vergadering open en konstitueer om 14:00 in die kerkgebou net langsaan die saal. Die vergadering duur tot Donderdag 23 Oktober om 13:00, en afgevaardigdes word versoek om alle sittings getrou by te woon. Verlof vir afwesigheid moet met opgaaf van redes by die Skriba / Notulekommissie aangevra word. Let ook daarop dat die afgevaardigdes saam op Maandagaand die Nagmaal in die kerkgebou van Newtonpark-gemeente vier, terwyl daar ook op Dinsdag- en Woensdagaand vergader word.

## 5. REIS- EN VERBLYFREËLINGS

5.1 Die reiskoste van een motor per gemeente word vergoed, en waar 'n afvaardiging uit meer as vier lede bestaan, sal die koste van 'n tweede motor betaal word. Eisvorms vir reiskoste sal met registrasie beskikbaar gestel word, en dit moet asseblief dadelik voltooi word met die oog op uitbetaling op die laaste sittingsdag.

5.2 Vorms vir voltooiing is na die verskillende gemeentekantore gepos waarop afgevaardigdes moes aandui of hulle gebruik wil maak van die akkommodasie wat deur die sinodale kantoor in vakansiewoonstelle in Humewood gereël is. Indien u nie daarvan gebruik maak nie, sal oornagelde van R 75 per nag vir drie nagte op die laaste sittingsdag aan u uitbetaal word.

5.3 Sinodegangers wat van die vakansiewoonstel-akkommodasie gebruik maak, sal hul ontbyt soggens (Dinsdag tot Donderdag) vanaf 07:30 in die vergaderlokaal kan geniet. Ander lede wat van eie akkommodasie gebruik maak is ook welkom om hier te eet. Indien u van eie akkommodasie gebruik maak en ook vir u eie ontbyt sorg, sal 'n addisionele R 25 per dag (drie dae) aan u uitbetaal word. Alle ete-reëlings word ook op die genoemde vorm aangedui. Middagetete word voor die aanvang van die vergadering op Maandag 20 Oktober vanaf 12:00 - 13:30 aan alle afgevaardigdes wat op die vorm te kenne gegee het dat hulle daarvan gebruik sal maak, bedien. Ook alle ander middag-en aandetes en koffie-en-teepouses word by die vergaderlokaal geneem. Ons sê voorlopig reeds baie dankie aan die vroue van die gemeente Uitenhage-De Mist vir hierdie wonderlike diens wat hulle lewer!

## 6. OM SAAM TE BRING

**6.1** Maak seker dat u hierdie sakelys saambring, asook u Bybel, Liedboek van die Kerk, en 'n pen. U ontvang by registrasie 'n lêer met skryfpapier, 'n naamkaartjie en stembriefies.

## **7. KLEREDRAG**

**7.1** Dit word van afgevaardigdes verwag om netjies geklee te wees in drag wat by die geleentheid pas.

**7.2** Die Ordekommissie beveel aan dat mans-afgevaardigdes geklee gaan in pak klere / das-en-baadjie (Sien pt 7 Verslag Ordekommissie).

## **8. TYDELIKE KOMMISSIES**

**8.1** Indien u ingedeel is by een van die tydelike kommissies (soos deur die Ordekommissie saamgestel - sien pt 22 van Verslag Ordekommissie) moet u asseblief seker maak dat u die vergadering/s bywoon. 'n Enkele een of wat vergader reeds Maandagoggend 20 Oktober.

## **9. BYEENKOMS VAN OUDERLING- EN DIAKEN-AFGEVAARDIGDES**

**9.1** Alle ouderlinge en diakens word hartlik uitgenooi om 'n byeenkoms op Maandagoggend, 20 Oktober, om 11 : 30 in die kerkgebou van PE-Wes by te woon. Tydens hierdie vergadering sal u op hoogte gestel word van die werking en meganismes van 'n sinodale vergadering.

## **10. TELEFOON- EN BOODSKAPDIENS**

**10.1** 'n Diens wat inkomende oproepe ontvang en boodskappe aan sinodegangers besorg word gelewer. Die nommer van hierdie diens is (041) 365 2122.

**10.2** U word versoek om asseblief u selfoon af te skakel tydens sittings - dit werk geweldig steurend in op die klankstelsel.

## **11. UITSTALLINGS / BOEKVERKOPE**

**11.1** Die *Christelike Lektuurfonds* en *CUM Boeke* het verlof ontvang om uitstillings te hou en hul produkte te koop aan te bied.

## **12. MEDIESE DOKTER**

**12.1** Daar is met die volgende dokters gereël om vir die duur van die vergadering op bystand te wees : *Dr Herman Potgieter (041-3641125, na ure 041-3653004) en dr Valie Strydom (041-3641088, na ure 041-3653004).*

## **13. DANK**

**13.1** Baie dankie aan almal wat op een of ander wyse deel was van die reël van hierdie vergadering : die lede van die Dagbestuur van die Sinodale Kommissie, die lede van die Ordekommissie, die leraars, kerkrade, dames en amptenare van PE-Wes en Newtonpark, die dames van Uitenhage-De Mist, die verslagskrywers en tikkers, lede van tydelike kommissies, Jan Viljoen en Nellie Westraadt van die sinodale kantoor, Heinrich Alberts vir die tegniese versorging van die sakelys, Elga Geyer van *NMB Drukkers*, en vele ander wat hul aandeel opgeneem het om hierdie belangrike byeenkoms moontlik te maak.

**13.2** Graag bedank ek die sinode wat aan my die geleentheid gegee het om die afgelope agt jaar as skriba op 'n besondere wyse deel te kon hê aan die werk van die Oos-Kaapse Kerk. Dit was en is opwindende tye in ons sinodale geskiedenis, en ek loof die Here vir die geleentheid om op hierdie wyse diensbaar te kon wees. 'n Besondere dankwoord aan die gemeente van Cradock-Oos vir die feit dat hulle my hiervoor aan die breëre kerkverband beskikbaar gestel het, en aan my gesin en kollegas te Cradock wat dikwels moes ontbeer en instaan.

Baie dankie!

**Hansie Schutte**  
**Skriba Sinodale Kommissie**  
**22 Augustus 2003**

## STRAATKAART

---

## LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

### LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

Die gemeentes is in alfabetiese volgorde - daarna ontstaansdatum - primarii - sekundi in *kursief*

#### 1. ABERDEEN (1855)

Ds JH Wessels  
Oudl JM Nel  
*Oudl DN Smith*

#### 2. ADELAIDE (1890)

Ds FP Louw  
Oudl I Kleyn  
*Oudl DC Kapp*

#### 3. ALBANIE (1831)

Ds FS de Jager  
Oudl me JM Botha  
*Oudl BC Hoole*

#### 4. ALEXANDRIA (1854)

Vakant  
Oudl JA van Zyl  
*Geen sekundus*

#### 5. ALGOAPARK (1953)

Ds MH Langenhoven  
Oudl me EJ Langenhoven  
*Diak JT Dorfling*

#### 6. ALGOAPARK-NOORD (1959)

Ds HJ Alberts  
Oudl A Potgieter  
*Diak S Zeelie*

#### 7. ALIWAL-NOORD (1852)

Ds AC van der Westhuizen  
Ds JT van Rooyen  
Oudl AC Lombard  
Oudl W du Randt  
*Geen sekundi*

#### 8. BARKLY-OOS (1873)

Ds WA van Zyl  
Oudl L Theron  
*Oudl me EM Theron*

#### 9. BOTHASRUS (1941)

Ds PP Kuhn  
Oudl HL Momberg  
*Oudl RJP Strydom*

#### 10. BUFFELSRIVIER (1962)

Dr WL Steenkamp  
Oudl AJ Botha  
*Diak me EA Kirchoff*

#### 11. BURGERSDORP (1846)

Ds FJ Greeff  
Oudl PJ Cloete  
*Oudl ASJ Venter*

#### 12. CAMBRIDGE (1952)

Ds JSJ Swart  
Oudl CF van Zyl  
*Oudl me SJ van der Walt*

#### 13. CATHCART (1907)

Ds DF Oelofse  
Oudl FvanZ Bakkes  
*Oudl JD Krüger*

#### 14. COLESBERG (1826)

Ds JN Taljaard  
Oudl JJ Joubert  
*Oudl PJ Fourie*

#### 15. CRADOCK (1818)

Ds JJ Nortier  
Oudl LC Moolman  
*Oudl HHJ van Zyl*

#### 16. CRADOCK-NOORD (1966)

Ds JH van Niekerk  
Oudl me AS Smit  
*Oudl me MM Bosch*

#### 17. CRADOCK-OOS (1951)

Ds EGJdeG Schutte  
Oudl JA Vertue  
*Oudl TT van der Nest*

#### 18. DE BRUG (1993)

Ds JH Kleynhans  
Oudl ND Fick  
*Diak me RR Vorster*

#### 19. DESPATCH-DAGBREEK (1984)

Ds JHH Vermeulen  
Oudl JH Bester  
*Oudl me J Dürr*

#### 20. DESPATCH-EENDRAG (1965)

Ds A van Jaarsveld  
Ds AHG Lötter  
Oudl DJJ van Rensburg  
Diak SE Phillipson  
*Oudl BV Schmidt*  
*Oudl CH Coetzee*

#### 21. DESPATCH-NOORD (1976)

Ds DW O'Kennedy  
Oudl me MM Vosloo  
*Oudl me E Joubert*

#### 22. DESPATCH-SUID (1969)

Ds GG Binneman  
Ds DW Olivier  
Oudl me ME Honiball  
Oudl JG Slabbert  
*Oudl BJ Gouws*  
*Oudl DAJ van Niekerk*

#### 23. DIAS (1981)

Ds N Weeber  
Oudl H Otto  
*Oudl P Hendriksz*

## LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

---

### 24. DORDRECHT (1857)

Ds DC Klynsmith  
Oudl IJ Schutte  
*Oudl SPJ Strydom*

Oudl IJB van Heerden  
Oudl DJ Pypers  
*Oudl AJ Hanekom*  
*Oudl CJ Ferreira*

### 25. ELLIOT (1890)

Ds F Esterhuizen  
Oudl HE Steyn  
*Diak WT Erasmus*

### 36. INDWE (1906)

Diak me K Venter  
*Oudl HW Stapelberg*

### 26. FORT BEAUFORT (1949)

Ds GF de Kock  
Oudl (ds) JM Wolmarans  
*Oudl RdeW Oosthuizen*

### 37. JAMESTOWN (1891)

Oudl CH Wagenaar  
*Oudl J van Pletzen*

### 27. GAMTOOSVALLEI (1944)

Ds J van der Merwe  
Oudl AGT van Jaarsveld  
*Oudl KG Kok*

### 38. JANSENVILLE (1855)

Ds D Gerber  
Diak me S Francis  
*Oudl SG Ferreira*

### 28. GAMTOOSVALLEI-OOS (1958)

Ds GV Ehlers  
Oudl R Dormehl  
*Oudl me EM Geldenhuys*

### 39. JEFFREYSBAAI (1969)

Ds CC Bond  
Ds EP de Kock  
Ds D Higgs

### 29. GLEN LYNDEN (1829)

Vakant  
Oudl GJ de Klerk  
*Oudl CPF Marais*

### 30. GONUBIE (1986)

Ds JJ Pretorius  
Ds HN Strydom  
Oudl CES Nel  
Oudl me CAM Nel  
*Oudl AWE Schultz*  
*Oudl ZJ Schultz*

### 31. GRAAFF-REINET (1792)

Ds JWE Esterhuysen  
Ds JA Conradie  
Oudl K de Bruyn  
Oudl me CW Conradie  
*Oudl me ME Geldenhuis*  
*Oudl me E van den Berg*

### 32. GRASVOËLKOP (1978)

Ds CP Crause  
Diak me M Ferreira  
*Oudl C Botes*

### 33. HOFMEYR (1876)

Oudl CJ Pretorius  
*Oudl IJR Vermaak*

### 34. HUMANSDORP (1849)

Ds MF Steyn  
Vakant  
Oudl me J Beukes  
Oudl CL du Plessis  
*Oudl me HJH Scheepers*  
*Oudl DJ Coetzee*

### 35. HUMANSDORP-OOS (1976)

Ds JC Coetzee  
Ds JJJ Putter

## LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOFSBRIEWE

---

Ds GJA van Niekerk  
Oudl DH Rossouw  
Oudl JZ du Plessis  
Oudl DP Siebert  
Oudl B Fouche  
*Diak JW Reichert*  
*Diak JE Meyer*  
*Oudl CL Smith*  
*Oudl CR Peyper*  
(Jeugwerker oudl R Kotzee woon as waarnemer by)

### **40. JOUBERTINA (1907)**

Ds AP Cronje  
Vakant  
Oudl D Strydom  
Oudl me MJ van der Merwe  
*Oudl AA van der Mescht*  
*Oudl JJ Kritzinger*

### **41. KAREEDOUW (1906)**

Ds BJJ van Rensburg  
Oudl B Kritzinger  
*Oudl me AE van Straaten*

### **42. KENSINGTON (1945)**

Dr (prof) PJ Naudé  
Oudl PL Louw  
*Oudl me V Westraadt*

### **43. KING WILLIAM'S TOWN (1912)**

Ds IJH Visagie  
Oudl L Smith  
*Oudl A Olivier*

### **44. KLIPPLAAT (1944)**

Geen afgevaardigde

### **45. KRAGGAKAMMA (1973)**

Dr LM Steenkamp  
Ds V Keyter  
Ds WPM van Niekerk  
Oudl PJ Rootman  
Oudl DW Schoeman  
Oudl JL Venter  
*Diak me D van der Merwe*  
*Oudl EL de Kock*  
*Oudl me E Greyling*

### **46. LADY GREY (1862)**

Ds CM Erasmus  
Oudl JHJA Hattingh  
*Oudl AN Stanley*

### **47. LOERIE (1938)**

Ds JP Bekker  
Oudl JC Gericke  
*Oudl M Beer*

### **48. MACLEAR (1916)**

Ds SJ Pretorius  
Oudl H van Niekerk  
*Oudl FJ Labuscagne*

### **49. MIDDELBURG KP (1852)**

Ds JA Coetzee

Oudl BD Marais  
*Oudl CF Stadler*

### **50. MIDDELBURG-UITSIG (1963)**

Ds HM Strydom  
Oudl SD Theron  
*Oudl BP Erasmus*  
*Oudl JC Viljoen*

### **51. MISGUND (1950)**

Ds T Conradie  
Oudl OCA Crous  
*Oudl G Moggee*

### **52. MOLTENO (1881)**

Ds MJ Coetzer  
Diak NA Stander  
*Oudl JAN Cloete*

### **53. MURRAYSBURG (1855)**

Dr S du Toit  
Oudl C Kromhout  
*Oudl me G Olivier*

### **54. NAHOON (1960)**

Ds R van der Mescht  
Oudl D van der Westhuyzen  
*Geen*

### **55. NEWTONPARK (1953)**

Ds CH van Heerden  
Vakant  
Diak JJG Pozyn  
Diak me CJA Landsberg  
*Oudl PJ van der Merwe*  
*Oudl FPF Lotz*

### **56. NIEU-BETHESDA (1878)**

Oudl J Vögel  
*Oudl SGL Retief*

### **57. NOUPOORT (1944)**

Vakant  
*Oudl CL Theron*  
Oudl me C van Rooyen

## LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

---

*Oudl A le Roux*  
*Oudl JJ Heydenrych*

### **58. NUWEKERK (GRAAFF-REINET) (1927)**

Ds HL Venter  
Oudl me HJ Coetzee  
*Oudl WB Phillips*

### **59. OOS-LONDEN (1905)**

Ds J Labuschagne  
Ds NW Bezuidenhout  
Oudl me SF Prinsloo  
Diak C Klaasen  
*Oudl A Niemand*  
*Diak DC Breed*

### **60. OOS-LONDEN-NOORD (1946)**

Ds AP Coetzee  
Ds PL Moolman  
Oudl PH Loubser  
Oudl BS Lemmer  
*Oudl me AE Pieterse*  
*Oudl JA Owen*

### **61. OOS-LONDEN-WESHEUWELS (1971)**

Ds WP Petzer  
Oudl SP Bezuidenhout  
*Oudl me LR Fitchet*

### **62. PARKHEUWEL (1955)**

Ds G Bredenkamp  
Oudl UQ Swart  
*Oudl me LJ Goosen*

### **63. PATERSON (1906)**

Ds WG Olivier  
Diak me SE Swanepoel  
*Oudl AE Büchner*

### **64. PATMOS (1962)**

Geen geloofsbrief is tot op datum ingedien nie

### **65. PEARSTON (1859)**

Ds BIC Steyn  
Oudl CJ Lötter  
*Oudl AJ Koegelenberg*

### **66. PORT ELIZABETH (MOEDERGEMEENTE) (1907)**

Ds TL Wait  
Oudl me ES Minne  
*Oudl me G Potgieter*

### **67. PORT ELIZABETH-DE DUIN (1963)**

Ds JE van Rooyen  
Oudl (ds) GJ Retief  
*Diak J Verwey*

### **68. PORT ELIZABETH-HEIDEVELD (1982)**

Ds D van Rooyen  
Dr JD Prinsloo  
Ds MM Steyn

Oudl OC Hough  
Oudl RJ Scholtz  
Oudl J Bakker  
*Oudl PJ Grobler*  
*Oudl HP Volschenk*  
*Oudl CSH Kapp*

### **69. PORT ELIZABETH-HOOGLAND (1972)**

Ds OJ Fourie  
Ds DW Mouton  
Ds E Malan  
Oudl GF Terblanche  
Oudl JH Barnardo  
Oudl JL Fourie  
*Diak TI Spies*  
*Diak SAC du Plessis*  
*Diak CE Curtain*

### **70. PORT ELIZABETH-LORRAINE (1976)**

Dr A Oliphant  
Ds PG Loubser  
Ds MNPD Cruywagen  
Ds BH van As  
Oudl AA Barnard  
Oudl me M Oliphant  
Oudl me V Schäfer  
Oudl G Zondagh  
*Diak L Coetzee*  
*Oudl me ME Greeff*  
*Oudl me EG Grobbelaar*  
*Oudl PC van Rooyen*

### **71. PORT ELIZABETH- NOOITGEDACHT (1959)**

Ds C Coetzee  
Dr JP Cloete  
Oudl CSA Lottering  
Oudl SL Fourie  
*Oudl me GL Oosthuizen*  
*Oudl MJ Bester*

### **72. PORT ELIZABETH-NOORD (1933)**

Ds J van der Westhuizen



## LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

---

Oudl NJ Claasen  
Oudl me EE Booysen

### 73. PORT ELIZABETH-OOS (1952)

Ds B Peters  
Oudl HJ van Rensburg  
Oudl me C Cowie

### 74. PORT ELIZABETH-SENTRAAL (1924)

Ds GJ Noeth (jnr)  
Oudl JJ van Zyl  
Diak SM Johnson

### 75. PORT ELIZABETH-SHERWOOD (1987)

Ds EH Avis  
Ds me E Bester  
Oudl PM Greyling  
Oudl IF Jansen  
Oudl JP Smit  
Oudl me I Terblanche

### 76. PORT ELIZABETH-SIONSRAND (1970)

Ds BJ Stroebel  
Diak me E Anderson  
Oudl BD van Rooyen

### 77. PORT ELIZABETH-SONHEUWELS (1964)

Ds FJ Nel  
Ds D van Staden  
Oudl DB van Zyl  
Oudl J van der Westhuizen  
Oudl JC Theunissen  
Oudl PS Naudé

### 78. PORT ELIZABETH-WES (1940)

Ds JP Kampman  
Ds M Wolmarans  
Oudl L Diedericks  
Oudl me IA Scholtz  
Oudl R Schonken  
Oudl me VV de Vos

### 79. QUEENSTOWN (1854)

Ds WFA Lötter  
Ds J Potgieter  
Oudl VJ Louw  
Oudl (dr) PW Prinsloo

### 80. RETIEF (1958)

Ds FE Marais  
Oudl G Knoetze  
Oudl me Y Claassens

### 81. RIETBRON (1913)

Ds EH Ferreira  
Oudl D Zietsman  
Oudl J Snijman

### 82. SOMERSET-OOS (1825)

Ds CJ du Raan  
Oudl HJ du Plessis

Oudl JH van Greunen

### 83. SOMERSTRAND (1983)

Dr ACV van Wyk  
Ds G Loots  
Dr JCT Havemann  
Ds me M van Niekerk  
Oudl me C Veldsman  
Oudl (prof) JFK Marais  
Oudl me RC Coetzee  
Oudl J McFarlane  
Oudl SA Bothma  
Oudl W Oelofsen  
Oudl FJ Buys  
Oudl W Jurgens

### 84. SONDAGSRIVIER (1918)

Ds G van der Mescht  
Ds GJ Gouws  
Oudl CJ Stroebel  
Oudl me A Stiemie  
Oudl JPL Delpont  
Oudl JP Kritzinger

### 85. SONDAGSRIVIER-SUID (1938)

Ds JH Enslin  
Oudl TF Rintoul  
Oudl me DJR van Deventer

### 86. STERKSTROOM (1891)

Oudl G Botha  
Oudl M Jordaan

### 87. STEYNSBURG (1875)

Ds J Vermeulen  
Oudl JJ Pienaar  
Oudl CW Myburgh

### 88. STEYTLERVILLE (1876)

Ds FP Louw  
Diak me GC Strydom  
Oudl CJ Strydom

### 89. STUTTERHEIM (1948)

Ds SSL de Witt

## LYS VAN AFGEVAARDIGDES VOLGENS DIE GELOOFSBRIEWE

---

Dr K Bohnen  
Oudl PJleR Zeeman  
Oudl WP Henning

### 90. SWARTKOPSRIVIER (1976)

Ds IJ van Zyl  
Oudl WJ Bachuis  
Oudl (ds) GEG Louw

### 91. SYDENHAM (PORT ELIZABETH) (1946)

Oudl me MC Geyer  
Diak I Hendricks

### 92. TARKASTAD (1863)

Ds JPL van Straaten  
Oudl JMR van Rooyen  
Oudl BP Engelbrecht

### 93. TSITSIKAMMA (1944)

Ds JS Anker

### 94. UGIE (1903)

Oudl FM Leask  
Oudl PC Bezuidenhout

### 95. UITENHAGE (1817)

Ds A Gouws  
Oudl CJ Ratangee  
Oudl DJ Pieterse

### 96. UITENHAGE-DE MIST (1950)

Ds CJ Stümke  
Diak me JW Vermaak  
Oudl me MDM Joubert

### 97. UITENHAGE-NOORD (1950)

Ds TJ van Schoor  
Ds CJ Weyers  
Ds C Slabbert  
Oudl A Strydom  
Oudl DPdeW Coetsee  
Oudl WH Lane  
Oudl FA Potgieter  
Oudl CF Bakkes  
Oudl GV van de Merwe

### 98. UITENHAGE-OOS (1950)

Ds H van Lill  
Ds JJD Nel  
Oudl WJ Swanepoel  
Diak TCK Landman  
Oudl GF van Tonder  
Oudl WG Deysel

### 99. UITENHAGE-WINTERHOEK (1971)

Ds JA du P Esterhuysen  
Ds HJ Meyer  
Oudl CJ Theron  
Oudl D Louw  
Oudl PW Kapp  
Oudl GS Skene

### 100. UMTATA (1890)

Verskoning vir ds JJ du Preez  
Oudl S Lategan

Oudl DW Schoeman

### 101. VANSTADENSRIEVER (1966)

Ds M Lourens  
Oudl JC Malan  
Oudl WRD Smuts

### 102. VENTERSTAD (1882)

Oudl PA Marais  
Oudl FJ Grobler

### 103. VISRIVIERVALLEI (1959)

Ds DC van Dyk  
Oudl JF Pretorius  
Oudl JC Troskie

### 104. WALMER (1929)

Ds L van Vuuren  
Oudl me BM Strydom  
Diak me E Vorster

### 105. WATERFORD (1919)

Oudl (ds) A Griebenow  
Oudl AH Gerber

### 106. WILLOWMORE (1864)

Ds CJ Swart  
Oudl GJ Smith  
Oudl ML Carstens

EGJdeG Schutte  
Skriba Sinodale Kommissie  
20 Augustus 2003

## A1: VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE

### A1 VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE

Geagte voorsitter en lede van die vergadering

U kommissie lê met die oog op die goeie orde van die vergadering die volgende aanbevelings vir **goedkeuring** voor:

#### 1. VERGADERPLEK EN -TYD

1.1 Die vergadering word gehou in die kerkgebou en kerksaal van die gemeente Port Elizabeth-Wes te Vyfde Laan, Newtonpark, Port Elizabeth, vanaf 20 tot 23 Oktober 2003.

1.2 'n Donasie, in lyn met vorige vergaderings, sal aan die gemeente van Port Elizabeth-Wes gemaak word vir die gebruik van hul geriewe.

#### 2. OPENING / KONSTITUERING

2.1 Die opening en konstituering van die vergadering, asook die hantering van die verkiesing van die voorsitter, word waargeneem deur die oudste dienende en afgevaardigde leraar, en vind plaas om 14:00 op Maandag 20 Oktober 2003 in die kerkgebou van Port Elizabeth-Wes-gemeente.

#### 3. OPENINGSREDE / NAGMAALS-DIENS

3.1 Die openingsrede vorm deel van die Nagmaalsviering, wat om 19:00 op Maandagaand, 20 Oktober 2003, in die kerkgebou van die gemeente Newtonpark, Mowbraystraat, Newtonpark, plaasvind (Regl 2.6).

3.2 Die diens word gelei deur die voorsitter van die vorige vergadering, dr (prof) PJ Naudé (Regl 2.1.2).

#### 4. SITPLEKKE / GROEPSINDELING

4.1 Die lede neem hul plekke vir die opening en konstituering volgens keuse in die kerkgebou in.

4.2 Die dele van die vergadering wat in die saal van Port Elizabeth-Wes gehou word, vind in groepsverband plaas. Lede ontvang by registrasie die besonderhede.

#### 5. SITTINGSURE

5.1 Op Maandag 20 Oktober 2003 vind die opening en konstituering om 14:00 plaas, word die Moderatuur verkies, dien die verslae van die Ordekommissie en Sinodale Kommissie, word tee om 15:30 bedien, word groete van ander kerke op uitnodiging oorgedra, en word aandete om 17:30 bedien. Die dag se verrigtinge word om 19:00 met 'n Nagmaalsviering afgesluit.

5.2 Op Dinsdag, Woensdag en Donderdagoggend word die volgende sittingsure aanbeveel :

**08:30 - 09:00 - Dagwyding**

**09:00 - 10:30 - Eerste Oggendsitting**  
**10:30 - 11:00 - Teepouse**  
**11:00 - 13:00 - Tweede Oggendsitting**  
**13:00 - 14:00 - Middagete**  
**14:00 - 15:30 - Eerste Middagsitting**  
**15:30 - 16:00 - Koffiepouse**  
**16:00 - 18:00 - Tweede Middagsitting**  
**18:00 - 19:00 - Aandete**  
**19:00 - 20:30 - Aandsitting**  
**20:30 - Dagsluiting**

5.3 Die sinode sluit Donderdagmiddag, 23 Oktober 2003, om 12:30 af.

#### 6. ROOSTER VAN WERKSAAMHEDE

6.1 'n Rooster van Werkzaamhede is deur die Sinodale Kommissie goedgekeur en vir verdere aanvulling en inkleding na die Ordekommissie verwys. Die tema van die vergadering is die belydenis van die Buitengewone Vergadering van 2002, nl **Ons glo aan een, heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.**

6.2 Die Rooster van Werkzaamhede bring u op hoogte van die program en wyse van werksaamheid.

#### 7. KLEREDRAG

7.1 Dit word van afgevaardigdes verwag om te alle tye geklee te wees in drag wat by die geleentheid pas. (Regl 1.7).

7.2 Die Ordekommissie interpreteer Regl 1.7 en beveel aan dat die drag van mans-afgevaardigdes 'n pak klere of das-en-baadjie sal wees.

## A1: VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE

---

### 8 AKKOMMODASIE/ETES / VERVERSINGS

8.1 Die reëlins is getref deur die skriba van die Sinodale Kommissie en die kantoor van die Direkteur Administrasie.

8.2 Akkommodasie is op koste van die vergadering voorsien in vakansiewoonstelle te Humewood @ R75 per nag. Waar afgevaardigdes hul eie akkommodasiereëlins tref sal daggelde van R75 per nag uitbetaal word.

8.3 Alle etes word op koste van die vergadering deur die susters van die gemeente Uitenhage-De Mist voorsien. Indien afgevaardigdes wat hul eie akkommodasiereëlins getref het, nie van die ontbytreëlins gebruik wil maak nie, sal 'n bedrag van R25 per ontbyt (Dinsdag - Donderdag) uitbetaal word.

### 9. VOORBEREIDING VAN SAKELYS

9.1 Die sakelys is deur die skriba van die Sinodale Kommissie voorberei, tegnies versorg deur ds HJ Alberts en mev. Westraadt en Le Grange, deur *NMB Drukkers* gedruk en gebind, en aan die afgevaardigdes versend om hulle nie later nie as 20 September 2003 te bereik.

9.2 Die kwotasie van *NMB Drukkers* vir 300 kopieë van beide die Sakelys en die Handelingte het R 20,520 beloop.

### 10. BIDDAG VIR DIE SINODE

10.1 Gemeentes is versoek om tydens hul eredienste op Sondag 21 September 2003 voorbidding vir die vergadering te doen.

### 11. SPREKERS / INLEIERS

11.1 Drs Coenie Burger, Frederick Marais, prop Johannes Erasmus en mnr Charles Erasmus is genooi om die sinode toe te spreek / onderwerpe in te lei.

11.2 Sprekers is versoek om 'n harde kopie van hul aanbiedings voor die vergadering beskikbaar te stel vir verspreiding onder afgevaardigdes.

### 12. GROETEBODSKAPPE

12.1 'n Aantal kerke is genooi om groetebodskappe ter vergadering oor te dra.

### 13. HULPSKRIBA

13.1 Die sinode wys een hulpskriba aan.

### 14. AANBEVELINGS IN VERSLAE

14.1 Voorstelle met finansiële implikasies word voor behandeling vir advies na die Tydelike

Kommissie vir Fondse verwys.

14.2 Voorstelle met kerkordelike- en regs-implikasies word voor behandeling vir advies na die Tydelike Regskommissie verwys.

### 15. HANTERING VAN DIE NOTULE / HANDELINGE

15.1 Die notule word daagliks gedruk en vir goedkeuring die volgende dag aan die vergadering voorgelê.

15.2 Die notule van die laaste sittingsdag word deur die Sinodale Kommissie goedgekeur.

### 16. DIREKTEUR ADMINISTRASIE

16.1 Die Direkteur Administrasie is adviserend in die vergadering en by die Tydelike Kommissies teenwoordig.

### 17. AFGEVAARDIGDES NA DIE ALGEMENE SINODE

17.1 Die sinode besluit oor sy getal afgevaardigdes, asook oor die samestelling en aanwys daarvan (Bep 38.1).

17.2 Die Ordekommissie beveel aan dat die afvaardiging sal bestaan uit die vier moderatuurslede (met sekundi), vier ouderlinge / diakens deur die sinode verkies (met sekundi), 'n leraar en ouderling / diaken uit elk van die dertien ringe (met sekundi), aangewys deur die sinode op advies van die ringe, asook die ses deskundige lede wat op daardie tydstip adviserend op die Sinodale Kommissie dien - in totaal 40 lede.

### 18. BETALING VAN REIS- EN DAGGELDE

## A1: VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE

**18.1** Eisvorms word by registrasie aan lede beskikbaar gestel, en nie later nie as Dinsdag met middagete ingelewer.

**18.2** Die reis- en daggelde word Donderdagoggend uitbetaal.

**18.3** Die volgende reisgelde is betaalbaar: een motor per gemeente vir elke vier afgevaardigdes, na en van Port Elizabeth. Die koste van lede uit die ringe van Port Elizabeth, Uitenhage en Sondagsrivier word hanteer soos met die buitengewone sinodevergadering van 2002.

**18.4** Daggelde (vir akkommodasie en ontbyt) word hanteer soos by pt 8 hierbo.

### 19. AFKONDIGINGS

**19.1** Die skriba en Notulekommissie keur en hanteer alle afkondigings.

### 20. VERLOF VIR AFWESIGHEID

**20.1** Aansoeke word by die skriba en Notulekommissie ingedien, wat dit daagliks aan die vergadering voorlê, en waarna dit in die notule gepubliseer word.

### 21. GROEPLEIERS / TERUGVOER-SPAN

**21.1** Die afgevaardigdes is in groepe verdeel ten einde maksimum deelname aan die besprekings ter vergadering te bevorder.

**21.2** Groepleiers is aangewys en ontvang toerusting op Maandagoggend 20 Oktober 2003 vanaf 11:00 - 13:00.

**21.3** 'n Terugvoerspan, wat alle insette van groepe saamvat en aan die vergadering voorlê, is saamgestel.

### 22. TYDELIKE KOMMISSIES

**22.1** Die Tydelike Kommissies is deur die Ordekommissie saamgestel uit die afgevaardigdes (Bep 35.7).

**22.2** 'n Sameroeper, verantwoordelik vir die konstituering van die kommissie, is benoem. Nadat die kommissie gekonstitueer het, kies hy sy voorsitter en skriba.

**22.3** Die skriba van elke Tydelike Kommissie besorg sy kommissie se verslag/e aan die Notulekommissie, wat dit in samewerking met die skriba van die sinode nasien, versorg en laat druk.

**22.4** Tydelike Kommissies let daarop dat alle besluite met finansiële of regsimplikasies na onderskeidelik die Tydelike Kommissie vir Fondse en die Tydelike Regskommissie verwys word. Tydelike Kommissies het die reg om hul aanbeveling by die Tydelike Fondsekommissie /

Tydlike Regskommissie te motiveer.

### 22.5 TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE NOTULE / SAKEREGISTER / BESLUIE AAN KERKRADE

#### 22.5.1 Samestelling:

Di DW Mouton (sameroeper), L van Vuuren, HJ Alberts, AC van der Westhuizen, dr A Oliphant, di JA Kleynhans, EH Ferreira en J van der Westhuizen.

**22.5.2** Hierdie kommissie vergader op Maandag 20 Oktober 2003 vanaf 10:00 op die saalverhoog van PE-Wes-gemeente

### 22.6 TYDELIKE REGSKOMMISSIE

#### 22.6.1 Samestelling (Bep 35.7.1):

Dr S du Toit (sameroeper), di WPM van Niekerk, WA van Zyl, AC van der Westhuizen, oudl (ds) JM Wolmarans, oudl JL Venter, oudl NOG EEN, oudl NOG EEN.

**22.6.2** Hierdie kommissie vergader indien en wanneer nodig.

### 22.7 TYDELIKE FONDSE

#### 22.7.1 Samestelling (Bep 35.7.2):

Di CH van Heerden (sameroeper), DC van Dyk, CM Erasmus, JN Taljaard, SJ Pretorius, FP Louw, JP Bekker, IJH Visagie, JE van Rooyen, EH Avis, DF Oelofse, JH Enslin, HJ Meyer, diak JJG Pozyn (Newtonpark), oudl JF Pretorius (Visriviervallei), oudl JHJA Hattingh (Lady Grey), oudl JJ Joubert (Colesberg), oudl H van Niekerk (Maclear), oudl I Kleyn (Adelaide), oudl JC Gericke (Loerie), oudl L Smith (King William's Town), oudl (ds) GJ Retief (PE-De Duin), oudl PM Greyling (PE-Sherwood), oudl FvanZ Bakkes (Cathcart), oudl TF Rintoul (Sondagsrivier-Suid), oudl CJ Theron (Uitenhage-Winterhoek), Direkteur Administrasie (adviserend).

**22.7.2** Hierdie kommissie vergader indien en wanneer nodig.

### 22.8 TYDELIKE KOMMISSIE VIR REISKOSTE

#### 22.8.1 Samestelling (Bep 35.7.3):

Di MF Steyn (sameroeper), JC Coetzee, oudl CL du Plessis (Humansdorp), oudl DJ Pypers (Humansdorp-Oos), Direkteur Administrasie (adviserend).

## A1: VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE

---

**22.8.2** Hierdie kommissie vergader op 'n tyd wat aangekondig sal word.

### **22.9 TYDELIKE KOMMISSIE SKAKELING MET DIE MEDIA**

#### **22.9.1 Samestelling (Bep 35.7.4):**

Dr LM Steenkamp (sameroeper), ds TL Wait

**22.9.2** Volgens besluit van die Ordekommissie sal die moderatuur op 'n daaglikse basis besluit re skakeling met die media, en dit aan die Tydelike Kommissie deurgee.

### **22.10 TYDELIKE KOMMISSIE ALGEMENE SAKE**

#### **22.10.1 Samestelling (Bep 35.7.5):**

Drr (prof) PJ Naudé (sameroeper), ACV van Wyk, LM Steenkamp, di M van Niekerk, E Bester, oudl me C Veldsman, oudl (ds) GJ Retief, oudl JA Vertue.

**22.10.2** Hierdie kommissie vergader indien en wanneer nodig.

### **22.11 TYDELIKE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES**

#### **22.11.1 Samestelling (Regl 1.20.1):**

Di MNPD Cruywagen (sameroeper), N Weeber, FJ Greeff, JJ Nortier, F Esterhuizen, D Gerber, BJJ van Rensburg, drr WL Steenkamp, ACV van Wyk, di D van Staden, DF Oelofse, AHG Lötter, JJD Nel, dr JP Cloete, di MH Langenhoven, WP Petzer, D Loots, dr JD Prinsloo.

**22.11.2** Hierdie kommissie vergader op 'n tyd wat aangekondig sal word.

### **22.12 STEMMETELLERS**

#### **22.12.1 Samestelling:**

Di PL van Straaten (sameroeper), MM Steyn, FE Marais, JH Wessels, N Weeber, FP Louw, DF Oelofse, CJ Swart.

**22.12.2** Die kommissie is ook verantwoordelik vir die uitdeel van alle stukke.

**22.12.3** Hierdie kommissie vergader op Maandag 20 Oktober 2003 om 12:00 in die kerksaal van PE-Wes-gemeente.

## **23. DAGWYDINGS / DAGSLUITINGS**

**23.1** Dr JD Prinsloo en ds BIC Steyn is versoek om verantwoordelikheid te neem vir alle reëlings rondom die dagwydings en dagsluitings.

## **24. AFSLUITING**

**24.1** Die afsluiting sal op Donderdag 23 Oktober 2003 waargeneem word deur die assessor (Regl 2.8)

## **25. BYEENKOMS VAN AFGEVAARDIGDE OUDERLINGE / DIAKENS**

**25.1** Afgevaardigde ouderlinge / diakens vergader op Maandag 20 Oktober 2003 om 11:30 in die kerkgebou van PE-Wes-gemeente.

**25.2** By hierdie geleentheid word die afgevaardigdes ingelig rondom die "werking" van die sinodale vergadering.

## **26. REKENAARS EN ANDER TOERUSTING**

**26.1** Die notulekommissie tref in samewerking met die Direkteur Administrasie en di CH van Heerden en JP Kampman alle reëlings.

## **27. UITSTALLINGS**

**27.1** Toestemming is op versoek aan CLF en CUM Boeke verleen om uitstallings te doen.

**27.2** CLF se aanbod om 'n lêer met materiaal beskikbaar te stel, is met dank aanvaar.

**27.3** CLF se versoek om 'n spreekbeurt van 10 minute is toegestaan.

## **28. SLOT**

**28.1** U kommissie vertrou dat hy hiermee sy opdrag na behore uitgevoer het.

**JD Prinsloo - voorsitter**  
**CH van Heerden**  
**JWJ Viljoen**  
**PH Westraadt (gekoöpteer)**  
**EGJdeG Schutte - skriba**  
**22 Augustus 2003**

## PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE

---

### SINODE VAN OOS-KAAPLAND

20 – 23 OKTOBER 2003

### ONS GLO AAN EEN, HEILIGE, ALGEMENE, CHRISTELIKE KERK, DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES

#### Maandag 20 Oktober

14:00 - 14:15 Opening (Skriflesing, sang en gebed)

14:15 - 15:00 Konstituering (Liturgiese seremonie)

**Lokaal : Kerk**

#### BESTUUR

15:00 - 15:30 Verslag van die Ordekommissie

Verkiesing van die Moderatuur

**Lokaal : Kerk**

15:30 - 16:00 Teepouse

16:00 - 16:30 Groeteboodskappe

16:30 - 17:30 Verkiesing van die Moderatuur

Verslag van die Sinodale Kommissie

**Lokaal : Kerk**

17:30 - 18:30 Aandete

19:00 Nagmaal – Prof Piet Naudé

**Lokaal : Kerkgebou van Newtonpark-gemeente**

#### Dinsdag 21 Oktober

#### VISIONERING

08:30 - 09:00 Dagwyding

**Lokaal : Kerk**

09:00 - 10:30 Teologiese Besinning : 'n Gesprek oor God en die identiteit van die kerk

Inleier : Dr Coenie Burger

Wie is die God wat ons aanbid ? Wat glo ons van Hom (Belydenis)?

Wie is ons (Identiteit)? Waaraan verbind ons ons (Roeping)? Hoe beïnvloed dit ons handeling (Bediening)?

**Lokaal : Saal**

10:30 - 11:00 Teepouse

11:00 - 12:00 Bespreking in kleingroepe. Elke groep formuleer 'n getuienis. Kleingroepe se getuienisse word deur die terugvoerspan verwerk tot 'n gesamentlike verklaring of getuienis wat voor die sinode gelê word vir besluitneming of getuienis.

**Lokaal : Saal**

12:00 - 13:00 Reflektering in groot groep. Vrae en bespreking.

## PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE

---

**Lokaal : Saal**

13:00 - 14:00 Middagete

### NAVORSING

14:00 - 15:30 Kontekstuele Realiteite binne die Oos-Kaap.  
Inleier: Dr Johannes Erasmus (Eenheid vir Godsdiens  
Demografiese Navorsing)

**Lokaal : Saal**

15:30 - 16:00 Teepouse

16:00 - 17:00 Besprekings in kleingroepe. Wat is die kerk se roeping binne die konteks van die Oos-Kaap en waartoe kan ons onself verbind? – 'n Integrasie van teologie en konteks. Kleingroepe se roeping en verbintenis word verwerk tot 'n gesamentlike verbintenis en voorgelê vir besluitneming.

**Lokaal : Saal**

17:00 - 18:00 Reflektering in groot groep. Vrae en bespreking

**Lokaal : Saal**

18:00 - 19:00 Aandete

### BESTUUR

19:00 - 20:30 Verslag van die Regskommissie

**Lokaal : Saal**

20:30 Afsluiting

Woensdag 22 Oktober

### BEGELEIDING

08:30 - 09:00 Dagwyding

**Lokaal : Kerk**



## PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE

---

09:00 - 09:30 Groeteboodskappe  
**Lokaal : Kerk**

09:30 - 10:30 'n Prakties-Teologiese Besinning: Kerk in konteks.....  
'n Integrasie van teologie, die konteks en die sinode se getuenis en verbintenis daaroor.  
Inleiers: Drr Frederick Marais en Chris van Wyk  
**Lokaal : Kerk**

Groepbesprekings en besinning oor die integrasie van teologie, konteks en bedieningspraktyk. Groepe formuleer 'n verklaring met die oog op besluitneming.  
**Lokaal : Saal**

10:30 - 11:00 Teepouse

11:00 - 13:00 'n Prakties-Teologiese Besinning: Kerk in Konteks...(vervolg)

13:00 - 14:00 Middage

14:00 - 15:30 Stories van ringe. Ringe vertel verhale oor prosesse in ringe en gemeentes.  
**Lokaal : Saal**

15:30 - 16:00 Teepouse

16:00 - 18:00 Ringsittings. Ringe verkies verteenwoordigers en handel amptelike sake af.  
Ringe besin oor die moontlikhede vir implementering en kontekstualisering binne eie bedieningsgebied. Ringe neem besluite waar moontlik.

18:00 - 19:00 Aandete

### VISIONERING EN NAVORSING

19:00 - 20:30 Vorming van navorsingsgroepe of taakspanne.  
Konstituering van die Sinodale Kommissie  
**Lokaal : Saal**

20:30 Afsluiting

**Donderdag 23 Oktober**

### BESTUUR

08:30 - 09:00 Dagwyding  
**Lokaal : Kerk**

## PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE

---

09:00 - 10:30 Konstituering van die Pensioenfonds se Ledevergadering  
**Lokaal : Saal**

10:30 - 11:00 Teepouse

11:00 - 12:30 Verslag van Tydelike Kommissies  
**Lokaal : Saal**

12:30 Afsluiting ( Liturgiese seremonie)  
**Lokaal : Kerk**

### INHOUD EN PROSES TYDENS DIE SINODE

Die volgende inligting gee aan die afgevaardigdes 'n aanduiding van die inhoud en verloop van die sinode:

#### 1. INHOUD VAN DIE SINODE

Die sinode bestaan uit twee hooflyne:

1.1 Die hantering van die vier funksies van die sinode, naamlik visionering, begeleiding, bestuur en navorsing, gebaseer op die verklaring van die sinode in Junie 2002.

1.2 Verslag van die Sinodale Kommissie

1.3 'n Liturgiese karakter sal weer aan die sinode gegee word deur middel van opening- en afsluitingsseremonies en ander momente deur die loop van die vergadering.

#### 2. PROSES TYDENS SINODE

2.1 Inleiers gee insette en sinode besin daarvoor in kleingroepe.

2.2 Kleingroepe se funksie is die volgende:

2.2.1 Gebed

2.2.2 Integrasie van inligting, kennis en idees. Elkeen kry die geleentheid om 'n inset te lewer

2.2.3 Debatvoering op eerste vlak

2.2.4 Formulering van standpunte en voorstelle.

2.2.4.1 Elke groep doen verslag van sy gesprek op 'n verslagvorm

2.2.4.2 Verslae word verwerk deur 'n terugvoerspan (saamgestel uit die groepleiers)

2.2.4.3 Die terugvoerspan lê voorstelle van groepe aan die sinode voor vir besluitneming of verwysing na taakspanne of deskundige lede vir navorsing of implementering.

2.3 Reflektering in groot groep is gemik op

2.3.1 Bespreking en vrae

2.3.2 Debatvoering op tweede vlak met die oog op konsensus

2.3.3 Besluitneming en of Getuienis

2.3.4 Eenheid

2.4 Die sinode word in groepe van 8 verdeel. Groepleiers word aangewys en opgelei.

2.5 Die terugvoerspan verwerk die insette van die groepe en bring dit die volgende sessie of dag voor die sinode.

2.6 'n Luisterspan onder leiding van dr Frederick Marais neem tendense en die denkrigting van die sinode waar. Hulle rapporteer saam met die terugvoerspan aan die

## PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE

---

sinode.

**JD Prinsloo  
DL Gemeentebediening  
18 Augustus 2003**

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

# A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

Geagte Voorsitter en lede van die Sinode

U Kommissie wens as volg verslag te doen aangaande sy werksaamhede sedert die vergadering van die Sinode van Oos-Kaapland in Oktober 1999:

## 1. PERSONEEL EN VERGADERINGS

**1.1** Die tragiese siekte en heengaan van die voorsitter van die sinodevergadering van 1999, ds Fanie Fourie, het as 'n groot skok gekom. Sy minsaamheid asook deeglikheid was die eienskappe wat ons nie sal vergeet nie. Die Kerk in die Oos-Kaap eer sy nagedagtenis.

**1.2** Prof PJ Naudé, assessor van die sinode van 1999, neem sedertdien met onderskeiding as voorsitter waar, terwyl dr Chris van Wyk deur die Kommissie as sy ondervoorsitter aangewys is.

**1.3** Enkele veranderinge aan die samestelling van die Kommissie en sy dagbestuur is tydens die Buitengewone Sinode van 2002 aangebring. Die Kommissie sien tans soos volg daar uit :

### 1.3.1 Dagbestuur :

Prof PJ Naudé - voorsitter  
Dr ACV van Wyk - ondervoorsitter  
Di WPM van Niekerk - aktuaris  
EGJdeG Schutte - skriba  
CH van Heerden - deskundige lid Finansies  
DW Mouton  
Dr S du Toit  
Ds MF Steyn  
Sekundi : Di TJ van Schoor, IJH Visagie, WA van Zyl, dr S du Toit (vir die aktuaris), ds DW Mouton (vir die skriba).

### 1.3.2 Adviserend :

Dr JWJ Viljoen - Direkteur Administrasie

### 1.3.3 Adviserend en op Uitnodiging:

Ds MH Langenhoven - deskundige lid Barmhartigheid  
Dr JD Prinsloo - deskundige lid Gemeentebediening  
Ds WP Petzer - deskundige lid Jeug  
Dr JP Cloete - deskundige lid Leer en Aktuele Sake  
Me L Steyn - deskundige lid Vrouelidmate  
Ds G Loots - deskundige lid Getuienis

### 1.3.4 Lede deur die Ringe aangewys :

#### ALBANIE

Ds BIC Steyn, oudl (ds) JM Wolmarans (vakant, oudl BC Hoole)

#### ALGOA

Ds CH van Heerden, oudl (me) EJ Langenhoven (ds MH Langenhoven, oudl L Diedericks)

#### BURGERSDORP

Ds AC van der Westhuizen, oudl C van der Spuy (ds MJ Coetzer, oudl PJ Cloete)

#### CRADOCK

Ds HM Strydom, oudl LC Moolman (ds JJ Nortier, oudl CJ Pretorius)

#### DORDRECHT

Ds WA van Zyl, oudl (me) EM Theron (ds F Esterhuizen, oudl PJ Roodt)

#### GRAAFF-REINET

Dr S du Toit, oudl BJ Pienaar (ds D Gerber, diak (me) S Francis)

#### HUMANSDORP

Ds MF Steyn, oudl JZ du Plessis (ds BJJ van Rensburg, oudl A Strydom)

#### OOS-LONDEN

Ds IJH Visagie, oudl L Kotze (ds AP Coetzee, oudl WJC Zeeman)

#### PORT ELIZABETH

Ds DW Mouton, oudl NV Bester (ds TL Wait, oudl JCH Greyling)

#### PORT ELIZABETH-WES

Dr JD Prinsloo, oudl JC Theunissen (dr JP Cloete, oudl MJ Bester)

#### QUEENSTOWN

Ds DF Oelofse, oudl FvanZ Bakkes (ds JPL van Straaten, oudl B Raubenheimer)

#### SONDAGSRIVIER

Ds DW O'Kennedy, oudl (me) ME Honiball (ds DW Olivier, diak SE Phillipson)

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

### UITENHAGE

Ds TJ van Schoor, oudl WH Lane (ds H van Lill, oudl WJ Swanepoel)

1.4 Die Kommissie het sedert die sinodesitting agt maal vergader, en die dagbestuur vier-en-twintig maal, terwyl die dagbestuur ook twee maal telefonies vergader het.

1.5 Ook ds GP van der Merwe (Bothasrus) se dood was 'n baie groot skok vir die Kommissie. As sekondus-lid op die Dagbestuur het hy by meer as een geleentheid 'n kosbare bydrae tot die werksaamhede van die Kommissie gelewer. Ook sy nagedagtenis word geëer.

### 1.6 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 2. SINODEBESLUIE (1999) VERWYS NA DIE SINODALE KOMMISSIE / DAGBESTUUR

Die volgende sake is vir aandag / afhandeling na die Kommissie / sy dagbestuur verwys :

### 2.1 NOTULE LAASTE SITTINGSDAG VAN SINODE 1999

2.1.1 Die notule is deur die dagbestuur nagegaan, goedgekeur en onderteken.

#### 2.1.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 2.2 HANDELINGE VAN DIE SINODE

2.2.1 Die Handeling is laat druk en aan afgevaardigdes versend.

#### 2.2.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 2.3 DIE KERKORDE, AANVULLENDE BEPALINGE EN REGLEMENTE (1999)

2.3.1 Die Sinodale Regskommissie het dit persgereed gemaak, laat druk en beskikbaar gestel.

#### 2.3.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 2.4 VOLGENDE SINODALE VERGADERING

2.4.1 Die volgende besluit is verwys :

*Die sinode versoek die Sinodale Kommissie om die volgende sinodevergadering so in te rig dat :*

*1. afgevaardigdes se potensiaal beter benut word (bv d m v kleingroepe)*

*2. die vergadering meer rigtinggewend kan wees tov brandpunte (bv identiteit, spiritualiteit en kerkeenheid)*

*3. daar 'n groter positiewe invloed na die gemeentes kan uitgaan (benut bv die tegnologie beter)*

*Die Sinodale Kommissie doen hiermee saam ondersoek na die aanvangstyd en duur van die sinode.*

2.4.2 Die Kommissie het hierdie saak vir ondersoek en aanbeveling na 'n ad hoc-kommissie verwys, en die Buitengewone Sinode (2002) asook Sinode 2003 was die vrug hiervan.

#### 2.4.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 2.5 SKAKELING MET DIE MEDIA

2.5.1 Die volgende besluit is verwys :

*Die sinode versoek die Sinodale Kommissie om te besin oor skakeling met die media tydens meerdere vergaderings.*

*Aspekte waaraan aandag gegee kan word is die volgende :*

*1. Tot watter mate mag persone en instansies wat nie sitting by 'n meerdere vergadering het nie insae verkry in die sakelys met al sy verslae en bylaes?*

*2. Die moontlikheid om eerder persverklarings uit te reik.*

*Bogenoemde hoef nie van toepassing te wees tov kerklike tydskrifte nie.*

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

**2.5.2** Die Kommissie het die aangeleentheid na die Ordekommissie verwys. Vir hierdie vergadering geld die reëling dat die nuutverkose moderatuur van dag tot dag oor die inhoud van dit wat na die pers deurgegee word, besluit, waarna die Tydelike Kommissie vir Skakeling met die Media die saak verder hanteer.

### 2.5.3 AANBEVELING

Die sinode bekragtig die besluit en reëling.

## 2.6 LERAARS SONDER PENSIOENFONDS

**2.6.1** Die volgende besluit is verwys :

*Die sinode versoek die Subkommissie Finansies om te besin oor hoe daar vir leraars wat sonder pensioenfonds is voorsiening gemaak kan word.*

**2.6.2** Op advies van die Subkommissie Finansies is kennis geneem dat ingevolge die Wet op Pensioene moet alle predikante aan die Pensioenfonds behoort, en dat indien 'n predikant homself uit die Pensioenfonds kontrakteer dit sy eie verantwoordelikheid is.

**2.6.3** Hierdie inligting is deurgegee na die gemeentes.

### 2.6.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 2.7 AFVAARDIGING NA DIE KONVENT

**2.7.1** Die volgende besluit is verwys :

*Indien dit vir die Konvent aanvaarbaar is sal die Sinode van Oos-Kaapland 'n afvaardiging uit die CUCC (waarvan die grootte deur die SK bepaal word) na die vergaderings van die Konvent stuur, met verslag aan die Sinodale Kommissie en CUCC.*

**2.7.2** Ds F Fourie (en na sy dood ds EGJdeG Schutte), dr BJ du Toit (en na sy vertrek ds DW Mouton) en dr ACV van Wyk is aanvanklik deur die Kommissie as verteenwoordigers aangewys. Prof PJ Naudé is bygevoeg, en ringe is versoek om verteenwoordigers na die eerste Konvent vir Eenheid te Wellington af te vaardig. Uiteindelik het die Oos-Kaapse afvaardiging uit elf persone bestaan.

**2.7.3** 'n Reglement is deur die Kommissie goedgekeur, waarvolgens die vier moderatuurslede die Sinode van Oos-Kaapland op die Uitvoerende Komitee van die Konvent verteenwoordig.

**2.7.4** Aan ringe is die geleentheid gebied om hul kommentaar betreffende die voorgestelde reglement aan die Kommissie voor te lê.

### 2.7.5 AANBEVELING

Die sinode keur die optrede goed.

## 2.8 REKENAARNETWERK MET KONFIGURASIE

**2.8.1** Die volgende besluit is met volmag na die Notulekommissie (2003) verwys :

*Die sinode besluit dat daar met volgende sinodesittings gebruik gemaak kan word van 'n rekenaarnetwerk met konfigurاسie soos deur die Notulekommissie bepaal. Die kommissie word ook uitgebrei met 'n lid wat voltyds verantwoordelik is vir die gebruik van tegnologie tot diens van die sinode.*

### 2.8.2 AANBEVELING

Die sinode keur die optrede goed.

## 2.9 STANDAARDISERING OP MS OFFICE

**2.9.1** Die volgende besluit is verwys :

*Die sinode besluit om te standaardiseer op MS Office vir al sy verslae, sakelyste en notules vir sy vergaderings, kommissies en kantoor.*

**2.9.2** Nadat ondersoek en navraag gedoen is besluit die Kommissie soos volg :

*Die Kommissie besluit om die status quo te behou aangesien die kantore van die Algemene Sinode (uitgesonderd Jeug) soos Oos-Kaapland die sagteware van COREL (Word Perfect) gebruik.*

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

**2.9.3** Die situasie het intussen verander en die Kommissie sal weer aandag gee.

### 2.9.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 2.10 LAS OP VOORSITTERS EN KOM-MISSIES

**2.10.1** Die volgende besluit is verwys :

*In die lig van die afwenteling van sinodale werksaamhede na gemeentes en die groterwordende las wat dit plaas op gemeentelike leraars wat as voorsitters van die Sinodale Kommissie en dienskommissies (SKDB, SKG, SJK, SKLAS en SSK) dien, besluit die sinode om :*

- 1. uit die Sinodale Hulpfonds geld aan die kerkrade van die gemeentes van hierdie voorsitters beskikbaar te stel indien die kerkrade 'n pastorale hulp op 'n jaarlikse basis wil aanstel*
- 2. hierdie saak te verwys na die Sinodale Kommissie nadat die sinode rigtinggewend hieroor uitspraak gelewer het*
- 3. opdrag te gee dat die Sinodale Kommissie bepaal watter gemeentes kwalifiseer vir hierdie hulp en ook riglyne waarvolgens dit sal geskied*
- 4. die bedrag te bepaal wat beskikbaar gestel sal word vir die kwalifiserende gemeentes.*

**2.10.2** Die Kommissie het soos volg besluit :

*Die Kommissie besluit om dit aan die ad hoc-KOK, bestaande uit die voorsitters van die Sinodale Kommissie en die vier dienskommissies van die sinode, asook die skriba van die Sinodale Kommissie, op te dra om ondersoek te doen n a v Voorstel 51 (HANDELINGE 99 p 405), en aan die Dagbestuur van die SK verslag te doen by die vergadering van 25 Mei 2000. Indien die ad hoc-KOK dit as gewens beskou moet 'n pligstaar vir die DSK-pos by genoemde vergadering voorgelê word.*

**2.10.3** Sodanige ondersoek is deur die ad hoc-KOK gedoen, en 'n verslag en pligtestaat vir die DSK-pos is by die vergadering van 30.05.2000 aan die dagbestuur voorgelê.

**2.10.4** Op 30.05.2000 besluit die dagbestuur soos volg :

*Die Dagbestuur neem voorlopig kennis van die verslag van die Ad Hoc-kommissie KOK (18.04.2000), en verwys die aanbevelings (pt 4.1 - 4.4) na die UPE vir ondersoek en aanbeveling teen 10.08.2000.*

**2.10.5** Die saak is later ondervang toe die Buitengewone Sinode (2002) die struktuur en werksaamhede van die sinode gerasionaliseer en afgewentel het. Die nuwe stelsel maak

voorsiening vir die uitkoop van tyd op 'n ad hoc-basis.

### 2.10.6 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 2.11 FONDSE VIR WERKSAAMHEDE VAN KERK

**2.11.1** Die volgende besluit is verwys :

*Die sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie op om via die Subkommissie Finansies*

- 1. in voortsetting van die beleid soos aanvaar by die sinode van 1991 deeglik te besin oor die hantering en toekenning van fondse vir die werksaamhede van die NG Kerk op gemeentelike sowel as sinodale terrein in die lig van die eise van ons tyd ;*
- 2. in oorleg en met goedkeuring van die Sinodale Kommissie verantwoordelike besluite te neem in terme van die aanwending van fondse, sodat die kerk sy roeping in die wêreld kan vervul.*

**2.11.2** Subkommissie Finansies het 'n voorlopige verslag opgestel wat aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake deurgegee is vir besinning en advies.

**2.11.3** Ook hierdie saak is ondervang met die rasionalisering van die struktuur en werksaamhede van die sinode.

### 2.11.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 2.12 SINODE 2003

**2.12.1** Die volgende besluit is verwys :

*Die sinode besluit om die volgende gewone sinodesitting binne die Maandag-tot-Vrydagtydsbestek af te handel, met 'n moontlike indeling van werksaamhede as volg*

- 1. Die sitting begin op 'n Sondagmiddag 16 : 00 met konstituering, waarna die openingsrede en nagmaal tydens 'n aanddiens afgehandel word ;*
- 2. Maandagoggend om 08 : 00 begin die tydelike kommissies met hulle werksaamhede, en die sitting konstitueer om 10 : 00 na oggendtee ;*
- 3. Die werksaamhede van die sinodesitting word afgehandel op die vroegste die daaropvolgende Vrydagmiddag of op die laatste die daaropvolgende Saterdagoggend*
- 4. Tydelike Kommissies wat vroeër moet vergader (soos bv die Notulekommissie) kan reeds die Saterdag vergader, indien nodig ;*

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

### **Motivering :**

1. *Die huidige tydsbestek waartydens daggelde vir 'n Saterdag en Sondag betaal moet word, is 'n vermorsing.*

2. *Vir afgevaardigdes vanaf die platteland is die tyd oor 'n naweek weg vanaf die huis 'n vermorsing.*

3. *Daar is weens werksdruk al hoe minder afgevaardigdes vanaf kerkrade beskikbaar wat so lank beskikbaar is vir 'n vergadering.*

2.12.2 Hierdie saak is na 'n ad hoc-kommissie vir advies verwys, waarna die Kommissie die program en werksaamhede van Sinode 2003 goedgekeur het.

### **2.12.3 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **2.13 AANKOOP EN OPGRADERING VAN REKENAARS EN PROGRAMMATUUR**

2.13.1 Die volgende besluit is verwys :

*Die sinode dra dit aan die kommissie op om op 'n deurlopende basis aandag te gee aan die opgradering van die stelsel.*

2.13.2 Die Sinodale Kommissie het op advies van die Direkteur Administrasie op 'n deurlopende basis aan die saak aandag gegee.

### **2.13.3 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **2.14 MEDIESE FONDS VIR WERKNEMERS VAN DIE NG KERK**

2.14.1 Die volgende besluit is verwys :

*Die sinode verwys die saak na die Sinodale Kommissie vir verdere optrede.*

2.14.2 Op advies van Subkommissie Finansies het die Kommissie kennis geneem dat dit onwaarskynlik is dat so 'n mediese fonds ooit sal realiseer.

### **2.14.3 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **2.15 HALFJAARLIKSE VERSTELLINGS AAN DIE BEGROTING**

2.15.1 Die volgende besluit is na die Subkommissie Finansies verwys :

*Die sinode wysig Bep 35.8.4 by die derde • as volg :*

• *Die Begrotingskommissie kan halfjaarlikse noodsaaklike mindere verstellings aan die begroting maak.*

2.15.2 Op advies van Subkommissie Finansies besluit die Kommissie soos volg :

*Die besluit word interpreteer dat die beginsel sal wees dat kommissies se begrotings nie die aanvanklike goedgekeurde bedrag sal oorskry nie. Slegs verskuiwings sal hanteer word.*

*Die SK-Dagbestuur hanteer sodanige verskuiwings op aanbeveling van die SF.*

2.15.3 Hierdie saak is mettertyd ondervang ná implementering van die nuwe sinodale model.

### **2.15.4 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **2.16 SINODALE BYSTANDSFONDS**



## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

**2.16.1** Die sinode van 1999 het besluit om 'n Sinodale Bystandsfonds (SBF) in die lewe te roep ten einde hulp te voorsien aan afgewentelde inrigtings, kinderhuise, kampterreine ens, anders as die Sinodale Hulpfonds (SHF) waaruit gemeentes hulp ontvang.

**2.16.2** Die Fonds is in die lewe geroep en 40% van die kapitaal in die SHF is daarin gestort.

**2.16.3** Ook hierdie aangeleentheid is mettertyd ondervang ná implementering van die nuwe sinodale model.

### 2.16.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 2.17 GELOOFSGELOFTE-OFFERS

**2.17.1** Die volgende besluit is na die Sinodale Sendingkommissie verwys :

**Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Sendingkommissie om klarigheid vanuit die Skrif aangaande geloofsgelofte-offers aan ringe en kerkrade deur te gee.**

**2.17.2** Hierna het die Sinodale Sendingkommissie 'n skrywe aan die dagbestuur gerig, wat dit weer vir advies na Subkommissie Finansies verwys het. Die verslag van Subkommissie Finansies is saam met die verslag van die Sinodale Sendingkommissie aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake deurgegee vir evaluering en advies aan die Kommissie (Vir hierdie verslag sien Verslag van die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake : pt 10 p 77 - 78 van Sakelys Buitengewone Sinode 2002).

**2.17.3** Nadat die saak na 'n ad hoc-kommissie, saamgestel uit alle belangegroepes, verwys is, besluit die Kommissie om soos volg by die sinode aan te beveel :

**2.17.3.1 Die sinode besluit dat geld, wat vir buite-gemeentelike werksaamhede, insluitende hulp aan gemeentes binne die kerkverband, bygedra / ingesamel word, en nie tot voordeel van die plaaslike gemeente aangewend word nie, en wat ten doel het die uitbreiding van die Koninkryk van God, vir die berekening van sinodale dankoffers aftrekbaar is.**

**2.17.3.2 Van sodanige gelde moet afsonderlik boek gehou word en deur die gemeente se ouditeure bevestig word. Dit word as "gelde vir versending" op die inkomstestaat getoon.**

**2.17.3.3 Ter wille van 'n databank ré barmhartigheidswerk en onderlinge steun in die kerkverband moet gemeentes 'n opsomming van hierdie werksaamhede en**

**die fondse wat onderskeidelik daaraan bestee is, jaarliks saam met hul geouditeerde state indien.**

### 2.17.4 AANBEVELING

**Die sinode keur die aanbevelings (2.17.3.1 - 2.17.3.3) goed, en versoek die Sinodale Regskommissie om die besluit en sy implikasies te reglementeer.**

## 2.18 STUDENTEBEARBEIDING

**2.18.1** Die volgende voorstel is na Tydelike Fondsekommissie verwys, maar is nooit deur hulle hanteer nie :

**In die lig van die versoek van die Algemene Sinode, en die feit dat die Oos-Kaap die enigste sinode is wat studentebearbeiding geheel en al na een gemeente afgewentel het, terwyl lidmate vanuit die hele sinodale gebied bedien word, en Somerstrand-gemeente oor die afgelope agt jaar reeds groot opofferings moes maak ten koste van die gemeente se eie lidmate ten einde hierdie pos te dra, besluit die sinode om in die lig van die gesonde ekonomiese posisie van die sinode voortaan die studentebearbeiding met R 50,000 per jaar te subsidieer.**

**2.18.2** Op advies van Subkommissie Finansies besluit die Kommissie soos volg :

**Die voorstel word nie goedgekeur nie, aangesien dit strydig is met die sinode se beleid t o v afwenteling.**

### 2.18.3 AANBEVELING

Die sinode bekragtig die besluit van die Kommissie.

## 3. POS DIREKTEUR ADMINISTRASIE

**3.1** Mnr JL Venter het afgetree en daar is op gepaste wyse van hom afskeid geneem.

**3.2** Dr JWJ Viljoen is op 22.02.2000 as nuwe Direkteur Administrasie deur die Sinodale Kommissie aangestel, en hy het op 01.05.2000 diens aanvaar.

### 3.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 4. HULP AAN GEMEENTES UIT SINO-DALE HULPFONDS

**4.1** Aansoeke om hulp uit die Sinodale Hulpfonds is van verskeie gemeentes ontvang.

## **A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE**

---

**4.2** Op advies van die Subkommissie Finansies en later Deskundige Lid Finansies is sedert die vergadering van die sinode in Oktober 1999 tot op datum hulp ten bedrae van R 534,253 aan gemeentes verleen.

### **4.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **5. HULP AAN SINODE WES-TRANSVAAL**

**5.1** Die Algemene Sinodale Kommissie het streeksinodes versoek om finansiële hulp aan die Sinode van Wes-Transvaal te verleen nadat 'n hofspraak daardie sinode meer as R 2,7m gekos het.

**5.2** Op advies van Subkommissie Finansies is 'n bedrag van R 50,000 aan Wes-Transvaal geskenk.

### **5.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **6. SKOOTREKENAAR**

**6.1** 'n Skootrekenaar vir gebruik deur kommissies is aangekoop, en riglyne vir die gebruik daarvan is opgestel.

### **6.2 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **7. OPGRADERING VAN KAMPTERREINE**

**7.1** 'n Versoek om fondse is van die Sinodale Jeugkommissie en Dave Marais-kampkomitee ontvang vir die opgradering van die kampterrein.

**7.2** Subkommissie Finansies en Sinodale Jeugkommissie het ontmoet en bespreking gevoer oor die saak en die opgradering van kampterreine oor die algemeen.

**7.3** 'n Bedrag van R 500,000 is uit die Sinodale Bystandsfonds aan die Sinodale Jeugkommissie beskikbaar gestel vir die termyn tot met die sinode van 2003.

**7.4** Nadat dit duidelik geword het dat die sinode dit later sou oorweeg om die kampterreine te verkoop is 'n moratorium geplaas op alle ongekontrakteerde fondse. Die rasionalisering van die sinode en die besluit om die kampterreine te verkoop het hierdie opgradering grootliks ondervang.

### **7.5 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **8. HULP AAN INRIGTINGS EN HUL INWONERS**

**8.1** Die Sinodale Kommissie Diens van Barmhartigheid het om hulp uit die Sinodale Hulpfonds aansoek gedoen ten einde afgewentelde inrigtings (Huis John Vorster / Siesta-Woonstelle) finansiëel by te staan.

**8.2** Die bedrag van ongeveer R 168,000 (restant van 'n oorspronklike bedrag van R 500,000 wat vroeër uit die Sinodale Hulpfonds vir die doel bewillig is) is aan die SKDB beskikbaar gestel om volgens die bepaalde riglyne aan te wend.

### **8.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **9. VERGOEDINGSPAKKETTE VAN LERAARS**

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

**9.1** Die Kommissie het konsekwent die Algemene Sinode se aanbevelings, soms ná geringe wysiginge, aan kerkrade deurgegee.

### **9.2 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **10. SINODALE BEGROTINGS**

**10.1** Die dagbestuur vorm deel van die Begrotingskommissie, en sinodale begrotings is jaarliks opgestel en goedgekeur.

**10.2** Die begroting vir 2003 / 2004 word in 'n bylaag tot hierdie verslag voor die vergadering gebring.

### **10.3 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **11. FINANSIËLE STATE**

**11.1** Die state is jaarliks nagegaan en goedgekeur.

**11.2** 'n Verslag wat o a die jongste geouditeerde syfers weerspieël, word as bylaag by hierdie verslag aangeheg.

### **11.3 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **12. SALARISSE EN DIENSVOORWAARDES PERSONEEL**

**12.1** In die onderskeie begrotings is voorsiening gemaak vir jaarlikse salarisaanpassings in lyn met dié van die leraars.

**12.2** Poste is volgens die peromnes-stelsel geëvalueer en die vergoeding is dienoreenkomstig aangepas.

**12.3** Ook is personeelposte en taakoms krywings op advies van 'n buite-konsultant goedgekeur, en is dienoreenkomste met werknemers in plek.

### **12.3 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **13. PREDIKANTE- EN WEDUWEE PENSIOENFONDS**

**13.1** Op versoek van die Fonds is ook twee sekundi t o v die sinode se verteenwoordiging op die Fonds aangewys, t w mnr A Strydom (vir die

DA ns die werkgewer) en ds EGJdeG Schutte (vir ds CH van Heerden ns die werknemers).

### **13.2 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **14. PENSIOENAANDEEL MISSIE JAPAN KOMITEE**

**14.1** Die sinode was die pensioenaandeelhouer van ds Tobie de Wet, vroeër van RCA Calvary-gemeente.

**14.2** Op versoek is die aandeel sonder koste oorgeplaas na die Missie Japan Komitee.

### **14.3 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **15. AKKOMMODASIE TE PORT ELIZABETH**

**15.1** 'n Ooreenkoms is met *PARK PLACE* beding waarvolgens enkelkamer, ontbyt en veilige parkering (wanneer beskikbaar) @ R 100 per persoon aan kommissielede van buite PE, Uitenhage en Despatch voorsien word. Besprekings moet egter deur die kantoor van die DA gedoen word. Huidiglik beloop die tarief R 120 per persoon.

**15.2** Hierdie inligting is aan kommissies en kerkrade deurgegee.

**15.3** Ongelukkig het die omgewing waarin hierdie fasiliteit geleë is die afgelope paar maande agteruitgegaan - soveel so dat tans nie veel gebruik gemaak word daarvan nie.

### **15.4 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

### 16. INTERPRETASIE FUNKSIONELE BESLUIT 27.1.2.1

16.1 Die betrokke besluit lui dat trustfondse en rentes op trustfondse, wat vir buite-gemeentelike werksaamhede aangewend word, vir die doeleindes van sinodale bydraes afgetrek kan word.

16.2 Dit word so geïmplementeer.

#### 16.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 17. KANTOORSLUITING OP HEMELVAARTDAG

17.1 Die Kommissie het besluit, na studie deur en op advies van SKLAS, dat Christene Hemelvaartdag as gewone werksdag behoort te sien, dat gemeentes aangemoedig word om 'n erediens in die oggend of aand te hou, en dat gelowiges spesifiek in hul werksituasie behoort te getuig oor die betekenis van Jesus se hemelvaart vir hul lewens.

#### 17.2 AANBEVELING

Die sinode bevestig die besluit.

### 18. PENSIOEN EN MEDIES VAN EMERITI EN HUL WEDUWEES

18.1 Die sinode het die volgende besluit oor hierdie saak geneem :

**1. Die sinode het die grootste deernis en empatie met emeriti en hul weduwees, welwetende dat dieselfde bedreiging ons almal in die oë staar.**

**2. Die sinode het groot begrip vir die dilemma van die emeriti en emeriti-weduwees, en sou hulle probleem graag wou aanspreek.**

**3. Die sinode kan nie finansiële hulp verleen nie.**

**4. Die emeriti word aanbeveel om die normale en aangewese weg deur hul eie gemeentes te volg om versorging uit daardie oord te verkry.**

**Daardeur sal die sinode in staat wees om indirek d m v die SHF bystand te verleen. Dit sal egter nooit op 'n permanente basis kan geskied nie, en sal van tyd tot tyd steeds hersien en by die omstandighede aangepas moet word.**

18.2 Hierdie besluit is aan die emeriti deurgegee, waarop skrywes weer vanaf hul kant ontvang is.

18.3 Die Direkteur Administrasie het die emeriti (op 07.07.2000 te Jeffreysbaai) ontmoet (en daarna by verskeie ander geleenthede),

waartydens besluit is dat 'n komitee (*Komitee vir Pensioenarisse - intussen verander na Emeriti-Vereniging*) aangewys is vir alle amptelike skakeling met alle sinodale strukture.

18.4 Emeriti / weduwees van emeriti is versoek om via hul plaaslike gemeentes om finansiële ondersteuning aansoek te doen - sodanige sinodale hulp sou dan via die plaaslike kerkkantoor verleen kon word. Hierdie stelsel het geblyk nie aanvaarbaar te wees vir die emeriti nie.

18.5 Die Kommissie het emeriti sedertdien versoek om hul behoeftes direk aan 'n ad hoc-komitee van die Kommissie voor te lê. Hulp sal eenmalig vanuit die MMP-fonds verleen word.

18.6 Die Kommissie het 'n afvaardiging uit die Emeriti-Vereniging op 26 Junie jl ontmoet. Nouer skakeling en inspraak deur die emeriti in die verlening van hulp was die vrug van hierdie ontmoeting.

18.7 Emeriti is uitgenooi na die vergadering van die lede van die Pensioenfonds wat tydens die vergadering van die sinode gehou word.

#### 18.8 AANBEVELING

Die sinode bekragtig die optrede van die Kommissie.

### 19. MEDIESE SUBSIDIE AAN CMR-GEPENSIONEERDES

19.1 Twee voormalige werknemers van die Christelike Maatskaplike Raad het die Kommissie genader om 'n mediese subsidie.

19.2 Die dagbestuur het die saak na die Sinodale Kommissie Diens van Barmhartigheid verwys vir ondersoek en advies. Die Kommissie het op advies van SKDB besluit om die aansoeke saam met die saak van die emeriti en hul weduwees te hanteer.

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

19.3 Die saak geniet nog aandag

### 19.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 20. INSTANDHOUDING VAN DIE SINODALE SENTRUM

20.1 Die Dagbestuur het op advies van Subkommissie Finansies noodsaaklike vervanging (interkomstelsel / sleutels / vertikale blindings) en herstelwerk (voor deur) goedgekeur. Die koste is verhaal uit die Huurresewefonds.

### 20.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 21. VERSOENINGSAKSIE

21.1 Tydens die sinode van 1999 is gemeld dat die dagbestuur alreeds 'n geruime tyd lank besig is met 'n versoeningsaksie. Veral lede uit die bruin gemeenskap het beswaard gevoel oor die feit dat die Kerk sy sinodale gebou opgerig het in 'n gebied wat voorheen 'n sg bruin gebied was, maar vanweë die Groepsgebiedewet is die bruin bewoners verskuif.

21.2 Soos voorheen gerapporteer is beplan om 'n studiefonds op die been te bring ten einde leerlinge uit die agtergeblewe gemeenskappe te ondersteun, kopieë van 'n boek wat oor die geskiedenis van die Suideinde verskyn het te borg, en om lede uit die bruin gemeenskap te nooi na 'n versoeningsgeleentheid.

21.3 Ds Pierre Jordaan, 'n vorige voorsitter van die SK, het uit sy pad gegaan om hierdie saak af te handel alvorens hy aftree, maar kon nie die samewerking van die rolspelers uit die bruin gemeenskap verkry nie. Hy het die betrokke rolspelers versoek om die verdere inisiatief te neem in die afhandeling van die hele aksie. Tot op datum was daar egter geen skakeling met die Kommissie nie.

21.4 Die Kommissie volstaan met hierdie optrede.

### 21.5 AANBEVELING

Die sinode bekragtig die optrede.

## 22. KOMMISSIE VIR DIENSVERHOUDINGE

22.1 Die Kommissie het die volgende Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge (SKDV) aangewys en die Sinodale Regskommissie versoek om dit te reglementeer : die assessor / ondervoorsitter van die SK tree as voorsitter van

die SKDV op, 'n lid deur die SRK uit sy geledere benoem, 'n voorsitter van een van die dienskommissies deur die SK aangewys, asook 'n kundige lid deur bg lede aangewys soos en wanneer nodig.

22.2 Tans bestaan die kommissie uit dr ACV van Wyk, ds WPM van Niekerk en ds CH van Heerden.

22.3 Die Sinodale Regskommissie is versoek om die reglementering van hierdie kommissie met die oog op Sinode 2003 voor te berei.

### 22.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 23. PERSONEELBELEID

23.1 Die Kommissie het 'n Personeelbeleid vir die Kantoor van die Ned Geref Kerk in Oos-Kaapland goedgekeur.

23.2 Hierdie Personeelbeleid is as raamwerk gebruik by die aanstelling van die nuwe Direkteur Administrasie.

### 23.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 24. VERSLAG VAN DIE CUCC

24.1 Die voorsitter van die *Church Unification Coordinating Committee*, ds DW Mouton, doen op 'n gereelde grondslag verslag aan die Kommissie.

24.2 Op advies van die CUCC is gemeentes versoek om wedersydse koinonia-verhoudings met gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk SA te bou.

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

**24.3** 'n Dokument wat onderlinge hulpverlening aanspreek is na ringe deurgegee vir hul aandag en deursending na gemeentes.

**24.4** Die CUCC is by 'n vorige geleentheid deur die SK versoek om sy *DOELSTELLING / AIM* te wysig. Sedertdien is die dagbestuur deur die CUCC versoek om by die oorspronlike formulering te hou. Die ringe is versoek om hulle oor die aangeleentheid uit te spreek.

**24.5** Sedert die totstandkoming van die Konvent vir Eenheid is die werksaamhede van die CUCC op die ys geplaas.

### **24.6 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **25. VERTEENWOORDIGERS OP DIE ASK**

**25.1** Verslag is gelewer deur die verteenwoordigers op die Algemene Sinodale Kommissie, en waar nodig is inligting na die gemeentes deurgegee.

### **25.2 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **26. ONDERSOEK NA PLATTELANDSE GEMEENTES**

**26.1** Ds FJJ Boll (Hofmeyr) het die Kommissie versoek om sanksie, aangesien hy as deel van verdere studies ondersoek doen na die situasie van die plattelandse gemeentes in die Oos-Kaap.

**26.2** Die Kommissie het op aanbeveling van Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening die versoek goedgekeur, op voorwaarde dat dit geen koste vir die sinode inhou nie.

**26.3** Ds Boll het sedertdien uit die sinodale gebied vertrek, terwyl die saak grootliks ondervang is met die implementering van die nuwe sinodale model.

### **26.4 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **27. HERDENKING TWEDE VRYHEIDSOORLOG**

**27.1** 'n Skrywe is van die *Volkskomitee vir die Herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog* ontvang waarin die Kommissie versoek is om 16.12.2000 as 'n dag van volksverootmoediging in te rig.

**27.2** Die Kommissie het kennis geneem van die versoek en besluit om die *Volkskomitee* in kennis te stel dat hy die saak van verootmoediging steun,

dat die gevaar egter bestaan dat binne die bepaalde konteks dit moontlik verdeling in gemeentes kan skep, en dat die Kommissie daarom nie formeel sanksie aan die versoek kan verleen nie, maar dat dit die *Volkskomitee* vrystaan om self met gemeentes te skakel.

### **27.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **28. AKSIE PLAASAANVALLE**

**28.1** Die dagbestuur is in 'n skrywe versoek om die aksie van *Aksie Plaasaanvalle (APA)* te ondersteun.

**28.2** Die dagbestuur het die petisielyste na gemeentes deurgestuur met die versoek dat nie gedupliseer moet word waar die lyste alreeds sirkuleer nie.

### **28.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **29. EENWORDING/ONTBINDING VAN GEMEENTES**

**29.1** Die gemeentes Queenstown en Queenstown-Tuine het verenig onder die naam Queenstown, terwyl Albanie en Grahamstad een geword het onder die naam Albanie. Die nodige kennis van die eenwordings asook die grensomsrywings is in *DIE KERKBODE* gepubliseer.

**29.2** Die gemeentes Sidwell en Uitenhage-Kanonheuwel het sedert die vorige vergadering van die sinode (1999) ontbind. Lidmate het ingeskakel by naburige gemeentes.

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

**29.3** Daar is tans 106 gemeentes van die Kerk in Oos-Kaapland.

### **29.4 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **30. HULP AAN BRANDGETEISTERDE GEBIEDE**

**30.1** Gemeentes in die Ring van Dordrecht is ingrypend geraak deur 'n verwoestende brand wat vele boere se weiveld, grensdrade en ander eiendom vernietig het.

**30.2** Op advies van die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid is 'n bedrag van R 85,000 aan die Ring van Dordrecht as noodhulp aan brandgeteisterde boere oorbetaal.

**30.3** Voorts is ook gemeentes in die sinodale gebied versoek om by wyse van spesiale kollektes vir hierdie doel by te dra.

### **30.4 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **31. BESWARE RONDOM BOTES-FORMULE**

**31.1** 'n Afgevaardigde na die sinode (1999) was van oordeel dat hy nie genoegsaam die geleentheid gebied is om aan die debat rondom die Botes-formule deel te neem nie. Die Kommissie was van oordeel dat alle sprekers billik behandel is.

**31.2** Die betrokke ring is versoek om die besware rondom die formule met die kerkraad op te neem.

### **31.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **32. TUGONDERSOEK**

**32.1** Na aanleiding van 'n appél ná 'n tugondersoek versoek een van die partye die Kommissie om afskrifte van alle besluite en korrespondensie rakende die saak aan hom te voorsien.

**32.2** Die Kommissie besluit om, aangesien die Kommissie slegs t o v die prosedures wat deur die kerklike vergaderings gevolg is by die aangeleentheid betrokke was, en die aansoeker se naam op geen wyse in enige vergadering of dokument gebruik is nie, nie aan die versoek gehoor te gee nie.

### **32.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **33. DIE OPENBARE ROL VAN DIE KERK**

**33.1** Die Kommissie het op aanbeveling van die Sinodale Kommissie Leer en Aktuele Sake die openbare rol aanvaar om die stem van die Kerk in Oos-Kaapland in die samelewing te laat hoor, en besluit om 'n reeks ontmoetings met toepaslike verteenwoordigers van die staat, bedryfsektor en openbare kommunikasiemedia te reël. Ook is verantwoordelikheid aanvaar om ekumeniese gesprekke tussen kerke op dreef te kry, waartydens saam besin sal word oor die rol en taak van die kerk in die samelewing, en waar gesigspunte oor openbare kwessies uitgeruil kan word.

**33.2** 'n Verslag oor die openbare rol van die kerk dien tans as bylaag tot hierdie verslag voor die vergadering.

### **33.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **34. SINODALE WERKSWINKELS**

**34.1** Werkswinkels is jaarliks rondom praktiese en aktuele kerk-en bedieningsake aangebied. Leraars is genooi en reiskoste is vanuit sinodale fondse gesubsidieer.

**34.2** Veral die werkswinkel van Maart 2001 het as 'n belangrike stimulus gedien om weer nuut oor die Kerk in Oos-Kaapland te dink.

**34.3** Die werkswinkel van 2003 het gedien om leraars, kerkrade en ringe visionêr te begelei. Afgesien van pastorale begeleiding deur 'n pastorale sielkundige, is aandag ook gegee aan 'n eietydse visie vir gemeente-wees. Bybelse en teologiese modelle van gemeente-wees, die kerk se unieke identiteit, taak en bediening, die ontwikkeling van 'n prakties-teologiese

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

ekklesiologie, binding van ons visie aan wie God is, en fokuspunte vir gemeentevernuwing, het aandag gekry.

### 34.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 35. KOÖRDINERING VERGADER-DATUMS VAN KOMMISSIES

35.1 Gedurende 2001 is die werksaamhede van die dienskommissies met vrug gekoördineer ten einde koste te bespaar

### 35.2 AANBEVELINGS

Die sinode neem kennis.

## 36. BESOEKE AAN RINGE/ FASILITERING

36.1 Besoeke is aan ringe gebring in die lig van die groterwordende hulpbehoewendheid van gemeentes.

36.2 Ook is geen hulp aan gemeentes verleen sonder dat besoek afgelê en die medium- en langertermyn oplossings vir die probleem aangespreek is nie.

36.3 Dr Chris van Wyk is as projekteier deur die Kommissie aangewys. Sy dienste is van sy gemeente uitgekoop ten einde fasilitering tussen gemeentes rondom hul bedieningsbehoefes te bemiddel. Verskeie prosesse tot groter samewerking tussen gemeentes is deurloop.

36.4 Belangstellende leraars is op koste van die sinode as ringsfasiliteerders opgelei.

### 36.5 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 37. APPÈL DS CA BURGER

37.1 Hierdie broer se dienste is deur sy kerkraad beëindig, waarna hy na die ring en later die Kommissie geappelleer het. Die appèlkommissies van beide meerdere vergaderings het die optrede van die kerkraad gehandhaaf.

### 37.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 38. STRATEGIESE BERAAD 2001

38.1 'n Strategiese beraad het op 14 - 15 Augustus 2001 plaasgevind, waartydens ná ernstige besinning, 'n konsep vir 'n nuwe struktuur vir die sinode beslag gekry het.

38.2 Hierdie konsep is persoonlik deur afvaardigings uit die Kommissie aan ringsvergaderings gekommunikeer met die oog op insette en verfyning.

### 38.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 39. CMR-GEBOU

39.1 Die gebou wat deur die Christelike Maatskaplike Raad van Port Elizabeth gebruik word, is aan die Raad geskenk. Oordrag van die eiendom het op koste van die Raad plaasgevind.

### 39.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 40. KONSOLIDERING BOEKE: SINODE/KAMPTERREINE

40.1 Op versoek van die ouditeure is die boeke van die sinodale kampterreine met dié van die sinode gekonsolideer.

### 40.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 41. BESWARE RÉ SCHOENMAKERSKOP-KAMPHUIS

41.1 Inwoners van Schoenmakerskop het gekla oor die gedrag / geraas deur gebruikers van die kamphuis.

41.2 Met die goeie samewerking van die kamphuisbestuur, en nadat regsadvies bekom is, is die saak in der minne geskik.



## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

### 41.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 42. BYDRAES TOT KWEEKSKOOL / KERKARGIEF

42.1 In die lig van die verkleinde inkomste van die sinode (a g v rasionalisering en die nuwe sinodale struktuur) is met die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland onderhandel om 'n verlaging van Oos-Kaapland se bydraes tot die begroting van die Kweekskool en Kerkargief.

42.2 Hierdie aangeleentheid is op datum nog nie afgehandel nie.

### 42.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 43. INKOMSTEBELASTINGWET EN DIE KERK

43.1 Die voorgestelde wetgewing raak gemeentes, ringe en sinodes. Die Algemene Sinode het met die staat onderhandel, en alle inligting en ander stukke is na die gemeentes en ringe deurgegee.

43.2 Kerkrade is versoek om baie dringend aan die aangeleentheid aandag te gee.

### 43.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 44. SINODALE KANTOOR EN FEESDAE

44.1 Die Sinodale Kommissie het besluit dat die sinodale kantoor oop sal wees op alle Christelike feesdae wat nie openbare vakansiedae is nie, en dat personeel vakansieverlof kan neem indien hulle dit so verkies.

### 44.2 AANBEVELING

Die sinode bevestig die besluit.

### 45. KOMPENSERENDE VERGOEDING AAN GEMEENTES

45.1 Ondersoek is gedoen na die moontlikheid om die werkgewers (kerkrade) van ampsdraers wat baie tyd aan sinodale werksaamhede bestee te vergoed.

45.2 Die Sinodale Kommissie beveel dat aan dat die sinode die Algemene Sinode se besluit navolg.

### 45.3 AANBEVELINGS

1. Die sinode besluit dat, vanweë die aard van die NG Kerk as 'n kerkverband en nie net losstaande gemeentes nie, kan van kerkrade en gemeentes verwag word om hulle leraars en ook kerkraadslede beskikbaar te stel vir diens in die kerkverband (ring, sinode en Algemene Sinode).

2. Die sinode besluit dat wanneer 'n predikant 'n buitengewone deel van sy dienstyd in die diens van die kerkverband bestee, kan die kerkrade en die betrokke kommissie(s) met mekaar in gesprek tree oor kompenserende vergoeding aan die kerkrade of moontlike ander reëlings - die kerkrade of die betrokke kommissie neem die inisiatief. Onderhandelinge oor kompenserende vergoeding moet vroegtydig gereël word.

3. Die sinode besluit dat vergaderinge en kommissies van die kerkverband moet toesien dat die werk wat deur 'n predikant in kerkverband gedoen word nie ten koste van sy / haar gemeentewerk geskied nie. Indien dit wel gebeur, moet die kommissie(s) eers 'n poging aanwend om die werk te verdeel alvorens daar om kompenserende vergoeding gevra word, en met 'n behoorlike motivering die nodige goedkeuring verkry.

4. Die sinode besluit dat kommissies in oorleg met die verantwoordelike kommissie kan reël om 'n spesiale vergoeding aan 'n persoon te betaal vir die verrigting van besondere dienste aan 'n kommissie. Hiervoor moet voorsiening gemaak word in die begroting van die kommissie.

5. Die sinode besluit dat waar nodig behoort persone wat dienste vir 'n kommissie van die kerkvergadering lewer, deur die kerkvergadering van 'n administratiewe

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

infrastruktuur voorsien te word, waaronder die vergoeding vir sekretariële dienste, fotokopieerkoste, telefoon- en faks-koste.

**6. Die sinode besluit dat billike vergoeding vir reis- en verblyf-koste en daggelde aan persone wat in kommissies van die kerkverband dien, betaal moet word.**

### 46. STRATEGIESE BESINNING 2001

**46.1** Op 29 November 2001 besluit die Kommissie, ná vele ondersoeke, konsultering met ringe en kerkrade, en ná diepe besinning oor die taak en rol van die Kerk in Oos-Kaapland, om 'n buitengewone vergadering van die sinode gedurende die week van 24 Junie 2002 byeen te roep.

**46.2** Uit oortuiging dat die kerk in diens van die Koninkryk staan aanvaar die Sinodale Kommissie die uittreksel oor die kerk uit die Apostoliese Geloofsbelydenis as bybels-teologiese vertrekpunt vir 'n moontlike nuwe model, met die verklaring van "*die gemeenskap van die heiliges*" soos deur die Heidelbergse Kategismus vertolk. Die Kommissie besluit voorts om voor te stel dat die sinode die volgende nuwe model as sinodale struktuur aanvaar

**46.2.1** 'n Sinodale Kommissie, saamgestel op ringsbasis deur die sinodale vergadering, plus die lede van die moderatuur. Die Direkteur Administrasie dien adviserend op die Sinodale Kommissie.

**46.2.2** Die dagbestuur van die Sinodale Kommissie bestaan uit die moderatuurslede en vier lede deur die Sinodale Kommissie aangewys. Een van hierdie lede behartig die portefeulje Finansies en Administrasie, en kan ook van buite die geleedere van die lede van die Sinodale Kommissie aangewys word. Die Direkteur Administrasie dien ook adviserend op die dagbestuur.

**46.2.3** Die Sinodale Kommissie ontvang van die sinodale vergadering die opdrag om uitvoering te gee aan die vier primêre funksies van die sinode : Visionêre Leierskap, Navorsing, Begeleiding en Bestuur binne die Oos-Kaapse Kerk.

**46.2.4** Die Sinodale Kommissie identifiseer en wys kundiges aan, minstens t o v Diens van Barmhartigheid, Gemeentebediening, Jeug, Sending, Leer en Aktuele Sake en Vrouediens. Sodanige deskundiges doen navorsing op hulle gebied, betrek kundiges in en buite die sinodale gebied, hanteer projekte op 'n ad hoc-basis in opdrag van die Sinodale Kommissie, met hulp van en verslag aan die Sinodale Kommissie, en verteenwoordig die sinode op breër kerklike terrein.

**46.2.5** Die Sinodale Kommissie vervul die Bestuursfunksie van die sinode. Hieronder

ressorteer Finansies, Regsake, Diensverhoudinge, Ekumene, Argief en In Memoriam

**46.3** Ook beveel die Kommissie by die sinode aan dat die sinodale gebou en sinodale kampterreine verkoop word ten einde die werk van die sinode te befonds, en dat nie meer as 75% van die rente-opbrengs op die kapitaal van alle sinodale fondse jaarliks aangewend word vir die bedryf en die bestuur van die sinode, terwyl die restant gebruik word om die kapitale belegging te versterk.

**46.4** Die Kommissie sou ook aanbeveel dat 'n jaarlikse dankoffer tot 'n maksimum van 10%, bereken volgens die Botes-formule, gehef word van gemeentes wat kwalifiseer om by te dra, en dat hierdie fondse op advies van ringe deur die Kommissie toegeken word aan behoeftige gemeentes of ringsprojekte. Die Kommissie hef en ken sodanige offers toe, terwyl die ringe dit administreer.

**46.5** Hierdie teologiese vertrekpunt en strukturele model is met geringe wysiginge tydens genoemde buitengewone vergadering van die sinode aanvaar.

### 46.6 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis.**

## 47. WERKSAAMHEDE VAN DIENSKOMMISSIES

**47.1** Met die rasionalisering van sinodale werksaamhede sou die dienskommissies ophou om te bestaan : deskundige lede sou voortaan op 'n ad hoc-basis die diens op die onderskeie werkerreine lewer, in soverre as wat aan gemeentes en ringe leiding en kundigheid gebied sou word ten einde hul dienswerk op plaaslike en ringsvlak te verrig. Aan die wortel van die afwenteling van sinodale werksaamhede lê die

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

beginsel : die plaaslike gemeente is *ecclesia completa*.

**47.2** In die lig van die voorafgaande het die dienskommissies gedurende die loop van 2002 vergader, hul werksaamhede afgehandel, daarna vir oulaas verslag aan die sinode gelewer, en ontbind. Slegs die Sinodale Kommissie sou as groter kommissie bly voortbestaan.

### 47.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 48. BUITENGEWONE SINODESITTING 2002

**48.1** Die Kommissie het dit aan 'n ad hoc-kommissie opgedra om nuut te dink rondom die inkleding van die buitengewone vergadering. Veel groter klem sou gelê word rondom die "liturgie" van die sinode, en veel meer sou gemaak word van bespreking en besinning in klein groepe by ronde tafels.

**48.2** Die vergadering het vanaf 24 - 27 Junie plaasgevind in die gemeentesentrum van Port Elizabeth-Lorraine.

### 48.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 49. UITDIENSSTELLING VAN PERSONEEL

**49.1** Die verkleinde sinodale infrastruktuur het meegebring dat skeidingspakkette met verskeie personeellede onderhandel moes word. Die totale koste van hierdie pakkette het R 397,658 beloop. Die botallige personeel is op 30 September 2002 uit diens gestel nadat op behoorlike wyse, en met baie groot waardering vir die wonderlike diens aan die sinode gelewer, van hulle afskeid geneem is.

**49.2** Enkele ander persone, met wie van die dienskommissies ook finansiële ooreenkomste rondom mediesefonds-premies gehad het, het pakkette ontvang, wat die sinode se verantwoordelikheid teenoor hulle tot 'n einde gebring het. Hierdie pakkette het gesamentlik 'n bedrag van R 143,201 beloop, en is uit fondse van die onderskeie dienskommissies gefinansier.

### 49.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 50. AFWENTELING/ RASIONALISERING SINODALE FONDSE

**50.1** Ná die buitengewone vergadering van die sinode gedurende 2002 is uitvoering gegee aan

die afwenteling en rasionalisering van sinodale fondse.

**50.2** Die finansiële implikasies hiervan word in die sinode se onderskeie finansiële jaarstate uiteengesit.

### 50.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 51. REGLEMENTERING KERKORDELIKE WYSIGINGE

**51.1** Op versoek van die Kommissie en op advies van die dienskommissies het die Sinodale Regskommissie alle toepaslike wysiginge aan die Kerkorde wat die nuwe strukturele model en wyse van werksaamheid sou meebring, gereglementeer en vir goedkeuring aan die sinode voorgelê.

### 51.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 52. HERTOELATING TOT BEDIENING / HERSTEL BEVOEGDHEID

**52.1** 'n Versoek om hertoelating tot die bediening is van D Matthee ontvang, terwyl broer AS Labuschagne om herstel van proponents-bevoegdheid aansoek gedoen het.

**52.2** Albei aansoeke is ná ondersoek volgens kerkregtelike bepalinge goedgekeur en na die Algemene Regskommissie deurgegee.

### 52.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 53. PATMOS

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

**53.1** Enkele dae voor die aanvang van die vergadering van die buitengewone sinode van 2002 maak die voorsitter van die kerkraad van die Patmos-gemeente beswaar teen die liturgiese inkleding van die komende vergadering, as dat dit Rooms sou wees. Hierop antwoord die dagbestuur van die Kommissie met 'n verduidelikende dokument rondom die gebruik van simbole in die geskiedenis van die Kerk, waarna die voorsitter van die kerkraad onderneem om genoemde dokument aan die kerkraad van Patmos (op die dag voor die aanvang van die sinodevergadering) voor te lê, waarna die kerkraad sy posisie bekend sal maak.

**53.2** Die afvaardiging van Patmos daag daarna nie by die openingsgeleentheid en vergadering op nie, word daarna telefonies versoek om wel sitting te neem, onderneem om dit wel te doen, maar daag nie voor teetyd op die laaste sittingsdag op nie, waar die voorsitter van die kerkraad die voorsitter van die vergadering versoek om 'n geleentheid om die sinode toe te spreek. Wanneer hierdie spreekbeurt nie toegeken word nie, vertrek die afvaardiging sonder om die vergadering by te woon.

**53.3** Wanneer die nuut-saamgestelde Kommissie onmiddellik ná die afsluiting van die vergadering van die sinode vergader, word besluit om die hele aangeleentheid na die ring (Algoa) waarbinne die gemeente ressorteer, te verwys. Wanneer die ring oordeel dat dit 'n saak vir die aandag van die Kommissie en nie die ring is nie, wys Ig 'n kommissie aan, bestaande uit die voorsitter, skriba en die sameroeper van die ad hoc-kommissie wat verantwoordelik was vir die inkleding van die buitengewone vergadering. Die opdrag aan hierdie kommissie was om 'n versoenende gesprek met die leraar en kerkraad van Patmos te voer.

**53.4** Hierdie besoek en gesprek het nooit plaasgevind nie, ondanks vele skrywes en pogings vanaf die kant van die Kommissie om aan sy opdrag uitvoering te gee. Herhaaldelik is deur die voorsitter van die kerkraad van Patmos te kenne gegee dat so 'n besoek geen waarde sou hê nie, dat die Kommissie nie wou praat toe Patmos wou praat nie, en dat Patmos die saak as afgehandel beskou. Telkens is egter steeds die beskuldiging van Roomsheid na die kant van die Kommissie geslinger.

**53.5** Nadat die voorsitter van die Kommissie telefonies met die voorsitter van die kerkraad van Patmos kontak kon maak, is die volgende gesamentlike ooreenkoms bereik:

**53.5.1** *Die saak kom 'n lang pad, en verdere ontmoetings tussen die ad hoc-kommissie van die Sinodale Kommissie en die kerkraad van Patmos sal nie op hierdie stadium positiewe nut hê nie*

**53.5.2** *Die saak van simbole tydens kerklike vergaderings word in sowel SKLAS se verslag as die reëlins vir die volgende sinode ondervang*

**53.5.3** *Patmos is verbind aan die kerkverband en sal in hierdie proses 'n bydrae maak en hul mening as deel van die besluitnemingsproses lug*

**53.5.4** *Sowel Patmos as die Sinodale Kommissie beskerm mekaar teen moontlike ongegronde gerugte, sodat ons saam die Here se eer en die waardigheid van ons kerklike vergaderings beskerm*

**53.5.5** *Ons beskou hiermee die saak as afgehandel.*

**53.6** Voorts besluit die Kommissie dat die voorsitter per skrywe die kerkraad van hierdie besluit in kennis stel, en ook die kerkraad versoek om ter vergadering te wees (d i die voorsitter van die Kommissie) by die behandeling van die skrywe / saak.

**53.7** Wanneer Patmos se geloofsbrief na die sinode van Oktober 2003 uitstaande bly en die skriba van die Sinodale Kommissie daarvoor navraag doen, rig een van die leraars van Patmos namens die kerkraad onder datum 13 Augustus 2003 'n skrywe aan die Kommissie waarin gestel word dat 'n geloofsbrief ingedien sal word wanneer duidelikheid oor die volgende sake verkry is:

**53.7.1** *Dat daar geen kersseremonie of liturgie sal wees voor en tydens en met die afsluiting van die sinodesitting nie*

**53.7.2** *dat daar in die vergaderlokaal geen Christus-afbeeldings aan die mure sal wees nie*

**53.7.3** *dat die voorsitter nie die vergadering sal lei met 'n kruis om sy nek nie*

**53.7.4** *dat 'n skouerkleed nie vir sprekers omgehang sal word nie*

**53.7.5** *of dat enige praktyk beoefen word wat 'n Roomse verbintenis het nie.*

**53.8** Voorts meld die kerkraad dat hy Skrifgetroue vernuwing as belangrik vir die kerk ag, en boekstaaf hy dat hy geen bybelse voorskrif vind dat die kerk van die nuwe bedeling kerse moet aansteek nie. *Ons weet nie op hierdie oomblik wat die sinode se roete gaan*

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

*wees nie. Indien ons nie sitting neem nie beplan ons om ons standpunt oor 'n wye front bekend te maak. ....As die Sinodale Kommissie vir die komende sitting weer 'n Roomse roete beplan is daar genoeg tyd om daarvan af te wyk.*

**53.9** In 'n meegaande uittreksel bely die kerkraad saam met Art 1 van die Kerkorde dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, en dat die leer van die Woord in die drie belydenisskrifte saamgevat is, vereenselwig die kerkraad hom daarmee dat 'n kerkorde belangrik is vir die welwese van die kerk, maar dat dit altyd verantwoord moet word vanuit die Woord, dat die plaaslike gemeente volgens die Woord volledig kerk is en deur Christus regeer word deur sy Woord en Gees, dat kerkverband ten diepste 'n geloofsverband is, dat daar geen spoor mag wees van regeer oor mekaar nie, en dat die kerkraad homself op geen wyse kan vereenselwig met enige aksie wat die plaaslike kerk ondergeskik aan 'n hoofkantoor wil maak nie. Dit is die kerkraad se verantwoordelikheid om wagters oor die kudde te wees. *Ons standpunt is dus dat enige verklaring, besluit of beleidsdokument wat deur kerkvergaderings geneem en uitgereik word, eers deur Patmos se kerkraad in behandeling geneem word om te bepaal of ons dit aanvaar of verwerp.* In 'n laaste punt spreek die kerkraad sy oortuiging uit dat dit nooit in die kerk oor mense se voorkeure en liefhebberij mag gaan nie, en distansieer die kerkraad homself van rituele waar kerse aangesteek en van afbeeldings van Christus gebruik gemaak word.

**53.10** Aangesien die voorsitter van die Sinodale Kommissie hierdie saak as uiters dringend beskou is 'n ontmoeting met ds Theunis Pienaar snr vir Woensdag 20 Augustus 2003 gereël. 'n Kommissie, bestaande uit die skriba, aktuaris en dr JD Prinsloo het die dagbestuur van die Kommissie verteenwoordig. (Die voorsitter en onder-voorsitter van die Kommissie was ongelukkig by Algemene Sinodale werk-saamhede betrokke)

### 53.11 AANBEVELING

Die sinode neem die saak in behandeling.

## 54. KONVENT VIR EENHEID: BESKRYWINGSPUNT NA ALGEMENE SINODE 2002

**54.1** Op versoek van die moderamen van die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland ondersteun die Kommissie 'n beskrywingspunt (B.16.6 - Agenda Algemene Sinode 2002) rakende 'n struktuur vir een kerkverband.

### 54.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 55. INTERNET

**55.1** Die Kommissie besluit om die moontlikheid te ondersoek om alle gemeentes in die sinodale gebied van toegang tot die internet / e-pos te voorsien.

**55.2** Hierdie saak is nog nie afgehandel nie.

### 55.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 56. NOTULE BUITENGEWONE SINODE 2002

**56.1** Die notule van die laaste sittingsdag van die Buitengewone Sinode 2003 is deur die Kommissie goedgekeur.

**56.2** Ná die verskyning van die *Handelinge* van genoemde vergadering is ontdek dat die notulering van pte 12.6 - 13 van die Verslag van die Sinodale Kommissie (*Sakelys 2003 p 18*) per abuis weggeval het.

**56.3** Die Kommissie het die Notule soos volg aangevul :

*Voeg in ná pt 64 VERSLAG AD HOC-KOMMISSIE REGL 8 PT 7.4.1 'n nuwe pt 65 wat soos volg lees :*

65. *VERSLAG SINODALE KOMMISSIE P18 (VERVOLG)*

12.6 *Afgehandel by pt 43 van hierdie notule*

12.7 *Goedgekeur*

12.8 *Goedgekeur*

12.9 *Goedgekeur*

13. *Kennis geneem*

*Hierna volg VOORSTELLE 9 - 11, MOSIE VAN DANKBETUIGING, 66. BEDANKINGS en 67. AFSLUITING.*

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

### 56.4 AANBEVELING

Die sinode bekragtig die optrede van die Kommissie.

### 57. VERDELINGSREKENING

57.1 Die Kommissie het ná die Buitengewone Sinode besluit dat gelde ontvang voortaan direk oorbetaal sal word aan die persone en instansies waarvoor bewillig.

### 57.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 58. VOORRAAD

58.1 'n Behoorlike inventaris van alle sinodale eiendom is opgestel, en alle oortollige los goedere is van die hand gesit.

### 58.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 59. STRATEGIESE BERAAD 2002

59.1 Ná die buitengewone vergadering van die sinode van 2002 vind die Kommissie dit noodsaaklik om gedurende Augustus van dieselfde jaar 'n strategiese beraad te Schoenmakerskop te hou, ten einde te besin oor die implikasies van die besluite van die buitengewone sinode vir die funksionering van die kerkverband in Oos-Kaapland, asook 'n evaluering te doen van die werksaamhede van die Sinodale Kommissie in die lig van die toekomstige funksionering van die kerkverband.

59.2 Hiertydens word besin oor die begeleiding van gemeentes in die (her-)ontdekking van hul identiteit, en die versorging van hul leraars.

59.3 Wat visionering betref sal die identiteits-aspek beklemtoon word, en die deskundige lede kry opdrag om navorsing te doen rondom behoeftes op hul onderskeie terreine.

59.4 Ook die bedryfsimplikasies vir die nuwe sinodale struktuur kry tydens hierdie beraad indringend aandag.

### 59.5 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 60. VERSKUIWING VAN SINODALE KANTOOR

60.1 In die lig van die besluit om die sinodale eiendomme te verkoop besluit die Kommissie om die sinodale kantoor na die gebou van

BYBELHUIS in Cotswoldlaan, Newtonpark, te verskuif.

60.2 Sedert 1 Januarie 2003 is 'n doelmatige kantoor by bg perseel gevestig.

### 60.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 61. FUNKSIONERING VAN RINGE

61.1 Die Kommissie het besluit dat die verskillende ringe tot en met die ringsvergaderings van 2003 soos huidiglik sal funksioneer, en dat ringsprojekte tydens hierdie ringsvergaderings geïdentifiseer word met die oog op die 2004 / 2005-boekjaar.

61.2 Ook is besluit dat 'n afvaardiging uit die Kommissie die onderskeie ringskommissies en ander belangstellende ringslede op 'n streeksbasis ontmoet, ten einde ringe in hul nuwe rol soos deur die buitengewone sinode besluit, te begelei. Indien ringe die behoefte sou ondervind om as ringsvergadering besoek te ontvang, sou aan sodanige versoek gehoor gegee word.

61.3 Alle ringe is besoek en die ad hoc-kommissie kon rapporteer dat dit sinvol en geslaagd was.

### 61.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 62. SINODALE KOLLEKTE VROUE-LIDMATE

62.1 Die deskundige lid versoek die Kommissie om die instel van 'n sinodale kollekte t b v vrouewerksaamhede in die sinodale gebied te oorweeg.

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

**62.2** Die Kommissie ondersteun die saak en gee die versoek aan die sinode vir besluit deur.

### **62.3 AANBEVELING**

**Die sinode besluit om jaarliks 'n sinodale kollekte ten bate van vrouewerksaamhede in die sinodale gebied op te neem, en versoek die Sinodale Regskommissie om dit te reglementeer.**

## **63. VERTEENWOORDIGING VAN VROUDELIDMATE OP RINGSVERGADERINGS**

**63.1** Die deskundige lid versoek die Kommissie om weë te ondersoek waarvolgens die belange van die vrouelidmate op ringsvergaderings gedien en verteenwoordig kan word.

**63.2** Die Kommissie besluit om ringe te versoek om persone aan te wys wat die belange van vrouelidmate dien, en indien moontlik sodanige persoon op die ringskommissie te betrek.

### **63.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **64. VERANDERING AAN DOOPLIDMATEREGISTER**

**64.1** Die Ring van Cradock versoek die Kommissie om moontlike veranderinge in die dooplidmaatregister te ondersoek.

**64.2** Daarna versoek die Sinodale Regskommissie die ring om die saak per beskrywingspunt voor die sinode te bring.

### **64.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem die beskrywingspunt in behandeling.**

## **65. BEDIENING NAGMAAL BUIE DIE EREDIENS**

**65.1** Die Ring van Cradock versoek die Kommissie om ondersoek te doen na die moontlikheid om die nagmaal ook buite die erediens te bedien.

**65.2** Die Kommissie besluit om te volstaan by die besluite van die Algemene Sinode 2002.

### **65.3 AANBEVELING**

**Die sinode bevestig die besluit van die Kommissie.**

## **66. VRAELYS HOMOSEKSUALITEIT**

**66.1** 'n Vraelys rondom homoseksualiteit is via die ringsverteenvoordigers op die Kommissie na die gemeentes deurgegee as gespreksdokument.

### **66.2 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **67. PINKSTER 2003**

**67.1** Die Kommissie het die deskundige lid Gemeentebediening versoek om leiding aan gemeenteleraars te gee rondom die aanbied van *DIE KERKBODE* se pinksterreeks binne ons sinodale konteks.

**67.2** Ongelukkig kon hierdie projek vanweë 'n tydsfaktor nie realiseer nie.

### **67.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **68. ZIMBABWE**

**68.1** Die Kommissie het by meer as een geleentheid kennis geneem van die besondere behoeftes van die Sinode van Midde-Afrika (Zimbabwe).

**68.2** Die Kommissie het besluit om gedurende 2003 'n bedrag van R 60,000 te bewillig vir die instandhouding van die genoemde sinodale kantoor.

**68.3** Intussen is die gemeentes in Zimbabwe as 'n ring by die Sinode Noord-Transvaal ingelyf, met die versoek dat die hulp ook vir 'n verdere twee jaar verleen sal word. Die aansoek sal jaarliks na gelang van omstandighede oorweeg word.

### **68.4 AANBEVELING**

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

Die sinode bekragtig die optrede van die Kommissie.

### 69. KENNIS VAN REVISIE

**69.1** Die Ring van Queenstown gee kennis van revisie t o v die besluite van die Buitengewone Sinode (2002) ré die nuwe sinodale struktuur en funksionering van die sinode.

**69.2** Die ring bring die saak per beskrywingspunt voor die sinode.

#### 69.3 AANBEVELING

Die sinode neem die beskrywingspunt in behandeling.

### 70. AMEUBLEMENT SCHOENMAKERSKOP-KAMPHUIS

**70.1** Die Kommissie skenk, op advies van die bestuur van die jeugkamphuis, die ameublement van die kamphuis aan die gemeente Uitenhage-Oos vir gebruik in hul gemeenskapsentrum en gemeentelokaal te Colchester.

#### 70.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 71. VERKOOP VAN SINODALE EIENDOMME

**71.1** In opdrag van die Buitengewone Sinode 2002 is die sinodale gebou en drie kampterreine te koop aangebied.

**71.2** Tot op datum is die Kamphuis te Schoenmakerskop (R 950,000), Dave Marais-Kampterrein (R 450,000) en Lekkerood-Kampterrein (R 700,000) verkoop.

**71.3** Alhoewel daar periodiek belangstelling in die sinodale gebou is, is geen aanbod nog gemaak nie. Intussen word alle kantooruimte as inkomste vir die sinode verhuur.

#### 71.4 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 72. SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

**72.1** In opdrag van die sinode is 'n studiestuk hieroor voorberei.

**72.2** Dit is as bylaag tot hierdie verslag opgeneem.

### 72.3 AANBEVELING

Die sinode neem die studiestuk as 'n gespreksdokument in behandeling.

### 73. GEBRUIK VAN SIMBOLE IN DIE NG KERK

**73.1** In opdrag van die Kommissie is 'n studiestuk hieroor voorberei.

**73.2** Dit is as bylaag tot hierdie verslag opgeneem.

#### 73.3 AANBEVELING

Die sinode neem die studiestuk as 'n gespreksdokument in behandeling.

### 74. GEMEENTES SE SINODALE BYDRAES

**74.1** Toe die Kommissie kennis neem dat die sinodale bydraes nie na wense aan die sinodale kantoor oorbetal word nie, is opdrag aan die Direkteur Administrasie gegee om persoonlik besoek aan die betrokke gemeentes te bring.

**74.2** Die saak kom in 'n verslag van die deskundige lid vir Finansies en Direkteur Administrasie voor die vergadering.

#### 74.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 75. CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

**75.1** Die Christelike Lektuurfonds het aangebied om lêers en skryfbehoeftes met die oog op die vergadering van Sinode 2003 beskikbaar te stel.

**75.2** Die Kommissie het met dank van die aanbod gebruik gemaak, en toestemming tot 'n spreekbeurt en die hou van 'n uitstalling gegee.

#### 75.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 76. VERSOEK OPSIGTER SINODALE GEBOU

**76.1** Die opsigter het verlof gevra om sy woonstel in die gebou te ontruim en na 'n ander woonplek te verhuis.

**76.2** Die Kommissie het die versoek afgewys en daarop gewys dat dit van die opsigter verwag word om op die terrein te woon.



## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

### 76.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 77. MENTORPROGRAM

77.1 Die Algemene Sinode het tydens sy vergadering van 2002 op 'n mentorprogram vir jong leraars besluit.

77.2 Die Kommissie het dr JD Prinsloo as ons sinodale administrateur van die program aangewys.

### 77.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 78. STANDPLAASVERWISSELING

78.1 Die Kommissie het ds DW Mouton as ons sinodale bestuurder vir standplaasverwisseling aangewys.

### 78.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 79. PASTOR PASTORUM

79.1 Die Kommissie het dr LM Steenkamp genader om as pastor pastorum op te tree.

### 79.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 80. KONTEKS EN NAVORSING

80.1 Teen die agtergrond van die besluit van die Buitengewone Sinode 2002 dat navorsing een van die vier funksies van die sinodale verband is, en dat hierdie funksie die ander drie funksies (t w visionêre leierskap, begeleiding, bestuur) met toepaslike inligting en teologiese raamwerke moet ondersteun, versoek die Kommissie die sinode om die volgende besluit te neem :

### 80.3 AANBEVELINGS

1. Die sinode besluit om 'n sentrum vir kerklike en teologiese navorsing op die been te bring.

2. Hierdie sentrum is o a verantwoordelik vir

2.1 die generering en verspreiding van kennis wat noodsaaklik is vir die eietydse en verantwoordelike funksionering van die kerkverband

2.2 toepaslike voortgesette toerusting van leraars en gemeenteleiers in samewerking met bestaande kerklike strukture (Buvton, Sevto, Iswen, SGDN, ens)

2.3 fasilitering van navorsing op die kerk se diensterreine, in noue samewerking met deskundige lede (bv rol van vroue, sake van openbare etiese belang, nuwe gemeentewontwikkeling, ens)

3. Om hieraan prakties gestalte te gee besluit die sinode om

3.1 'n kundige persoon / persone aan te wys om hierdie sentrum op die been te bring, en verwys dit na die Sinodale Kommissie vir optrede

3.2 die nouste moontlike samewerking met Buvton en die familie van NG Kerke te soek, en 'n wyer ekumeniese betrokkenheid met ander kerke in ons streek as besliste ideaal te stel

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

3.3 as deel van die sinodale werksaamhede op 'n jaarlikse basis vir hierdie werk te begroot.

### 81. GEMEENTES/RINGE EN SAKELYS SINODE 2003

81.1 Die Kommissie het gemeentes en ringe versoek om sake vir die Sakelys van Sinode 2003 deur te gee.

#### 81.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 82. VROUDELIDMATE OP MEERDERE VERGADERINGS

82.1 Die Kommissie het die versoek van die Algemene Sinode (2002) aan gemeentes en ringe deurgegee, nl dat hierdie kerklike vergaderings, soos streeksinodes, moet toesien dat ook vrouelidmate na meerdere vergaderings afgevaardig word.

#### 82.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 83. VERSLAG RINGE AAN SINODALE KOMMISSIE

83.1 Dit blyk dat ringe in die nuwe sinodale bedeling toenemend groter fondse gaan bestuur, en aangesien hulle ook met "trustfondse" werk, is dit gewens dat hulle geouditeerde state (deur 'n geregistreerde rekenmeester / ouditeur / rekenkundige tegnikus / geoktrooieerde rekenmeester wat nie lid van die kerkraad is nie) ook soos in die geval van gemeentes aan die Sinodale Kommissie voorgelê word.

#### 83.2 AANBEVELINGS

1. Die sinode besluit dat die state van ringe vanaf 1 Maart 2003 geoudit word, en jaarliks daarna voor of op 30 September by die Kommissie via die sinodale kantoor ingedien word.

2. Die sinode verwys die volgende wysiginge aan die Kerkorde na die Sinodale Regskommissie vir opname in die nuwe Kerkorde :

2.1 Bepaling 31.6.2.6 (nuwe bewoording) : die jaarlikse ouditering van die ringsfonds en verslag daaroor by die ring en by die sinodale kommissie (voor of op 30 September) te behartig;

2.2 Reglement 4 (nuwe punt 3) : Die kassier van die ring stuur jaarliks 'n volledige stel

geouditeerde state van die ring se fondse aan die sinodale kommissie ooreenkomstig Bepaling 31.6.2.6

2.3 Reglement 8 (voeg by aan die einde van 3.1) : By elke vergadering word 'n geouditeerde verslag van inkomste en uitgawes aan die ring en voor 30 September aan die sinodale kommissie voorgelê.

### 84. KERKORDE OOS-KAAPLAND

84.1 Die Kommissie besluit om volmag aan die Sinodale Regskommissie te verleen om op kontrakbasis die Kerkorde gereed te laat maak.

#### 84.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 85. GODSDIENS IN SKOLE

85.1 Die Kommissie versoek gemeentes om hul steun aan godsdiensonderrig in skole by wyse van skrywes aan die betrokke hoofdirekteur voor te lê.

#### 85.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 86. PREDIKANTE PENSIOENFONDS

86.1 Die Kommissie het met groot kommer kennis geneem dat die pensioen van emeriti gedurende 2003 met slegs 2,0% teenoor 2002 gestyg het, en versoek die Trustees van die Pensioenfonds om dringend alles moontlik in werking te stel om die situasie van emeriti te verbeter.

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

**86.2** Die kommissie besluit vervolgens om die aktuaris van die Pensioenfonds na die vergadering van Sinode 2003 te nooi.

### 86.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 87. GETUIENIS

**87.1** Die deskundige lid vir getuienis, ds Deon Loots, het gereeld aan die Kommissie oor sake rakende die getuienisbediening gerapporteer.

**87.2** Na aanleiding van die besluite van Algemene Sinode 2003 besluit die Kommissie om voortaan die term *getuienis* in plaas van *sending* te gebruik.

**87.3** Gemeentes en ringe is versoek om die term *getuieniskommissie* in plaas van *sendingkommissie* te gebruik, en die sinode sal voortaan praat van *die deskundige lid vir getuienis*.

**87.4** Gemeentes is versoek om van die goedgekeurde uitsendingsformulier gebruik te maak by die uitsending van sendelinge.

**87.5** Gemeentes is versoek om deeglik kennis te neem van die besluite rondom Nuwe Gemeente-ontwikkeling.

**87.6** Gemeentes wat by getuienisaksies in Angola en Botswana betrokke is is versoek om onderskeidelik met die Sinode van Namibië en die Sinode van Noord-Kaapland / DRC Botswana te skakel.

**87.7** Gemeentes is aangemoedig om in samewerking met ander kerke binne en buite die Familie van NG Kerke op omvattende wyse betrokke te raak by die bediening van hulp en hoop in informele woongebiede.

**87.8** Gemeentes is versoek om te let op die besluite van die Algemene Sinode rondom die werwing, keuring, opleiding en indiensstelling van sendelinge.

**87.9** Die kerk is deur die Algemene Sinode opgeroep om te waak teen 'n Armeniaanse benadering in sy verkondiging van die Evangelie.

**87.10** Gemeentes en individue is versoek om buitelandse getuienisprojekte in oorleg met die sinodale getuienisstrukture aan te pak.

**87.11** Gemeentes is versoek om by wyse van vennootskappe by die Transkei-sending betrokke te raak.

**87.12** Gemeentes is versoek om met die deskundige lid vir getuienis te skakel ré inligting, idees, voorstelle en bydraes.

## 87.13 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

## 88. LEER EN AKTUELE SAKE

**88.1** Die deskundige lid, dr Jan Cloete, rapporteer dat die nuwe werkswyse wat sedert die Buitengewone Sinode van 2002 geïmplementeer is, in die praktyk beteken dat taakspanne in plaas van 'n kommissie op ad hoc-basis aan hierdie sake aandag moes gee.

**88.2** Verskeie studiestukke het op hierdie wyse die lig gesien, waarvan sommige as bylaes tot hierdie verslag as gespreksdokumente voorgelê word. Spiritualiteit en Spiritualisme, Homoseksualiteit, Simboliek, Ekklesiologie en Publieke Teologie is sake wat aandag gekry het, terwyl ander studiestukke soos bv Skrifgesag en Skrifgebruik en die Nuwe Hervorming tans nog in die pyplyn is.

**88.3** Verslae word deurgaans as werksdokumente voorgelê en na ringe en gemeentes geneem vir verdere besinning, bespreking en kommentaar.

**88.4** Aangesien die sinode graag die kundigheid van sy lede effektief wil benut, sal tydens die vergadering 'n lys sirkuleer waarop afgevaardigdes hul gawes en spesialiteitskennis kan aandui.

## 88.5 AANBEVELING

Die sinode neem kennis van die werksaamhede en neem die studiestukke as gespreksdokumente in behandeling.

## 89. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

## A2: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

---

**89.1** Die deskundige lid vir die Diens van Barmhartigheid, ds Mattheus Langenhoven, het op gereelde basis verslag aan die Kommissie gedoen t o v die nood en behoeftes, asook aksies en projekte op hierdie diensterrein van die kerk.

**89.2** 'n Verslag is aan die Kommissie voorgelê, goedgekeur, en word as bylaag tot hierdie verslag aan die sinode voorgelê.

### **89.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis van die werksaamhede en neem die verslag in behandeling.**

## **90. GEMEENTEBEDIENING**

**90.1** Soos die ander deskundige lede het ook dr Kobus Prinsloo gereeld verslag aan die Kommissie gedoen.

**90.2** Ook was hierdie lid met ad hoc-hulp ten nouste betrokke by die reëlings van die sinodale werksinkels, die Buitengewone Sinode van 2002, asook die Sinodevergadering van 2003.

**90.3** 'n Verslag is aan die Kommissie voorgelê, goedgekeur, en word as 'n bylaag tot hierdie verslag aan die sinode voorgelê.

### **90.4 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis van die werksaamhede en neem die verslag in behandeling.**

## **91. JEUG**

**91.1** Ds Willem Petzer het as deskundige lid sedert die Buitengewone Sinode die jeugvaandel gedra, en op hierdie terrein die begeleiding van ringe en gemeentes waargeneem.

**91.2** Ook hy het 'n verslag aan die Kommissie voorgelê, dit is behandel en goedgekeur, en dit word as 'n bylaag tot hierdie verslag aan die sinode voorgelê.

### **91.3 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis van die werksaamhede en neem die verslag in behandeling.**

## **92. VROUEBEDIENING**

**92.1** Mev Tish Steyn, die deskundige lid, is van oortuiging dat solank as wat daar vrouelidmate in die kerk is, daar 'n vrouebediening sal wees. Deernis en diensbaarheid is van die eienskappe waarmee God vroue geseën het.

**92.2** Die vrouebediening in die sinodale gebied spreek die behoeftes op plaaslike vlak, d w s gemeentelik, aan. Terselfdertyd is onderlinge skakeling tussen gemeentes, ringe en selfs sinodes noodsaaklik vir oor en weer bevrugting en verryking.

**92.3** 'n Goedgekeurde verslag word as bylaag by hierdie verslag aan die sinode voorgelê.

### **92.4 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis van die werksaamhede en neem die verslag in behandeling.**

## **93. FINANSIES**

**93.1** Ds Christo van Heerden het sedert die Buitengewone Sinode as deskundige lid vir Finansies opgetree.

**93.2** 'n Verslag wat die finansiële posisie van die kerk en die begroting vir 2003 / 2004 aanspreek, is deur die Kommissie goedgekeur en as bylaag tot hierdie verslag ingebind.

### **93.4 AANBEVELING**

**Die sinode neem die verslag in behandeling.**

## **94. STREEKSKONVENT**

**94.1** Die Kommissie oordeel dat ekumeniese betrekkinge met die ander lede in die familie van NG Kerke 'n prioriteit in ons sinodale gebied behoort te wees.

**94.2** Daarom ondersoek die Kommissie tans die moontlikheid om gedurende 2004 'n konvent tussen die kerke in die familie in die Oos-Kaap te reël.

### **94.3 AANBEVELING**

**Die sinode spreek hom ten gunste van 'n streekskonvent uit.**

## **95. UITENHAGE-KANONHEUWEL**

**95.1** By die ontbinding van hierdie gemeente is 'n bedrag van R 34,180 aan die sinode geskenk.

### **95.2 AANBEVELING**

**Die sinode neem met dank kennis.**

## **96. VISIONÊRE TAAKSPAN**

**96.1** Na aanleiding van die Verklaring van die Algemene Sinode 2002, waarin die Kerk sy roeping in hierdie land verwoord, het die Algemene Sinodale Kommissie besluit om 'n

## **A2.1: DIENS VAN BARMHARTIGHEID**

---

taakspan op die been te bring wat aandag moet gee aan die implikasies wat die kerk se roeping inhoud vir die struktuur en werkswyse van sy vergaderinge.

**96.2** Streeksinodes is genader om te help met die befondsing van hierdie projek.

**96.3** Die Kommissie het besluit om vireers van die versoek kennis te neem, aangesien die begroting nie vir hierdie uitgawe voorsiening maak nie. Indien die behoefte a s jaar steeds bestaan, sal daarvoor begroot word.

### **96.4 AANBEVELING**

**Die sinode bekragtig die optrede van die Kommissie.**

## **97. SKRYWE VOORSITTER ASK**

**97.1** 'n Skrywe van dr Coenie Burger, voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie, is na die gemeentes deurgestuur.

### **97.2 AANBEVELING**

**Die sinode neem kennis.**

## **98. CHRISTELIKE LEKTUURFONDS**

**98.1** Die Christelike Lektuurfonds versoek die sinode om 'n jaarlikse kollekte ten behoeve van die Fonds se werksaamhede deur gemeentes te laat opneem.

### **98.2 AANBEVELING**

**Die sinode neem die saak in behandeling.**

## **99. SLOT**

Die Kommissie is innig dankbaar teenoor die Koning van die Kerk vir sy krag en leiding van die afgelope vier jaar, en glo dat die radikale en vernuwendende rasionalisering in hierdie periode van die Oos-Kaapse Kerk se bestaan Hom tot eer en tot die welsyn van sy Koninkryk strek.

**PJ Naudé - voorsitter  
EGJdeG Schutte - skriba  
22 Augustus 2003**

## **A2.1 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID**

## A2.1: DIENS VAN BARMHARTIGHEID

---

Ingevolge die besluite geneem tydens die spesiale sinodesitting van 2002, word daar ook wat barmhartigheidswerk in die Oos-Kaap betref, 'n meer gemeentesentriese benadering gevolg. Dit bring mee dat barmhartigheidswerk nou op gemeentevlak en in ringsverband gedoen moet word, wat beteken dat gemeentes en ringe saam projekte moet aanpak en terselfdertyd ook groter verantwoordelikheid vir mekaar moet neem. Aansoek kan gedoen word by die Sinodale Kommissie vir finansiering van sodanige projekte via die ringsverteenvoerder op die SK.

Die Algemene Sinode het tydens sy vergadering in Oktober 2002 belangrike besluite oor barmhartigheidswerk geneem. Daar is veral aandag gegee aan die volgende:

- Armoedebekamping
- Gestremdheid
- Gevangenes
- Kinder- en gesinsbediening
- MIV/VIGS
- Ouer persone se finansiële dilemma
- Veranderinge in die land.

Dit raak die werksaamhede van elke gemeente en ring, daarom is dit noodsaaklik dat uitvoering hieraan gegee moet word. Omdat gemeentes en ringe van mekaar verskil en sekere sake van groter belang as ander by verskillende gemeentes sal wees, is dit baie belangrik dat gemeentes en ringe deur die verslae en besluite sal werk en aandag sal gee aan dit wat vir elkeen ter sake is. Hieronder volg die betrokke besluite soos vervat in die besluiteregister (handelinge, bl. 606 tot 609). Meer volledige besonderhede vind u in die Agenda van die Algemene Sinode op bl. 20 tot 38, en in die Handelinge op bl. 449, 450 en 497.

### 1. BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

#### 1.1 ARMOEDEBEKAMPING

##### 1.1.1 Die kerk en die armoedeprobleem:

Die kerk is diep onder die indruk van die ernstige omvang van armoede in Suider-Afrika en verklaar dat die kerk hom na die voorbeeld van Christus identifiseer met die nood van armes en hulle wat in die lewe uitgesak het.

##### 1.1.2 Die kerk se medeverantwoordelikheid om armoede te hanteer:

Die kerk beskou armoede as 'n prioriteitsaangeleentheid en aanvaar medeverantwoordelikheid saam met ander rolspelers vir die soeke na oplossings vir die armoedeprobleem in Suider-Afrika.

##### 1.1.3 Impak van armoede op lidmate:

Die Algemene Sinode wil lidmate van die kerk in die besonder van sy innige meelewing in hierdie tyd van ekonomiese insinking verseker. Die NG Kerk is diep besorg oor die impak van werkloosheid, regstellende aksie, korrupsie en die

groter-wordende skuldvas waaroor mense in Suider-Afrika gebuk gaan, op sy lidmate en alle mense.

##### 1.1.4 Mense sonder werk:

Die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die jongmense in die land vir wie dit al hoe moeiliker word om werk te kry en verseker hulle dat die AKDB hierdie probleem hoog op sy agenda plaas in sy onderhandeling met die owerheid.

##### 1.1.5 Kerk se betrokkenheid by armoedevraagstuk:

Die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en gemeentes van die NG Kerk om daadwerklik die Here se opdrag te gehoorsaam deur konkreet betrokke te raak en inisiatiewe te neem om die probleem van armoede in elke plaaslike gemeenskap aan te pak.

##### 1.1.6 Armoedeverligtingsprogramme en vaardigheidsontwikkeling:

Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om by armoedeverligtingsprogramme en die vaardigheidsontwikkelingsprosesse in die land betrokke te raak.

##### 1.1.7 Werkskepping:

Die Algemene Sinode is oortuig dat die land se ekonomiese beleid strategieë moet ontsluit wat tot werkskepping sal lei, sodat alle mense binne die ekonomiese stelsel ingesluit sal wees.

##### 1.1.8 Regstellende aksie:

Die Algemene Sinode versoek die regering van Suid-Afrika om 'n tydsraam met betrekking tot regstellende aksie vas te stel, sodat baie mense in ons land kan moed skep in die wete dat hulle

## A2.1: DIENS VAN BARMHARTIGHEID

nie vir altyd aan die rand van die arbeidsmark sal staan nie.

### 1.2 GESTREMDHEID

#### 1.2.1 Skakeling gestremdhede:

Die Algemene Sinode verwys die noodsaaklikheid van skakeling tussen kerklike instansies wat met persone met gestremdhede werk, na die onderskeie sinodes.

#### 1.2.2 Persone met gestremdhede:

Die Algemene Sinode spreek sy steun uit vir die beginsel dat persone met gestremdhede 'n integrale deel van die gemeenskap uitmaak, en versoek owerhede om voort te gaan om gespesialiseerde dienste aan persone met gestremdhede finansieel te ondersteun. Argitekte, stads- en streeksbeplanners word versoek om met groter noulettendheid toe te sien dat geboue en terreine vir persone met gestremdhede maksimaal toeganklik is. Ook kerkrade word versoek om toe te sien dat kerkgeboue toeganklik is vir persone met gestremdhede.

### 1.3 GEVANGENES

#### 1.3.1 Geestelike versorging van gevangenes:

Die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en gemeentes om in die lig van die riglyne vir gevangenissorg aan gevangenes, met groot erns beskikbaar te wees vir die geestelike versorging van gevangenes.

#### 1.3.2 Departement Korrektiewe Dienste:

Die Algemene Sinode neem kennis van die besware van die Direkteur Godsdienssorg van die Departement Korrektiewe Dienste en die AKDB se respons daarop;

Die Algemene Sinode versoek die AKDB om alles in sy vermoë te doen om die kommunikasielyne met die Departement Korrektiewe Dienste weer te herstel;

Die Algemene Sinode verklaar dat die amptelike kanaal waardeur die Departement van Korrektiewe Dienste op nasionale vlak met die NG Kerk oor godsdienssorg aan die gevangenes kommunikeer, die AKDB is, en die subkommissie vir kapelaansdienste in die geval van kapelane.

### 1.4 KINDER- EN GESINSBEDIENING

#### 1.4.1 Kindermishandeling:

Die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die toename in kindermishandeling in Suid-Afrika. Die kerk se maatskaplike werkers word bedank vir die moeite wat gemaak word om hierdie kinders te identifiseer en na plekke van veiligheid te verwyder.

#### 1.4.2 Verhoorafwagende kinders:

Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om die aanhouding van verhoorafwagende kinders in polisieelle en gevangnisse sover moontlik te voorkom, en

plekke van veiligheid vir hierdie kinders te voorsien.

### 1.5 MIV/VIGS

#### 1.5.1 Bybelse norme vir liefdeslewe:

Die Algemene Sinode herbevestig sy standpunt van 1990, naamlik dat in die lig van die dreigende pandemie, begrip bestaan vir programme om voorbehoedmiddels bekend te stel aan mense wat nie nougeset volgens die norme van God se Woord lewe nie, maar doen 'n beroep op instansies om, tesame met die aanbeveling van voorbehoedmiddels, ook die Bybelse norme vir die liefdeslewe duidelik uit te spel.

#### 1.5.2 Seks buite die huwelik:

Die Algemene Sinode stel dit opnuut as sy standpunt dat seks buite die huwelik nie die Here se wil is nie en doen 'n beroep op sy lidmate om 'n heilige lewenswandel in dié verband na te streef.

#### 1.5.3 Vigsaksies op gemeentevlak:

Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vigsbestrydingsaksies op gemeentevlak te begin ontwikkel ten einde veral betrokke te raak by die tuis-versorging van terminale vigs pasiënte.

#### 1.5.4 Standpunt MIV en vigs:

Die Algemene Sinode onderskryf die volgende verklaring as die standpunt van die NG Kerk ten opsigte van MIV en vigs:

#### **VERKLARING EN VERBINTENIS VAN DIE NG KERK IVM MIV EN VIGS**

Die NG Kerk wil, in die voetspore van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here, sy roeping en betrokkenheid op die MIV en vigssterrein op 'n priesterlike, koninklike en profetiese wyse vervul:

## A2.1: DIENS VAN BARMHARTIGHEID

### 1. *Ons erken en bely:*

- \* dat onkunde, vooroordeel en ontkenning nog in baie lidmate se harte leef;
- \* dat ons nie altyd die vernietigende effek wat die MIV/vigs pandemie op ons gemeenskappe, gemeentes, gesinne en lidmate het, deur God se oë raaksien nie;
- \* dat ons nie genoegsaam God se liefde teenoor MIV geïnfecteerdes en geaffekteerdes uitleef nie;
- \* dat van ons NG lidmate ook met MIV en vigs leef.

### 2. *Ons wil liefde en deernis betoon aan alle mense wat met MIV en vigs leef, geïnfecteerdes sowel as geaffekteerdes. Ons wil dit doen deur:*

- \* ons daarop toe te lê om begeleiding en ondersteuning te bied aan elkeen wat hartseer en pyn beleef, veral ook aan almal wat deur die kerk en breër samelewing verwerp of alleen gelaat is;
- \* 'n boodskap van hoop en omgee aan lidmate wat met MIV en vigs leef, oor te dra;
- \* ons te beywer om mites, verkeerde gesindhede en diskriminerende optrede binne ons gemeentes en gemeenskappe af te breek en voorspraak te doen vir almal wat as gevolg van MIV en vigs ly;
- \* ons gemeentes plekke te help ontwikkel, te implementeer en te ondersteun, wat o.a. sal insluit:
  - \* versorging en begeleiding van die groot getalle kinders wat wees gelaat word, o.a. ook deur gemeenskapsorgmodelle;
  - \* emosionele en geestelike begeleiding van geïnfecteerdes en geaffekteerdes, o.a. deur ondersteuningsgroepe;
  - \* fisiese versorging van mense wat met MIV en vigs leef, o.a. deur tuis- en gemeenskapsorg;
  - \* inligting en opvoedingsprogramme wat mense wat met MIV en vigs leef, sal help om langer gesond te kan bly, asook om die fisiese en emosionele pyn te verlig;
  - \* werkskeppingsprojekte.

### 3. *Bogenoemde impliseer ook die beskikbaarstelling van kennis, mannekrag en fasiliteite tot ons beskikking.*

### 4. *Ons wil die verspreiding van MIV bekamp deur die bou van Bybelse morele waardes ten opsigte van seksuele gedrag. Gevolglik:*

- \* roep ons egpare op om getrou aan mekaar as lewensmaats te bly;
- \* roep ons ouers op om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die seksopvoeding van hulle kinders na te kom;
- \* roep ons kinders, jongmense en volwasse individue op om seksuele verkeer voor die huwelik uit innerlike oortuiging as Christene te vermy.

### 5. *Ons wil die omstandighede wat die vinnige verspreiding van die MIV-infeksie aanwakker, teenwerk. Ons wil alles in ons vermoë doen om:*

- \* die gesinslewe van ons lidmate, geskoei op Bybelse beginsels, te versterk;
- \* armoede, geweld teen vroue en kinders, asook dwelmmisbruik, te bekamp;
- \* korrekte en volledige inligting oor MIV en vigs beskikbaar te stel;
- \* vrywillige toetsing vir MIV veral ook onder ons lidmate, aan te moedig;
- \* ons wil alles doen om die boodskap van seksuele onthouding voor die huwelik ondubbelsinnig oor te dra en om die implikasies van ander beskermingsmaatreëls te verduidelik;
- \* aktief daaraan te werk om die stigmatisering en veroordeling van mense met MIV en vigs, teen te werk.

### 6. *Ons verklaar dat ons in hierdie belangrike saak samewerking en vennootskappe met relevante rolspelers soek, aanmoedig en waar nodig ook kerklike strukture te skep om samewerking te bevorder.*

### 7. *Ons bede is dat God Drie-enig ons as NG Kerk die krag sal gee om as gehoorsame getuie van die evangelie, ons verantwoordelikheid en roeping tot eer van sy Naam en tot uitbreiding van sy koninkryk na te kom.*

#### 1.5.5 Vestiging van Vigsforum:

Die Algemene Sinode besluit om die aanbevelings te verwys na die AKDB met die versoek om met die Hugenote Kollege en ander rolspelers oorleg te pleeg met die oog op goeie samewerking en voorkoming van onnodige oorfleueling.

#### 1.5.6 Christen-Vigsburo:

Sinodes, ringe en gemeentes word versoek om die werksaamhede van die Vigsburo te ondersteun en van die dienste van die buro gebruik te maak.



## A2.1: DIENS VAN BARMHARTIGHEID

### 1.6 OUER PERSONE SE FINANSIËLE DILEMMA

Die Algemene Sinode bring die finansiële dilemma van ouer persone onder die aandag van gemeentes. Gemeentes moet bedag wees op die langer lewensverwagting van ouer persone, krimpemde pensioene, die invloed van inflasie, en wisselende renteverdienstes op beleggings. Hierdie faktore veroorsaak dat ouer persone stelselmatig só verarm dat hulle die helpende hand van gemeentes mag benodig. Ook word die kinders van ouer persone versoek om nie op onverantwoordelike wyse finansiële steun aan hulle ouers te weerhou, of op 'n onverantwoordelike wyse finansiële druk op hulle ouers te plaas nie.

### 1.7 VERANDERINGE IN DIE LAND

Die algemene sinode versoek gemeentes, ringe en sinodes om in die lig van die Skrif, deurlopend rekening te hou met die demografiese, ekonomiese en moraliteitsveranderinge waardeur die land gaan en om te verseker dat hierdie veranderinge deurlopend in die kerk se barmhartighedsbediening verdiskonteer word.

## 2. TRUST- EN ANDER FONDSE

Daar is 'n aantal hulpfondse beskikbaar waaruit behoeftige bejaardes en gesinne gehelp kan word, asook studiebeurse vir behoeftige studente.

Volledige besonderhede en aansoekvorms is te kry by ds. JWE Esterhuysen, Somersetstraat 106, Graaff-Reinett, 6280, tel. (049) 892 2343. Aansoeke moet vergesel word van 'n motivering en aanbeveling van die aansoeker se kerkraad.

## 3. HOSPITAALBEDIENING

### 3.1 LIVINGSTONE HOSPITAAL

Hierdie bediening word deur die NG Kerk Uitenhage-De Mist geadministreer met mnr. Johan Lamprecht in diens.

### 3.2 PORT ELIZABETH HOSPITALE – PROVINSIAAL, GREENACRES EN ST. GEORGES

Met die administratiewe hulp van die NG Kerk Lorraine, lewer ds. CA Jordaan steeds hierdie diens.

## 4. CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RADE EN INRIGTINGSORG

4.1 Op albei hierdie diensterreine word diens van hoogstaande gehalte gelewer. Hoewel die strukture waarbinne die CM Rade en inrigtings funksioneer, van mekaar verskil, is daar by beide hierdie diensterreine behoeftes wat aangespreek moet word. Ons leef in 'n voortdurend veranderende wêreld en dit is vir die DL

(deskundige lid) vir die Diens van Barmhartigheid onmoontlik om 'n "deskundige" te wees van bv. wetgewing rakende welsynswerk, bejaardesorg of kindersorg. Daarom sou dit kon gebeur dat die sinode of SK sonder die nodige en volledige inligting tot hulle beskikking, nie die beste besluite in belang van hierdie werk neem nie.

### 4.2 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis dat persone genooi kan word om verslag te doen en inligting te deel.**

## 5. OOS-KAAPLANDSE BEHUISINGS-MAATSKAPPY

5.1 Die OKBM se vernaamste bedrywigheid was die oprigting en verkryging, instandhouding, beheer en bestuur van inrigtings en ander woonplekke vir sorgbehoewende kinders, bejaardes, laagbesoldigdes, minderbevoorregtes, siekes, gestremdes van watter aard ookal, en in die algemeen om behuising, verblyf of versorging te verskaf aan diegene wat dit nodig het.

5.2 In die proses van afwenteling is alle vaste eiendom reeds na die betrokke inrigtings soos volg, oorgedra:

### 5.2.1 Erf 641, Jansenville

Hierdie eiendom word op versoek van die tehuis vir bejaardes na die munisipaliteit op Jansenville oorgedra. Die nodige dokumente word tans vir ondertekening voorberei.

### 5.2.2 Huis MTR Smit

Alle dokumente vir die oordrag is reeds onderteken. Daar word nou net gewag vir die Nelson Mandela Metropool om die leningsendossement op die transportakte te kanselleer.

### 5.2.3 Huis Spitskop, Murraysburg

Goedkeuring is van beide provinsiale owerhede van die Wes- en Oos-Kaap ontvang om die

## **A2.1: DIENS VAN BARMHARTIGHEID**

---

**eiendom direk op die naam van die betrokke beheerraad oor te dra.**

### **5.2.4 Dagbehandelingsentrum**

Alle oordragdokumente is gereed vir ondertekening. Ook in hierdie geval word net gewag vir die Nelson Mandela Metropool om die leningsendossement op die transportakte te kanselleer.

Ten slotte kan berig word dat mnr. Steyn de Villiers, die prokureur wat hiermee gemoeid is, onderneem het om al bogemelde uitstaande sake van die OKBM voor die sinodesitting van Oktober 2003 af te handel.

Ek vertrou dat die sinode met hierdie inligting 'n prentjie kon kry van die barmhartigheidswerk in die Oos-Kaap en dat u opgewonde en dankbaar is oor wat gedoen word, en graag ook daarby betrokke sal wil wees.

Die vergadering word die seën van die Here toegebied.

**DS MH LANGENHOVEN  
DESKUNDIGE LID VIR DIENS VAN  
BARMHARTIGHEID  
JULIE 2003**

### A2.2 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR GEMEENTEBEDIENING

Geagte Voorsitter en lede van die sinode

Die volgende besluite van die Algemene Sinode, 13 –19 Oktober 2002, word die onder die aandag van die sinode gebring. Ter ondersteuning van die aanbevelings word slegs 'n opsomming van die verslae gegee. Die volledige verslae verskyn in die agenda van die Algemene Sinode.

#### 1. EVANGELISASIE EN NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING (NGO)

(Handelinge, Algemene Sinode 2002, Bylae A.8.3, pp 121-125)

##### 1.1 INLEIDEND

Twee belangrike perspektiewe moet in berekening gebring word. Eerstens, bly Evangelisasie, oftewel die kommunikasie van die Evangelie, steeds 'n wesentlike aspek van die kerk se roeping. Tweedens moet die kerk rekening hou met die feit dat die kultuurgroep waartoe NGK lidmate behoort, besig is om te verklein en te vernou. 'n Wesentlike vraag is dus: Hoe kommunikeer die kerk die Evangelie aan mense buite die kerk en hoe bereik die kerk die postmoderne mens wat nie meer binne bestaande gemeentes 'n geestelike tuiste vind nie.

'n Gevallestudie kan help om lig op die saak te werp.

##### 1.2 GEVALLESTUDIE

**1.2.1** 'n Ondersoek in Stellenbosch het in 1998 aan die lig gebring dat daar 'n al groter wordende groep NGK lidmate is wat nie gemaklik inskakel by enige van die bestaande NGK gemeentes nie. Daar is ook 'n groot groep woonstelmense wat volledig kerklos is wat nie deur die NGK gemeentes met hul basies homogene bedieningsbenadering bereik word nie. Evangelisasiewerk in die woonstelle het getoon dat mense nie ongeneë is om na die Woord te luister nie, maar sodra hulle begin kerktoe gaan, word hulle afgeskrik deur die tradisionele erediens en musiek. Baie van die mense wat met evangelisasie uitreike bereik is, kan nie ingeskakel word in 'n tradisionele NGK gemeente nie.

**1.2.2** Binne dieselfde tyd beroep 'n AGS gemeente vir pastoor Theo Geysers, van die gospelgroep "Prophet". Hy het 'n postmoderne

**Die vraag is of dit teologies regverdigbaar is.**

**1.4.2** In die verband is Nuwe Gemeente Ontwikkeling 'n wyse waarop die Evangelie tans aan die breër samelewing gekommunikeer kan word. Dit is egter nodig om die veranderinge in ons samelewing te omskryf.

aanslag. Na net meer as 'n jaar is die AGS gemeente onherkenbaar anders: 700 toegewyde lidmate (hoofsaaklik uit die NGK afkomstig) met 1700 erediensgangers per Sondag. Die gemeente opereer in 'n nuwe styl wat mense se behoeftes aanspreek en hulle tot aanbidding en betrokkenheid begelei op 'n skaal wat eenvoudig verstommend is. Heelwat NGK kweekskoolstudente vind daar 'n (onoffisiële) geestelike tuiste en getuig blymoedig van seën en hoe hulle ingetrek en gebruik word.

##### 1.3 LIDMATE DALING IN DIE NGK

Die NGK verloor, sedert 1985, lidmate. Dit is dus, soos die meeste ander gevestigde kerke wêreldwyd, 'n kwynende kerk (Hendriks 1995, 2000). Die verskillende uitgawes van *Kerkspieël* vertel die verhaal. Die groei van die NGK sedert 1652 was hoofsaaklik te danke aan drie redes: immigrasie, 'n positiewe geboortekoers onder lidmate en kerklike migrasie na die NGK. Nie een van die faktore lei meer tot 'n groei in getalle nie. Die netto verlies wat die NGK ervaar is duidelik uit 'n eenvoudige vergelyking van die 1986 en 2001 Jaarboekgetalle: Gemeentes 1254 (1220); Dooplidmate 464,096 (321,943); belydende lidmate 967,810 (923,003); Sieletal 1,431,906 (1,244,946); leraars 1946 (1939).

##### 1.4 DIE KOMMUNIKASIE VAN DIE EVANGELIE

**1.4.1** Gemeentes van die NGK reik wel uit na buitkerklikes, maar dit het min impak op groei in gemeentes. Aan die ander kant groei para-kerklike groepe se betrokkenheid by evangelisasie en sendingprojekte egter dramaties (Froise & Hendriks, 1999:131 e.v.). Para-kerklike organisasies erken dat NGK lidmate in feitlik al die organisasies betrokke is en in die meeste van die gevalle die ruggraat en meerderheid vorm (Hendriks 1998). Wie die NGK egter oorhoofskien, sal erken dat die lidmaat-basis uiters homogeen is en in alle waarskynlikheid vernou. Die NGK bereik 'n bepaalde groepering blanke Afrikaners, hy beweeg binne bepaalde sub-kultuur- of sisteemgroepe. Die tipe voorstelle vir reformasie of uitreik kom gewoonlik maar neer op binne-sisteem herrangskikkings. In die algemeen bereik die NGK nie groepe buite sy tradisionele lidmate basis nie, hy reik ook nie na hulle uit nie.

##### 1.5 SKUIWE IN DIE SAMELEWING

**1.5.1** Die nuwe politieke bedeling sedert 1994 en die instelling van 'n sekulêre staatsbestel het veroorsaak dat gelowiges en die kerk hulleself geestelik moes heroriënteer. In die huidige bestel speel, onder invloed van die tydsges, normale markkragte 'n baie sterker rol. Baie Christene se

## A2.2: GEMEENTEBEDIENING

tradisionele lojaliteite vir 'n bepaalde denominasie het verval. Hulle soek gemeentes waar hulle tuis voel en waar hulle hul geloof kan ultiëf. Diversiteit en pluralisme het 'n baie groter uitwerking as ooit te vore. Hierdie faktore, naas 'n veel laer geboortekoers, is grotendeels verantwoordelik vir die daling in lidmaatgetalle in die NGK. Die nuutste markaanwysers toon dat die persentasie Christene in die land nie daal nie, maar wel dat hulle migreer en dat nuwe patrone van geloofsbeleving aan die ontwikkel is (Gegewens by die Eenheid vir Godsdiens-Demografiese Navorsing, Stellenbosch).

**1.5.2** Die problematiek waarmee die NGK w o r s t e l

### MODERN

Centralized hierarchies  
Predictable world  
Long-range strategic plan & goals  
Confidence in ability and plans  
Change from centre (top)

**1.5.4** Hulle konklusie is dat bestaande kerke wat nie by die nuwe uitdagings kan aanpas nie, tot niet sal gaan en dat kerkplanting al hoe meer noodsaaklik word.

**1.5.5** Ons lewe in 'n nuwe paradigma, 'n nuwe wêreld (Mead 1996, Sweet 1999) waar mag in die hande van die verbruiker is: hy kan kies wat hy wil hê en glo. Outoriteit en gesag werk nie meer eenlynig van bo na onder nie. Mense is bevry van enersyds bygeloof en goedgelowigheid en andersyds van sosiale konformisme. Sekularisasie, individualisme, die kultuur van menseregte en ook 'n groeiende postmoderne skeptisisme teenoor tradisionele ideologieë en teologieë maak dat mense baie krities kyk en luister na wat aan hulle opgedis word. Hulle is bewus van en eerlik oor hulle behoeftes, vrese en verlangens en hulle soek na 'n (geloofs)gemeenskap wat dit verstaan en aanspreek. **Tradisionele lojaliteite gaan geen kerk deur die drif dra nie.**

**1.5.6** Dit is belangrik om meer direk na plaaslike realiteite en analyses van die NGK te kyk. Vir die doel gebruik ons die ACNielsen Sociomonitor (1999-2000), die mees gesofistikeerde instrument waarmee waardesisteme en lewenstyl hoofsaaklik met die oog op bemerking (advertensies), gemeet word. Die opname het ook kerkverband bepaal. Die NGK respondente was 34.3% swart, 11.3% kleurling en 54.4% wit. Vyf waardegroepe is in die bevolking onderskei en soos volg omskryf:

**1.5.6.1 YESTERYEARS:** (17,2% van die volwasse bevolking) 30.1% NGK: dit is mense met tradisionele waardesisteme, godsdienstig, familievas, minder selfgerig, verlede georiënteerd, skepties oor die huidige politieke bedeling en wêreldgebeure, geroetineerd en bestendig. Minder verdraagsaam teenoor ander groepe.

is ingebed in die verskuiwing van modernisme na postmodernisme. Die NGK opereer nog grotendeels binne die modernistiese denkraamwerk, terwyl 'n groot deel van sy jonger geslag binne die postmodernistiese denkpatrione beweeg. Die tradisionele NG gemeente kan hulle nie bedien nie.

**1.5.3** In die verband is Eddie Gibbs en Ian C o f f e y se werk, *Church Next* (2001) waardevol. In kort som hulle die groter samelewingsverskuiwings volg op (30):

### POSTMODERN

Decentralized networks  
Unpredictable world  
Rapid-response, "plan-do"  
Uncertainty, pessimism  
Change from periphery (bottom)

**1.5.6.2 BELONGERS:** (21.4% van die volwasse bevolking): 19.7% NGK: tradisionele waardesisteme, konformerend, kultureel- en groepsgebonde, verdraagsaam teenoor ander groepe, respek vir individue (ubuntu), reik uit na ander / nood, familievas, godsdienstig, prakties, nie verknog aan die verlede of meegesleur deur nuwigheide nie.

**1.5.6.3 ENHANCERS** (18.7% van die volwasse bevolking): 20.5% NGK: gemoderniseerde, jonger groep, progressief, wil individueel ontwikkel en iets bereik, kwaliteit goedere is belangrik, geniet "gadgets". Gesondheidsbewus. Harmonie, skoonheid en styl is belangrik. Holisties ingestel. Nie uitermate groepsgeoriënteerd, familievas nie, vermy enigiets wat oud-modies is, nie aggressief nie, meer empaties, maar tog minder tolerant as die ACHIEVERS teenoor die wat van hulle verskil.

**1.5.6.4 ACHIEVERS** (18.3% van die volwasse bevolking): 18.6% NGK. Modern, individualisties, prestasie-sukses gerig, goeie werk is belangrik, bevraagteken maklik gesag en konvensie, maar nie aggressief nie. Goeie verhoudinge met ander, oor alle tipe grense heen, is belangrik; sosiale status, waardes, godsdien en 'n gevoel vir nasionale trots ook. Tegnologiese ontwikkeling word nagestreef; selfversekerd, toekomsgerig, uitgesproke, kompetend.

**1.5.6.5 TODAY-ERS** (24.5% van die volwasse bevolking): 11.1% NGK. Assertief en aggressief teenoor die wêreld om hulle, "living on the edge", leef in die nou met min toekomsdrome en waardes. Promisku, stimulant belangrik. Verwerp gemeenskapswaardes, onsensitief vir familie of gemeenskap, gebruik en tradisie. Identifiseer moeilik met ander rasgroepe, godsdien en nasionale trots. Wil graag binne eie portuurgroep afwys en is afhanklik van die aanvaarding en waardering van portuurgroep. Die grootste

## A2.2: GEMEENTEBEDIENING

*persentasie van die groep is swart. Die groep het ook 'n ondergemiddelde opleiding.*

**1.5.7** Hoewel dit baie veralgemeen is, is die meerderheid meelewende lidmate in die Yesteryear en Belongers kategorieë. Hulle het die meeste mag in kerkrade en hulle bepaal die gang en styl van dinge in die kerk. Die tradisionele NGK bedieningspatroon spreek hoofsaaklik hierdie twee groepe aan.

**1.5.8** Tradisionele lojaliteite gaan nie die jonger geslag mense wat meestal die Enhancers en Achievers is in die NGK laat aanbly nie. Gemeentes wat nie hulle bedieningstyl drasties heroriënteer nie, gaan nie hierdie mense bereik nie. Die Today-ers word byna glad nie deur die tradisionele bedieningspatrone bereik nie. Die kategorie mense is basies 'n sendingveld.

**1.5.9 Een van die NGK se grootste uitdagings is om die groeiende diversiteit onder sy lidmate en in die Suid-Afrikaanse bevolking te aanvaar. Die uitdaging is om oor die tradisionele grense van kleur, ras en taal uit te reik en gemeentes te ontwikkel wat binne nuwe idioome ontwikkel.**

### 1.6 TEOLOGIESE STANDPUNT-INNAME

Die uitgangspunt wat hier as basiese voorveronderstelling geld, is dat die kommunikasie van die evangelie 'n wesensfunksie van die kerk is. In Gereformeerde kringe word dit 'n groeiende oortuiging dat die kerk in sy wese missionêr is (Bosch 1991:492-496, Guder 1998:1-12). Die kommunikasie van die evangelie is 'n wesentlike deel van die dienswerk en getuieis van 'n missionêre kerk. 'n Kerk waarin dié dienswerk ontbreek, is dodelik siek. Dié teologiese oortuiging dwing die NGK tot ernstige selfondersoek.

### 1.7 TERMINOLOGIE

**1.7.1** Die term **Nuwe Gemeente Ontwikkeling** verwys na die ontwikkeling van nuwe gemeentes wat die diversiteit van die bevolking met sy verskillende waardesisteme en lewenswyses aanspreek, die kommunikasie van die evangelie as oogmerk het en wat nie deur geografiese grense aan bande gelê word nie. Die ontwikkeling in die CRC in die VSA kan dien as 'n voorbeeld vir die NGK.

### 1.8 DIE CHRISTIAN REFORMED CHURCH SE MODEL

**1.8.1** Deur volgehoue nuwe gemeente-ontwikkeling het die CRC die uitdagings van die nuwe wêreld waarin ons leef, aangepak.

**1.8.2** Oor die jare moes die CRC deur verskeie emosionele grense, soos taal en tradisie ('n Nederlandse karakter) breek. Hulle moes besluit of hulle die realiteite van hulle nuwe vaderland wil aanvaar en met die evangelie wil *uitreik na alle mense*. Verder moes hulle besluit of hulle geografies beperk wil bly tot die areas waar die

Nederlandse immigrante gebly het en of hulle as kerk 'n presensie oor die hele VSA wil ontwikkel. Op hulle webblad definieër die CRC haarself in terme van NGO, vermenigvuldiging in bestaande en nuwe gemeentes, Skrifgetroue prediking en bediening, dissipelskap (Matt 28:18-20). (<http://www.newchurchnet.com/about/Default.htm>)

**1.8.3** Ongeveer 20 nuwe CRC gemeentes word jaarliks in Noord-Amerika ontwikkel. Daar word spesifiek gemeld dat die gemeentes in landelike en stedelike gebiede ontwikkel word, onder

## A2.2: GEMEENTEBEDIENING

al die vernaamste kultuur- en etniese groepe in die VSA.

### 1.9 'N STRATEGIE VIR DIE ONTWIKKELING VAN NUWE GEMEENTES

**1.9.1** Die CRC dui die volgende vyf stappe aan vir NGO:

Mobiliseer kerkleiers en lidmate om vir die buitekerklikes te bid;  
Help belangstellende gemeentes om as "ouer-gemeente" vir 'n Nuwe Gemeente op te tree;  
Identifiseer leiers vir Nuwe Gemeentes en lei hulle op;  
Rus nuwe leiers toe deur opleiding, netwerking en begeleiding (coaching);  
Bied finansiële steun aan Nuwe Gemeentes deur fasiliteite en personeel beskikbaar te stel.

**1.9.2** Die volgende beginsels word gestel wat geld in die proses van die begeleiding van nuwe gemeentes:

**1.9.2.1 Verantwoordelikheid** (accountability): Die nuwe gemeente handhaaf 'n balans tussen sy identiteit en die belydenis, visie en missie van die kerkverband.

**1.9.2.2 Kontekstualiteit** (relevance): Na aanleiding van 1 Kor 9:19 moet nuwe gemeentes die konteks van die gemeenskap waarbinne hulle ontstaan volledig verreken en 'n holistiese benadering tot die bediening handhaaf (gees en liggaam, intellek en spiritualiteit moet aangespreek word).

**1.9.2.3 Vermenigvuldiging** (reproducibility): "Ouer-gemeentes" reik uit na die buitekerklikes in 'n bepaalde gebied met die oog op NGO.

**1.9.2.4 Netwerkontwikkeling** (partnership): Die kerkverband koördineer en begelei NGO en vorm netwerke wat oor kulturele, ekonomiese en geografiese grense uitreik. Nuwe Gemeentes word volledig in denominasionele verbande opgeneem.

**1.9.2.5 Versoening** (reconciliation): Nuwe en ontwikkelende gemeentes kan spesifiek getaak wees om bepaalde groepe te bereik, maar hulle bly oop vir alle mense ongeag vermoëns, ouderdom, geslag, ras of status. Versoening oor etniese en ras grense word doelbewus nagestreef.

**1.9.2.6 Rentmeesterskap** (stewardship): Nuwe gemeentes moet so gou as moontlik en in alle opsigte verantwoordelikheid vir hulle finansies, visie, missie, personeel en styl aanvaar. Afhanklikheid van die kerkverband moet vermy word, maar nie ten koste van netwerke en mentorskap nie.

**1.9.2.7 Effektiviteit** (effectivity): Die kerkverband en gemeentes moet deeglike navorsing doen met die oog op NGO.

**1.9.3** Die CRC webwerf (en so ook van verskeie ander kerke) verskaf verdere detail rakende NGO.

### 1.10 AANBEVELINGS

**1.10.1** Die sinode bevestig sy oortuiging dat 'n gemeente in sy wese missionêr is.

**1.10.2** In aansluiting by die verklaring van die sinode aangaande die algemene karakter van die kerk, bevestig die sinode dat die kommunikasie van die Evangelie 'n wesentlike aspek van die kerk se roeping en getuienis is.

**1.10.3** Die sinode sien Nuwe Gemeente Ontwikkeling (NGO) as 'n wyse van uitreik na die buitekerklikes asook 'n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons kerk en samelewing ruimte te gee.

**1.10.4** Die sinode aanvaar dat NGO 'n alternatief is op die patroon van geografies-gebaseerde gemeentevorming.

**1.10.5** Die sinode moedig ringe en gemeentes aan om NGO te gebruik as 'n wyse om buitekerklikes te bereik.

## 2. PREDIKANTSBEDIENING AS WOORDBEDIENING IN DIE KONINKRYK VAN GOD

(Handelinge, Algemene Sinode 2002, Bylae A.8.4, pp 125-128)

### INLEIDING

Die fokus van die predikante-amp moet op Woordbediening in sy verskillende gestaltes val.

### 2.1 WOORDBEDIENING

**2.1.1** Woordbediening gaan oor **die wyse waarop die Bybel uitgelê en gekommunikeer word**. Dit kry veral gestalte in die pastoraat

## A2.2: GEMEENTEBEDIENING

(versorging, herdersfunksie), die onderrig (leraarsfunksie) en die prediking (liturgiese funksie). Die styl van Woordbediening word bepaal deur die woord "bediening". Woordbediening is dus Bybeluitleg en -oordrag deur pastoraat, onderrig en prediking in 'n styl van **dienslewering**.

**2.1.2** Die term Woordverkondiging tipeer slegs een besondere aspek van Woordbediening. Laasgenoemde wek assosiasies van luister, dialoog, omgee en sorg. Met Woordbediening word dieselfde bedoel as die begrip "ministry", of pastorale optrede. Dit is 'n inklusiewe begrip wat die **fasilitering van die evangelie in al die gemeentelike prosesse**, soos pastorale optrede, liturgie, gemeentebestuur, prediking, kategeese, spiritualiteitsvorming, ens. behels. Die begrip Woordbediening beskryf dus ook die roeping van die gemeente in die wêreld.

**2.1.3** 'n Meer dialogiese verstaan van die begrip Woordbediening beteken dat, soos in die lewe van die gemeente, twee wêreldes ook in die persoon van die predikant tot 'n ontmoeting kom, naamlik die koninkryk van God (soos verwoord in die Bybel) en die alledaagse leefwêreld van die mense. Dit gaan by predikantskap om 'n mens wat die Woord bestudeer en die inhoud daarvan aan die mense bekendmaak. Terselfdertyd gaan dit om 'n mens wat eksistensieel deel van hierdie wêreld is. Hy/sy lees, naas die Bybel, ook ander boeke, en neem kennis van wat in hierdie wêreld gebeur. Dit vra 'n akademiese kwalifikasie, 'n basiese opleiding, waarin hierdie **vaardigheid om weerskante toe te verstaan** aangeleer moet word. Die predikant is hermeneut, 'wat voortdurend heen en weer beweeg van die een oewer, dié van die Bybel, na die ander oewer, dié van die moderne leefwêreld'. So kom twee wêreldes in een persoon tot 'n ontmoeting. **Om hermeneut te wees, is meer as om formeel in 'n spesifieke pos aangestel te wees:**

\* Dit is 'n roeping én bekwaammaking, eintlik 'n totale manier van lewe. In die gereformeerde wêreld word tradisioneel hierna verwys as "inwendige roeping".\* Kerklike legitimasie beteken in hierdie gees dus dat die kerk 'n persoon se bevoegdheid (ampsbevoegdheid) om 'n sodanige hermeneut te wees amptelik erken.

\* Bevestiging in 'n bepaalde werkkring beteken dat 'n persoon se "**ampsbevoegdheid**" **nou ook oorgegaan het in "ampsbediening"**. So word uitdrukking gegee aan wat tradisioneel met die woord "uitwendige roeping" bedoel is.

\* "**Predikantsbediening**" of "predikantsamp" dui die funksie aan wat so 'n persoon beoefen. Erkenning in hierdie verband word deur die Algemene Sinode gereël.

### 2.2 WOORDBEDIENING IN DIE GEMEENTE

**2.2.1** Die gereformeerde standpunt dat **die Here elke lidmaat as sodanig ook tot Woordbediening geroep het** is hier die uitgangspunt. Alle geloofsop tredes/handeling van die gemeente is in wese kommunikasie van die evangelie, en so ook Woordbediening. In die lig hiervan word onderskei tussen **amptelike**

**Woordbediening** wat deur predikante gedoen word en **Woordbediening in die omvattende sin** van die woord wat deur lidmate gedoen word.

**2.2.2** Die rol van die predikant as bedienaar van die Woord is in die gees van Efes 4:11 een van die **gawes wat die Gees aan die gemeente gee** om die lidmate vir hulle dienswerk bekwaam te maak. Hierdie bekwaammakings of opleidingsperspektief (*katartismos* – Ef 4:12) is 'n belangrike aspek van die predikant se roeping tot Woordbediening. Dit onderskei die predikant se roeping tot Woordbediening van dié van die ander lidmate. Onder leiding van die predikant kom die twee wêreldes van God se koninkryk en die alledaagse leefwêreld ook in die lewe van die gemeente tot 'n hermeneutiese ontmoeting. So word die lidmate bemaagtig om te leef wat hulle in Christus reeds is.

**2.2.3** Die manier waarop **Artikel 9** van die Kerkorde in die verlede in die kerk toegepas is, dui op 'n gevestigde tradisie dat alle dominees alles in die gemeente moet kan doen en ook moet doen. Daarvan word hier wegbeweeg, op 'n genuanseerde manier. Die teologiese raamwerk waarbinne dit gedoen word, is die feit dat die Gees van God aan die gemeente gawes gee tot voordeel van almal en soos Hy dit wil. Mens kan die dominee se gawe van Woordbediening *te wyd sien* (alles in die gemeente is die dominee se werk), of aan die ander kant *te eng* (die dominee kies self agv sy/haar eie belangstellings en teologiese oortuigings vir 'n klein gedeelte van die take wat in Artikel 9 genoem word). Daar is dus 'n **ruimte waarbinne verantwoordelike diversifikasie kan plaasvind**, bv

\* Woordbediening gerig op die *individu* (bv pastoraat),

\* Woordbediening gerig op die *gemeente as geheel*, (bv prediking, gemeentebou, visioenêre leierskap, fasilitering van gemeenteprosesse en bemaagtiging van lidmate en die gemeente om hulle dienswerk te kan doen),

\* Woordbediening gerig op *verskillende ouderdomsgroepe* (bv bejaardes en kinders),

\* Woordbediening gerig op *beroepsgroepe* (bv soldate en industriewerkers),

\* Woordbediening gerig op *groepe met spesifieke behoeftes* (bv gesinsverryking en groepe vir mense wat spesifieke trauma ervaar het) of

\* Woordbediening wat *met spesifieke aspekte van die gemeentelêwe* te doen het (bv kategetiese onderrig, evangelisasiewerk, en spiritualiteitsvorming).

**2.2.4** Hierdie ruimte het egter **terselfdertyd ook grense**. Dit behels aktiwiteite wat te doen het met die dag tot dag bestuur van die gemeente (soos bv fondsinsameling, begrotingsbestuur, versorging van eiendom, ens). Sodanige inhoudgewing aan die Woordbediening vind plaas by wyse van 'n ooreenkoms tussen elke dominee en sy/haar gemeente. Faktore wat by die bepaling van sodanige ooreenkoms in ag geneem behoort te word, is die gemeente se konteks, tradisie, visie en behoeftes, die breër konteks

## A2.2: GEMEENTEBEDIENING

---

waarin die gemeente leef, soos die sosio-ekonomiese omgewing, die ring, die kerkverband, ens, asook die predikant se eie aanleg, persoonlikheid, ervaring, opleiding, ens.

### 2.3 WOORDBEDIENING BUIE DIE GEMEENTE

In die Handeling van die Algemene Sinode handel hierdie punt oor die ampsbevoegdheid van die leraar. Vir verdere inligting kan die verslag gelees word.

### 2.4 AANBEVELINGS

**2.4.1 Die sinode aanvaar die standpunt dat die gemeente geroep is tot Woordbediening. Die Heilige Gees gee predikante aan die gemeente om lidmate hiervoor toe te rus en te begelei.**

**2.4.2 Die sinode aanvaar dat Woordbediening in sy verskillende gestaltes, naamlik pastoraat, onderrig en prediking die fokus van die predikantsamp is.**

**2.4.3 Die sinode versoek gemeentes om toe te sien dat predikante hulle op Woordbediening in die verskillende gestaltes toespits. Predikante behoort onthef te word van take wat buite hierdie opdrag val.**

## 3. VERBREDING EN VERMEERDERING VAN DIE AMPTE

(Handeling, Algemene Sinode 2002, Bylae A.8.5, pp 128-134)

### 3.1 INLEIDING

Die Algemene Sinode het in 1998 besluit tot die verbreding van die ouderling- en diakenampte in die NG Kerk. Hieronder volg 'n samevatting van die verslag wat voor die Algemene Sinode gedien het.

### 3.2 DIE TRADISIONELE VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUDERLINGE, DIAKENS EN LIDMATE

**3.2.1** Die besluite van die Algemene Sinode oor die fokus van die ouderling- en diakenampte is grootliks in ooreenstemming met die tradisionele verantwoordelikhede wat in ons kerk aan ouderlinge en diakens toevertrou is. Kerkorde Art 16 handel oor die pligte van die ouderlinge en Art 17 handel oor die pligte van die diakens.

In die meeste gemeentes word van ouderlinge verwag om vier maal per jaar huisbesoek te doen en ook die eredienste en kerkraadsvergaderings gereeld by te woon. Sommige ouderlinge dien ook op kommissies van die kerkraad. Die meeste gemeentes wys ouderlinge aan 'n spesifieke kerkraadswyk toe. Ander gemeentes wend ouderlinge aan vir spesifieke bedieningsverantwoordelikhede soos bv jeug- of bejaardebediening. In sommige gemeentes is ouderlinge ook by die kategetiese betrokke.

Van diakens word verwag om elke maand lidmate se bydraes by hulle huise te gaan insamel, kerkraadsvergaderings by te woon en in die eredienste die dankofferinsameling en nagmaalsbediening te behartig. Soos die ouderlinge, dien sommige diakens ook op kommissies, terwyl daar in baie gemeentes 'n georganiseerde diakonie bestaan wat alimentasietoekenings maak, diensbeurte, maandelikse inbetalings, ens. reël. In praktyk kom dit in die meeste gemeentes daarop neer dat van diakens verwag word om elke maand die lidmate se bydraes by hulle huise te gaan insamel. Hulle moet ook die kerkraadsvergaderings bywoon, en het in die eredienste spesifieke verantwoordelikhede. Verreweg die meeste gemeentes plaas elke diaken in 'n spesifieke kerkraadswyk. In baie gemeentes word diakens ook gebruik om bv in



## A2.2: GEMEENTEBEDIENING

jeug- of bejaardebedieninge te werk en nie in wyke nie.

**3.2.2 Samevattend** kan gesê word dat die meeste ouderlinge en diakens in die NG Kerk met die bediening aan lidmate binne spesifieke kerkraadswyke toevertrou word. Dit is egter reeds 'n gevestigde praktyk dat kerkraadslede met kategoriale bedieningsverantwoordelikhede aangestel word (jeug, bejaardes).

### **3.2.3 Die algemene dienswerk van die gelowiges**

Die dienswerk van die gelowiges word in Art 55 van die Kerkorde beskrywe. Een van die ampte se belangrikste take is om die lidmate van die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk (Ef 4:12)

## **3.3 DIE HUIDIGE BEHOEFTES IN GEMEENTES**

**3.3.1** Uit gegewens wat by 'n aantal predikante in verskillende bedieningskontekste ingewin is, blyk dit dat baie min kerkraadslede genoeg tyd tot hulle beskikking het om al die verantwoordelikhede soos dit in die Kerkorde genoem word, na te kom. Kerkraadslede is ook meestal oortuig dat hulle nie toegerus is met die nodige gawes om al die verantwoordelikhede na te kom nie. Daarby bestaan die volgende behoeftes in 'n mindere of meerdere mate by omtrent al die gemeentes ten opsigte van ampsbediening:

**3.3.1.1** Kerklike bestuur (beleidsbepaling, organisasie, administratiewe take, en besluitneming oor finansiële- en eiendomsake);

**3.3.1.2** Kommissiewerk (organisering van spesifieke dienswerk binne en buite die gemeente);

**3.3.1.3** Geestelike begeleiding van lidmate deur gereelde persoonlike kontak (huisbesoek, groepbyeenkomste of uitreikaksies in tye van krisis en siekte);

**3.3.1.4** Kategetiese onderrig aan dooplidmate;

**3.3.1.5** Opleiding en toerusting van belydende lidmate;

**3.3.1.6** Die insameling van fondse (deur huisbesoek, 'n koevertstelsel en ander fondsinsamelingsaksies);

**3.3.1.7** Die instandhouding van die kommunikasiekanaal tussen gemeente en lidmaat (persoonlike kontak of **aflowering van nuusblaai, korrespondensie, ens**);

**3.3.1.8** Dienslewering in en rondom die eredienste (insameling van dankoffers, bediening van die nagmaal, voorbidding voor die erediens, beplanning van die liturgiese orde saam met die liturg, musiekbediening, gebede, voorlesings, aanwys van parkeerplekke, sitplekke, nuwe erediensgangers te laat tuisvoel, ens);

**3.3.1.9** Gebedsdiens in die gemeente (lofgebede, voorbidding vir mense, aktiwiteite en sake in die wêreld waarbinne die gemeente leef).

**3.3.2** Baie van hierdie take hoef nie deur ampsdraers uitgevoer te word nie, maar dit moet onder leiding van ampsdraers geskied. Aangesien kerkraadslede aandui dat hulle nie altyd die gawes, vermoëns en tyd het vir al hierdie take nie, is dit duidelik dat die huidige praktyk in die meeste NG gemeentes dringend vra na 'n verbreding van die ampte van ouderling en diaken, en selfs ook na 'n vermeerdering van hierdie ampte. Die Algemene Sinode van 1998 het reeds die verbreding van die ampte van ouderling en diaken goedgekeur, en die Kerkorde dienoreenkomstig aangepas. Hier word verdere riglyne vir die verbreding van die ampte gegee. Uit die navraag by gemeentes blyk dat die verbreding basies op die volgende maniere kan plaasvind:

**3.3.2.1** Deur verbreding van die spektrum van die dienswerk van ouderlinge en diakens self.

**3.3.2.2** Deur die inbring van dienswerkers wat onder leiding van die ouderlinge en die diakens oortree.

**3.3.3** Vervolgens word enkele opmerkings gemaak oor die verhouding en verskil tussen die besondere bediening (amp) en die dienswerk van gelowiges.

## **3.4 DIE DIENSWERK VAN DIE DIENSLEIERS**

**3.4.1** Een van die belangrikste uitgangspunte van die reformasie is dat ons vashou aan die priesterskap van die gelowiges, oftewel die algemene amp van die gelowige. Elke lidmaat is geroep om God en die mense te dien. Lidmate se dienswerk bestaan uit verskillende take, wat

## A2.2: GEMEENTEBEDIENING

in verskillende gemeentelike kontekste op verskillende maniere sal plaasvind. Dit vind egter altyd in drie "rigtings" plaas: na Bo (bv lof, aanbidding, geloof), na binne (bv opbou, troos, versorg, vermaan) en na buite (bv diens, getuig en vertel).

**3.4.2** Om lidmate in staat te stel om hulle bediening te beoefen, het God spesifieke gawes aan die gemeente gegee, naamlik die ampte. Bo en behalwe die spesifieke foci van elke amp, het die drie ampte die taak om lidmate in staat te stel om hulle dienswerk aan God en aan die mense te kan verrig.

**3.4.3** Die ampte is dus "**diensleiers**" wat leiding neem in die gemeente se dienswerk. Hulle **rus lidmate toe vir hulle diens** en hulle **neem leiding** in die dienswerk. Hulle **bestuur** as't ware die dienswerk van die gelowiges, deur dit (saam met die gelowiges) te **beplan** en te **koördineer** en te **organiseer**. Hulle word nie as ampsdraers verkies sodat hulle kan dien nie, maar sodat hulle die gemeente se dienswerk kan lei en bestuur. Hulle inspireer die gelowiges met die **visie** van 'n dienende gemeente. Hulle lei lidmate om te verstaan wie hulle in Christus is (identiteit as gemeente), en tot watter dienswerk hulle geroep is. Dit doen hulle deur **Woord** en **voorbeeld**. Die volgende is voorbeelde van dienswerk wat lidmate onder leiding van die ampsdraers (diensleiers) kan doen (kyk aanbeveling 9.1):

\* Mense *in die wyk* wat ondersteuning nodig het (troos en bemoediging tydens siekte, eensames, praktiese hulp soos inkopies doen, ens);

\* *Administratiewe take* soos geld tel, inligtingsmateriaal versprei, insameling van dankoffers, notules en besluitregisters skryf, ens;

\* Ampsdraers kan lidmate gebruik om te help met take wat *rondom die eredienste* verrig moet word (verwelkoming, nuwe besoekers, regpak van tafels, voorbereiding van uitstallingsmateriaal, uitdeel van pamflette, hulp aan die liturg ens);

\* Spesifieke aksies in en buite die gemeente, soos sendinguitreike, die inskakeling van nuwe intrekke, gebedsbediening, jeug- en bejaardebediening, ens.

### 3.5 VERBREIDING VAN DIE DIENSWERK VAN OUDERLINGE

**3.5.1** Die spektrum van die ouderling se werk kan verbreed word na alle vorme van dienswerk wat te make het met geestelike leiding, bestuur en toesig. Afgesien van die funksies wat pertinent in die Kerkorde genoem word, kan sekere verantwoordelikhede in die erediens, siekebediening, kleingroepbediening, wyksorganisasie, Bybelstudieleiding, die bediening aan buitekerklikes, gemeentelike bestuur en vele meer hierby ingesluit word. Ouderlinge behoort as diensleiers op te tree op bogenoemde terreine.

**3.5.2** Nie alle ouderlinge (en diakens) hoef op die kerkraad te dien nie. Daar behoort spesifiek voorsiening gemaak te word dat ouderlinge kan spesialiseer in **óf** geestelike leiding, aan die een

kant (wat net in 'n wyk werk of ander geestelike leiding neem), **óf** in bestuur en toesig, aan die ander kant (wat net in die kerkraad of ander bestuursligaame dien).

### 3.6 VERBREIDING VAN DIE DIENSWERK VAN DIAKENS

**3.6.1** Die diakenamp fokus meer op praktiese vorms van dienswerk. Daar is baie onsekerheid oor hoe die diakenamp ingeklee moet word. Baie diakens sien hulle taak slegs as dié van kollektante wat die maandelikse bydraes by die huise gaan haal en ook die geld in die eredienste insamel. Diakens is in sommige gemeentes tot 'n mindere mate ook betrokke by alimentasietoekennings. Artikel 17 van die Kerkorde kan maklik gelees word asof die diakens die mense in die gemeente is wat verantwoordelik is daarvoor om diens van barmhartigheid te doen. Paragraaf 4 van hierdie verslag neem egter die standpunt in dat al die lidmate daarvoor verantwoordelik is. Die diakens se verantwoordelikheid is om leiding te gee aan die gemeente ten opsigte van die onderskeie vorms van praktiese dienswerk.

**3.6.2** Die diakonale dienswerk in die gemeente, net soos die werk van die ouderling, begin by die bediening van die Woord en die sakramente in die erediens. Die volgende is voorbeelde van werk wat onder leiding van die diakens uitgevoer kan word:

\* Om mense in die erediens te laat tuis voel (plekke aanwys, aankondigings en ander literatuur uit te deel, parkering reël, besoekers en nuwe intrekke verwelkom, ens.);

\* Insameling van offergawes;

\* Bediening van die nagmaal (voorbereiding van die tafel en van brood en wyn, bediening aan nagmaalgangers, opruiming, ens);

\* Insameling van dankoffers by besoekpunte en die organisering van die dankoffersisteem;

## A2.2: GEMEENTEBEDIENING

\* Beoefening van die barmhartigheidsdiens. Vanuit die erediens word die barmhartigheid van die Here uitgedra na die wêreld waarin ons leef.

\* Kontak met lidmate deur die aflewering van inligtingsmateriaal, ens

\* Besoeke aan nuwe intrekkers.

### 3.7 AANBEVELINGS

**3.7.1 Die sinode besluit dat kerkrade wat in die proses van ampsvernuwing en ampsherstel is, noukeurig moet let op die spesifieke fokus van elke amp soos die Algemene Sinode dit in 1998 goedgekeur het.**

**3.7.2 Die sinode bevestig die Algemene Sinode se wysiging van Artikel 16 van die Kerkorde, wat handel oor die amp of bediening van die ouderling as diensleier.**

**3.7.3 Die sinode bevestig die Algemene Sinode se wysiging van Artikel 17 van die Kerkorde, wat handel oor die amp of bediening van die diaken as diensleier.**

**3.7.4 Die sinode bevestig die Algemene Sinode se wysiging van Artikel 27 van die Kerkorde, wat onder andere handel oor die samestelling van die kerkraad. Die wysiging lees soos volg (wysigings is onderstreep): *Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord asook die ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is. Daar kan ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens wees wat nie in die kerkraad dien nie. In die geval waar nie alle ouderlinge en diakens op die kerkraad dien nie, moet daar op plaaslike vlak huishoudelike reëlings wees waarin die seleksiebeginsel duidelik uitgespel is.***

**3.7.5 Die sinode besluit dat die nuwe Artikel 27 geïmplementeer kan word sodra die ASK die riglyne vir implementering (soos deur die ARK opgestel) goedgekeur het.**

## 4. KLEINGROEPBEDIENING

(Handelinge, Algemene Sinode 2002, Bylae A.8.10, pp 151-157)

### 4.1 INLEIDING

Hierdie verslag van die AKG gaan ook in pamfletvorm aan gemeentes versprei word, daarom word slegs die hoofpunte van die verslag hier uitgelig.

### 4.2 TEOLOGIESE BASIS

Die verslag bevestig dat kleingroepbediening Bybels gefundeer is en dat dit veral by Paulus se sendinggemeentes 'n algemene verskynsel was.

### 4.3 HUIDIGE BELANGSTELLING IN KLEINGROEPBEDIENING

Die volgende redes dui aan waarom kleingroepe vandag so belangrik is:

**4.3.1** Verhoudingsgebaseerde kleingroepe is 'n plek waar die gemeenskap van die geloof kan realiseer.

**4.3.2** Mense se behoefte aan 'n kleingroep waar hulle 'n persoonlike band met mekaar kan opbou.

**4.3.3** Kleingroepe is 'n alternatief om mense van eensaamheid te red, aangesien die samelewing individualiteit en persoonlike vryheid oorbeklemtoon.

**4.3.4** In kleingroepe funksioneer hiërargiese strukture nie so sterk nie.

**4.3.5** Die disintegrasië van die gesin- en familielewe.

**4.3.6** Om uit te reik na mense vir wie die kerk onbelangrik geword het.

## 4.4 DIE MODELLE VAN KLEINGROEPBEDIENING IN SA

**4.4.1** Die modelle van Ermelo-Oos, George (Gemeentevreugde), Tafelbaai, Moreletapark en BUVTON word volledig bespreek in die verslag.

## 4.5 BEOORDELING

Daar is groot waardering vir die ontwikkeling van die kleingroepbediening in die NG Kerk.

## 4.6 AANBEVELING

**4.6.1** Die sinode moedig kerkrade aan om kleingroepbediening in hulle gemeentes te bevorder.

**4.6.2** Die sinode moedig kerkrade aan om die pamflet wat AKG beskikbaar gaan stel oor kleingroepbediening in gemeentes te versprei.

## **A2.2: GEMEENTEBEDIENING**

---

Die Here se seën word die vergadering toegebied.

**DR J D PRINSLOO  
DESKUNDIGE LID VIR  
GEMEENTEBEDIENING  
JULIE 2003**

## **A2.3: GETUIENIS**

---

### **A2.3 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR GETUIENIS**

Hierdie verslag is opgeneem by pt 87 van A2: Verslag van die Sinodale Kommissie (p43)

### A2.4 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR JEUG

Geagte Voorsitter, Broers en Susters,

Die veranderende tydsgees maak jeugwerk moeiliker. Die jeugwerkers (predikante, ketegete ens.) is meestal uit 'n ander generasie as die jongmense waarmee hulle werk. Die AJK het gepoog om seker te maak dat dié dinge gedoen word wat werklik 'n verskil sal maak. Daar is gesoek na die sleutelveranderlikes en dié drywers wat die grootste effek en impak sal hê. Uiteindelik is drie fokusareas geïdentifiseer waarop gekonsentreer gaan word. Die drie sleutelareas is die volgende:

**Gesinne** is so belangrik vir die kweek van jongmense wat hulle geloof behou en uitleef, dat die vorming van gesinswaardes in gesonde gesinne en rolmodelle in die uitgebreide gesin van die gemeentes, fokusarea nommer een is. Gesinne moet gehelp word om hulle identiteit in Christus te ontdek en positiewe verhoudinge te beleef. Verdere rolmodelle in gemeentes sal help tot integrering van die Skrif met die lewe, sodat die jongmense deel sal wees van die positiewe bediening in die kerk.

Die **andersheid van ons tydsgees** en verskille tussen **generasies** blokkeer baie goedbedoelde jeugwerkprojings. Daarom is fokusarea nommer twee om jongmense se stem so hoorbaar te maak dat die kerk hulle beter kan verstaan en beter kan benut. 'n Programpakket wat die tydsgees en generasieverskille begryp en benutbaar maak, gaan opgestel word. Predikante, ander jeugwerkers en ouers kan dan beter en en effektiewer kommunikeer en beter verhoudinge kan dan uit hierdie beter begrip en kommunikasie groei.

Die **energievlakke** en **roepingsbewustheid** van predikante, jeugwerkers en jeugleiers is soms laag as gevolg van magteloosheid en moedeloosheid. Deur op hierdie leiers se roepingsbewustheid te fokus kan die effektiwiteit van jeugwerk beslis verhoog word.

Die Algemene Sinode het tydens sy vergadering in Oktober 2002 in Pretoria 'n aantal besluite geneem wat jeugwerk raak. Volledigheidshalwe gee ek al die besluite deur. Hieronder volg dan die betrokke besluite uit die besluiteregister (Handelinge p618)

#### 1. BESLUIE VAN DIE ALGEMENE SINODE

##### 1.1 GESINSBEDIENING

**1.1.1** Die Algemene Sinode besluit dat die AJK saam met ander sinodale kommissies wat ook aspekte van gesinsbediening hanteer, onderhandel oor die moontlikheid om 2004 as Gesinsjaar in te rig.

**1.1.2** Die sinode besluit dat die AJK met ander sinodale kommissies wat ook aspekte van gesinsbediening hanteer onderhandel oor die moontlikheid dat die naam van die AJK ook die fokus op die gesin inkorporeer.

##### 1.2 GODSDIENSBELEID IN SKOLE

**1.2.1** Die Algemene Sinode versoek ouers, kerke en beheerliggame om hulleself op hoogte te bring van hulle regte ten opsigte van die godsdienstbeleid op skole deur op godsdienstvryheid aanspraak te maak.

##### 1.3 JONGMENSE IN OPBOU VAN GEMEENTES

**1.3.1** Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om dit te waag om hulle jongmense te bekwaam en toe te laat om 'n groot rol te speel in die opbou van hulle gemeentes.

##### 1.4 NAGMAAL AAN DOOPLIDMATE

**1.4.1** Die Algemene Sinode verwys die stuk "Versoek van die Ring van Bloemfontein-Noord rakende dooplidmate" na die AJK vir studie en rapport aan die ASK/Moderamen wat na bevind van sake daarop handel.

##### 1.5 STRATEGIEË

**1.5.1** Die Algemene Sinode versoek die AJK om navorsing te doen ten einde gemeentes in staat te stel om die randkerklike en kerklos jeug van ons tyd effektief te bereik en strategieë hiervoor te ontwikkel.

## **A2.4: JEUG**

---

### **1.6 VERBONDSGESINNE**

**1.6.1** Die Algemene Sinode versoek kerkrade en gemeentes om die bediening van verbondsgesinne, watter gesinsvorm ook al ter sprake is, as 'n prioriteit te hanteer. Gesinsbediening behoort op 'n deurlopende en toegespitste wyse in gemeentes te funksioneer.

## **2. JEUGWERK IN DIE OOS-KAAP**

Besluite geneem tydens die spesiale sinodesitting in van 2002 bring mee dat jeugwerk nou hoofsaaklik op gemeente- en ringsverband gedoen moet word, wat beteken dat gemeentes en ringe saam jeugprojekte sal moet aanpak. Aansoek vir die finansiering van sulke projekte kan gedoen word by die Sinodale Kommissie via die Deskundige Lid vir Jeug.

Die ontbinde SJK het gevoel dat daar steeds sekere sake is waaraan sinodale vlak aandag gegee moet word, soos die skoolverlaterskampe, JOT, skakeling met die plaaslike ministerie van onderwys, en skakeling met die Interkerklike Komitee vir Opvoeding en Onderwys.

### **2.1 SKOOLVERLATERSKAMPE**

**2.1.1** Ds. Sas Swart van Cambridgegemeente het die koördinerings van skoolverlaterkampe oorgeneem. Die kampe gaan soos gebruiklik voort tydens die Julie skoolvakansie.

**2.1.2** Skakeling met JOT en die verdere uitbou daarvan vind steeds voortdurend plaas. Die Deskundige Lid vir Jeug, ds Willem Petzer en dr Gustav Claassen van die AJK het in Februarie samesprekings gehad met JOT en die Hugenote Kollege betreffende die moontlikheid om JOT onderwysers betrokke te maak by die Lewensvaardigheid-leerarea in die nuwe skoolkurrikulum. Die Hugenote Kollege het ook die kurrikulum van hulle graadkursus in jeugwerk so aangepas dat begenoemde moontlik sal wees.

**DS W P PETZER  
DESKUNDIGE LID VIR JEUG  
JULIE 2003**

### A2.5 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR VROUDELIDMATE

#### 1. VISIE: ELKE VROU AKTIEF VIR CHRISTUS

By wyse van hierdie kort verslag wil die Deskundige Lid Vrouelidmate 'n beeld van die werksaamhede van vrouelidmate van die afgelope jaar aan u deurgee.

#### 2. FUNKSIONERING

**2.1** Ek wil glo dat solank daar vrouelidmate in die kerk is, daar 'n vrouebediening sal wees. Die Here het vroue geseën met spesiale eienskappe en behoeftes waarvan deernis en diens hoog op die prioriteitslys is.

**2.2** Die vrouebediening in die Oos-Kaap behoort gemeentesentries gefokus te wees, m.a.w. die behoeftes in die onmiddellike omgewing word aangespreek. In ooreenstemming met die aard en wese van die vrou, word toegewyde dienswerk in gemeentes gelewer.

**2.3** Wier skakeling tussen gemeentes van ringe of in streeksverband en selfs op sinodale vlak, kan baie verrykend wees en is eintlik noodsaaklik om die verband te behou. Daarom word daar beplan vir streeksbyeenkomste vir vrouelidmate en 'n predikantsvroue-byeenkoms op sinodale vlak gedurende 2004.

#### 3. BRANDPUNTE

**3.1** Brandpunte vervul steeds 'n belangrike rol as kommunikasiekanaal na en tussen gemeentes. Dit speel 'n groot ondersteuningsrol en voorsien vrouelidmate van inligting en wenke.

**3.2** Die tydskrif verskyn nog in 2003, maar die getalle het drasties gedaal en daar word tans 'n oplaag van 3,500 gedruk. 52 van die 108 gemeentes ontvang nie die blad nie as gevolg van finansies en onbetrokkenheid. 56 gemeentes ontvang nog die blad waarop ons baie trots is. Gedurende September 2003 moet daar egter besluit word of "Brandpunte" gaan voortbestaan. Dit sal grootliks bepaal word deur die ondersteuning van gemeentes.

**3.3** Die grootste probleem wat daar ondervind word, is kommunikasie tussen die kantoor en gemeentes. Dus is dit baie moeilik om die behoeftes in gemeentes te identifiseer en aan te spreek.

#### 4. STUDIEBEURSE

**4.1** Die vrouelidmate voorsien twee studiebeurse van R1500 elk per jaar aan studente wat in maatskaplike / geestelike werk studeer. Vorderingsverslae word halfjaarliks van hulle aangevra.

#### 5. ALGEMENE KOMMISSIE VIR VROUDELIDMATE-VERGADERINGS

**5.1** Aan die begin van elke jaar is hierdie vergaderings deur die Deskundige Lid en nog 'n persoon in Johannesburg bygewoon. Dit was nie slegs "werksvergaderings" nie, maar is elke keer voorafgegaan deur 'n toerustingseleentheid vir die aanwesiges.

#### 6. GELEENTHEIDSKAARTJIES

**6.1** Daar is nog kaartjies beskikbaar. Dit word by die sinodale kantoor teen 'n baie billike prys voorsien.

Die Deskundige Lid Vrouelidmate bid die sinode Gods rykste seën toe op u werksaamhede.

**L. STEYN  
DESKUNDIGE LID VIR VROUDELIDMATE  
JULIE 2003**



**A.2.6 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR LEER EN AKTUELE  
SAKE**

Hierdie verslag is opgeneem by pt 88 van A2: Verslag van die Sinodale Kommissie  
(p43)

### A.2.6.1 SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

#### 1. OPDRAG

Die Sinode versoek SKLAS om:

1. Die huidige spiritualisme in die NG Kerk te ondersoek.
2. 'n Eietydse gereformeerde spiritualiteit te beskryf.
3. Riglyne vir gemeentes deur te gee oor die handhawing en uitbou van 'n gereformeerde spiritualiteit vandag.

#### 2. WAT IS SPIRITUALITEIT?

Binne elke kerklike tradisie, waaronder die breë stroom van Gereformerdheid, bestaan bepaalde gemeenskaplike oortuigings oor sake soos:

- \* wie God is;
- \* wie die mens is, en
- \* hoe die wêreld inmekaar steek.

Hierdie oortuigings stempel gelowiges se verhouding met God, hul innerlike belewenis van God en die wyse waarop hulle in elke aspek van die alledaagse lewe funksioneer. Ons kan hierdie oortuigings en die lewenswyse wat daarmee gepaard gaan mense se **spiritualiteit** noem.

'n Ander woord vir spiritualiteit is vroomheid. Ons ken hierdie woord baie goed. 'n Vroom mens is verbind aan God, het God lief, en leef elke dag toegewy aan God. Dit hou verband met sy/haar sienings oor wie God is, wie die mens is, en hoe die lewe van elke dag geleef moet word.

Deesdae word die woord "spiritualiteit" veral verbind met mense se persoonlike, individuele *belewenis* van hul geloof. Voorheen was geloof in Gereformeerde kringe meer omskryf in terme van die *feitelike inhoud* daarvan: waarin glo jy? Geloof was ook as 'n meer rasonele saak gesien – jy moes kon verduidelik hoe die dinge wat jy glo inmekaar steek. Deesdae verskuif die aandag na jou belewenis of die *ervaring* wat jy van jou geloof het. Spiritualiteit word nou veral gesien as jou geloofservaring, jou geloofsbeoefening en die praktyke van jou geloof.

Ons hoef nie kant te kies nie: beide die feitlike inhoud van jou geloof én die belewenis van jou geloof vorm jou spiritualiteit. As jy die een aspek verwaarloos, word jou spiritualiteit eensydig – beide inhoud en belewenis is noodsaaklik.

#### 3. GROTER BELANGSTELLING IN SPIRITUALITEIT

Die groter belangstelling in spiritualiteit wat ons deesdae raaksien, gaan gepaard met groter belangstelling in die werk van die Heilige Gees. As ons onthou dat die Heilige Gees volgens die Bybel gegee is om die geloof in ons te werk, om ons op die pad van gehoorsaamheid te lei, om ons tot skuldbelydenis en tot geestelike groei te lei, verstaan ons hoe gesond en natuurlik hierdie belangstelling kan wees.

Mens is dankbaar dat daar weer groter belangstelling in spiritualiteit is. Dit is egter nie noodwendig altyd so positief nie. Deesdae gaan spiritualiteit vir baie mense nie meer oor 'n verhouding met 'n bo-natuurlike God nie, maar net oor 'n persoonlike belewenis. Spiritualiteit word losgemaak van 'n objektiewe geloofsinhoud (wat ons glo) en verbind met wat ons ervaar. So 'n benadering kan beskryf word as spiritualisme.

#### 4. WAT IS SPIRITUALISME?

Spiritualisme is gesonde spiritualiteit wat skeef geloop het. Wat gewoonlik gebeur, is dat mense die feitlike inhoud van die geloof op die agtergrond skuif en wil leef vanuit bepaalde geestelike ervarings.

Hoewel daar niks met geestelike ervarings verkeerd is nie, ontstaan die probleem wanneer ons ons persoonlike ervaringe van God verhef tot die bron van ons geloof. Ek laat die Bybel los, waarin ek die inhoud van my geloof en die basis van my ervarings behoort te vind, en ek bou my Godsbeeld, my verstaan van myself en van die lewe op my individuele belewenisse.

Hoe toets en beoordeel mens die lewe en belewenisse van iemand wat sê "Die Here het vir my gesê", of "Ek hoor by God" wanneer daardie persoon nie meer rekening met wat die Here vir óns almal saam in die Woord leer nie?

Hoe leef mense wat die Heilige Gees alleen vasgryp en die Seun en (veral) die Vader op die agtergrond skuif? So 'n spiritualiteit is net so eensydig soos 'n dorre, verstandelike geloof wat geen vreugde in die Here beleef, en wat nooit God se liefde en leiding ervaar nie.

Ons noem 'n belewenis-gesentreerde, individualistiese soort vroomheid **spiritualisme**. Tussen hakies: die teenoorgestelde van spiritualisme is **rasionalisme**. Dit is 'n vroomheid wat net op die verstand bou, en nie iets van God

## A2.6.1: SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

of die mede-gelowige ervaar nie. Lees meer hieroor in paragraaf 9 van hierdie verslag – dit is vir diegene wat dieper wil delf.

Daar is vorme van spiritualisme wat die gedagte van 'n bo-natuurlike God heeltemal laat vaar. Vir hierdie mense is hul spiritualiteit bloot geestelike ervarings waar slegs die mens in die prentjie is. Daar is wetenskaplikes wat dink dat die moderne belangstelling in spiritualiteit in 'n baie groot mate hierdie soort spiritualiteit verteenwoordig. Die transendente God verdwyn heeltemal uit die prentjie, en net subjektiewe ervarings bly oor. Gesprekke met God is dan eintlik niks anders as my eie, persoonlike belewenisse met myself nie. Daar is nie 'n God buite my ervaringsveld met wie ek in 'n verhouding kan staan en Wie se liefde ek kan beleef nie. Godsdienstige belewenisse is net iets wat binne-in my bestaan en my eintlik help om meer van myself te ontdek.

### 5. VERSKILLE IN SPIRITUALITEIT

Wanneer ons van Gereformeerde spiritualiteit praat, veronderstel dit natuurlik ander soorte spiritualiteite. Verskillende onderskeidings kan getref word. Die bekende Richard Foster praat byvoorbeeld in sy boek *Streams of living water: Celebrating the great traditions of Christian Faith* (Harper Collins Uitgewers) van die volgende geestelike ingesteldhede:

\* **Nadenke en bepeinsing:** 'n lewe gevul met gebed. Dissiplines soos stilte, afsondering, eenvoud, gebed en meditasie is belangrik;

\* **Die strewe na heiligheid:** gerig op 'n deugdelike lewe. Opdragte vanuit die Woord en 'n streng etiese kode is belangrik;

\* **Die charismatiese tradisie:** 'n lewe vanuit die krag van die Heilige Gees. Openheid vir die onmiddellike werk van die Heilige Gees word hoog op prys gestel;

\* **Sosiale geregtigheid:** 'n lewe van medelye. Daadwerklike optrede is belangrik, bv. om die saak van die armes te behartig;

\* **Die ewangeliëse tradisie:** 'n Woord-gesentreerde lewe. Die klem val op die Woord en lewensheiliging.

\* **Die inkarnasie-tradisie:** gefokus op 'n sakramentele lewe. Die saamdoen van godsdienstige rituele is belangrik.

Foster se benadering is positief, omdat hy die positiewe bydrae van elke spirituele tradisie sterk beklemtoon. Ons geloofslawe word inderdaad verryk deur hierdie verskeidenheid.

### 6. HOE LYK GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT?

Die *woord* spiritualiteit was lank vir Gereformeerdes vreemd, hoewel Gereformeerdes 'n besliste spiritualiteit het. Tussen hakies: Johannes Calvyn, die geestelike vader van gereformeerdeheid, het sy Institusie (onderwysing in die Christelike geloof) as 'n handleiding vir vroomheid geskryf. Daarom is dit moontlik om van Gereformeerde spiritualiteit te praat. Hoe lyk Gereformeerde spiritualiteit? (In die volgende kort

uiteensetting maak ons gebruik van insigte van prof DJ Smit, soos gepubliseer in *Vraagtekens or Gereformeerdeheid*, 'n boek wat in 1998 onder redaksie van WA Boesak en PJA Fourie by LUS uitgewers verskyn het.)

#### 6.1 Gereformeerde is 'n manier van lewe in die wêreld

Die Gereformeerde vroomheid bestaan nie in die eerste plek uit 'n klompie standpunte, leerstukke of idees nie. Dit is eerder 'n manier van leef in die wêreld. Gereformeerdes lewe bewustlik voor die aangesig van God, in God se teenwoordigheid - soos ons dit vind binne-in die wêreld en die geskiedenis. Die Gees werk deur die Woord die begeerte om God op elke terrein van die lewe te dien en te gehoorsaam. Gereformeerdes begeer dat die hele wêreld onder die heiligende tug van God se Woord gebring sal word.

Daarom wil Gereformeerdes die wêreld verander. Die bekende motief hiervoor is die wete dat daar geen vierkante sentimeter van die wêreld is waaroor Christus se koningskap nie uitgeroep moet word nie.

#### 6.2 Die Lewende God praat deur die Woord

Waar is God aanwesig sodat ons voor sy aangesig kan lewe? Vir Gereformeerdes is God teenwoordig in die Bybel, die Woord van God. God is die sprekende Here, en ons lewe uit die voortdurende hoor van die Woorde van God.

Gereformeerde vroomheid stel daarom belang in die objektiewe feite van God se woorde en dade. Dit is 'n 'geloofsvroomheid' (in die sin van die gewilde gereformeerde beeld van 'die leë hande wat net die beloftes toeëien'), in wesenlike onderskeid van enige soort 'ervaringsvroomheid'. Om 'n bietjie meer tegniese taal te gebruik: Gereformeerde vroomheid plaas die klem voortdurend en konsekwent op die *extra nos* ('buite ons'), op die objektiewe dinge wat Christus vir ons verwerf het en wat vryelik aan ons geskenk en toegereken word, eerder as op die *intra nos*, op die

## A2.6.1: SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

subjektiewe, op dit binne-in ons, wat ons ervaar en beleef.

Ons kan dit ook so stel: vir Gereformeerdes gaan dit eerder oor die *inhoud* van die geloof (die beloftes, die goeie nuus) as oor die menslike *daad* van geloof. Gereformeerdes vind rus en versekerheid in die evangelieboodskap wat verkondig word, en nie in die sekerheid, vastheid, intensiteit of erns van ons beslissings, datums, emosies, berou of die warmte van ons harte nie.

Om hierdie rede is die tradisionele “pilare” van die tipiese Gereformeerde lewenstyl dinge wat met die uitleg van die Woord te doen het: die erediens (waarin die Woord sentraal staan) en huisgodsdienste. Geestelike dissiplines waarin die Woord minder sentraal staan, het tradisioneel nie in Gereformeerde smaak geval nie.

Boonop word die Woord dan ook op ‘n leerstellige, intellektuele, kennismatige manier uitgelê. God se Woorde word allereers nugter en sober met die verstand gehoor. Gereformeerde vroomheid is om te buig voor die geopenbaarde waarheid van God. Bybeluitleg is nie ‘n doel opsigself nie, maar om die lewe, en hoe die lewe geleef behoort te word, te verstaan in die lig van die Bybel.

Hieruit word dit duidelik waarom die volle Bybel (die Ou Testament ingesluit) so belangrik is vir Gereformeerdes. Die hele Skrif is die Woord van God en die Skrif verklaar homself. Vandaar Calvyn en baie van sy volgelinge se weiering om die voorgeskrewe tekste van die kerklike jaar te volg. Hulle wil die Bybel eerder van ‘n kant af deurpreek.

Aangesien Gereformeerdes gesag aan die Bybel verbind, is daar ‘n natuurlike afwysing van alle vorme van menslike gesag: of dit nou die gesag van kerkvergaderings, mense of instellings is, maak nie saak nie – alles is ondergeskik aan die gesag van die Woord. Die voorkeur is vir ‘n presbiteriale stelsel van kerkregering, en die gelykwaardigheid van die ampte in die kerk.

Gereformeerde vroomheid is inderdaad *vroomheid van die Boek*.

### 6.3 Wat sê God deur die Woord?

Gereformeerde spiritualiteit verneem die wil van lewende, drie-enige God in die Bybel. Hierdie wil het met die hele skepping te doen, sodat alles onder die heerskappy van Christus staan. Daarom is die natuurlike verbande waarin ons leef (waaronder huwelik en huisgesin, ouerhuis, familie, gemeenskap, volk en staat) ook so belangrik. Dit is alles deel van die seënende voorsienigheid van die Here waardeur Hy vir ons sorg. Die verbond word op so ‘n manier verstaan dat God hierdie verbande respekteer en benut.

Dit beteken ook dat Gereformeerdes God se wil in die samelewing soek en wil doen. Jou dagtaak word so ernstig geneem dat dit as God se roeping vir jou beskryf word: jy is verantwoordelik om die Here in jou arbeid te dien aangesien jy dit ook vir Hom doen.

Omdat Gereformeerdes die wêreld, die kultuur en die samelewing so ernstig neem, en die wil van God daar wil doen, is Gereformeerde gerig op die transformasie van die samelewing. Hierdie transformasie, of hervorming, is nooit afgehandel nie – ook nie in die kerk nie.

Die Gereformeerde lewe is sterk trinitaries (dit wil sê vanuit die leer van die drie-eenheid) gestempel. Vader, Seun en Heilige Gees is belangrik. Vanuit die trinitariese perspektief word oor Christus by voorkeur as die Middelaar gepraat. Die hart van Gereformeerde vroomheid is, volgens baie geleerdes, die vereniging met Christus. Dit word verstaan as die lewenslange afsterf van die ou, sondige mens (sterf saam met Christus) en die opstaan in ‘n nuwe, geheiligde lewe.

### 6.4 Rooi ligte vir Gereformeerde vroomheid

Die Gereformeerde vroomheid stort in duie wanneer vertroue in die Bybel as God se lewende Woord aangeveg en verloor word. Dit is inderdaad wêreldwyd aan die gebeur.

Gereformeerde spiritualiteit kan ook nie oorleef as vertroue in die lewende, aanwesigheid van God in die wêreld aangeveg en agtergelaat word nie.

Sodra ons vertroue in die kennis van God se geopenbaarde wil vir die samelewing, kerk en persoonlike lewe verloor, is Gereformeerde in ‘n krisis. Op hierdie punt beleef ons werklik ‘n ernstige krisis weens alles wat in die apartheidsjare in Suid-Afrika gedoen, beveel en gereglementeer is in die naam van Gereformeerde en die wil van God.

## 7. 'N KRITIESE EVALUERING VAN GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT

Soos alles, kan ook Gereformeerde spiritualiteit maklik ontspoor. Kom ons kyk na ‘n paar gevaarste. Ons doen dit aan die hand van ‘n artikel van prof Willie Jonker, soos gepubliseer in *Vraagtekens of Gereformeerdeheid*, ‘n boek wat in

## A2.6.1: SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

1998 onder redaksie van WA Boesak en PJA Fourie by LUS uitgewers verskyn het.

### 7.1 Neiging tot fariseïsme en self-versekerdheid

Gereformeerdes is geneig om te dink dat ulle die suiwerste interpretasie van die Christelike leer verteenwoordig, en dat hulle streng in leer en lewe is, regsinnig en nougeset. Dit stoot ander mense af. Verder kan Gereformeerdes maklik as liefdeloos gesien word, as nie geïnteresseerd in die ander Christelike tradisies nie, en asof hulle met ander Christene of kerke in stryd is omdat hulle die suiwerheid van die Christelike leer en lewe sou bedreig.

Die Gereformeerde tradisie was meermale in stryd met homself, soos blyk uit die verbrokkeling en verdeeldheid onder Gereformeerde kerke. Dit is nie iets om op trots te wees nie. Barmhartigheid is nie 'n Gereformeerde sterk punt nie, ook nie sending of uitreik nie. Prakties lei hierdie dinge tot 'n gebrek aan geloofwaardigheid onder ander Christene.

### 7.2 Wetties en swaarwigtig

Die klem op die wet van God en roepingsbewustheid maak Gereformeerdes maklik wetties, benepe en swaarwigtig. Dit kan tot onverdraagsaamheid en die wettiese hantering van die Skrif lei. Daar word te maklik gevare gesien in alles wat nuut is. Op die ou end kom Gereformeerdes maklik as suur en humorloos oor, altyd siftend, toetsend en afwegend: mag en kan dit of dat? Beleef sulke mense ooit vreugde in die Here? Is dit hoekom Gereformeerdes so moeilik spontaan en hartlik kan saamsing?

### 7.3 Fundamentalisties en intellektualisties

Hoewel die Skrif so belangrik is, hanteer Gereformeerdes die Skrif nie altyd reg nie. Dalk omdat daar 'n Skrifgrond vir optrede op alle gebiede verskaf moet word, gebeur dit maklik dat die uitleg van die Skrif geforseer en gedwonge geskied. Die Skrif word maklik wetties en onhistories gelees, en met intellektuele vindingrykheid word regverdiging vir optrede uit die Bybel afgelei.

### 7.4 Passief voor die wil van God

Dwarsdeur die geskiedenis het sommige Gereformeerdes die uitverkiesing en die voorsienigheid van God op 'n manier verstaan wat mense uitsluit. Alle aksente op menslike verantwoordelikheid word gesien as 'n aantasting van die outonome, verkiesende genade van God. Inenting teen siektes soos pokke, die gebruik van kontrasepsie, of self die uitneem van versekering is 'n aanval op die voorsienigheid van God. Dit is vreemd aan die taal van die Bybel waarin God se almag én menslike verantwoordelikheid met mekaar in verband gebring word.

- \* Bewus van ons swakheid;
- \* In die krag van die Gees.

### 7.5 Die gevaar van 'n volkskerk

Aangesien Gereformeerdes soveel klem lê op die natuurlike verbande waarin ons leef, en die verbond in terme hiervan beskryf word, ontstaan die gevaar dat kerk en volk maklik met mekaar verbind word. Die lede van die kerk en die lede van die volk val dan saam. Die bedoeling is dat die kerk 'n belydende volkskerk moet wees, maar die geloof agter die belydenis val dikwels weg en net die volksidee bly oor. Dit tas die geestelike peil van die kerk aan, ondermyn die kerklike tug, en lei boonop dikwels tot 'n nou band tussen kerk en staat.

Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse samelewing oor die afgelope eeu is 'n goeie voorbeeld van hoe die noue band tussen kerk, volk en staat tot wrange gevolge kan lei.

## 8. 'N EIETDSE GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT?

Gereformeerde spiritualiteit het 'n besliste bydrae om in Suid-Afrika te lewer. Gereformeerde kerke moenie huiwer om op die verskeie terreine van kerk en samelewing 'n bydrae te maak nie. Ons moet dit egter nederig doen, en ook na ander kerke en spiritualiteit luister en met ander gelowiges saamwerk. 'n Gemeenskaplike getuienis wat die versoening van Jesus Christus ernstig neem (en beteken dat ons saam met diegene wat teologies van ons verskil kan getuig) gee geloofwaardigheid aan die liggaam van Christus in die wêreld.

Veral dr Coenie Burger het in die afgelope jare heelwat gepubliseer oor temas wat belangrike leiding gee oor 'n eietydse gereformeerde spiritualiteit. Veral sy onlangse publikasie, **Ons weet aan wie ons behoort** (Lux Verbi.BM 2001) het spesifiek met hierdie onderwerp te doen.

Burger beskryf die gereformeerde tradisie as 'n ryk tradisie, vol verrassings. Hy sê: die helfte is ons nie vertel nie. Dan beskryf hy die vyf dryfvere van die gereformeerde tradisie:

- \* Om te lewe voor die aangesig van God;
- \* Gebonde aan die Woord;
- \* Gerig op die lewe;

Ons gee 'n paar riglyne oor 'n eietydse spiritualiteit:

## A2.6.1: SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

### 8.1 'n Verruimde siening van spiritualiteit

Die gereformeerde tradisie het beslag gekry in 'n tyd toe daar nuwe waardering vir die menslike rede ontstaan het. Mense het gedink dat 'n presiese rasonale beskrywing van die werklikheid alle waarheid ontsluit – dat trouens net dit wat rasoneel verstaan en beskryf kan word regtig werklik is. Ons sterk aanvoeling vir die **verstaan** van die Woord moet aangevul word met 'n **belewing** van ons verstaan. Die rede is nie die enigste menslike funksie wat die Heilige Gees heilig met die oog op ons verhouding met God nie. Daar is ook ruimte vir gevoel, intuïsie, aanvoeling, en visie.

Ons kan gerus geestelike dissiplines herwaardeer as 'n manier om mense spiritueel te vorm. 'n Besondere boek om hieroor te lees is dié van Dallas Willard, *The Spirit of the disciplines – understanding how God changes lives* (Hodder & Stoughton, 1988).

### 8.2 Waardering vir ander vorme van spiritualiteit (of 'n ekumeniese spiritualiteit)

Ons kan werklik by ander geloofstradisies leer en ons spiritualiteit op hierdie manier verruim. Die nuutgevonde herwaardering van die kerklike jaar in NG Kerk-kring is 'n goeie voorbeeld hiervan. Ons kan ook meer gebruik maak van simbole en rituele (die tema van 'n ander verslag voor die sinode). In hierdie opsig moet ons aandag gee aan simbole wat eie is aan die beleweniswêreld van ons lidmate (landbou, industrie e.s.m.),

### 8.3 Die Gees wat in ons woon

'n Eietydse Gereformeerde spiritualiteit kan nie net absoluut vashou aan die objektiewe, geopenbaarde Woord nie. Hoewel die Woord beslis die primêre, normatiewe bron vir ons kennis van God en sy bedoelinge is, is die Heilige Gees juis gegee om Woord en ervaring met mekaar te verbind.

Mens kan die Woord so beklemtoon, en die Woord so rasoneel benader, dat jy op die ou end beheer oor die Woord het en met jou eie rasonale prosesse aan die Woord dikteer wat daarin staan en wat die Woord wil sê. Ons is hoegenaamd nie sensitief vir hierdie gevaar nie. Ons sal maklik waarsku teen 'n oorbeklemtoning van die ervaring, maar mekaar nooit waarsku teen 'n rasonale doodwurg van die skeppende krag van die Gees, deur die Woord, nie. Dit is net so 'n reële gevaar vir ons, miskien dié gevaar.

Dit is dikwels ons fyn, rasonale voetwerk as gereformeerdes wat ons hoogmoedig maak.

### 8.4 Die Bybel en God

Dit help mens nogal om te onthou dat ons nie in die Bybel glo nie, maar in God. Die Bybel het slegs gesag omdat dit die Woord van Góid is. Ons moet versigtig wees om ons konsep van die Woord nie so te personifiseer dat die Woord 'n lewe en betekenis naas God kry nie. Veral nie as 'n woord wat in die greep van ons rasonale verstaan daarvan is nie.

Omdat ons as gelowiges in die greep van God is, is ons in die greep van die Woord. Dit is God wat ons lewe rig en stuur deur sy Gees wat sy Woord gebruik. Die Gees skep die gemeenskap tussen ons en God, en die gemeenskap tussen gelowiges onderling. Die Gees gebruik en lei ons gemeenskaplike verstaan van die Woord en rig so ons lewe. Die Gees is die Outeur van die Woord en werk daarom nooit los van die Woord of vreemd aan die Woord nie. Maar die Woord is nooit God en funksioneer of bestaan nie los van die lewende God nie.

### 8.5 Waardering vir menslike verantwoordelikheid

Die gereformeerde tradisie verstaan helder dat mense hulself nie kan red nie, en dat Christus die verlossing buite ons – objektief – vir ons bewerk het. Ons neem op geen manier hoegenaamd verdienstelik deel aan ons verlossing nie. Dit is sekerlik die mees bevrydende informasie waaroor mens kan beskik. Ons leer dit uit die Woord.

Die aksent op die handelende God mag ons egter verlei om menslike verantwoordelikheid in die lewe voor die aangesig van God gering te skat. Dit is vreemd aan die taal van die Bybel, wat 'n groot rol toeken aan ons verantwoordelikheid om God as verlostes te gehoorsaam. Ons moet dit herontdek. Die aksie van God en die toesegging van die heil is nie bedoel om ons passief te maak nie.

### 8.6 'n Missionêre spiritualiteit

God is lewend teenwoordig in die wêreld en handel in die wêreld. Hy doen dit elke dag rondom ons, in ons en deur ons. Mens kan sê God het 'n missie in die wêreld en Hy nooi ons uit om by hierdie missie betrokke te raak.

Die Gees lei ons om – met die Bybel in die een hand en die koerant in die ander – in liefde te onderskei waarop dit aankom in die wêreld. Wat skreeu teen God se bedoeling met die wêreld? Armoede? Vigs? Geweld en misdaad? Die verbrokkeling van die gesinslewe? Verskeurdheid tussen mense, soos rassisme en seksisme?

Wat is ons roeping in hierdie verband? Wat wil God hê moet ons daaraan doen? Hoe kan ons die vrede, geregtigheid en vreugde wat sy regering bring help waarmaak in die tyd waarin ons leef?

In ons eie kerk het ons ons sosiale roeping baie lank as 'n barmhartigheidstaak verstaan:

## A2.6.1: SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

bejaardes, die wese, die armes. Die Woord verbind ons sosiale roeping veral sterk aan 'n dors na geregtigheid en die doen van die waarheid. Hierdie doen-momente, waarin ons fokus op dit wat God volgens die Woord in die wêreld doen, wat meer aandag in ons spiritualiteit moet kry.

### 8.7 Die kommunikasie van die evangelie

Die gereformeerde spiritualiteit is gevorm in Europa in 'n tyd toe mense nie 'n globale besef van die omvang van wêreld en sy diversiteit mense gehad het nie. Daarom kon Protestante maklik glo dat die evangelisering van die wêreld reeds in die tyd van die apostels afgehandel is nie.

Hierdie siening is ingehaal deur twee werklikhede:  
\* ons eie, Westerse kultuur is nie (meer?) Christelike nie, en moet met die evangelie bereik en gevorm word, en  
\* daar is dele van die wêreld waar die evangelie hoegenaamd nie beskikbaar is nie. God gee gaan-opdragte in die Woord wat ernstig geneem moet word. Daar kan geen twyfel bestaan dat God deur al die nasies geken, geëer en gedien wil word nie.

## 9. VIR DIEGENE WAT DIEPER WIL DELF

### 9.1 Die kontinuum: geopenbaarde Woord en subjektiewe geloofservaring

Sommige verstaan onder spiritualisme die direkte leiding of inspraak van die Gees of om 'n innerlike ervaring van God te hê, buite die geopenbaarde Woord om. Dit gaan om die inwendige hoor en beleef van God. Die klem verskuif van objektiewe geloofsinhoud na subjektiewe geloofservaring.

Die verhouding tussen die geopenbaarde Woord en die subjektiewe geloofservaring kan op 'n kontinuum geplaas word. Deur aan te dui waar die gemeente hulself bevind op die kontinuum kan 'n aanduiding wees waar die kerk hulself bevind met die verskynsel van spiritualisme.

Die twee uiterste punte van die kontinuum sou aan die eenkant die ortodoksie wees (Woord alleen) en die anderkant die spiritualisme (Gees alleen). Tussen die twee pole lê verskillende grade van Woord gebondenheid en Gees-menslike ervarings gebondenheid.

Om op die posisie op die kontinuum te kan aandui moet die pole van die kontinuum helder en duidelik omskryf word.

### 9.2 Ortodoksie

Die Bybel is sedert die vorming van die kanon as gesaghebbend aanvaar, ook deur die RKK. Die RKK het egter nie aan die Bybel gesag as sodanig gegee nie. Die Bybel het interpretasie nodig en interpretasie geskied vanuit die tradisie of die kerk, daarom die uitspraak *Traditio seu ecclesia est scripturae interpretas*.

Die Hervorming het wegbeweeg van bogenoemde naamlik dat die kerk en of die tradisie die kriterium vorm vir die korrekte en ware interpretasie. Die

slagspreuk is vervang met *scriptura sui ipsius interpretas*- die Skrif is sy eie interpreteerder. Die slagspreuk het egter nie beteken dat gesag nou **IN** die Skrif self gesoek is nie, maar eerder 'n norm bied waarmee die res van die Bybel verstaan kan word. Luther het die norm gevind in die regverdigmaking deur die geloof. Vandaar dat Luther met groot vrymoedigheid die brief van Jakobus as 'n "epistle van strooi" kon sien.

Groepe se sleutel tot wat die kernwaarheid van die Bybel was het van mekaar verskil wat tot stryd aanleiding gegee het, sodat 'n bron van objektiewe kennis nodig was om as arbiter op te tree in die beoordeling van die verskillende gesigte van waarheid wat skielik navore getree het. Groepe wat ontstaan het, het almal een of ander sleutel gehad in die ontsluiting van wat vir hulle die Bybelse waarheid is.

<sup>1</sup>Wat sommige as die subjektivistiese omgang

---

<sup>1</sup> Vandaar dat 'n ander definisie oor wat spiritualisme is gegee moet word

## A2.6.1: SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

met die Bybel sou sien (want hulle meen dat hulle eie interpretasie objektief en die waarheid is) moet eerder positief beoordeel word, aangesien slegs 'n kontekstuele interpretasie 'n relevante interpretasie is. So is die die tekste in die Bybel self oorgewerk vir die nuwe konteks wat ontstaan het. Dit het die redaksiekritiek en redaksiegeskiedenis uitgewys. Ook nuwe teorie soos die resepsiekritiek wys op die verwerking van 'n teks oor die eeue heen om die konteks van daardie tyd aan te spreek.

Die ortodoksie het egter 'n groot klemverskuiwing in die verband gemaak. Die Bybel getuig nie VAN die openbaring van God nie, die Bybel WORD die openbaring van God. Openbaring en Bybel word nou aan mekaar gelyk gestel. Gesag is nou IN die Bybel gevind. Woord van God en Heilige Skrif is inhoudelik een. Daar is geen werklike onderskeid nie. Met die klemverskuiwing is die rol van die Gees en die mens ook heromskryf. Die outeurs van die Bybel skryf nie omdat hulle wil en uiting gee aan hulle godsdienstige ervarings nie, maar word deur die Gees asof willoos voortgedryf. As die Bybel so deur die Gees in gegee is, dan moet die Bybel ook foutloos wees.

### 9.3 Piëtisme

Die Piëtisme is 'n reaksie teen die ortodoksie se omgang met die Bybel. Die ortodoksie het die Bybel 'n handboek gemaak van ongesistematiseerde dogmas, sodat die gewone man nie meer die Bybel kon lees nie. Die Bybel het 'n hele pakhuis vol proposisies geword oor God, kerk, politiek, maatskappy en die wêreld. Vir die Piëtiste het dit minder gegaan oor korrekte leer en eerder oor korrekte lewe. Vir die Piëtiste was die belewenis van die Christelike boodskap van veel meer belang as die dogmas wat daar agter staan. Die ampte was minder belangrik terwyl die priesterskap van die gelowige asook die leiding van die Gees van God belangriker. Die Piëtiste beklemtoon die ervaring van die wedergeboorte, terwyl die ortodoksie die leer oor die regverdigmaking beklemtoon het. Die menslike toe-eiening van God se gawe, om die realisering van die regverdigmaking in die subjektiewe ervaring van die wedergeboorte. Die objektiewe wete van regverdigmaking en die verstandelike ervaring van die leerstelling was nie genoeg nie. So 'n geloof in die regverdigmaking heet by die piëtiste *fides mortua* ('n dooie geloof). By die Piëtiste *gaan dit oor die Bybel*, maar het 'n *ander sleutel tot die verstaan daarvan*. Spener in sy *Pia desideria* skryf hy dat mense moet aangemoedig word om die Bybel te lees, en dan veral die Nuwe Testament. Die Bybelboeke moet in die kerk voorgelees word sonder dat daarvoor gepreek word, deur eenvoudige mense in Bybelstudiegroepe die kans te gee om te sê wat hulle by die lees van die Bybel beleef.

By Hermann Francke lê die klem anders. Na al die jare se kerklidmaatskap en seremonieele godsiens kom hy traumaties tot bekering. Die eis om die evangelie te leef weeg baie swaar by hom: "‘n grein lewende geloof weeg swaarder as ‘n sentenaar teoretiese kennis" Die Bybel bly baie belangrik, want hy rig 'n groot Bybel-en boekdrukkery op.

Die Piëtiste het 'n duidelike verband getrek tussen die Bybel as boek en dit wat in 'n leser se hart as Woord van God bestaan. Die Woord van God is "up in our heads, in the highest and principal part of us". Die Woord van God is nie gelyk aan net 'n boek nie, maar die boodskap uit die Bybel vir ons lewe. Die Gees pas die Woord van God in mense se lewens toe. Die Bybel staan onder gesag van die Gees, wat die Bybelse boodskap in mense se lewens toe. Die Gees van God moet deur die Bybel met die leser praat. In hierdie verband skryf Rambach dat die hele Bybel moet gelees word en nie net die dogmatiese bruikbare dele nie, vervolgens moet die Bybel geproe (gustare) word. Die Bybel moet met afwagting gelees word.

Die Bybel moet jy as 'n menslike boek lees met al sy foute daarin, want die Gees maak die boodskap daarvan lewendig in jou lewe. Met 'n oop gemoed en afwagting vir die werking van die Gees moet die Bybel gelees word, sodoende word 'n Bybelse lewensstyl en lewenskennis aangeleer.

In die ondersoek na die spiritualiteit van die gemeentes lê 'n gemeente se spiritualiteit tussen die pole of nader aan die een pool as die ander pool.

Bybel en Gees staan nie teenoor mekaar of werk uitsluitend van mekaar nie. In die verband kan na SKLAS se verslag gekyk word in die agenda van die sinodesitting 24-27 Junie 2002, p 66-72.

Uit bogenoemde uiteensetting is dit ook duidelik dat vir albei pole is die Bybel belangrik, maar die omgang met die Bybel verskil as gevolg van verskillende filosofiese begrondinge van die aard en doel van die Bybel. Dit bring 'n mens by die vraag uit of spiritualisme te make het met die ervaringe los van die Bybel?

Deist gee 'n definisie van spiritualisme as volg; "An excessive emphasis on the spiritual side of human existence leading to a kind of ascetism" Reeds by Francke is daar duidelike tekens van asketisme te bespeur. Hy skryf in sy



## A2.6.1: SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME

---

opvoedkundige boeke dat dit “wêrelds” en “sondig” is vir kinders om te speel. By die Metodisme ontstaan die neiging om die hele wêreld as boos te sien, so boos dat jy jou agter geslote deure moet onttrek. In Holland ontstaan die konventikels waar mense afgesonder van die wêreld in klein Bybelstudiegroepies ure in meditasie deurbring. Aan die eenkant het jy wêreldmyding deur afsondering, aan die anderkant ‘n selektiewe koms van God na die wêreld. God het gekom om die mens se siel te red, vandaar dat sterk evangelisasie en sendingpogings geloots is om die verlore mensdom te red. God wat na die wêreld gekom het om sy skepping van die procaton na die escaton te lei, waarvan die mens ‘n deel is, het nie by die Piëtiste gefunksioneer nie. Die reformatore wou die wêreld omvorm terwyl spiritualisme van die wêreld onttrek of as onbelangrik geag het.

Volgens Smit het spiritualiteit met drie aspekte te make:

Die belewenis- of ervaringskant van die godsdiens in die omgang met God

Die gemeenskaplike omgang met God

Praktiese uitleef van die geloof.

Die verhouding tot God kan nooit losgemaak word van die verhouding tot die geloofsgemeenskap en die wêreld nie. Genoemde verhoudinge was ook duidelik te bespeur in die ortodokse en piëtistiese verhoudinge tot God, geloofsgemeenskap en die wêreld.

### 10. ‘N ONDERSOEK NA DIE HUIDIGE SPIRITUALITEIT IN DIE NG KERK

So ‘n ondersoek veronderstel hulpbronne en kapasiteit waaroor ons nie beskik nie.

‘n Vraelys met gespreksvrae wat fokus op die wyse waarop bogenoemde fasette van spiritualiteit in ‘n gemeente funksioneer en waar die klem in ‘n gemeente en die predikante se bediening geplaas word, sou kon help om vas te stel hoe spiritualiteit in ons gemeentes funksioneer. Die vraelys sou onder die volgende hofies ingedeel kon word:

\* Die verhouding tussen Bybel as Woord of woord.

\* Die rol van die Gees?

\* Die rol van die geloofsgemeenskap?

\* Die rol van die wêreld

#### 10.1 AANBEVELING

**Die sinode versoek ringe, kerkrade en gemeentes om aan die hand van hierdie werksdokument oor spiritualiteit en**

**spiritualisme te besin.**

## A2.6.1.1: PERSOONLIKHEID EN SPIRITUALITEIT

### A2.6.1.1 PERSOONLIKHEID EN SPIRITUALITEIT

#### 1. WAT IS PERSOONLIKHEID?

Persoonlikheid kan beskryf word as die relatief konsekwente manier waarop 'n mens reageer op die wêreld, dit wat in gedrag na vore kom.

##### 1.1 MBTI®

Die MBTI® is 'n meetinstrument wat deur Katherine Briggs en Isabel Briggs Myers ontwerp is om Carl G. Jung se teorie van Psigologiese tipes verstaanbaar en bruikbaar te maak vir die alledaagse lewe.

Jung het beweer dat verskille in mense se gedrag die gevolg is van mense se ingebore geneigdheid om hul verstand verskillend te gebruik. Soos wat mense hierdie geneigdheid ontwikkel, ontwikkel hulle gedragpatrone. Jung het gevolglik gedragpatrone, of tipes, geïdentifiseer en verduidelik hoe elk werk.

Volgens hierdie teorie het elke mens 'n natuurlike voorkeur vir een van twee kante van die vier voorkeure wat deur die MBTI® gemeet word. Die MBTI® voorkeure dui dus die verskille in mense aan wat ontstaan as gevolg van die volgende:

\* Waar hulle verkies om hul energie te fokus en waar hulle energie vandaan kry (Ekstraversie of Introversie). Wat motiveer jou om dinge te doen. Word jy gemotiveer deur dinge van buite (ekstraversie) soos werkswinkels of word jy van binne gemotiveer deur energie deur afsondering of lees van 'n boek (introversie)?

##### 2.1 Hoe die verskillende voorkeure God beleef<sup>2</sup>

<b>Extraversion: Om God saam met ander te beleef.</b>	<b>Introversion: Om God deur middel van refleksie te beleef.</b>
§ Praat en luister	§ Lees en studeer
§ Groepstudie	§ Een-tot-een gesprekke
§ Diens deur evangelisasie en uitreik	§ Diens deur te lees en skryf
§ Interaktiewe retraites	§ Stil retraites
§ Gesamentlike gebed	§ Private gebed
§ Verskeidenheid in geestelike ervaringe	§ Diepte in geestelike ervaringe
§ Eksterne wêreld as domein van die Gees	§ Interne wêreld as domein van die Gees
<b>Sensing: Om God deur die konkrete en spesifieke te beleef</b>	<b>Intuition: Om God deur paradoks en misterie te beleef</b>
§ Gereelde en sistematiese studie	§ Poëtiese geskryfte/kreatiewe verbeelding
§ Iasbare/feitlike voorbeelde van God se genade	§ Toelating vir die gebruik van verbeelding
§ Gewyde voorwerpe as bronne van herinnering	§ Gewyde voorwerpe as bronne van inspirasie
§ Leer stap vir stap	§ Leer deur interaksie
§ Metodiese geestelike dissiplines	§ Innoverende geestelike dissiplines
§ Verkies tradisionele patrone en rituele in aanbidding	§ Ontwerp nuwe patrone en rituele vir aanbidding
<b>Thinking: Om God deur die intellek te beleef</b>	<b>Feeling: Om God vanuit die hart te beleef.</b>
§ Intellektuele benadering tot geloof	§ Persoonlike benadering tot geloof
§ In voeling met universele beginsels	§ In voeling met persoonlike waardes
§ Soek na waarhede in Bybel	§ Soek na betekenis in Bybel
§ Debat en dialoog oor geloofsake	§ Bespreek en oorreed oor geloofsake
§ Oorweeg die voor- en nadele van geestelike praktyke	§ Oorweeg die impak van geestelike praktyke op individue en gemeenskappe
§ Dien deur waarheid, ontwerp van strukture en standaarde	§ Dien deur betrokkenheid by mense

\* Die manier waarop hulle verkies om inligting in te neem (Sensing of iNtuition). Waaraan gee jy aandag? Fokus jy op die hier en nou. Dit wat jy met jou sintuie waarneem? Dit wat nou prakties en konkret is of op moontlikhede, tendense (intuition)?

\* Die manier waarop hulle verkies om besluite te neem (Thinking of Feeling). Wat maak 'n mens met die inligting tot jou beskikking of wat jy versamel het? Maak jy ontleding daarvan (denkend) of hoe mense daarvoor voel (empatie, gevoelvol)?

\* Hoe hulle hulself oriënteer tot die wêreld buite hulself (Judging of Perceiving).

Word jou lewensstyl gekenmerk deur orde, beplanning en doelwitte (J), of buigsamheid, soos wat die sake nou opduik (P).

Vir die doel van hierdie dokument gaan daar nie verder uitgebrei word oor die verskille in elkeen van hierdie voorkeure nie, maar slegs oor die implikasies wat dit het op spiritualiteit.

#### 2. MBTI® EN SPIRITUALITEIT

Uit die aard van die saak sal 'n mens se gedragsvoorkeure, of persoonlikheid, ook die manier beïnvloed waarop 'n mens kies om God te aanbid (spiritualiteit). Een manier om te bepaal hoe persoonlikheid spiritualiteit beïnvloed, is deur na die verskillende voorkeure, soos aangeduid deur die MBTI®, te kyk.

<sup>2</sup> Aangepas uit Hirsch, SK & Kise, JAG 1997 *Looking at Type and Spirituality*. CAPT: Florida, 12-13.

## A2.6.1.1: PERSOONLIKHEID EN SPIRITUALITEIT

§ Rolmodelle: die intellektuele helde van die geloof	§ Rolmodelle: die medelydende helde van die geloof
<b>Judging: Om God deur dissipline te beleef</b>	<b>Perceiving: Om God in die oomblik te beleef</b>
§ Die waarde van geestelike dissiplines	§ Die waarde van geestelike ervaringe
§ Beoefen daaglikse geestelike roetines	§ Betrokke in verskillende geestelike ervaringe soos wat dit opduik
§ Skeduleer tyd vir toewyding	§ Kombineer toewyding met ander aktiwiteite
§ Onderzoek en leer deur gestruktureerde ervaringe	§ Onderzoek en leer vind plaas in geheiligde oomblikke
§ Vinnig om te besluit wat is toepaslik, God/sleg, reg/verkeerd, waardevol/ waardeloos	§ Soek soveel as moontlik informasie voordat besluite geneem word oor wat toepaslik, goed/sleg, reg/verkeerd, waardvol/waardeloos is

### 2.2 Kombinasie van funksies

Uit die MBTI®-tabel is dit duidelik dat die kernfunksies van waarneming (Sensing en Intuition) en besluitneming (Thinking en Feeling) op vier verskillende maniere kombineer: ST, SF, NF, NT.

Hierdie kombinasies kan ons ook help om te verstaan hoe die verskillende kombinasies van gawes op hul *éie* manier bydra tot die geloofsgemeenskap. Indien ons nie bewus is van hierdie verskillende benaderings nie, kan dit maklik aanleiding gee tot konflik en/of verdagmaking. So byvoorbeeld hou die NT's hulself besig met die teoretiese en prestasie-gerïenteerde take en skep vir die geloofsgemeenskap verskillende strategië en strukture. Hulle verskil heelwat van die SF's, wat meer geïnteresseerd is in spesifieke, persoonlike interaksie, om die persoonlike nood van individue aan te spreek en om direkte hulp te verleen waar dit nodig is.

Net so kan dit dikwels gebeur dat ST's en NF's mekaar irriteer. ST's is geneig om hulself besig te hou met die hier en nou – tradisies, koste, skedules, om te hou by bewese metodes, om sake logies te hanteer. Dit kontrasteer met die idealistiese NF's, wat mense wil help groei en wil help om 'n ryk, betekenisvolle geloof te ontwikkel deur veranderinge uit te dink wat die geloofsgemeenskap sal help.

Elkeen van hierdie funksies het 'n God-gegewe rol om te speel in enige geloofsgemeenskap wat die volheid van die Liggaam van Christus wil uitleef. Deur dus die verskillende kombinasies se m a n i e r e van funksioneer in gedagte te hou, kan elkeen ruimte gegun word om hul unieke gawes te gebruik in die opbou en uitbou van die Koninkryk.

#### 2.2.1 Die waarde van die onderskeie funksies<sup>3</sup>

	ST	SF	NF	NT
<b>Dra by deur:</b>	"Voete op die grond" spiritualiteit	Samewerking en harmonie te soek	Potensiaal in mense raak te sien	Oplossings te genereer vir komplekse probleme
	Logika	"hande van God" te wees	Kreatiewe kommunikasie	Die beste te soek
	Waarde van tradisie te beklemtoon	Warm atmosfeer te skep	Ideale en waardes van die gemeenskap te koester	Modelle te ontwikkel vir 'n gemeenskap se langtermynbeplanning
<b>Fokus op:</b>	Praktiese behoeftes	Konkrete toewyding	Inspirasie van ander om hulle ideale te bereik	Definiëring van waarheid en aksie daarvoor
<b>Word geraak deur:</b>	Lering wat stapsgewys, prakties en feitlik is	Lering wat alledaagse nut uit spel	Verbeeldingryke lering wat moontlikhede vir mense ontgin	Uitdagende intellektueel stimulerende lering
	Tradisionele liturgieë	Warm verhoudingskontekste	Digterlike uitdrukkings van die geloof	Logiese liturgieë wat komplekse geloofsake uitdruk
	Geestelike beginsels vir die alledaagse lewe	Konkrete voorbeelde te sien, hetsy in mense of in stories	Te werk aan waardes vir die gemeenskap	Bespreking van weldeurdagte antwoorde op die vrae "hoekom" en "hoekom nie"
	Konsekwente standaarde vir die	Geestelike vierings	Kreatiewe kommunikasie	Slim toepassings wat komplekse geestelike

<sup>3</sup> Aangepas uit Hirsch, SK & Kise, JAG 1997 *Looking at Type and Spirituality*. CAPT: Florida, 27.

## A2.6.2: SIMBOLE EN RITUELE

	gemeenskap (moets-en-moenies) daar te stel		(stories, gedigte, musiek) wat die hart aanraak	probleme oplos
<b>Streef na:</b>	Vervulling van pligte	Diens aan individue	Beïnvloeding van ander om betekenisvolle lewens met integriteit te leef	Blywende, effektiewe, langtermyn verandering
	Eerlike geloofsvoorbeeld	Die bou van 'n gemeenskap waar mense gewaardeer, gekoester, ondersteun en liefgehe word	Hemel op aarde	Paradigmaskuiwe of die ondersoek van kriteria en teorie van geloof

### 3. GEVOLGTREKING

**3.1 Ruimte en waardering.** Dit is dus duidelik dat persoonlikheid en gedragsvoorkeure 'n reuse invloed het op die manier wat mense kies om God te aanbid. In enige gemeente is daar 'n verskeidenheid van al hierdie voorkeure wat elkeen kies sodat hulle God op hul eie manier kan aanbid. Die insigte help ons om te verstaan dat daar ruimte gemaak moet word in die gemeente en sy eredienste vir die verskeidenheid van persoonlikhede in die gemeente. Dit kan ons ook help om baie van die spanninge binne 'n gemeente te verstaan. As 'n mens daarby byvoeg dat **SJ en SP-kombinasies omtrent 75%** van die samelewing uitmaak, is dit ook makliker om te verstaan hoekom sommige tradisies makliker gevestig raak as ander.<sup>4</sup>

**3.2 Hulp en toerusting is beskikbaar vir die gemeente.** Die sinode beskik oor 'n aantal opgeleide persone wat u kan help om die profiel van u kerkraad en gemeente te verstaan aan die hand van die MBTI.

### 4. Bronnelys

Hirsh, S.K. & Kise, A.G. 1997. **Looking at Type and Spirituality**, CAPT, Gainesville, Florida, USA.

Van Rooyen, J.; De Beer, J. & Proctor, D. 1999. **MBTI® Training Manual (Fifth Edition)**, Jopie van Rooyen & Partners cc, Johannesburg, Suid Afrika.

## A2.6.2 SIMBOLE EN RITUELE

### 1. OPDRAG

Die Sinode van Oos-Kaapland het aan 'n studiegroep opdrag gegee om die gebruik van simbole en rituele in eredienste en kerkvergaderings te ondersoek. Die behoefte aan hierdie ondersoek het dringend geword na die liturgiese inkleding van 'n buitengewone vergadering van dié sinode gedurende Junie 2002 en die reaksie wat daarop gevolg het.

### 2. DEFINISIE

Die volgende begrippe word ter wille van duidelikheid gedefinieer:

#### 2.1 Teken

'n Teken wys per afspraak heen na 'n betekende saak. Die betekenis van tekens word aangeleer en

daar is veronderstel om geen onduidelikheid of selfs ander interpretasie moontlikhede te bestaan nie. 'n Teken is 'n dooie metafoer. 'n Verkeersteken byvoorbeeld dra 'n duidelike boodskap waarop ag geslaan behoort te word. Eie verbeelding kan hier gevaarlik wees.

#### 2.2 Simbool

'n Simbool kan woorde, handeling of objekte wees wat 'n brugfunksie vervul en na 'n ander, ruimer, dieper, groter werklikheid. 'n Simbool stimuleer verbeelding om reg te laat geskied aan die misterieuse en verborge karakter van hierdie tweede werklikheid.

#### 2.3 Ritueel

" 'n Ritueel is 'n herhalende handeling wat die gebruik van woorde, simboliese voorwerpe en

<sup>4</sup> In Suid-Afrika is die verdeling as volg:

ISTJ = 19.9%	ISFJ = 6.0%	INFJ = 2.3%	INTJ = 6.3%
ISTP = 3.3%	ISFP = 1.7%	INFP = 2.5%	INTP = 3.9%
ESTP = 3.8%	ESFP = 2.1%	ENFP = 2.1%	ENTP = 5.6%
ESTJ = 23.2%	ESFJ = 4.9%	ENFJ = 2.2%	ENTJ = 8.7%

Uit: Van Rooyen J.; De Beer J. & Proctor D. 1999 MBTI® Training Manual (Fifth Edition)

## A2.6.2: SIMBOLE EN RITUELE

ook liggaamlike handeling kan insluit. Dit kan deur 'n individu of groepe uitgevoer word. Dit het besliste simboliese betekenis en funksioneer binne 'n gemeenskap wat bekend is met die ritueel en die simboliese betekenis daarvan kan dekodeer." (Braam Hanekom)

Dit is duidelik dat teken, simbool en ritueel te onderskei is, maar nie geskei kan word nie. Daar is 'n teken-kant aan die sakramente. Per afspraak is daar twee (nl doop en nagmaal) soos Christus dit ingestel het en hulle wys heen na 'n spesifieke betekende saak. By die nagmaal is daar primêre simbole (nl brood en wyn) teenwoordig omring deur sekondêre simbole (bv tafel, formulier, gebede, klere, kruis). Die nagmaal is ook 'n ritueel aangesien daar 'n verband bestaan tussen 'n verskeidenheid simbole.

### 3. TEOLOGIES BYBELSE PERSPEKTIEF

#### 3.1 Ou/Eerste Testament

Van die vroegste geskiedenis af het God Sy Woord-bekendmaking met tekens, simbole en rituele laat saamval. Die funksie van hierdie simbole was telkens om die Woord op uiterlike wyse te ondersteun. Daarom pas die teken telkens by die Woord, soos 'n klein seleksie van voorbeelde duidelik illustreer:

- \* 'n Reënboog om die beloftewoord aan Noag en verbond met die aarde te ondersteun
- \* 'n Brandende braambos, kerie en melaatse

Messias is, word na die genesings en wonders as tekens van die nuwe Koninkryk verwys. Die gelykenisse is verhale wat op metaforiese en allegoriese "teken-maniere" die Woord van Jesus "dra" en verduidelik. Hyself verwys na die verhoging van die slang in die woestyn as teken van Sy eie kruisiging en na die Jonaverhaal as teken van sy sterwe en opstanding

Met die stigting van die Nuwe Testamentiese kerk is daar 'n opeenvolging van gebeure waar die Godswoord met tekens bevestig word: vuurtong, wind, spreek in tale (juis twv die Woord!). Hierdie soort "bevestigings" gaan vandag nog voort waar gelowiges ernstig bid en God daarom vra.

### 4. FUNKSIE

#### 4.1 Simbole

Simbole, ander as tekens, kan 'n brugfunksie vervul na 'n hoër werklikheid, dieper boodskap en groter waarheid daaragter. Hierdie vorm van nie-verbale kommunikasie kan deur die konvensionele breek en sonder omhaal van woorde verwondering wek, aangryp en verbeelding stimuleer.

Simbole druk die identiteit van 'n gemeenskap uit en die herhaalde gebruik daarvan is ook identiteitsvormend. Met elke nagmaal bv identifiseer ons ons as tafelgemeenskap en word

hand om God se Woord aan Moses (en later Farao) te ondersteun

\* 'n Wolk- en vuurkolom om Sy teenwoordigheid in die woestyn te ondersteun

\* 'n Beskrewe tafel met wette om duidelike verbondsreëls aan die volk te gee

\* 'n Ark met heilige voorwerpe, priesters met eiesoortige kleredrag en leefstyl, en 'n u i t g e b r e i d e offerdiens om die verhouding met God uit te beeld

\* 'n Ontugtige huwelik sodat Hosea die ongehoorsame volk simbolies kan konfronteer

\* 'n Hout- en ysterjuk op Jeremia se skouers om God se oordeelswoord oor Jerusalem te ondersteun.

Daar is natuurlik nog veel meer. Maar die patroon is duidelik: simbole en rituele is daar om God se woorde, opdragte en oordele in te skerp en te ondersteun.

#### 3.2 Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word hierdie patroon voortgesit, maar op totaal nuwe wyse. Jesus se geboorte word aan die skaapwagters self 'n "teken" genoem, en as Seun van God is Hy vleesgeworde Woord (Johannes 1:14). In Jesus het ons dus die volmaakte "teken" van God: dis inderdaad God Self in menslike vlees! In sy bediening word die patroon van be-teken-ing voortgesit. Op die vraag van Johannes of Hy die

ons ook tot tafelgemeenskap gevorm. In die woorde van Theunis Botha kommunikeer die nagmaalstafel oa die volgende: "God begeer jou teenwoordigheid aan sy tafel! Jy is genooi, nie oor jou waarde of jou status nie; nie oor jou geld of jou besittings nie; nie oor jou prestasies of ideale nie; nie oor jou godsdiensigheid of goeie werke nie, maar omdat God God is wat uitreik na jou, om vandag en elke dag van jou lewe by Hom aan sy tafel te kom eet".

#### 4.2 Rituele

Die twee teorieë oor die funksie van rituele kan breedweg as struktureel-funksionierend en transformerend getipeer word. Volgens die eerste teorie is 'n ritueel 'n konserwatiewe krag wat sosiale struktuur bevestig. Daarenteen wil die tweede teorie dit hê dat rituele juis sosiale struktuur uitdaag en hervorm. Dit beteken nie noodwendig dat samelewingstrukture opgehef word nie, maar dat kommunikasie-waardes in sosiale struktuur ingedra word. Beide tipes funksies van rituele kan onderskeidelik in die erediens en kerkvergaderings benut word. 'n Kerkraadsbevestiging of aanstelling van moderatuurslede kan struktureel-funksionierend wees. 'n Nagmaalsviering kan weer transformerend van aard wees. "As 'n ritueel reg funksioneer, kan deelnemers aan die nagmaal byvoorbeeld nie sonder meer in ongelykheid en

## A2.6.2: SIMBOLE EN RITUELE

onderdrukking teenoor mekaar in die normale sosiale strukture voortleef as hulle in die grenstoestand van die nagmaalritueel gelykheid ervaar het nie.” (Johan van der Merwe)

Schmidt onderskei drie groepe rituele nl:

- “Rites of Passage”
- Calendrical Rites”
- “Special Rites”.

Al drie dié tipes rituele kan sinvol in die kerk benut word. Eersgenoemde oorgangsrituele (bv doop, belydenisaflegging, huweliksbevestiging, roudiens) behels die afsterwe van ‘n verbygaande fase en die geboorte van ‘n nuwe lewensfase. Aangesien so ‘n oorgang onseker, verwarrend en bedreigend is, word daar van rituele gebruik gemaak om veiligheid, sin en rigting te gee.

### 5. GEVARE

Daar bestaan ernstige en diepliggende gevare wanneer simbole en rituele binne en buite die erediens gebruik word.

#### 5.1 Teologies en Ideologies

##### (dwaling drie).

Simbole en rituele is nie skadeloos nie. Dit kan ‘n dubbelsinnige en selfs onbybelse boodskap dra, wegtrek van die Woord af, fokus op God wegneem, magies funksioneer, vermomde ontvlugting uit die wêreld bied, gelade wees, ens. Die geskiedenis leer dat kentekens draers van gevaarlike ideologieë kan wees (bv Nazi’s se swastika) en die kerkgeskiedenis leer dat tekens die hart van die evangelie kan help uitruk (bv die vaandels van die kruistogte).

##### 5.1.1 Reaksie:

Tekens, simbole en rituele moet, in ooreenstemming met ons gereformeerde tradisie, Skrifgetrou en goed gefundeerd benut word. Die feit dat ander tradisies gewyde handeling volgens ons foutief inspan, moet ons nie noodwendig verhoed om dit te benut nie. Dit sou immers daarop neerkom dat ons moet ophou om doopwater te gebruik omdat Wederdopers dit misbruik en ophou om brood en wyn te gebruik omdat Rome te verwring. Voortdurende besinning oor en kritiek op die gebruik van tekens, simbole en rituele is noodsaaklik om te verseker dat dit die heilsdade van Jesus Christus kommunikeer.

#### 5.2 Praktyk

Dit is ongelukkig ‘n feit dat leraars tekens, simbole en rituele vir die verkeerde motiewe kan aanwend. Ter wille daarvan om ‘n erediens of vergadering interessant te maak, effek te bewerkstellig of sukses te behaal kan dit ondeurdag aangewend word met kortstondige en teleurstellende resultate.

Noordmans meen ons kan met veranderinge aan die orde, rituele, simbole, selfs gebare van die liturgie onwetend dinge begin “sê”, wat hoegenaamd nie by ons (gereformeerde) geloofsbelydenis pas nie. Agter elke bepaalde liturgie skuil dus dogmatiese beslissings. Hy n o o e m die liturgie “populêre dogmatiek” en meen dat ons nie maar na willekeur uit verskillende liturgiese tradisies kan leen onder die veronderstelling dat die kerk maar een erediens besit, te wete die oud-Christelike erediens nie. Dit sou “kultiese smokkelhandel” oor dogmatiese grense heen beteken.

Enige teken, simbool of ritueel is vir misbruik en teologiese wanvertolking vatbaar. Dit word R o o m s of Anglikaans as dit genade probeer bemiddel sonder die Woord (dwaling een) of as voorbidding dien vir afgestorwenes of verering van heiliges (dwaling twee). Dit word Pentekostalisties as dit onder “vrye leiding van die Gees” ‘n ander openbaring as die Skrif verteenwoordig en as teken, simbool of ritueel self vreemd staan aan d i e skopus van die Skrif

##### 5.2.1 Reaksie:

Verantwoordelike liturgiese vernouing is noodsaaklik om hierdie dreigende gevaar van ons tyd te bekamp.

#### 5.3 Persoonlik

As dit by die persoonlike beleving van tekens, simbole en rituele kom, is daar natuurlik ‘n omvattende lys sake wat met mekaar in interaksie is soos genetiese samestelling, kulturele omstandighede, persoonlikheidstipe, kognitiewe ontwikkeling, geloofsfasie, blootstelling, estetiese waardering, vermoë om simbolies te dink, ens.

##### 5.3.1 Reaksie:

Sensitiwiteit vir mense is van groot belang in die begeleiding op weg na die sinvolle integrasie en benutting van tekens, simbole en rituele. Dié begeleiding stel baie uitdagings oa omdat dit oorheersend nie-verbale kommunikasie is wat juis nie dood gepraat en verduidelik mag word nie.

## 6. BENUTTING

#### 6.1 Vroeë Kerk

Die vroeë Christelike kerk het tekens (bv die Ichtus-teken), simbole (bv kerkjaar geïnspireerde liturgiese drag) en rituele (bv met doop en huweliksbevestiging) op ‘n dinamiese manier benut.

#### 6.2 NG Kerk

Die kreatiewe benutting van tekens, simbole en

## A2.6.2: SIMBOLE EN RITUELE

---

rituele in ons kerk het vir 'n lang tyd nie tot sy reg gekom nie en daarom kan dit vir gemeentelêde leeg wees en koud laat. Daar kan selfs 'n stigma kleef aan die benutting daarvan. Die redes vir onderbenutting is legio. Die tradisie wat na die Reformasie gevestig is het 'n groot rol gespeel.

* Pre-moderne Fase	Mondelinge kommunikasie	Simboliese taal
* Moderne Fase	Gedrukte kommunikasie	Konseptuele taal
* Post-modern Fase	Elektroniese kommunikasie	Simboliese taal.

In die NG Kerk is daar tans talryke voorbeelde van 'n groei na 'n meer volledige uitlewing van ons godsdienst. In hierdie proses kan tekens, simbole en rituele 'n betekenisvolle rol speel. Die Kerssangdiens waartydens gemeentelêde 'n engel, duif, ster en hart (tekens van hoop, vrede, vreugde en liefde) aan 'n kersboom (simbool) hang en terselfdertyd geskenke onder die kersboom plaas (ritueel) om aan minder bevoorregte mense uitgedeel te word, dien as enkele voorbeelde.

Die fase waarin die Westerse wêreld verkeer, die dominante kommunikasiemedium en heersende taal speel eweneens 'n groot rol. Vereenvoudig kan dit so voorgestel word:

### 7. Slot

Ons wil die Here na liggaam, siel en gees liefhê en dien. Dit vra dat ons in erediensliturgie en in die liturgie van die lewe ou en bestaande tekens, simbole en rituele sal herontdek en dat ons ook nuut, relevant en gefundeerd sal skep.

### 8. AANBEVELING

**Die sinode neem die studiestuk in behandeling.**

### A2.6.3 EKKLESIOLOGIE: PRAKTIESE GEMEENTE-WEES VANDAG

#### 1. PROBLEEMSTELLING

Dit blyk uit die verslag van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening (AKG): *Buitelyne van 'n Gereformeerde gemeentelike ekklesiologie: 'n Gespreksdokument* (Bylae A.8.1 – sien tweede bylae aan die einde van dié dokument) aan die vorige Algemene Sinode 2002, dat daar 'n wye behoefte is aan duideliker riglyne oor die wyse waarop ons kerk van die Here Jesus Christus in ons land moet wees.

Die politieke en sosiale oorgangsproses in ons land en die internasionale tydsgees tendense (modernisme en sekularisasie, postmodernisme en relativering) kan maklik lei tot 'n diepgaande kerklike onsekerheid.

Gekoppel aan die grootskaalse struktuurveranderinge in die NGK Oos-Kaapland kan dié onsekerheid tot kerklike verlamming en verstrikking lei. Gemeentes kan dan óf teruggryp na uitgediende denkwyses óf lukraak alternatiewe kerkmodelle aanhang wat wel op die korter termyn voordele kan inhou, maar op die langer termyn independentisme in die hand kan werk.

#### 2. BASIESE VERTREK PUNTE

Die Algemene Sinode het 20 stellings (vgl A2.6.3.1 hierna) aanvaar as uitdrukking van wat ons glo van die kerk. Die stellings is opgebou uit insigte uit die ekumene, die Reformasie en nuwere insigte uit die kerklike nadenke in die 20ste eeu. Dié stellings geniet nie die status van ons belydenisskrifte nie, maar is bedoel as gesprekspunte aan die hand waarvan ons as kerk duideliker rigting aan gemeentes en lidmate kan gee.

Daaruit is 20 konkretiserende riglyne (vgl opsomming in eerste bylae van dié dokument) gemaak wat gemeentes kan begelei in die vernuwing van hulle bediening. Dié stellings funksioneer as riglyne wat in enige beplanning van leraars, kerkrade, kommissies en bedieninge asook ringe gebruik kan word.

Die NGK Oos-Kaapland het reeds die uittreksel uit die Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels) oor die kerk “**een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges**” aanvaar as teologiese vertrekpunt vir ons visie op kerkwees. Dit sluit direk aan by van die stellings van die Algemene Sinode en verteenwoordig ons eie stempel op die wyse waarop ons as verband in die Oos-Kaap werk..

Wat nou nodig is, is om 'n praktiese model vir gemeentes te ontwikkel, aan die hand waarvan alles wat in gemeentes gebeur op 'n verantwoorde manier deurdink en beplan kan word. Dit sal voorkom dat gemeentes óf vasval en verstrik raak in 'n bepaalde manier van doen óf vervorm en verbandvreemd begin ontwikkel.

Dié model sal egter ook nie direk praktiesvoorskriftelik kan wees nie. Die wydste moontlike variasies vir gemeentes se funksionering moet moontlik gemaak word, sodat hulle kerk van die Here Jesus Christus kan wees binne hulle eie konteks en verstaan van God se opdrag en roeping.


#### 3. PRAKTIESE MODEL

Die gemeenskaplike kern van kerk-wees soos die velerlei stemme in die Nuwe Testament dit uitspel, lê in die kerk se verhouding met die drie-enige God. Dit kom in vier sake tot uitdrukking: ons belydenis oor God self, ons unieke identiteit, ons unieke roeping en ons unieke bediening.

Ons kan die vier sake ook uitdruk met die volgende vier vrae:

- \* **Wie is God?** (belydenis – Vader, Seun, Gees)
- \* **Wie is ons?** (identiteit – waardes, karakter)
- \* **Wat is ons roeping?** (visie – taak binne ons konteks)
- \* **Hoe is ons veronderstel om die roeping uit te voer?** (bediening – dissiplines)

Hierdie vier vrae vorm die basis van die diagrammatiese model wat hieronder weergegee word:





## A2.6.3: EKKLESIOLOGIE : PRAKTIESE GEMEENTE-WEES VANDAG

Gemeentes, kerkrade, kommissies en ringe kan die model gebruik om indringend te besin oor die wyse waarop hulle die bedieninge in hulle eie kontekse struktureer. Die volgende opmerkings kan as riglyn dien:

### 3.1 Wie is God?

**Die eerste vraag koppel ons kerkbegrip aan ons Godsbegrip.** Niks kan meer basies wees nie as om dié vraag deurlopend te vra en God te aanbid en te dien vir wie Hy is. As ons mense opgewonde wil maak oor die kerk, moet ons met hulle oor God praat.

**Vir dié gesprek is die belydenis van die Drie-eenheid belangrik,** omdat dit verhoed dat ons te simplisties oor God praat. Dit verseker dat as ons byvoorbeeld oor onderlinge gemeenskap tussen gelowiges praat, ons dit doen vanuit die gesprek oor die gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Dit help ons om ruimte te maak vir diversiteit sonder om die onderlinge verbondenheid te misken.

**Die eerste vraag is telkens ook 'n basiese vraag as ons oor die res van die vroe gesels.** "Wie ons is?" (die tweede vraag) kan ook gevra word as "Wie s'n is ons?". Ons roeping (derde vraag) kan ook as die Missio Dei (God se sending) vertolk word. Ons dissiplines (vierde vraag) kan ook vanuit die verhouding met God beredeneer word.

### 3.2 Wat is ons roeping?

**Die tweede en derde vraag het met die kern van ons kerkbegrip te make.** Die antwoorde op die twee vrae is nie altyd so duidelik sigbaar in die spesifieke bedieninge van 'n gemeente nie. Dit bepaal egter ons waardes en ons visie en daarom in afgeleide sin ook ons bedieninge. Die antwoorde op dié twee vrae dien dus as teologiese meetinstrumente waaruit ons die sigbare dissiplines van ons bedieninge kan beoordeel. As ons byvoorbeeld iets verstaan van ons identiteit as *een* (heilige, algemene, Christelike) kerk, kan ons moeilik verdeeldheid in die kerk in terme van strukture verdedig op enige ander grondslag as ons belydenis. As ons iets verstaan van ons identiteit as *algemene* kerk, kan ons met groot entoesiasme ekumeniese strukture ontwikkel om ons roeping in die wêreld na te kom.

**Die derde vraag is die beste invalshoek om 'n gesprek in 'n gemeente te begin.** Die vraag het te make met ons roeping as kerk in die werklikheid van ons eie omgewing (konteks). Dit word gevorm uit God se droom vir die wêreld, waaraan ons ons in konkrete doelwitte verbind. Ten diepste gaan dit oor die vraag, wat God van ons as kerk verwag om te doen. Dit moet altyd gekoppel word aan 'n gereelde demografiese analise van die samelewing wat ons bedien (byvoorbeeld deur die Eenheid vir Godsdiens-Demografiese Navorsing – EGDN).

**Die drie-voudige verlossingswerk van Christus as profeet, priester en koning dien as**

**omvattende indeling van wat God ook van sy kerk verwag.** As medewerkers en getuies roep God ons om ook profete, priesters en konings vir mekaar en ander te wees. Dit beteken dat Hy ons roep en stuur om sy drievoudige taak in die wêreld verder te voer:

\* as **profete** mag ons die kennis van sy evangelie versprei oor die wêreld;

\* as **priesters** mag ons sy genadige liefde deurgee aan almal in nood en

\* as **konings** mag ons publieke getuienis aflê oor reg, versoening, vrede en billikheid (vgl Miga 6:6-8).

### 3.3 Wie is ons?

**Die tweede vraag is gewoonlik moeiliker om te beantwoord. Dit het te make met ons waardes en ons selfverstaan.** Ons glo dat die kerk sy oorsprong in God het en daarom aan Hom alleen behoort. Dit gee ons geborgenheid en sekerheid. Dit beteken ook dat ons gedrag en besluite moet wys dat ons aan God behoort. As beeldraers van God moet die wêreld dus iets van God in ons en ons optredes sien. 'n Stel gedeelde kernwaardes kan 'n sentrale deel vorm van die verbintenis van 'n gemeente, kerkrade of kommissie.

### 3.4 Hoe is ons veronderstel om die roeping uit te voer?

**Die antwoorde op die vierde vraag is gewoonlik die mees sigbare van ons werk in die wêreld.** Waar te veel kreatiwiteit in ons roepingsverstaan maklik tot verskraling van ons kerkwees kan lei, is dinamiese en kreatiewe inkleding van ons bedieninge noodsaaklik om die eise van ons onderskeie omgewings te kan beantwoord.

**Ons glo dat die kerk deur die Heilige Gees gelei, bekragtig en vergesel word in die wyse waarop ons ons bedieninge uitvoer.** Dit beteken dat ons in die eerste plek in

## A2.6.3: EKKLESIOLOGIE : PRAKTIESE GEMEENTE-WEES VANDAG

gebedsafhanklikheid ons bedieninge moet struktureer en ons dissiplines moet uitvoer.

**Die Gees gee aan die kerk 'n aantal unieke heilsgawes (Woord, sakramente, leierskap, lidmate met gawes, samekomste, roeping) met die oog op die uitvoering van ons taak.** Die gawes is nie beperkend nie, maar bedoel om op dinamiese wyse die bedieninge van die kerk te bevorder. Alle lidmate deel in die gawes en alle lidmate moet gehelp word om verantwoordelik te dien tot eer van God en uitbreiding van sy koninkryk.

**Die Gees skakel ons in by sy heilswerk in die wêreld as ons gehoorsaam leef binne vier unieke heils- of geloofsdissiplines:**

- \* leitourgia (erediens),
- \* kerugma (praktyke rondom die Woord),
- \* koinonia (onderlinge sorg en steun),
- \* diakonia (diens aan mekaar en ander).

**Daar is 'n breë konsensus dat ons met hierdie vier dissiplines of praktyke die volle reikwydte van ons Christelike dienswerk kan omskryf.** Die voorwaarde is dat ons dit wyd interpreteer en weet dat dit in verskillende vorme kan voorkom. Die meeste gemeentes in die Nuwe Testament het hierdie vier praktyke op die een of ander manier beoefen.

### 4. Prosesbenadering

Hierdie bedieningsmodel veronderstel dat gemeentes nie statiese institute is wat vir tyd en ewigheid dieselfde bly nie. Dit veronderstel ook dat die wêreld nie dieselfde bly nie en dat gemeentes se bedieninge moet verander om die evangelie effektief in nuwe omstandighede te kan bring.

Gemeentes word dus aangemoedig om hierdie praktiese model deurlopend te gebruik, ten minste in 'n jaarlikse siklus. Die volgende opmerkings kan as riglyn dien:

\* **Visie:** Daar kan met 'n visie-naweek/dag begin word aan die hand van die praktiese model, wat opgevolg word deur gereëldede terugvoering deur die jaar. Voorbidding staan sentraal.

\* **Storie:** Ons moet telkens dieper kyk na ons gemeentes se storie om die probleme en die geleenthede te kan identifiseer en daarop te reageer. So veel as moontlik lidmate moet daarby betrek word. 'n Storie-muur kan gebruik word. Ringsfasiliteerders kan hiermee behulpsaam wees.

\* **God:** Ons moet altyd besig wees om uit te vind wat die Here van ons verwag in ons omgewing. Dit veronderstel om na God te luister en saam sy Woord te lees. Alle kleingroepe en eredienste moet op God en sy wil vir ons lewe fokus.

\* **Omgewing:** Ons moet op die uitkyk wees vir plekke en persone waar God besig is om te werk (brandende bosse!). Dit veronderstel ook deurlopende navorsing van ons omgewing om knelpunte en geleenthede te identifiseer. Bedieninge wat spesifiek hieraan aandag gee, sal die proses glad laat verloop.

\* **Beplan:** Ons moet planne uitwerk in lyn met die praktiese model hierbo, maar altyd gereed wees om te verander indien die omgewing verander. Die planne moet met almal in die gemeente gedeel word om betrokkenheid te verseker.

\* **Implementeer:** Ons moet ons planne implimenteer byvoorbeeld deur taakspanne en die prosesse gereëld evalueer om aan te pas by veranderinge. 'n Rigtinggewende koördinerende taakgroep kan die gemeente help om die proses te begelei en strategies te bestuur.

**Kommunikasie:** Die uitkomste van die proses moet op 'n verskeidenheid van kreatiewe maniere aan almal gekommunikeer word om die momentum te behou. Lidmate moet bemagtig word om betrokke te raak.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die sinode moedig gemeentes, kerkrade, kommissies sowel as ringe aan om hierdie praktiese model vir gemeentefunksionering in 'n prosesbenadering te gebruik.**

**5.2 Die sinode moedig ringe aan om genoeg tyd in te ruim vir gemeentes om hulle stories op 'n jaarlikse basis te deel met die oog op bemoediging en ondersteuning.**

**5.3 Die sinode moedig ringe aan om deurlopend aan die Deskundige Lid vir Gemeentebediening verslag te doen oor gemeentestories uit hulle gebied wat as voorbeelde vir die res van die sinode kan dien. Dit kan ook gebruik word as basis vir verdere navorsing om gemeentes en ringe te help om nog meer effektief te funksioneer.**

### A2.6.3.1 BUITELYNE VAN 'N GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE

#### 1. OPDRAG EN REDES VIR DIE VERSLAG

In die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening (AKG) is daar die afgelope klompie jare meer kere gepraat oor die behoefte aan duideliker riglyne wat betref 'n Gereformeerde gemeentelike ekklesiologie. In 'n tyd waarin al meer gemeentes groot skuiwe in hul strukture en bedienings maak, het die vraag na duideliker kontoere en riglyne al dringender geword. Die vraag was deurentyd: aan watter aspekte van die gemeentelike bediening en strukture kan daar met meer vrymoedigheid verander word en waarmee moet ons versigtig wees?

Hierdie verslag is 'n poging om 'n verantwoordelike gesprek oor dié saak te inisieer. Ons weet dat 'n mens binne die bestek van so 'n verslag onmoontlik aan alle vrae aandag kan gee. Ons dink ook nie dat daar oor alle kwessies net een regte antwoord is nie. Ons was van oordeel dat ons die gesprek die beste gaan dien as ons:

- \* 'n klompie wesenlike bybels-teologiese uitgangspunte vir 'n gemeentelike ekklesiologie stel (wat waarskynlik op meer as een manier gekonkretiseer kan word), en

- \* daarvanuit sekere aanbevelings maak oor die toekomstige bediening en gemeentelike inrigting in die NG Kerk.

Ons is bewus daarvan dat die situasie van “eksperimentering” en van groeiende verskille tussen gemeentes vir baie mense ontstellend en selfs onbegryplik is. Sonder om dit goed te praat, oordeel ons dat daar sekere faktore is (sommige buite ons beheer) wat aanleiding gegee het tot hierdie situasie van kerklike onsekerheid. 'n Goeie begrip van die faktore kan ons help om die situasie beter te verstaan en om beter besluite te neem oor hoe ons dit moet hanteer.

Die volgende faktore het sekerlik 'n rol gespeel:

Die politieke en sosiale oorgangsproses in die land het die Kerk en sy gemeentes op meer vlakke in 'n totaal nuwe situasie geplaas. Die Kerk het nie alleen van sy mag en aansien verloor nie, maar word tans uitgedaag om sy hele rol en taak in die nuwe situasie te herdefinieer.

Daar is internasionale tydsgees-tendense (mense praat van modernisme en postmodernisme) wat kerke wêreldwyd affekteer en byvoorbeeld in Europa tot 'n grootskaalse kerkverval gelei het. Veral na 1990 voel ons al meer van dié invloede, ook in Suid-Afrika:

- \* 'n sterk afname aan algemene godsdienstigheid (veral georganiseerde godsdienste)

- \* 'n sterk weerstand teen groot, formele organisasies

- \* 'n terughoudendheid ten opsigte van lang verbintenisse, selfs teen verbintenisse van enige aard

- \* 'n huiwering ten opsigte van finale antwoorde en waarhede, en

- \* 'n groeiende waardering vir diversiteit en pluraliteit.

Dit is nie moeilik om te sien dat hierdie faktore mettertyd tot ingrypende veranderinge in mense se godsdienstige en kerklike betrokkenheid kan lei nie.

Hierdie faktore (en waarskynlik ook nog ander) veroorsaak dat kerke meer as ooit sukkel om hul jeug vir die kerk te behou. Intergenerasie-verskille in benadering, styl, musieksmaak, ensovoorts, het baie gemeentes genoop om groot aanpassings in hul bedienings en styl te maak – in 'n poging om hul jeug te akkommodeer.

#### 2. WAT ONS GLO VAN DIE KERK: 20 STELLINGS

Ons uitgangspunt by die formulering van die onderstaande stellings was nie om alles te sê wat oor die Kerk gesê kan word nie. Die bedoeling was om belangrike teologiese en praktiese-teologiese uitgangspunte vir ons nadenke oor die kerk en gemeentes te formuleer.

Daar is besluit om dié stellings in drie groepe te verdeel:

(a) insigte wat ons deel met die ekumeniese kerk. [Dit gaan hier oor insigte wat in die eerste paar eeue van die kerk se bestaan reeds redelik duidelik uitgekristalliseer het en waaroor daar in

## **A2.6.3.1: BUITELYNE VAN 'N GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE**

die Christelike Kerk in die breë 'n redelike mate van konsensus bestaan.]

(b) insigte wat uit die tyd van die Reformasie kom. [In die tyd van die Reformasie is 'n paar baie belangrike insigte oor die kerk baie helder geformuleer. Dit lê in lyn met die insigte by a), maar is 'n uitbreiding en presieser formulering daarvan.]

(c) resente insigte. [Dit word redelik algemeen aanvaar dat die 20ste eeu baie belangrik was betreffende insigte oor die Kerk. In die derde afdeling word die mees wesenlike van die nuwere insigte aangedui.]

Dit is belangrik om te verduidelik dat 'n keuse vir 'n historiese lyn as basis vir die stellings nie teenoor 'n keuse vir 'n bybelse fundering van die ekklesiologie staan nie. Van al die stellings wat ons hier maak, is ons oortuiging dat dit pogings was juis om die Bybelse getuïenis oor die Kerk helder te formuleer vir die situasie waarin gemeentes geroep was om hul getuïenis te lewer. Dit sou nie moeilik wees om by elkeen van die stellings 'n redelik uitvoerige Bybelse fundering te gee nie.

### **A. INSIGTE WAT ONS DEEL MET DIE EKUMENIESE KERK**

#### **2.1 Ons glo dat die kerk sy historiese oorsprong vind in die Persoon en werk van Jesus Christus.**

Die kerk is 'n gemeenskap wat rondom Hom gevorm is – aangeraak deur sy verlossingswerk, aangegryp deur sy drome van 'n nuwe wêreld, en geroep tot 'n lewe van gehoorsame navolging van Hom.

Op 'n praktiese vlak beteken dit dat Christus, en Hy alleen, in die sentrum van die kerk staan en dat, in alles wat ons doen, ons voortdurend soek na sy wil, luister na sy woord en daarna streef om Hom in alles te verheerlik. Dit beteken ook dat die moederverhaal, waaruit die kerk leef, die verhaal van die Bybel en in besonder die verhaal van Christus is. Elke geslag van gelowiges het die verantwoordelikheid om die verhale nuut te lees en vir hulself die vraag te vra hoe hulle in hul geslag getrou aan die Jesus Christus van die Skrifte kan leef.

#### **2.2 Deur Christus is die kerk verbind aan die Drie-enige God van die Bybel – Vader, Seun en Gees.**

Ons glo dat die kerk aan die Drie-enige God alleen behoort en in verbondenheid met Hom bestaan. Die kerk is die volk van God, die liggaam van Christus en die tempel van die Gees. Alles wat ons is en doen – ons identiteit, ons missie en ons bediening – word deur hierdie verhouding bepaal.

Dat alles wat die kerk is en doen gedefinieer (behoort te) word deur sy verhouding met die lewende God, is die eerste en mees basiese

beginsel van kerk-wees. En die God van wie ons hier praat is die Drie-enige God wat ons in die Ou en Nuwe Testament leer ken as Vader, Seun en Gees. 'n Veelheid van metafore en ander uitdrukkings in die Skrif beskryf hierdie verhouding in sy veelkantigheid. Die drie uitdrukkings waarna spesifiek in die stelling hierbo verwys word, word dikwels saam gebruik as 'n aanduiding van die kerk se noue verbintenis aan die Drie-eenheid.

#### **2.3 Ons glo saam met die ekumeniese kerk dat hierdie kerk “tot die einde daar sal wees”.... ”omdat dit deur God bewaar word teen die woede van die wêreld”.**

Hoewel ons op vele vlakke anders as Rome oor die kerk praat en makliker die foute en feilbaarheid van die kerk en sy ampte erken, verskil ons nie van hulle oor hoe ons dink oor die noodsaaklikheid van die kerk en die uiteindelijke bewaring van die kerk nie. Hoewel spesifieke historiese kerke kan wegbeweeg van die wil van God en so onder die Here se oordeel kom, wéét ons dat daar altyd 'n Kerk van Christus sal wees om die Evangelie verder te dra.

#### **2.4 Omdat God self die kerk gekies, geroep en gevorm het en Homself ewig aan die kerk verbind het, staan almal wat in die Drie-enige God glo, onder die verpligting om hulle by sy liggaam te voeg.**

Ons verstaan wat Cyprianus bedoel het toe hy gesê het dat daar geen saligheid buite die kerk is nie. Die kerk is ons moeder wat ons in die lewe bring en waarsonder ons nie kan leef nie

#### **2.5 Ons glo dat die kerk geken word aan vier eienskappe naamlik eenheid, heiligheid, katolesiteit en apostolisiteit.**

Hoewel hierdie eienskappe nooit op aarde volkome in 'n kerk gestalte sal kry nie, behoort 'n drif vir hierdie sake ten minste by ons aanwesig te wees.

## **A2.6.3.1: BUITELYNE VAN 'N GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE**

Dit is 'n uiters belangrike winspunt dat feitlik alle kerke wêreldwyd die ekumeniese geloofsbelydenisse (Nicea en die Apostolicum) onderskryf waarin ons hierdie vier eienskappe van die kerk aantref. Hoewel daar meningsverskil mag wees oor die presiese interpretasie van die vier eienskappe, is dit 'n uiters belangrike gesprekspunt tussen die kerke dat ons almal saam hierdie siening op die kerk deel.

### **B. INSIGTE VAN DIE REFORMASIE**

Die Reformasie was in sy wese 'n kerkhervormingsbeweging en, in dié tyd is daar opnuut grondig oor die kerk besin. Ons het 'n hele klompie fundamentele insigte oor die kerk en die bediening van die evangelie uit dié tydperk geërf.

**2.6 Ons mag nooit die kerk so vereenselwig met God en die heil dat die kerk 'n heilsinstituut word wat bo menslike kritiek verheve is nie.**

Die Reformatore het deurentyd beklemtoon dat die kerk 'n menslike kant het wat daartoe lei dat dit 'n feilbare instituut is wat foute kan maak en wat nie bo sonde verhef is nie.

Hierdie insig, naamlik dat ons nooit 'n historiese instituut (soos 'n bestaande kerk of gemeente) bo kritiek mag verhef nie, het mettertyd bekend geword as die Protestantse beginsel. Ongehoorsaamheid, sonde en kerkverval is realiteite wat in kerke kán plaasvind.

**2.7 Ons moet van die kerk nie iets belangriker maak as wat dit is nie.**

Die kerk is nie self deel van die heil nie, maar 'n instrument en vertoonvenster (teken) van die heil (Calvyn). Wat veel belangriker is, is God self en sy Evangelie, die koms van sy Koninkryk in hierdie wêreld en die heilswerk van die Gees in die lewe van mense. Die doel van die kerk is om God en sy werk te dien.

Dit is waarom Protestante verstaan wat 'n mens bedoel as jy praat van die "relatiewe onbelangrikheid van die kerk". Die kerk staan nooit voorop in ons kerklike lewe nie; dit gaan vir ons primêr oor die Drie-enige God en oor sy koninkryk. Dit beteken ook dat as 'n mens soek na kerkvernuwing of kerkherstel, ons nie in die eerste plek met mense oor die kerk moet praat nie, maar oor God en oor sy Koninkryk. Die kerk word vernuwe wanneer mense 'n nuwe visie op God en die Evangelie kry.

**2.8 Die kerk word vergader rondom die waarheid van die Evangelie (ook genoem die belydenis of die apostoliese geloof).**

Ons vind hierdie Evangelie alleen in die Skrif; dit word in ons harte bevestig deur die Heilige Gees en word so 'n persoonlike geloofsoortuiging wat 'n diepe sekerheid meebring. Daarom glo ons dat die kerk se eerste taak nie is om mense emosionele ervarings te laat beleef nie, maar om

hulle te help om die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus te ontdek en te glo

Hoewel daar in Gereformeerde Kerke groot ruimte behoort te wees vir ervaring en emosie, is dit so dat die waarheid van die Evangelie die fondament van ons geloof in die Drie-enige God is. Ervaring en emosie raak gevaarlik as ons ons geloof daarop begin grond.

**2.9 Die Reformatore het daarom so 'n sentrale rol aan die Woord van die Here toegeken en beklemtoon dat 'n baie groot deel van ons werk in die kerk te doen het met die lees, die verkondiging, die uitleg en die toepassing van die Woord van God in ons lewens.**

Hulle het geglo dat die Gees van die Here die kerk skep, opbou, heilig, en stuur deur die werking van die Woord.

**2.10 Hulle het geglo dat hierdie verkondiging van die Woord veral op drie maniere plaasvind naamlik deur die prediking, die bediening van die sakramente (Nagmaal en Doop) en die onderlinge troos en vermaning (tug).**

**2.11 Die bediening van die Woord deur die drie heilsmiddele of merktekens is 'n menslike proses waardeur die Gees werk.**

Die menslike kant van die proses plaas die onus op ons om dit so goed en getrou as moontlik te doen. Die werk van die Gees maak nie ons menslike insette in die kerk onbelangrik nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om ons dienswerk so verstandig, wys, gehoorsaam en getrou as moontlik te doen.

Daar is 'n groeiende besef dat mense dikwels die Reformatore se klem op die menslike kant van goeie kommunikasie onderskat het. Reformatore het nie net aandag gegee aan die

## **A2.6.3.1: BUITELYNE VAN 'N GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE**

waarheid nie, maar ook heelwat tyd spandeer aan die vraag hoe ons die waarheid ten beste aan mense kan kommunikeer.

### **2.12 Die Reformasie het ook 'n verbreding van die bediening en ampte meebring.**

Benewens die voltydse ampte van predikant en hoogleraar is daar ook, op grond van die Nuwe-Testamentiese getuienis, ruimte gemaak vir die ampte van ouderling en diaken. Hoewel daar ruimte behoort te wees vir leierskap, word verder ook aanvaar dat daar nie 'n vaste hiërargie aan die ampte gekoppel kan word nie. Daarbenewens is beklemtoon dat elke gelowige 'n lewensroeping (vocatio) van die Here ontvang (algemene priesterskap van alle gelowiges) het.

### **2.13 Die Reformasie was baie bewus van veranderende tye of situasies – wat kerke met nuwe uitdagings kan konfronteer en wat nuwe antwoorde van hom vra.**

Daarom het Gereformeerdes altyd ruimte gelaat vir nuwe Belydenisskrifte: die kerk kan in nuwe situasies gevra word om sy geloof in die Evangelie op nuwe maniere te bely. Dit beteken ook dat daar 'n prinsipiële openheid is vir nuwe bedieningsvorme of -strukture waarin die Evangelie gegiet kan word. In hierdie nuwe situasies, glo ons, word ons in ons nadenke gelei deur die waarheid van die Woord en deur die Skepper Gees (Creator Spiritus). Hierdie gereedheid vir nuwe situasies het uitdrukking gevind in die slagspreuk van die Reformasie: Ecclesia semper reformanda ('n kerk wat altyd gereed is om te reformeer).

### **2.14 Daar is redelike eenstemmigheid onder kenners dat die Reformatore die sosiale prosesse en die kommunikasiemiddele van hul tyd goed verstaan en goed gebruik het.**

Vertroue op die Evangelie en die Gees van die Here ontnem ons nie van die verantwoordelikheid om alles in ons vermoë te doen om die Evangelie so goed en duidelik as moontlik aan soveel mense en situasies as moontlik te verkondig nie.

## **C. MEER RESENTE INSIGTE**

Die 20ste eeu is deur vele teoloë en kerkleiers bestempel as “die eeu van die kerk”. Om 'n verskeidenheid van redes was die kerk dikwels in die fokus van nadenke en studie, en dit het gelei tot die formulering van 'n paar baie helder insigte oor die kerk en die lewe van die kerk.

### **2.15 Daar is in die 20ste eeu helderder as ooit tevore besef dat die kerk nie maar vir sigself mag leef nie, maar dat ons gestuur is om ander te dien en te help.**

Die kerk staan ten volle in die diens van God se missie (ook genoem die missio Dei) in hierdie wêreld. Daarom is elke gemeente 'n missionêre gemeente.

### **2.16 Daar is 'n groeiende konsensus – selfs oor staande konfessionele grense heen – dat die kerk 'n drievoudige taak (of missie) het, naamlik**

\* om die kennis van die Evangelie aan alle mense te verkondig (sending en evangelisasie), om na alle mense in \* nood uit te reik met die genadige liefde van Christus, en  
\* om getuienis te lewer en op te staan vir reg, versoening en vrede – in die kerk, maar ook op die publieke terrein.

### **2.17 Die Reformasie se verbreding van die amp sal nog 'n ronde verder gevoer moet word: alle gelowiges het gawes ontvang met die oog op dienswerk in, en buite, die gemeente.**

Die werklike bediening van die kerk is nie die bediening van die ampte aan die lidmate nie (dit is toerusting met die oog op dienswerk), maar die bediening van die (“gewone”) gelowiges aan, en in, die wêreld. Hoewel die Reformatore dit gesien het en in beginsel erken het, sal ons veel meer as hulle hierdie dienswerk van gelowiges in die sentrum van ons kerklike lewe moet plaas.

### **2.18 In die 20ste eeu is die belangrikheid van die eenheid van die kerk opnuut weer besef.**

Dit was juis die herontdekking van die sendingtaak van die kerk, en die besef dat die verskeurdheid van die kerk ons getuienis ongeloofwaardig maak, wat daartoe gelei het dat met nuwe erns gesoek is na die eenheid van die kerk. Die eenheid van die kerk het te doen met sy wese omdat dit die identiteit van die kerk naamlik sy verhouding met die Drie-enige God raak.

### **2.19 Aan die einde van die 20ste eeu word opnuut besef dat ons nie die lokale en ekumeniese gestaltes van die kerk teen mekaar moet afspeel, of die kerk tot die een of ander gestalte moet probeer reduseer nie.**

## **A2.6.3.1: BUITELYNE VAN 'N GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE**

Die kerk het ten minste vier gestaltes wat al vier onmisbaar is vir die getuienis wat oor die wyer front van die lewe gelewer moet word, naamlik die ekumeniese kerk, die streekskerk (of denominasie), die plaaslike gemeente, en die (informele) getuienis van individuele gelowiges of groepe gelowiges. Ons kan sê dat al vier hierdie gestaltes van kerkwees onontbeerlik is vir die lewe van die kerk.

**2.20 Ons getuienis oor die andersheid van die Kerk sal spesiale gestalte moet kry daarin dat ons liefde groter, sensitiewer, diensvaardiger, geduldiger, genadiger en sterker sal wees as die gewone liefde van mense.**

As ons aan ons Heer getrou wil wees, sal ons moet leer om mense lief te hê soos Hy hulle liefgehad het. Ons sal meer krities moet raak oor die gebruik van mag in die kerk. Die krag van die Evangelie het alles te doen met die krag van onvoorwaardelike, selfopofferende liefde. Daar word aanvaar dat die manier waarop 'n kerk onder andere met spesifieke groepe soos kinders, vroue, "vreemdelinge", armes en vyande werk, hulle dieper begrip van die unieke liefde van Christus op 'n baie duidelike manier weerspieël.

### **3. KONKRETISERING: 20 RIGTINGGEWENDE RIGLYNE OOR DIE TOEKOMS VAN DIE BEDIENING IN DIE NG KERK EN SY GEMEENTES**

Vanuit die stellings gee ons hieronder 'n klompie konkrete riglyne vir die NG Kerk en in sy gemeentes. Die riglyne, kan saam met die stellings, by verskillende forums in die breër kerk en in die gemeentes vir bespreking en oorweging voorgelê word.

#### **3.1 Identiteit: ons behoort aan God alleen**

Dit is belangrik dat die NG Kerk op allerlei maniere sal moet bevestig – na buite, maar veral ook na binne – dat ons ernstig is oor ons identiteit as 'n kerk wat aan die Drie-enige God alleen behoort. Dit gaan onder andere van ons vra dat ons duidelike besluite neem oor 'n prinsipiële openheid ten opsigte van taal, kultuur en sosiale groeperinge, en dat ons ons diepe verbintenis aan die eenheid van die kerk in die praktyk sal waarmaak. Rondom die Christelike identiteit van kerke geld die reël dat kerke se standpunte ten opsigte van die eenheid van die kerk, een van die heel beste barometers van hul uniek Christelike identiteit is.

#### **3.2 Die kern van die saak: om ons roeping nou en hier te verstaan**

Die kerk bestaan nie ter wille van homself nie, maar ter wille van God en die koms van koninkryk in hierdie wêreld. Die vraag na die identiteit van die kerk kan nooit losgemaak word van die vraag na die kerk se taak of missie nie naamlik as ons die Here werklik liefhet, sal ons ook doen wat Hy van ons vra. En Hy vra van ons om vir mense in alle soort nood om te gee – soos Hy vir hulle

omgee. Daarom het die NG Kerk nie 'n ander keuse as om daadwerklik by die groot kwessies van die land soos armoede, vigs, versoening, geregtigheid, morele heropbou, opvoeding (onderwys) en veiligheid, betrokke te raak nie.

#### **3.3 Oor die belangrikheid van gemeentes**

**3.3.1** In 'n tyd waarin mense soms twyfel oor die verskil wat gemeentes kan maak as draers van die evangelie, wil ons ons oortuigings dat gemeentes die basis van die kerk is, bevestig. Gemeentes is nie net die ruimte waarin ons persoonlike geloof gevoed en versterk word nie, dit is ook die grondslag waarop alle aktiwiteite van die breër kerk en ekumene steun.

**3.3.2** 'n Dieptestudie oor hoe gemeentes in die tyd van die Nuwe Testament en in die geskiedenis van die kerk gefunksioneer het – waarin spesifiek gekyk word na hoe sake soos die identiteit, taak, bediening, strukture, leierskap, grense, grootte, funksionering, ens hanteer is – sou ons kon help om nuwe energie en planne vir ons werk in gemeentes te kry.

#### **3.4 'n Gemeenskap van hoop**

Omdat ons geloof gegrond is in die Opstanding van Christus, is die kerk in sy diepste wese 'n gemeenskap van hoop. Om hierdie hoop lewend te hou, om dit daagliks nuut te sien en nuut te verkondig – dit terwyl ons self daaruit leef – is die basis van alle ander werk wat ons in die Naam van Christus probeer doen. As ons die hoop verloor het, bly daar min van ons boodskap oor.

#### **3.5 Konfessionele identiteit: 'n gereformeerde kerk met meerdere spiritualiteitsstyle**

Ons sal ook duidelik rigting moet gee ten opsigte van ons konfessionele identiteit. Ons sal moet bevestig dat ons 'n gereformeerde kerk is en wil wees. Ons erken ook met dankbaarheid dat die gereformeerde tradisie 'n breedheid in hom het wat meerdere modaliteite binne een kerk

## **A2.6.3.1: BUITELYNE VAN 'N GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE**

moontlik maak. Hoewel dit herkenbaar is aan sekere trekke, het gereformeerdeheid nog nooit oral presies dieselfde gelyk nie.

### **3.6 Eredienste waarin God ontmoet word**

Ons glo dat die erediens die hart van die gemeentelike lewe vorm. Sonder eredienste waar lidmate ervaar dat hulle in die teenwoordigheid van God kom, deur Hom ontmoet word en sy genadige, helende, bevrydende Woord hoor, kan 'n gemeente nouliks gehoorsaam leef. Ons sal onself eerlik moet afvra of ons eredienste sulke plekke is en alles in ons vermoë doen om dit sulke plekke van ontmoeting te maak.

### **3.7 Prediking waarin die Woord van God gehoor word**

In 'n kerk van gereformeerde belydenis, speel die prediking altyd 'n belangrike rol. Terwyl die eredienste liturgies verryk moet word, mag dit nie ten koste van die prediking wees nie. In 'n nuwe era waarin mense anders dink en anders kommunikeer as 'n dekade of twee gelede sal ons onself opnuut moet afvra hoe ons die Woord van God met al sy seënende, helende en vernuwende krag, aan vandag se lidmate getrou kan verkondig.

### **3.8 'n Persoonlike verhouding met God**

Die soort evangeliese gereformeerdeheid waarmee deur die jare in die NG Kerk gewerk is, het nog altyd die belangrikheid van 'n persoonlike verhouding met die Lewende Christus beklemtoon. Ons mag hierdie klem nie verloor nie – dit is 'n wesenlike deel van ons evangeliese geloof. In 'n tyd waarin individualisme hoogty vier, sal ons moet toesien dat mense se persoonlike geloof voortdurend gebalanseer, versterk en selfs gekorrigeer word deur ons gemeenskaplike geloof in Christus.

### **3.9 Ruimte vir gesonde verskeidenheid**

Ons sal die realiteit van 'n groeiende verskeidenheid in styl en bediening in die kerk – tussen gemeentes en in gemeentes – moet hanteer. Ons oordeel dat dit nie as 'n probleem gesien hoef te word nie, mits ons kan afsprek dat 'n breër verstaan van die Gereformeerde tradisie die parameters daarvoor bied. Ons meen dat dit goed kan wees as daar binne hierdie parameters styl en bedieningsverskille tussen gemeentes kan wees omdat dit ook iets van die verskeidenheid in ons gemeenskap reflekteer.

### **3.10 Meer maak van onderrig**

'n Belangrike voorwaarde vir die ontwikkeling van 'n gesonder pluraliteit in die kerk is dat ons lidmate 'n beter en dieper insig in die waarhede van die Skrif en die evangelie sal hê. Gereformeerde kerke het groot moeilikheid as die Bybel verwaarloos word en die regte leer van die evangelie nie meer voldoende aandag kry nie. Daar sal dringend aan die rol van onderrig in die kerk aandag gegee moet word.

### **3.11 Ruimte maak vir die gewes en bediening van lidmate**

Ons sal moet ruimte maak vir 'n sterker bediening van lidmate en vir groter inspraak van lidmate in die leierskap van die gemeente en van die kerk in die breë. Een van die duidelikste lesse van die twintigste eeu is dat kerke wat hierdie skuif kon maak, sterk en doelgerig groei.

### **3.12 Vroue het 'n wesenlike rol in die kerk**

Daar moet 'n doelbewuste poging aangewend word om vroue sterker in die leierskap van die kerk te betrek. Vroue het deur die eeu 'n geweldige rol gespeel in die bediening van die kerk, maar was tot 'n hoë mate uitgesluit van die leierskap. Ons is van oordeel dat 'n sterker teenwoordigheid van vroue in die leierskap van die kerk (op alle vlakke), 'n positiewe effek na vele kante kan hê.

### **3.13 Evangelisasie en nuwe gemeente-ontwikkeling**

Die NG Kerk sal meer kreatief moet dink en meer moeite moet doen in verband met evangelisasie en nuwe gemeente-ontwikkeling. Om 'n verskeidenheid van redes is daar die afgelope twintig jaar op hierdie vlak weinig gedoen. Ons meen dat dit nie 'n goeie teken is nie. Die reël hier is dat ons erns om die evangelie te deel met mense wat dit nie glo nie, ook iets weerspieël van ons eie geloof in die evangelie self.

### **3.14 Openheid vir nuwe bedieningsvorme**

Dit is baie belangrik dat daar 'n openheid sal wees in die soeke na 'n eietydse vorm en styl vir ons Christelike en Gereformeerde geloof. Die steeds veranderende situasie in die wêreld en in ons land, maak dit noodsaaklik en ons gereformeerde tradisie laat bewustelik ruimte daarvoor. Ons glo dat die Skeppergees in nuwe situasies en met nuwe uitdagings ons kan help om nuwe planne te maak en self 'n nuwe vorm of



## **A2.6.3.1: BUITELYNE VAN 'N GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE**

beslag aan die planne te gee. Hierdie bereidheid om na nuwe kultuurvorme te kyk, is veral noodsaaklik as ons ons kinders wil behou en ook die NG Kerk toeganklik wil maak vir mense van ander kultuur-, bevolkings- en sosiale groepe.

### **3.15 Herbedink ons publieke getuienis in 'n nuwe situasie**

Ons sal daarna moet soek om op 'n nuwe manier werk te maak van ons publieke getuienis – aan die staat, maar ook aan alle ander publieke sektore. Ons sal dit krities, maar ook konstruktief moet probeer doen. Die kerk sal ook sy eie publieke funksie moet herwaardeer en opnuut opneem. Ons glo dat die kerk 'n wesenlike rol te speel het in verband met 'n hele paar van die groot kwessies wat die toekoms van ons land bedreig. Terwyl nie alle aspekte van hierdie publieke rol reeds vir ons duidelik is nie, weet ons een ding redelik seker - ons sal dit saam met ander kerke moet doen as ons 'n betekenisvolle verskil aan die situasie wil maak.

### **3.16 Groter sensitiwiteit vir ons lidmate en hul leefwêreld**

Ons sal moet leer om nader aan ons lidmate kerk te wees. Dit beteken dat die leierskap van die kerk meer tyd sal moet neem om te luister na die lidmate en 'n groter sensitiwiteit vir die werklikhede van hulle lewens sal moet hê.

### **3.17 Ontwikkeling van leierskap**

Dit is duidelik dat leierskap (op verskillende vlakke: breër kerk, gemeentepredikante en ander gemeentelidmate) 'n baie belangrike rol speel in die gesonde funksionering van die kerk en van gemeentes. Terwyl ons veel moet maak van algemene leierskapsontwikkeling en toerusting in die kerk, sal ons ook duidelikheid moet kry oor die unieke identiteit en rol van Bybelse leierskap.

### **3.18 Koinonia: warmte, wedersydse versorging en aansporing**

Ons sal meer moeite as in die verlede moet doen om die vlak van koinonia in gemeentes te lig – deur sterk gesinsbande, kleingroepe, vriendskappe en deur baie aandag aan verhoudings te gee. Bybelse gegewens en empiriese navorsing bevestig dat die versorgende funksie van die kerk 'n baie belangrike rol speel in die behoud van lidmate en in hul motivering vir dienswerk aan ander.

### **3.19 Aanpasbare strukture**

Ons sal in die proses van vernuwing ook die strukture en vorme van ons gemeentelike lewe krities moet bekyk. Strukture het nie 'n lewe van hul eie nie, maar moet die bedienings en taak van die gemeente dien. Ons meen egter dat vernuwing nie daar begin nie. Kerkvernuwing begin by bedieningsvernuwing en nie by nuwe struktuurplanne nie. Strukture word aangepas en verander as hulle nie meer die bediening van die gemeente dien nie.

### **3.20 Herstel van ekumeniese bande en verhoudings**

Dit is goed dat die NG Kerk besig is om aandag aan die herstel van ekumeniese betrekkinge en samewerking met ander kerke te gee. Ekumene raak die wese van ons kerk-wees en beïnvloed die geloofwaardigheid van ons totale getuienis.

## **4. AANBEVELINGS**

### **4.1 Die sinode vra gemeentes om die studiestuk te gebruik as 'n basis vir verantwoordelike besinning oor vernuwing in die kerk.**

### A2.6.4 PUBLIEKE TEOLOGIE : DIE NG KERK EN SY OPENBARE ROL

1. Vanaf die middel van die vierde eeu toe die Christelike kerk amptelik staatskerk in die Romeinse Ryk geword het, tot en met die sestende eeu na die Reformasie, het die kerk as instelling 'n vanselfsprekende openbare gesag gehad en 'n uiters belangrike rol in die openbare lewe van politiek, regspleging, onderwys en ekonomie gespeel.

2. In die Westerse samelewing het hierdie situasie allengs verander weens 'n kombinasie van faktore wat dikwels as die opkoms van die modernisme beskryf word. Die modernisme was gekenmerk deur onder andere die volgende strominge:

\*'n skerp historiese bewussyn wat die vanselfsprekendheid van tradisies bevraagteken het en klem geplaas het op die bybel as bloot menslike boek

\*'n rasionalistiese instelling teenoor die waarheid wat die samehang tussen rede en geloof versteur en die mense se eie denke tot enigste rigshoer verhef het

\*'n individualisme wat met die "verligte mens" saamhang en die tradisionele kommunale samelewingsvorme laat verswak het .

Hiermee is die kerk in haar tradisionele gestalte uit die sentrum van die samelewing verplaas: die kerk se plek is eers ingeneem deur die raadhuys (politiek) en later die markplein (ekonomie). Godsdien is al hoe meer gesien as 'n saak van persoonlike keuse en private beoefening en die kerk het al hoe meer haar gesag oor sake van openbare belang verloor.

3. In Suid-Afrika het die Christelike kerke – hoewel nooit amptelik staatskerk nie – 'n baie belangrike rol in die openbare lewe gespeel sedert 1652. Alhoewel die NG Kerk vir meer as 160 jaar die enigste kerk met openbare eredienste aan die Kaap was, het SA 'n groot ekumeniese veelheid van kerke oor die jare gehuisves. In die strydjare vanaf 1960 het niemand getwyfel dat die stryd om die kerk inderdaad die stryd om ons land se siel en gees was nie. Daar is sonder meer aanvaar dat die kerk saakmaak en van openbare belang is.

4. Met die aanvaarding van 'n sekulêre liberale grondwet teen 1994 het SA die gees van modernisme omhels. Dit het die goeie vrug van die modernisme gebring: individuele vryhede gewaarborg in 'n regstaat (persvryheid, vryheid van beweging en assosiasie, godsdienstvryheid en vele meer) en ons laat deel in die gepaardgaande politieke stabiliteit. Hiermee saam het die wrange vrugte ook gekom: individualisme wat bloot op selfbelang ingestel is; keusevryhede wat sonder verantwoordelikheid beoefen word; skerper skeiding tussen kerk en staat met die verskuiwing van die kerk na die rand van die samelewing. Dis veral Afrikaanssprekendes wat binne enkele jare die tipiese trekke van moderniteit begin vertoon:

verlies aan tradisie, bevraagtekening van kerklike gesag, verskuiwing van godsdien na 'n meer private sfeer.

Hierdie ontwikkelings skep natuurlik vir die kerk in 'n moderne samelewing groot uitdagings en geleenthede. Daar moet nie bloot terugverlang word na 'n romantiese pre-moderne tyd en groot gesag nie. Ons sal nuut oor kerkwees en ons openbare rol moet dink.

5. Gelukkig hoef ons nie na "nuwe" trekke van die kerk te gaan soek nie. Die kerk se openbare karakter hang nou met haar belydenistrekke saam:

**5.1** In die **eenheid** van die kerk onderling en oor ekumeniese grense staan die openbare liefde van God vir die wereld in Jesus Christus op die spel.

Waar eenheid ontbreek, kan die wereld nie glo nie; waar eenheid gesoek en gestig word, openbaar die kerk in haar bestaanswyse die liefde van Christus.

**5.2** In die **heiligheid** van die kerk word gehoorsaamheid aan die wet van God en navolging van Jesus 'n openbare getuienis van God se ryk wat aan kom is in die wêreld.

Waar ons ongehoorsaam en onheilig lewe, verduister ons die evangelie en is ons soos niksword sout; waar ons as kerk en as gewone lidmate in ons alledaagse werk getrou is aan die Here, word die kerk 'n stad wat op 'n berg lê.

**5.3** In die **algemeenheid** van die kerk word 'n teken van God se heerskappy oor die hele wêreld opgerig.

## A2.6.4: PUBLIEKE TEOLOGIE: DIE NG KERK EN SY OPENBARE ROL

Waar die kerk weens eie redes geestelik agteruitgaan, verdring word, of haar deure sluit, rig ons kontratekens van die Godsyk op; waar die kerk nuut geplant en uitgebrei word, bevestig ons die Here se Koningskap.

**5.4** In die **Christelikheid** van die kerk word die barmhartigheid van God aan die wêreld duidelik.

Waar die kerk net in haarself gekeer aan oorlewing dink, gaan die visie van kerk-vir-ander verlore; waar die kerk op talle maniere prakties betrokke is by die nood van haar eie mense en haar omgewing, glo mense dat ons God waarlik lief het.

**6.** Die implikasies hiervan vir die NG Kerk in die Oos-Kaap is as volg:

**6.1** Ons moet eenheid in ons eie midde, in ons kerkfamilie, en oor kerkgrense heen najaag as 'n saak van dringende openbare belang.

**6.1.1** Die NG Kerk se openbare rol sal net saam met ander gelowiges herwin kan word. Dit is waarom ons deelname aan ekumeniese geleenthede so belangrik is en ons aktief sal moet uitreik na ander kerke in georganiseerde of informele verbande, vanaf plaaslik tot internasionaal.

**6.2** Ons moet in ons hele lewenswandel gehoorsaam aan Jesus wees, sodat mense wat na ons kyk waar ons ookal gaan, ons Vader in die hemel kan verheerlik.

**6.2.1** Die NG Kerk het die teologiese potensiaal en mense materiaal om 'n verskil aan openbare debatte op 'n verskeidenheid van lewensterreine te maak. Dit hang saam met byvoorbeeld "lobbying" in verband met wetgewing of beleid, en die bou van verhoudings met leiers in die verskillende lewensverbande (reg, politiek, ekonomie, media ens). Ons sal al hoe meer ons lidmate met kundigheid moet betrek om ons spesifiek-Christelike bydrae tot sake van openbare belang te versterk.

**6.2.2** Die NG Kerk het verder 'n besondere verantwoordelikheid teenoor sy lidmate wat in 'n moderne en post-moderne sfeer lewe. Dit het ons onder andere rondom debatte met die sg. Nuwe Reformasie gesien. Die positiewe winste van hierdie tydsges moet beklemtoon word, en die kwelvrae en bevraagtekening moet in 'n gees van liefde en geduld aanvaar word. Kitsantwoorde is uit; die herwinning van die bybel as God se Woord en die herontginning van ons tradisie is 'n dringende en voortgaande opdrag.

**6.3** Die Here kan ons bybelse en teologiese visie gebruik om ons geestelik vars te laat bly sodat ons weer nuwe kerke plant, en 'n passie vir die sending behou.

**6.3.1** Die NG Kerk se openbare beeld is dikwels een van 'n stadig-bewegende en moeë kerk. Ter wille van Christus, moet ons nie ons ewangeliese karakter prysgee nie en konkreet beplan aan nuwe vorme van gemeenteweese, en elke gemeente/ring

aanmoedig om by minstens een getuienisprojek binne of buite haar grense betrokke te wees.

**6.4** Die NG Kerk se openbare rol sal in die komende jare sterk "priesterlike" trekke vertoon.

**6.4.1** Ons moet daarom vir elke gemeente/ring vra wat nog nie so maak nie, om met minstens één projek besig te wees, in belang van mense wat swaarkry, en "sonder aansiens des persoons". Saam met die Algemene Sinode van 2002 moet ons ons opnuut tot ons vasteland, en in besonder Suider-Afrika, verbind. Ons moet 'n verskil maak, en meewerk aan oplossings vir ons samelewing. As ringe en gemeentes stel ons ons beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help, betrokke te raak. En ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenis tot diens aan die gemeenskap.

**6.4.2** Ons sal stadig moet wees om te praat, baie moet luister, en moet dien sonder dat ons linkerhand weet wat ons regterhand doen.

### 7. Ten slotte

**7.1** Die openbare karakter van die kerk is ten nouste verbind aan die openbare getuienis van Jesus en sy teregstelling in 'n openbare proses tot by die skande om buitekant die laer gekruisig te word.

**7.2** Dit gaan nie om gewild te wees nie; dit gaan ook nie om openbare skakelwerk te doen om die beeld van NGK op te bou nie. Inteendeel, dit mag van ons vereis word om saam met Jesus buite die laer in ongewildheid - maar getrouheid aan die ewangelië - te leef.

### 8. AANBEVELINGS

**8.1** Die sinode neem kennis van die verslag en bespreek punt 6 hierbo.

**8.2** Die sinode versoek gemeentes en ringe om met priesterlike bewoëheid betrokke te raak by projekte wat die nood van mense aanspreek

## A2.7: FONDSE EN ADMINISTRASIE

### A2.7 FONDSE EN ADMINISTRASIE

#### 1. PERSONEEL

1.1 Gedurende die reses het die personeel uit die volgende bestaan :

##### 1.1.1 Kantoor

Direkteur Administrasie: Dr JWJ Viljoen

Interne Rekenmeester: Mev Teresa Botha.

Sekretaresse/Administratiewe Beampte:  
Mev Nellie Westraadt

##### 1.1.2 Sinodale Sentrum

Gebou/Terrein-Opsigter : Mnr Jan Pienaar

Arbeiders Personeel: Mnr Saltin Dyantyi  
Mev Maria Migels  
Mej Martha Petersen

#### 1.2 AANBEVELING

Die sinode spreek sy dank uit teenoor elke personeelid vir hulle bekwame en getroue diens en bid hulle die seën van ons Here toe.

#### 2. FINANSIES

##### 2.1 Finansiële State

Die voorsitter en ouditeure se verslae en die sinode se finansiële state soos op 28 Februarie 2003 word as **laatstuk** beskikbaar gestel. 'n Volledige stel daarvan is ook reeds aan elke ring versend.

##### 2.2 AANBEVELINGS

2.2.1 Die sinode nooi die ouditeur, mnr TP van der Mescht, om 'n kort voorlegging van die sinode se finansies oor die afgelope 4 jaar aan te bied.

2.2.2 Die sinode keur die Verslag van die Onafhanklike Ouditeure goed.

2.2.3 Die sinode keur die Finansiële State goed.

2.2.4 Die sinode keur die Verslag van die deskundige Lid vir Finansies goed.

2.2.5 Die sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die Direkteur Administrasie en sy personeel vir die getroue en bekwame wyse waarop die finansies en administrasie van die sinode behartig word.

2.2.6 Die sinode spreek sy waardering uit teenoor die ouditeure Wolmarans Kruger en PriceWaterhouse Coopers vir die ouditering van die sinode se boeke en vir die leiding wat daar ten opsigte van die fondse van die sinode van hulle uitgegaan het.

#### 3. SINODALE DANKOFFERS

##### 3.1 In Oos-Kaapland

3.1.1 Na die besluite van die Buitengewone Sinode van Junie 2002 betaal gemeentes geen sinodale bydraes ten bate van die sinode se werksaamhede nie.

3.1.2 Sedertdien betaal gemeentes sinodale dankoffers wat, in die oorgangsjaar van die nuwe model, hoofsaaklik vir die befondsing van ringsprojekte geoormerk is. Na raming behoort hierdie bedrag vir die 2003/2004 boekjaar R390,000 te beloop. Met die skryf van hierdie verslag (nadat 42% van die boekjaar verloop het), het gemeentes ongeveer 42% van die dankoffers inbetaal.

##### 3.1.3 AANBEVELING

Die sinode neem met dank kennis en versoek gemeentes vriendelik om hulle dankoffers vir 2003/2004 en alle uitstaande sinodale bydraes vir die voorafgaande jare getrou in te betaal soos onderling ooreengekom.

##### 3.2 In Suider-Afrika

3.2.1 Die volgende is 'n tabel van die NG Kerk se statistiek wat voor die jongste vergadering van die AKF gedien het vir die boekjaar 2001/2002:

Sinode	Gemeentes	Bruto Inkomste	Bruto Inkomste per lidmaat	Sinodale Begroting	Sin Bydrae as % van B.I.	Sin. Begroot per lidmaat
Wes-Kaap	233	189,486,444	811	18,626,622	6,5	78
Noord-Kaap	80	36,119,610	918	2,122,970	8,0	54
Oos-Kaap	106	52,952,438	816	1,528,882	2,8	24
OVS	163	97,435,920	934	7,500,000	6,4	72
Natal	62	31,461,818	952	3,713,216	6,5	112
Namibië	44	20,495,382	1,270	2,246,493	5,6	139

## A2.7: FONDSE EN ADMINISTRASIE

SMA	17	5,661,325	2,909	743,625	12,9	382
Oos-Tvl	89	105,549,200	1,145	5,915,419	5,5	64
Wes-Tvl	142	91,465,915	897	5,855,787	6,4	57
Suid-Tvl	138	90,476,892	944	5,791,400	6,3	60
Noord-Tvl	117	82,432,325	714	6,855,024	8,0	59
TOTAAL	1,191	803,537,269	894	60,435,438		67

### 3.2.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis en let veral daarop dat die Oos-Kaapse sinodale bydrae-persentasie van 2,8% die laagste in die NG Kerk is. Sedert 2003 het hierdie persentasie na 0% verlaag.

## 4. BEGROTING 2003/2004

4.1 Sedert die besluite van die Buitengewone Sinode van Junie 2002 funksioneer die sinode in die reses slegs deur middel van 'n sinodale kommissie. Hierdie kommissie se begroting vir 2003/2004 word in die volgende tabel opgesom (detail van die begroting is by die vergadering ter insae):

INKOMSTE		UITGAWES		
Ouditfooie kampterreine	10,000	Voorsiening sinodesitting 2003	30000	
Rente (sonder eiendomme)	708,000	Verpligte bydraes (Algemene Sinode en Wes-Kaap)	280000	
Netto wins: Sinodale Sentrum	34,286	Bedryfsuitgawes	709697	
Sinodale Hulpfonds	679,052	<b>Projekte:</b> Gemeentebediening 21,960 Sending 18,810 Vrouebediening 18,800 Leer en Aktuele Sake 8,700 Jeugbediening 35,519 Diens van Barmhartigheid 170,000 Teologiese studiebeurse 50,000 Peddie Trust 4,500 Greykerk Bybelverspreiding 2,000 Greykerk Gebouetruist 9,500 Van Jaarsveld/Archer Familietruist 3,600 Skakeling met breë kerkverband 20,000 Ringsprojekte 391,641		
Ge-oormerkte fondse vir bedieninge	651,943			
			Oorskot (herkapitaliseer)	308554
TOTAAL	2,083,281		TOTAAL	2083281

4.2 Tydens die Buitengewone Sinode van Junie 2002 het die volgende vergelykende syfers ten opsigte van die nuwe model voor die vergadering gedien:

Voorlegging Buitengewone Sinode				Begroting 2003/2004			
Inkomste		Uitgawes		Inkomste		Uitgawes	
SBF	260,000	Bydraes aan kerkverband	320,000	SBF insluitend ge-oormerkte fondse	1,404,229	Bydraes aan kerkverband	280,000
SHF	320,000	Bedryfskoste	650,000	SHF	679,052	Bedryfskoste	709,697
Eiendomme	600,000	Projekte	210,000	Eiendomme	0	Projekte	785,030
						Oorskot	308,554

## A2.7: FONDSE EN ADMINISTRASIE

Totaal	1,180,000	Totaal	1,180,000	Totaal	2,083,281	Totaal	2,083,281
--------	-----------	--------	-----------	--------	-----------	--------	-----------

**4.3** Bogenoemde tabel toon dat die finansiële implikasies van die nuwe model baie gunstiger verloop het as wat voorsien is nog voordat die opbrengs uit die verkoop van eiendomme in berekening gebring is.

### 4.4 AANBEVELING

**Die sinode neem met dank kennis van die gunstige finansiële verloop van die nuwe model.**

## 5. VERGOEDINGSPAKKET VIR LERAARS

### 5.1 Traktement

**5.1.1** Die aanbeveling van die AKF is jaarliks in behandeling geneem en met aanbevelings aan die SK voorgelê.

### 5.2 Reistoelae

**5.2.1** Die sinode se beleid dat 'n vastekoste en vergoeding per kilometer amptelik afgelê, as basis gebruik word, is steeds gehandhaaf.

### 5.3 AANBEVELING

**Die sinode keur die optrede goed.**

## 6. ALGEMENE KOMMISSIE VIR

**6.2.2.1** Die onderstaande tabel toon die verdeling onder die sinodes vir die afgelope vier (4) jaar.

Sinode	1997/98	1998/99	1999/2000	2001/2002
Wes-Kaap	468,496	485,604	533,719	575,226
Oos-Kaap	145,973	146,988	147,119	158,661
Noord-Kaap	91,186	93,992	101,756	93,335
Natal	75,019	74,169	80,142	81,118
OVS	247,666	250,870	270,396	264,758
Wes-Tvl	228,622	220,658	239,328	255,181
Noord-Tvl	274,844	260,761	318,794	284,992
Suid-Tvl	217,425	220,063	236,937	235,722
Oos-Tvl	167,932	171,330	195,022	225,271
Namibië	36,307	36,778	39,632	41,633
SMA	4,250	4,598	4,674	5,079
Totaal	1,957,720	1,965,811	2,167,519	2,220,975

### 6.2.2.2 AANBEVELING

**Die sinode neem kennis.**

## 7. PENSIOENFONDS

**7.1** Sien Verslag A.7.

## FONDSE (AKF)

### 6.1 Algemeen

Ds CH van Heerden as die sinode se afgevaardigde en Dr JWW Viljoen as Direkteur Administrasie, het gedurende die reses verskeie vergaderings van hierdie kommissie bygewoon. Uit die verslaggewing van die verskillende streeksinodes het hierdie vergadering met k o m m e e r kennis geneem dat van die volgende tendense nog steeds in die NG Kerk voorkom:

**6.1.1** Die algemene afname in gemeentelike ontvangstes;

**6.1.2** Dalende lidmaatgetalle veral op die platteland;

**6.1.3** Groter finansiële bystand deur die sinodes aan gemeentes;

**6.1.4** Styging in werkloosheid en gepaardgaande probleme soos finansiële nood, bejaardeversorging, ens.

### 6.2.2 Begroting - Algemene Sinode

**7.2** Die fonds se voordeelvergeljking en die moontlike implikasies van kerkvereeniging, word as *laatstuk* beskikbaar gestel.

### 7.3 AANBEVELINGS

**7.3.1** Die sinode nooi die fonds se aktuaris, mnr Charles Erasmus van ABSA Konsultante om die vergadering oor die saak toe te spreek.

## A3: VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE

---

7.3.2 Die sinode neem kennis van die verslag van die Pensioenfonds wat as *Verslag A.7* dien.

7.3.3 Die Trustees en die Aktuaris van die fonds word bedank vir hulle bekwame bestuur van die fonds.

7.3.4 Dank word betuig aan die fonds se kantoorpersoneel vir hulle diens.

### 8. DANKBETUIGINGS

8.1 Die volgende persone het op die Subkommissie vir Finansies gedien voordat dit deur die besluite van die Buitengewone Sinode van 2002 ontbind is:

Ds FS Vivier	Voorsitter
Dr JWJ Viljoen	Direkteur Administrasie
Di GP van der Merwe	
CH van Heerden	
Mnre JH Barnardo	
EB Strydom	
A Strydom	
CJ vlok	

### 8.2 AANBEVELING

8.2.1 Die sinode spreek sy opregte dank uit teenoor elke lid vir die bekwame en getroue bestuur van die sinode se finansiële sake, en bid hulle die seën van ons Here toe.

8.2.2 Die sinode neem met leedwese kennis van die afsterwe van ds GP van der Merwe.

**DS CH VAN HEERDEN**  
**DESKUNDIGE LID VIR FINANSIES**  
**DR JWJ VILJOEN**  
**DIREKTEUR ADMINISTRASIE**  
**AUGUSTUS 2003**

## A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE

Geagte Sinode

Die Kommissie doen soos volg verslag van ons werksaamhede die afgelope vier jaar.

### 1. PERSONEEL

1.1 Die kommissie het bestaan uit dr S du Toit (voorsitter), di WPM van Niekerk (aktuaris), WA van Zyl (skriba) en AC van der Westhuizen, ouderlinge JCH Greyling, J Engelbrecht en mnr P Cilliers (regsgeleerde). Mnre G Stulting en E Knoetze is gedurende 2000 oorlede

### 1.2 AANBEVELING:

Die Sinode neem met leedwese kennis van die afsterwe van mnre G Stulting en E Knoetze.

### 2. VERGADERINGS

#### 2.1 Gewone vergaderings

Vergaderings is gehou op 01/12/99, 04/04/00, 23/10/00, 02/05/01, 13/03/02 en 21/05/03.

#### 2.2 Spesiale vergaderings

Die kommissie het ook opgetree as appèlliggaam van die sinode op 25.06.01 en 27.07.01 met ds EGJ de G Schutte as deel van die personeel.

#### 2.3 AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

### 3. OPDRAGTE VAN DIE SINODE

#### 3.1 Kerkorde en Aanvullende Bepalinge en Reglemente

3.1.1 Die Kerkorde en Aanvullende Bepalinge en Reglemente vir gebruik in die NG Kerk in Oos-Kaapland is voltooi en beskikbaar gestel in 1999.

## **A3: VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE**

---

Besluite van die sinode van 1999 is daarby ingesluit.

### **3.1.2 AANBEVELING**

Die sinode keur die optrede van die kommissie goed.

### **3.2 Buitengewone vergadering van die sinode in 2002**

**3.2.1** Die dienskommissies het hul voorstelle tot wysiginge van die Kerkorde ingedien, wat voorgelê en goedgekeur is deur die sinode. Die voorgestelde wysiginge vorm nou deel van hierdie verslag.

### **3.2.2 AANBEVELING**

Die sinode keur die werkswyse van die kommissie goed.

## **4. ANDER SAKE NA DIE KOMMISSIE VERWYS**

**4.1** Die Sinodale Kommissie (en sy dagbestuur) het verskeie sake vir advies na die kommissie verwys. Verslag daaroor is reeds voorgelê en afgehandel met die buitengewone vergadering van die sinode in 2002.

**4.2** Die voorsitter van die kommissie, die aktuaris en kommissielede is dikwels om kerkregtelike adviese gevra. Waar moontlik is hierdie adviese opgeneem in die notule van die kommissie as deel van die lopende werksaamhede.

### **4.3 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis van pte 4.1 en 4.2.

## **5. AKTES VAN BEVESTIGING UITGEREIK**

**5.1** Vanaf 2002 tot datum is aan die volgende persone aktes van bevestiging uitgereik:

PL van Straaten  
MM Steyn  
M van Niekerk  
FE Marais  
JH Wessels  
N Weeber  
FP Louw  
DF Oelofse  
CJ Swart  
E Bester

### **5.2 AANBEVELING**

Die sinode neem kennis.

## **6. WYSIGINGE AAN DIE BEPALINGS (ELEKTRONIESE AANBIEDING)**

## **7. WYSIGINGE AAN DIE REGLEMENTE (ELEKTRONIESE AANBIEDING)**

## **8. WYSIGINGE AAN DIE VORMS EN FUNKSIONELE BESLUTE (ELEKTRONIESE AANBIEDING)**

## **9. DRUK VAN DIE KERKORDE**

### **9.1 AANBEVELING:**

Die sinode besluit dat die Kerkorde, Aanvullende Bepalings en Reglemente vir gebruik in Oos-Kaapland so gou moontlik beskikbaar gestel word.

Die kommissie vertrou dat hy sy taak tot bevrediging van die vergadering afgehandel het.

S du Toit- voorsitter  
WPM van Niekerk - aktuaris  
WA van Zyl - skriba  
20 Julie 2003



## A4: IN-MEMORIAM

### A4 VERSLAG VAN DIE IN-MEMORIAM-KOMMISSIE

1. Volgens inligting uit die Jaarboek en nog hulp wat van die personeel verantwoordelik vir die Jaarboek verkry is, is 28 leraars van ons kerk wat hulle hele bediening of 'n deel daarvan in Oos-Kaapland deurgebring het, in die tydperk Junie 1999 tot Julie 2003 oorlede.

2. In alfabetiese volgorde is hulle name soos volg:

BESTER, ds DWS (25.07.1932 - 26.04.2002)  
Transkei Sending: 1958 - 1960)

CLAASSEN, ds J (25.07.1918 - 30.06.2001)  
Waterford 1966 - 1971  
Molteno 1949 - 1952  
Port Elizabeth 1952 - 1953  
Noordeinde 1953 - 1958  
Oos-Londen 1958 - 1961  
Sendingsekr Kaapland 1961 - 1963  
Sidwell 1963 - 1965  
PE-Sonheuwels 1968 - 1970  
PE-Westering 1970 - 1974  
Sendingkantoor OK 1974 - 1983

DE VILLIERS, ds AJ (16.11.1924 - 28.04.2002)  
Queenstown-Oos 1958 - 1962

FOURIE, ds BJP (02.05.1947 - 03.07.2000)  
Waterford 1982 - 1985

FOURIE, ds Fanie (30.04.1943 - 28.02.2000)  
Hofmeyr 1968 - 1973  
Cradock-Oos 1973 - 1979  
Buffelsrivier 1979 - 1984  
Cambridge 1984 - 2000

GREYVENSTEIN, ds CL (15.05.1918 - 27.03.2001)  
Loerie 1944 - 1983

HANEKOM, ds JW (24.11.1924 - 13.06.2003)  
Port Elizabeth 1950 - 1953

HEYNS, ds PH (19.04.1929 - 18.10.2001)  
Transkei Sending 1979 - 1991

KRIGE, ds JJ (16.06.1910 - 19.05.2000)  
Aberdeen 1948 - 1970

LE ROUX, ds M (21.09.1937 - 01.09.2001)  
Steynsburg 1962 - 1964  
Venterstad 1964 - 1969  
Noupoort 1969 - 1972  
Newtonpark 1972 - 1976

MARITZ, ds F (13.04.1946 - 23.02.2003)  
Cradock 1973 - 1976

OLIVIER, ds DW (22.05.1930 - 09.02.2000)  
Steytlerville 1976 - 1991

PRETORIUS, ds CvN (18.02.1928 - 25.11.1999)  
Nieu-Bethesda 1952 - 1957  
Venterstad 1957 - 1961

SMIT, ds JPJ (20.07.1926 - 26.12.2002)  
Middelburg 1962 - 1967

SMIT, ds MM (11.01.1920 - 13.03.2000)  
Indwe 1950 - 1954

STRYDOM, ds SI (05.12.1924 - 01.05.2002)  
Uitenhage 1977 - 1990

VAN DER MERWE, ds C (30.11.1912 - 04.04.1999)  
Ugie 1966 - 1970

VAN DER MERWE, ds CG (31.10.1920 - 18.07.2000)  
Hofmeyr 1964 - 1967)

VAN DER MERWE, ds GP (14.08.1956 - 02.12.2002)  
Bothasrus 1983 - 2002

VAN DER MERWE, ds JP (04.11.1931 - 29.06.2002)  
Uitenhage-Kanonheuwel 1975 - 1994

VAN DER SANDT, ds MW (05.04.1937 - 03.12.2000)  
Aliwal-Noord 1965 - 1968  
Sydenham 1968 - 1993

VAN ZYL, Genl Maj (ds) JA (12.04.1923 - 10.02.2001)  
Sondagsrivier 1949 - 1952

VIVIERS, ds HO (19.10.1913 - 09.08.2001)  
Komga 1940 - 1943  
Cradock 1958 - 1963

VISSER, ds BW (13.06.1933 - 25.04.2003)  
Noupoort 1961 - 1963  
Middelburg-Uitsig 1963 - 1969  
Algoapark-Noord 1969 - 1974

VORSTER, ds HS (12.01.1927 - 02.03.2000)  
Ugie 1970 - 1992

## A4: IN-MEMORIAM

---

WINTERBACH, ds H (24.11.1923 - 24.09.2000)  
Port Elizabeth 1966 - 1971

DELPORT, ds JM (16.09.1913 - 16.07.2001)  
Joubertina 1969 - 1973

DU PREEZ, ds AP (11.04.1911 - 16.07.2001)  
Colesberg 1939 - 1948

3. Hiermee wil die sinode sy meegevoel aan die agtergeblewe familie oordra.

**Rom 8:38** *Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe . . . of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie . . .*

4. Ons kyk met groot dankbaarheid terug na elkeen van die oorledenes se lewe en werk en dank die Here dat Hy, net soos vir hulle, ook vir ons as gelowiges steeds in sy hand hou.

### 5. AANBEVELING

**Die sinode neem kennis van die verslag. 'n Lid van die vergadering doen 'n gebed en die sinode sing Lied 509:1 en 4.**

**HM Strydom  
15 Augustus 2003**

## **A5 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)**

### **1. INLEIDING (Agtergrond)**

Sedert die vorige sinodesitting van die Sinode van Wes- en Suid-Kaap in 1999 in Kaapstad het 'n nuwe eenheid van die sinode, naamlik die **Sentrum vir Kommunikasie**, in opdrag van die Sinode ontstaan. Die doel van dié sentrum is om die volgende komponente (afdelings) van die Sinode in die Sinodale Kommissie vir Kommunikasie (SKK) byeen te bring:

- \* **Die Argief** (Sinodale Kommissie vir Argief: SKA)
- \* **Leer en Aktuele Sake** (Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake: SKLAS)
- \* **Kommunikasie, Media en Inligting** (Sinodale Kommissie vir Kerklike Media: SKKM)
- \* **Ekumene** (Moderamen/Moderatuur)
- \* **Die Parlementêre Lessenaar** - Publieke Getuienis (Moderatuur van Wes- en Suid Kaapland, asook die Moderatuur van die Algemene Sinode - die ASK)

SKA en SKLAS was van die begin af taamlik duidelik gedefinieer, maar die ander drie nie. Dit het gelei tot verskeie verwickelinge, wat in die verslae hieronder uiteengesit is.

Dr Ben du Toit is in Junie 2000 as die eerste PSD vir Kommunikasie (Direkteur: Kommunikasie) aangestel om saam met die **oorkoepelende kommissie, die Sinodale Kommissie vir Kommunikasie (SKK)**, hierdie sentrum en sy uiteenlopende verantwoordelikhede te bestuur.

Die *Sentrum vir Kommunikasie* slaag tans tot 'n groot mate in sy doel. Weens die uiteenlopende aard van die sentrum se samestelling (waarin vier sinodale strukture asook een Algemene Sinodale struktuur saamgevoeg is), is dit nie moontlik om alle uitdagings bevredigend die hoof te bied nie. Dit is nie 'n negatiewe opmerking nie, bloot 'n feit. En juis 'n feit wat 'n besonderse dinamiek aan die sentrum gee. Dit bied groot ruimte vir uitdagings, nie net op sinodale vlak nie, maar ook op nasionale vlak.

### **2. SINODALE KOMMISSIE VIR ARGIEF (SKA)**

Daar was die afgelope vier jaar baie interessante verwickelinge rondom die Argief. Die Sinode se besluit van 1999 om die Kerkentrum in Kaapstad te verkoop, het beteken dat alle sinodale kommissies elders gevestig moes word. Al die werksaamhede het einde 2002, begin 2003 na die nuwe gebou in Bellville verskuif (saam met sommige komponente van die VGKSA Kaapland). Daar word elders in die Sinode meer hieroor vertel. Dié skuif het egter ingrypende gevolge vir die Argief gehad.

#### **2.1 Verskuiwing van Argief**

Die fisiese grootte van die Argief asook die gespesialiseerde behoeftes vir die veilige bewaring van argivalia het daartoe gelei dat uiteindelik besluit is om 'n nuwe argief op die terrein van die Kweekskool op Stellenbosch te bou. Daar is genoeg grond beskikbaar – en dit is gerieflik naby die Kweekskool, die Kweekskoolbiblioteek, asook BUVTON, wat vir al hierdie instansies baie voordelig sal wees as 'n navorsing-eenheid.

#### **2.2 Herverpakking en Elektroniese ontsluiting**

Die Argief het intussen begin om, in samewerking met die Transvaalse Argief, argivalia te verpak in houers met elektroniese ontsluitingsnommers. Die VGK se gedeeltelike verhuising na Bellville en die ingrypende rasionaliseringsproses in die Oos-Kaapse Sinode het ook meegebring dat 'n groot hoeveelheid bykomende dokumente aan die Kaapse Argief aangebied is met die oog op ontsluiting. Feitlik die hele uitgebreide Kaapse Argief is dus nou elektronies ontsluitbaar. Argivalia is ook in samewerking met die Transvaalse Argief op 'n gemeenskaplike elektroniese databasis vir ontsluiting geplaas.

#### **2.3 Sluiting van Argief vir Genealogiese Navorsing**

Aan die begin van hierdie jaar (2003) is besluit om die argief (ten minste voorlopig) te sluit vir genealogiese navorsing. Die redes hiervoor is velerlei en behels onder meer die volgende:

1. die proses van herverpakking wat al die personeel verg,
2. die elektroniese indeksering van die argivalia wat nog voltooi moet word, asook

## A5: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)

3. die feit dat die doop- en lidmaatregisters as gevolg van die baie hantering deur genealogiese navorsers 'n hoë mate van slytasie toon en gereelde herstelwerk teen groot koste moet ondergaan.

### 2.4 Digitalisering van die Doop- en Lidmaatregisters

Die afgelope jaar is hierdie registers op mikrofilm vasgelê. Die moontlikhede om hierdie films op CD vas te lê, word tans ondersoek. Dit sal dus heel waarskynlik binnekort moontlik wees om die doop- en lidmaatregisters digitaal te ontsluit. Dit word voorsien dat ons in so 'n geval weer genealogiese navorsing kan hervat, sodra hierdie fasiliteite in die nuwe argiefgebou gevestig is.

Die besluit om die **argief te sluit** vir alle genealogiese navorsing (wel **nie vir kerk-historiese navorsing nie**), het heelwat ongelukkigheid onder genealogiese konsultante veroorsaak. Vir heelwat van hulle is dit 'n belangrike bron van inkomste. Die skade aan die argief-dokumente kan egter nie hierteen opweeg nie. Sodanige persone is nou aangewese op die dienste van GISA (Genealogiese Instituut in Suid-Afrika) in Stellenbosch, waar die gegewens wel beskikbaar is.

Dit is betekenisvol om daarop te let dat genealogiese navorsing al vir jare lank nie in die Transvaalse argief toegelaat word nie, juis oor die hoë frekwensie van die hantering van die dokumente, asook die addisionele druk wat dit op die personeel plaas.

### 2.5 Intussen het twee dramatiese ontwikkelinge plaasgevind

Die een was die **vier Transvaalse sinodes** se besluit om die Transvaalse Argief by die beoogde nuwe Kaapse Argief op Stellenbosch te voeg – met die oog op **die uiteindelijke vestiging van een argief vir die hele NG Kerk**. Slegs die sinodes van Natal, die Vrystaat en Namibië is nog nie deel van dié saamgevoegde NGK/VGK Argief nie.

Die ander is die **vertraging van die bouwerk** aan die nuwe argief. Daar is vasgestel dat die bouterrein argeologies sensitief van aard is – dus word nou gewag op bou-toestemming van die toepaslike owerheidsinstansie. Dié instansie is nuut en nog in die proses om prakties onder nuwe wetgewing te begin funksioneer. Ons hoop daar sal binnekort goeie nuus in hierdie verband wees.

### 2.6 Die sinodes wat tans deur die Kaapse argief bedien word is:

NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland)  
NG Kerk in Oos-Kaapland  
NG Kerk in Noord-Kaapland  
NGKA Phororo  
VG Kerk in SA (Kaapland sowel as Algemene Sinode) – die voormalige NG Sendingkerk en NG Kerk in Afrika.

### Sinode van Oos-Kaapland

NG Kerk van Suid-Afrika (die helfte van die Algemene Sinode se argivalia is in die Kaap, die ander helfte in die Transvaal).

Argivalia in die Kaapse Argief dokumenteer die geskiedenis van ons land en ons kerk. So bewaar die Kaapse Argief bv die naasoudste geskrewe Suid-Afrikaanse dokument – die notuleboek en doop-en-lidmaatregister van die Kaapse gemeente, tans die Groote Kerk (1664 - 1695). Argivalia van voormalige en huidige "sendingvelde" van die NG in SA (Wes- en Suid-Kaapland), bv Malawi, Mosambiek, Zimbabwe, Transkei, Ciskei, Nigerië, Makhathini (Kwazulu-Natal) en Msinga (Kwazulu-Natal), dokumenteer die geskiedenis van die huidige Kommissie vir Getuienis (die ou Sendingkantoor) en ook die voormalige Vrouesendingbond en Mannesendingbond - en word ook bewaar in die Kaapse Argief.

Met die vorming van een argief in Stellenbosch, sal, benewens die toevoeging van die vier Transvaalse sinodes, die argivalia van die Algemene Sinode verenig wees en as sodanig bestuur kan word. Daar is groot opgewondenheid oor die feit dat dit dan 'n volgende, dramatiese stap sal wees in die rigting van die vorming van een argief vir die hele NG Kerkfamilie.

### 2.7 Huidige personeel van die argief:

Dr Ben du Toit (Argivaris)  
Mnr Patric van Wyck (Senior argivale assistent)  
Me Angeline Marias (Argivale assistent)  
Me Marsha Balie (Navorsings-assistent)

### Die lede van die Argief-kommissie die afgelope vier jaar was:

**Sinode van Wes- en Suid-Kaapland**  
Dr André Olivier (Voorsitter)  
Prof Pieter Coertzen (Onder-voorsitter)  
Dr Willie Brown (wat vanjaar oorlede is)  
Ds Francois Cillié (Saakgelastigde)  
Ds Johan Wepener  
Dr Ben du Toit (Argivaris)

Dr Jan Viljoen (Direkteur Administrasie)

## A5: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)

Ds Willie van Zyl (Sinodale Verteenwoordiger)

### Sinode van Noord-Kaapland

Ds Hansie Roelofse (Saakgelastigde)

Ds Theunis Smit (Sinodale Verteenwoordiger)

### Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika

Ds Petrus Bok (Saakgelastigde)

Dr Wynand Retief (Sinodaal benoem)

Die Argiefkommissie het een maal per jaar byeen gekom. Die daaglikse bestuur van die Argief is aan die Dagbestuur toevertrou. Die kommissie het reeds vroeg in die reses besluit om die verteenwoordigers van die ander twee Kaapse sinodes van die NG Kerk te vermeerder na twee per sinode, waarvan een die Saakgelastigde of die Direkteur: Administrasie en die ander 'n gemeentepredikant is. By die laaste dagbestuurvergadering is besluit om ondergaande aanbevelings te laat dien by die amptelike besluitnemings-geleentheid ten tyde van die aandsittings van die sinodesitting van 2003.

### 2.8 Inligting: Elektroniese kommunikasie

Die kerk kan vanselfsprekend nie in hierdie tegnologieë gevorderde tyd meer met tradisionele kommunikasiemiddele volstaan nie – veral in die lig van koste- en tydbesparing. 'n Ooreenkoms is met 'n groothandel-verskaffer bereik en rekenaars en sagteware is teen 'n uiters billike prys aan gemeentes beskikbaar gestel. Die KTK het reëlins getref sodat gemeentes wat finansiële swaarkry, ook hierby kon inskakel. Die aanbod is later ook aan gemeentes van ander Kaapse sinodes en die VGKSA (Kaapland) gemaak.

In hierdie stadium is 98 persent van gemeentes van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland) elektronies met mekaar verbind. *Die Sentrum vir Kommunikasie* funksioneer al meer as verspreidingsagent van elektroniese kommunikasie met gemeentes en predikante. Die ideaal bly steeds dat alle gemeentes hierby sal inskakel. Die proses van eenwording van hierdie Sinode met die VKSA (Kaapland) bied 'n nuwe uitdaging om ook hierdie gemeentes met inligting te bedien – verskeie gesprekke is al in hierdie verband gevoer en praktiese reëlins is reeds getref om dit moontlik te maak. Die sinodes van Oos- en Noord-Kaapland word ook volgens kontraktuele ooreenkoms (met afstigting) met inligting bedien (sien *Vrydagnuus*).

### 2.9 Vrydagnuus

Die nuwe elektroniese kommunikasie-netwerk maak dit moontlik om op gereelde basis met gemeentes en predikante te skakel. Daaruit het die inisiatief van 'n gereelde elektroniese nuusdiens en pastorale betrokkenheid van die sinodale struktuur na gemeentes gevloei. Die PSD: Kommunikasie is volgens afstigtings-ooreenkomste ook verantwoordelik vir inligting- en argief-dienste aan die Noord-Kaapse en Oos-Kaapse sinodes. Dit het daartoe gelei dat gemeentes en sinodale strukture van dié sinodes

(met instemming van die betrokke sinodale strukture) ook deur *Vrydagnuus* bedien word.

Die nuutste verwikkeling rondom *Vrydagnuus* is dat gemeentes en predikante van die VGKSA (Kaapland) nou ook waar moontlik by hierdie kommunikasie-netwerk ingeskakel is. So ook werkkringe buite die Wes- en Suid-Kaapse sinode, tw Zimbabwe (Reformed Church in Zimbabwe), Malawi (Church of Central Africa Presbyterian – Nkhoma Synod), Mosambiek (Igreja Reformada em Mozambique), en Makhathini en Msinga in Kwazulu-Natl (VGKSA). Daar is selfs mense wat oorsee woon wat gevra het om deur middel van *Vrydagnuus* op die hoogte van verwikkelinge in die kerk in Suid-Afrika gehou te word.

**'n Dringende beroep word op ons gemeentes gedoen om alle moontlike hulp aan VGKSA-gemeentes te verleen om hulle in staat te stel om ook deel van hierdie kommunikasie-medium te word** – veral omdat die VGKSA se kommunikasie-netwerk om verskeie komplekse redes feitlik nie meer bestaan nie. Hierdie soort kommunikasie is onontbeerlik vir goeie samewerking en veral vir die gesprek oor eenheid en oor gemeenskaplike sake.

Die feit dat die PSD: Kommunikasie ook verantwoordelik is vir die *Parlementêre Lessenaar* (sien die aparte voorlegging hieroor) beteken dat die *Sentrum vir Kommunikasie* ook 'n verspreidingspunt vir inligting oor die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement aan skribas en saakgelastigdes van ander sinodes van die NG Kerk en ook aan die Algemene Sinode geword het.

### 2.10 AANBEVELINGS (wat voor die sinode van Wes- en Suid-Kaap gedien het)

#### 2.10.1. Verskuiwing – Argief

## A5: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)

### Die Sinode

2.10.1.1 gee heelhartige goedkeuring aan die besluit van SKA om die argiewe van die Sinodes van Transvaal te ontvang in die te geboude argief op Stellenbosch.

2.10.1.2 spreek waardering uit teenoor die Sinodes van Transvaal vir die groothartige stap om te werk in die rigting van 'n gesentraliseerde argiefdiens vir die kerk.

2.10.1.3 ondersteun die ideaal van een argief vir die NGK-familie.

2.10.1.4 ondersteun die ideaal dat die argief nader beweeg na die opleiding van leraars.

### 2.10.2 Naamgewing

#### Die Sinode besluit

2.10.2.1 om dit te oorweeg dat die naam "Hugenote" behou word in die benaming van kerklike geboue.

2.10.2.2 om in gedagte te hou dat dié naam nog altyd aan die *locus* van sinodesittings van die NG Kerk in Suid-Afrika gekoppel was.

2.10.2.3 om dié naam te oorweeg vir die nuwe te geboude kompleks by die Kweekskool op Stellenbosch.

### 2.10.3 Mosie van leedwese

#### Die Sinode

2.10.3.1 betuig opregte medelye met die naasbestaendes van dr Willie Brown, wat skielik weggeneem is.

2.10.3.2 spreek die grootste waardering uit vir die uitnemende diens wat hy aan die kerk gelewer het en veral vir sy bekwame bydrae tot die Argief.

### 2.10.4 Reglement-hersiening

#### Die Sinode

2.10.4.1 neem kennis van die nuwe reglement van die AKAI wat tans voorberei word met die oog op die ideaal van 'n gesentraliseerde argiefdiens.

2.10.4.2 verleen toestemming daartoe dat redaksionele verbeteringe aan Reglement 3 van die Kerkorde aangebring word voordat dit na afloop van hierdie sinode gepubliseer word.

### 2.10.5. Inligting: Elektroniese Kommunikasie

2.10.5.1 neem met dank kennis van die vestiging van 'n elektroniese netwerk en kommunikasie in die sinodale gebied.

2.10.5.2 keur goed dat die volgende bevoegdhede vir die uitvoering van die

onderskeie pligte van die PSD: Kommunikasie deur die volgende kommissies verleen word: Argief: Die Sinodale Kommissie vir Argief (SKA)

Leer- en Aktuele Sake: Die Sinodale Kommissie vir Leer- en Aktuele Sake (SKLAS) Kommunikasie, Media en Ekumene: Die Moderamen (Wes-Kaapland) met Moderatuur as dagbestuur

Parlementêre Lessenaar: Moderatuur (Wes-Kaapland) en Moderamen van die Algemene Sinode (ASK)

2.10.5.3 keur dit goed dat die kommunikasie-komponente (intern en ekstern), wat deel van die PSD: Kommunikasie se verantwoordelikhede is (soos ook ekumeniese skakeling), by die Moderatuur (Moderamen) sal tuiskom

## 3. PARLEMENTÊRE LESSENAAR

### 3.1 Visie

Om die Koninkryk van God te dien in die samelewing

### 3.2 Missie

Die monitering van die Wetgewende proses, saam met ander rolspelers in die Christen-familie, om toepaslike bydraes te lewer in die formulering van wetgewing, met die doel om uitvoering te gee aan die visie: om die totale staatsbestel, in besonder die wetgewende proses te bly toets aan die lig van die Skrif.

### 3.3 Inleiding

Die ontwikkeling van die Parlementêre Lessenaar is sekerlik een van die mees

## **A5: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)**

opwindende en konstruktiewe verwikkeling in die onlangse geskiedenis van die NG Kerk. Ons kerk is hier saam met ander rolspelers – kerklik, godsdienstig en sekulêr – deel van die wetskrywende proses in ons land. Dit is 'n proses wat ons bestaan en ons toekoms ten nouste raak. Die waarde daarvan dat die NG Kerk ook in hierdie prosesse verteenwoordig word, kan nie oorskat word nie. As daar die afgelope tyd een feit duidelik geword het, is dit dat ons eintlik baie meer tyd en aandag aan dié betrokkenheid behoort te gee!

Die deure is sonder voorbehoud vir die kerk oop om, nie net op nasionale vlak nie, maar ook op provinsiale vlak, op talle gebiede betrokke te raak by prosesse is wat bepaal hoe die Suid-Afrika lyk waarin ons graag wil woon. Omdat dit so 'n belangrike aspek van die kerk se publieke getuïenis in ons land is, word een van die sessies vir Kommunikasie by die Sinode daaraan gewy – om inligting deur te gee en sodat afgevaardigdes hieroor kan gesels.

### **3.4 Doelwitte met betrekking tot wetgewing:**

**3.4.1** Die beskerming van die reg om godsdienste (spesifiek die Christelike geloof) te beoefen in die lig van die beginsels in die Grondwet vervat, waaronder die beskerming van godsdienstvryheid, die reg van die individu en die vryheid van spraak.

**3.4.2** Die beskerming van die regte van minder bevoorregtes: ekonomies agtergeblewenes, liggaamlik gestremdes, seksisme slagoffers (beywering vir geslagsgelykheid), ens.

**3.4.3** Die beskerming van kinders, die bevordering van 'n gesonde familielewe en die daarstelling van 'n gemeenskaplike morele waardesistiem vir die versekering van 'n regverdige en opbouende samelewing in Suid-Afrika; die beskerming van basiese regte soos gesondheid en onderwys.

**3.4.4** Die beywering vir vrede en sekuriteit van alle mense.

**3.4.5** Die beskerming van 'n veilige konteks vir die voortbestaan van die kerklike gemeenskap (wette wat te doen het met die doeltreffende funksionering van die kerk in Suid-Afrika).

### **3.5. Metode van monitering:**

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (bestaande uit een-en-'n-half pos) en die Rooms-Katolieke Biskoppe Raad (bestaande uit vier persone) wat die monitering van wetgewing doen. Weens ons eie beperkte mensekrag (slegs een persoon vreeslik deelyds) word daar in noue samewerking met die genoemde "parlementêre lessenaars" gewerk, terwyl daar saam met die Gereformeerde Kerke en die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n adviesgroep van parlementariërs saamgeroep is om (oor party-politieke grense heen) mekaar wedersyds te adviseer ten opsigte van wetgewing wat geprosesseer word. Vir hierdie samewerking tussen ons en die Gereformeerde en Hervormde

Kerk het hierdie kerke dan ook verteenwoordigers (verantwoordelike persone) geïdentifiseer wat die kanaal vorm van hierdie genoemde kerke met die Sentrum vir Kommunikasie.

In hierdie verband is dit dalk belangrik om te noem dat kerke binne die breëre gereformeerde familie welkom is om die Sentrum te skakel indien hulle inligting wil bekom, of voel om 'n bydrae te maak ten opsigte van bepaalde wetgewing.

### **3.6 Verdere strategie**

#### **Die mees algemene prosesse tot wetgewing (of wetskrywing) vind soos volg plaas:**

**3.6.1** Wette kan verwys word vir amendering, of herskrywing, of kennis van nuwe wetgewing kan gegee word deur die kabinet, die parlementêre regs kommissie of regerings-departemente.

**3.6.2** Hierdie prosesse van wetskrywing kan die orde volg van 'n departementele groenskrif (green paper), waarin 'n algemene aanduiding gegee word van die sake wat van toepassing is. Daarin word die alternatiewe ter oorweging op tafel gesit en tot diskussie uitgenooi. Hierna volg 'n witskrif (white paper) waarin duideliker beleidsrigtings aangedui word vir bespreking en waarin konsepvoorstelle vir wetgewing vervat is. Deurgaans sal daar van deskundiges buite die politieke sfeer gebruik gemaak word om werkswinkels oor die onderhawige saak te hou. Hierdie prosesse kan 'n aantal jare neem.

**3.6.3** Hierna word die konsep-wetgewing ter tafel gelê met die eerste lesing in die parlement om gedebatteer te word. 'n Portefeulje-komitee word dan aangewys, bestaande uit lede van die parlement deur die onderskeie politieke partye aangewys (onder voorsitterskap van die minister onder wie die saak ressorteer).

**3.6.4** Die portefeulje-komitee is die eintlike enjinkamer van die wetskrywende prosesse.

## **A5: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)**

Daarheen word nou alle belanghebbendes uit die samelewing uitgenooi (ook en veral deur die openbare media soos radio, TV en koerante) om voorleggings te kom doen oor die saak vanuit hulle perspektief. Skriftelike voorleggings aan die sekretariaat van die komitee word opgevolg deur 'n uitnodiging aan die betrokke belangegroep om op 'n gegewe datum hulle voorleggings aan die komitee te kom doen.

By hierdie "hearings" kan komiteelede na die aanhoor van die voorlegging aan die indieners vrae vra (maar nie politieke debat voer nie) ter verduideliking van hulle standpunt. Dit is vanselfsprekend dat hoe groter die belangegroep (constituency) is namens wie die voorlegging ingedien word, hoe swaarder sal die waarde daarvan weeg. Dit sluit egter minderheidsstandpunte nie uit nie. Oor die algemeen geld die reël egter dat "getalle tel", wat die samewerking (in ons geval van kerke en geloofsgroepe - in soverre as wat dit moontlik is) 'n prioriteit maak.

**3.6.5** Die portefeulje-komitee gaan dan "in komitee" vir oorweging van die voorleggings met die oog op formulering van wetgewing vir voorlegging aan die parlement. Somtyds gebeur dit dat hulle nog nie tevrede is met die proses nie en weer verdere voorleggings aanvra, veral as hulle agterkom dat daar groot algemene ontevredenheid is onder die hoofrolspelers en meningsvormers oor die onderhawige saak.

**3.6.6** Die wetgewing word dan in die parlement ter tafel gelê vir die tweede lesing waarna daar dan tot stemming oorgegaan word.

**3.6.7** Indien die uitslag van die stemming positief vir die nuwe wetgewing is, word dit bekragtig wanneer die president van die land dit onderteken.

**3.6.8** Alle wetgewing word aan die grondwet gemeet en indien 'n party of belangegroep steeds ontevrede is en meen dat wetgewing strydig is met bepaalde regte wat in die grondwet verskans is, kan appèl aangeteken word na die konstitusionele hof (Grondwetlike Hof).

\* Na 1994, met die aanvaarding van die Grondwet van Suid-Afrika binne die nuwe vrye demokrasie is alle wette in beginsel amendeerbaar. Dikwels word gehoor dat geen wetgewing absoluut finaal is nie, maar dat die proses steeds voortgaan om wette sodanig te verbeter dat dit nie alleen die grondwet tevrede stel nie, maar ook prakties uitvoerbaar is.

### **3.7. Modus Operandi van die Parlementêre Lessenaar van die NG Kerk**

**3.7.1** Die beginsel moet geld om so vroeg as moontlik bewus te wees van (vir die kerk) relevante wetgewing wat geprosesseer word en om dan by die proses betrokke te begin raak.

**3.7.2** Om in konsultasie met die Parlementêre Advieskommissie (deur die ASK benoem) te besluit op 'n strategie - wie om te betrek en op watter stadium - en in watter mate die ander

kerklike lessenaars maar "gevolg" kan word in hulle strategie van betrokkenheid.

**3.7.3** Om saam met die betrokkenes hierbo genoem (punt 2) die proses te volg en saam te besluit oor bywoning en moontlike deelname aan werksinkels, asook voorleggings aan die betrokke portefeulje-komitee.

**3.7.4** Om saam met die Gereformeerde kerkfamilie met die informele groep van parlamentslede te konsulteer oor wedersydse beïnvloeding in terme van die kerk se standpunt met die oog op wyer en toepaslike deelname aan die wetgewende proses.

### **3.8 Aan wie verantwoording gedoen word (opdraggewende instansies)**

**3.8.1** Die parlementêre lessenaar van die NG Kerk is verantwoordelik aan die ASK en die moderamen (Wes-Kaap) as opdraggewende instansies en rapporteer aan hulle op gereelde basis. Dit geskied in samewerking met die Direkteur vir Inligting van die Algemene Sinode (Dr Willie Botha).

**3.8.2** Die parlementêre lessenaar kommunikeer as deel van die Sentrum vir Kommunikasie met die skribas van die verskillende sinodes, asook die gemeentes van die Wes- en Suid-Kaap, Oos-Kaapland en Noord-Kaapland, volgens ooreenkoms, oor alle relevante sake voortvloeiend uit die wetgewende proses.

**3.8.3** Die parlementêre lessenaar (as deel van die Sentrum vir Kommunikasie) hanteer alle navrae uit verskeie oorde oor wetgewing (sinodes, kommissies, ringe, gemeentes, aksiegroepe en individue). Ook ander kerke binne die Gereformeerde familie kan die Sentrum hiervoor gebruik.

### **3.9 Wetgewing waaraan die afgelope twee jaar aandag gegee is:**



## **A5: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)**

**3.9.1** Die wet op die regulering van vuurwapens, waarin plekke van aanbidding as vuurwapenvrye gebiede verklaar is. Portefeuljekomitee voorlegging saam met SARK en Biskopperaad

**3.9.2** Die Onderwyswet waarin Godsdienste in Skole gereguleer word en Godsdienste: SARK, AJK en IKOO het deurgaans insette gelewer. Dr Gustaf Claassen is as gevolg hiervan benoem op die ministers-adviesraad. Proses duur voort.

**3.9.3** Inkomstebelastingwet: Verskeie komponente in ons kerk het in samewerking met die SARK hieraan gewerk. Uiteindelik gekonsolideer onder leiding van die AKF

**3.9.4** Eiendomsbelasting: Voorleggings saam met SARK en Biskopperaad. Wetgewing nog in proses vir moontlike implimentering tweede helfte van 2004

**3.9.5** Wet op Toegang tot Inligting: In samewerking met AKAI en ARK. Resorteer onder Menseregtekommissie en duideliker uitsluitel sal voor einde van hierdie jaar (2003) verkry word na onderhandeling in September.

**3.9.6** "Social Security Act": In samewerking met SARK en Biskopperaad voorleggings by portefeuljekommissie gedoen. Nog baie werk voor - veral mbt die vennootskap-idee tussen staat en Nie-Regerings-Organisasies (NGO's). Die hele saak rondom BIG (Basic Income Grant) en ander maatskaplike toelaes hier ter sprake. SKDB en AKDB vanselfsprekend betrokke.

**3.9.7** Grondhervorming: AKLAS se verslag hieroor ter sprake. Dr Thys Smith opsteller van verslag bestuur die proses namens AKLAS en die kerk. Prioriteit op agenda van kerk.

**3.9.8** Voorlopige gesprekke is rondom genadedood gehou op uitnodiging en na voorlegging van Suid-Afrikaanse Regskommissie (Law Commission). Na aanleiding daarvan is die prosessering hiervan voorlopig op die langebaan geskuif.

Die veronderstelling is dat die Parlementêre Lessenaar hierdie en sodanige prosesse moet moniteer en koördineer, terwyl die onderskeie terreine van die kerk op wie se gebied die bepaalde wetgewing van toepassing is die professionele insette help doen.

### **3.10 Slotopmerking**

Vanaf die begin van ons betrokkenheid by die wetgewende proses, toe die "lessenaar" sy beslag begin kry het, was daar vanaf die ander kerke groot waardering vir die feit dat die NG Kerk beskik oor teologiese kundigheid en ander bronne (resources) wat ter ondersteuning benodig word vir die proses. Trouens, daar was werklik opgewondenheid oor die feit dat die NG Kerk nou ook "aan boord" wil kom.

Dit is ook belangrik om te beseft dat die kerk bereid sal moet wees om met (bykans) enigeen saam te werk wanneer die saak op die tafel dit mag vereis.

Hier word bedoel dat daar somtyds geleenthede sal wees waar ons ook selfs saam met ander godsdienste sal wil saamwerk om sodoende 'n so breed as moontlike basis van ondersteuning te kry vir 'n bepaalde standpunt (soos byvoorbeeld, godsdienste in skole).

Dit is vanselfsprekend dat goeie verhoudinge met politici gehandhaaf sal word. Hiervoor is die informele vergadering van parlamentslede ook baie belangrik (sien 4.4 hierbo). Daar word ook deurgaans by parlamentslede groot waardering bemark vir die dienste wat die kerk op maatskaplike terrein lewer en daar is 'n groot mate van erkenning van die belangrike rol wat die kerk het in die vestiging van 'n algemene gesonde waardesisteem, iets wat onontbeerlik is vir die aanspreek van die kwessies rondom geweld en armoede.

Uit dit alles blyk dit ook dat die verantwoordelikheid van 'n verhouding met die owerheid nie net op die terrein van die Algemene Sinode (of die kerkverband-struktuur) is nie, aangesien baie van die sake wat van belang is vir die funksionering van gemeentes in 'n bepaalde gemeenskap by die derdevlak van regering (munisipaliteit) berus (soos byvoorbeeld, eiendomsbelasting). Daarom is dit van uiterste belang dat gemeentestrukture prakties daarna sal strewe om met plaaslike owerhede 'n goeie verhouding op te bou, saam met ander kerke, maar ook saam met ander godsdienste. Dit is nodig, nie alleen ter wille van die belang van die kerk nie, maar ook om die betrokke gemeenskap beter te dien.

Alle navrae oor die betrokkenheid van die kerk by die nasionale parlement kan gerig word aan die Direkteur Kommunikasie by die adres bo-aan hierdie dokument. Dit is 'n leerproses vir almal, selfs diegene wat alreeds geruime tyd in die wetgewende proses betrokke is. Ook die regerings-instansies soek dikwels hulle pad nuut vorentoe en in alle gevalle is daar groot entoesiasme en waardering dat die kerk hom/haarself bereid verklaar om betrokke te wees. Sover is die NG Kerk (saam met die

## **A5: VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)**

---

ander hoofstroom-kerke) se betrokkenheid nog net met blydschap in alle parlementêre kringe begroet.

### **3.11 Aanbevelings (Soos voor die Sinode van Wes- en Suid-Kaap gedien)**

#### **Die Sinode**

**3.11.1** stem in tot die werk wat tot dusver in hierdie verband tot stand gekom het.

**3.11.2** bedank die Algemene Sinode vir die bedrag van R10,000 per jaar wat beskikbaar gestel is om hierdie werk te subsidieer.

**3.11.3** besluit om met die kopers van die Kerkentrum in Kaapstad of met Grootse Kerk gemeente te onderhandel vir 'n kantoor naby die Parlement van waar hierdie werksaamheid van die Sinode voortgesit kan word.

**BJ du Toit - PSD  
20 Augustus 2003**

## A6 VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID AFRIKA

Geagte voorsitter, broers en susters

### 1. INLEIDING

In 1804 is die eerste Bybelgenootskap in Wallis gestig. Met die leuse "Goeie nuus vir almal vir altyd" sal die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, saam met Bybelgenootskappe en kerke wêreldwyd, volgende jaar 200 jaar se geseënde werk vier. Dwarsdeur die twee eeue was die werk van die Bybelgenootskap en die kerk onlosmaaklik verbind. Daarom is dit vir my 'n voorreg om hierdie verslag aan u voor te lê.

### 2. BYBELVERTALING

**2.1 Suid-Ndebele:** Die vertaling van die Ou Testament in Suid-Ndebele vorder baie goed. Wanneer dit voltooi is, sal daar 'n volledige Bybel in al elf die amptelike landstale beskikbaar wees.

**2.2 Afrikaans:** Die vertaling van die Afrikaanse Bybel vir Dowes is baie goed op dreef en verskeie boeke is reeds voltooi.

**2.3 Bybel op band vir ongeletterdes:** Daar is reeds begin met 'n groot projek om dele van die Bybel op kassetband te plaas vir gebruik deur ongeletterdes.

### 3. BYBELPRODUKSIE

**3.1** Die Bybelgenootskap het gedurende die afgelope vier jaar 7,27 miljoen Bybels en Bybeldele geproduseer. Hiervan was 3,85 miljoen volledige Bybels, waarvan 'n aantal vir ons buurlande gedruk is.

**3.2** Vanweë die styging in produksiekoste het die verkoopprijs van Bybels oor die afgelope vier jaar met 80% gestyg tot die huidige R44. Vier jaar gelede kon ons R15 van die produksiekoste of te wel 37,5% uit donasies verhaal. Tans kan ons R19 of slegs 30% uit donasies kry. Die rede hiervoor is dat produksiekoste skerp gestyg het en die inkomste uit donasies 'n baie klein styging getoon het.

### 4. BYBELVERSPREIDING

**4.1** Gedurende die afgelope vier jaar is daar 2,424,560 Bybels in Suid-Afrika versprei. Dit is 'n gemiddelde van 606,140 per jaar. Dit toon 'n afname van ongeveer 50,000 per jaar. Dit kan beteken dat al minder mense in die Bybel belangstel, of dat die prys vir sommige te duur raak.

**4.2** Vanuit die Bybelhuis in Port Elizabeth word daaglik gemiddeld 190 Bybels of Bybeldele versprei. Dit sluit Bybels in ander tale in wat deur die Bibliakiosk in die hawe versprei word, asook deur gemeentes wat in naburige lande by sendingaksies betrokke is.

### 5. PERSONEEL

Ds J S Anker en oudl. mev A van Deemter het die Ned Geref Kerk van Oos-Kaapland op die Streekraad verteenwoordig. Ds D T du P Moolman het intussen as voorsitter afgetree. Ds C J Stümke is vanweë sy besondere belangstelling in die werk van die Bybelgenootskap op die Raad gekoöpteer en kort daarna as voorsitter verkies.

### 6. FINANSIES

**6.1** Die lidmate en gemeentes van die Ned Geref Kerk in Oos Kaapland het die afgelope vier jaar gemiddeld R9.93 per lidmaat bygedra. Dit is R1.61 per lidmaat meer as die gemiddelde van die vorige vier jaar. Hieroor is ons baie dankbaar. Ongelukkig is dit slegs ongeveer die helfte van die sinode se aanbeveling dat elke lidmaat die verlies (R19) op een Bybel sal bydra.

**6.2** In die meegaande tabel (Bylaag 1) word die gemiddelde bydraes aangedui. Ons dank die Here vir gemeentes, lidmate, Vrouedienste, kategeseskole, jeug-, biduur- en Bybelstudiegroepe wat pragtige bydraes gegee het, maar daar is tog ook kommer oor die feit dat die bydraes met net 4.75% per jaar gestyg het terwyl produksiekoste met ± 14% toegeneem het.

### 7. PROMOSIEWERK

Die afgelope vier jaar is besoek gebring aan soveel moontlik gemeentes in die sinodale gebied. Ander byeenkomste soos die van die Vrouediens, jeuggroepe en kategeseskole is toegesprek en groepe is ook in Bybelhuis ontvang. Dit was altyd baie aangenaam om hierdie werk te doen en die hartlike ontvangs deur gemeentes, word opreg waardeer. In November 2000 het die sekretaris vir Engelssprekende kerke 'n beroep na ons

## A6: VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SA

---

Johannesburg streek aanvaar. Sedertdien bedien ek ook die Engelssprekende kerke en het die werkklas drasties toegeneem. Ons maak tans ook van leraars gebruik om op vrywillige basis gemeentes namens die Bybelgenootskap te besoek.

### 8. AANBEVELINGS

**8.1 Die sinode dra sy dank oor aan kerkrade en alle medewerkers vir volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning van die werk van die Bybelgenootskap.**

**8.2 Die sinode beveel by kerkrade aan dat 'n mikpunt van minstens die subsidie op een Bybel per lidmaat per jaar gestel word. (Tans R19)**

**8.3 Die sinode benoem twee lede, met sekundi (van wie een 'n nie-geordende is) om op die Streekraad van die Bybelgenootskap te dien.**

### 9. SLOT

Die afgelope paar jaar is die Bybelgenootskap van Suid-Afrika besig met herstrukturering om ons taak so effektief moontlik te doen. Verskeie poste wat vakant geraak het, is nie weer gevul nie en uitgawes word tot op die been gesny. Ander metodes om fondse te in word ondersoek en hier in Oos-Kaapland word daar reeds deur fietstoere, pretdrawwe, 'n vrugtemark, die verhuring van kantoorruimte en woonstelruimte asook die aanbied van die perseel vir die oprigting van 'n selfoonmas probeer om op soveel moontlike terreine fondse in te samel sodat die verspreiding van Sy Woord nie sal skade ly nie.

Dit is werklik vir ons 'n voorreg om die sinodale kantoor van die NG Kerk in Bybelhuis te kan huisves en die kontak met leraars wat die kantoor besoek, is vir ons van groot waarde.

Die Sinode word Gods rykste seën toegebied op sy werksaamhede.

**B P Fourie - Streeksekretaris  
20 Julie 2003**

## BYLAAG 1

BYDRAES AFGELOPE 4 JAAR	1999/2000	2000/2001	2001/2002	2002/2003	GEM.
ABERDEEN	9.48	14.21	1.14	1.78	6.65
ADELAIDE	10.66	14.88	14.73	16.18	11.44
ALBANIE	4.83	7.43	4.93	3.51	5.18
ALEXANDRIA	31.73	31.72	30.57	15.30	27.33
ALGOAPARK	4.92	18.18	1.96	7.27	8.08
ALGOAPARK - NOORD	0.91	0.48	0.72	0.71	0.71

**A6: VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SA**

ALIWAL - NOORD	5.09	3.35	12.06	11.50	8.00
BARKLY OOS	8.80	6.26	13.38	8.34	9.20
BOTHASRUS	13.80	16.24	15.46	16.79	15.57
BUFFELSRIVIER	7.68	9.06	11.28	13.63	10.41
BURGERSDORP	10.06	11.25	10.64	7.07	9.76
CAMBRIDGE	7.31	27.71	4.12	3.16	10.58
CATHCART	3.11	2.75	2.18	5.64	3.42
COLESBERG	5.59	0.19	11.33	5.05	5.54
CRADOCK	4.51	11.83	7.11	2.02	6.37
CRADOCK - NOORD	6.50	16.94	7.61	3.96	8.75
CRADOCK - OOS	4.50	20.14	5.62	11.24	10.38
DE BRUG	4.33	12.97	6.94	6.50	7.69
DESPATCH - DAGBREEK	6.34	4.45	7.76	2.95	5.38
DESPATCH - EENDRAG	10.13	12.09	15.46	11.23	12.23
DESPATCH - NOORD	2.61	2.33	2.63	0.86	2.11
DESPATCH - SUID	4.66	12.00	8.28	6.85	7.95
DIAS	4.29	5.77	2.70	10.35	5.78
DORDRECHT	8.37	19.50	0.60	17.13	11.40
ELLIOT	5.87	21.48	13.40	6.65	11.85
FORT BEAUFORT	5.44	4.39	3.39	8.08	5.33
GAMTOOSVALLEI	28.01	33.01	26.05	45.85	33.23
GAMTOOSVALLEI - OOS	17.22	15.34	16.69	24.05	18.33
GLEN LYNDEN	3.29	46.88	13.74	5.43	17.34
GONUBIE	2.59	10.20	1.49	5.15	4.86
GRAAFF - REINET	7.43	14.17	27.26	11.94	15.20
GRASVOëLKOP	8.83	4.41	6.16	10.89	7.57
HOFMEYR	17.54	8.64	2.31	2.85	7.84
HUMANSDORP	12.94	24.93	14.77	17.93	17.64
HUMANSDORP - OOS	5.85	22.67	8.61	12.19	12.33
INDWE	15.90	25.58	19.45	14.38	18.83
JAMESTOWN	14.13	11.18	19.64	28.38	18.33
JANSENVILLE	6.62	6.90	5.77	5.34	6.16
JEFFREYSBAAI	15.21	12.93	10.35	11.61	12.53
JOUBERTINA	22.16	21.49	15.25	16.78	18.92
KAREEDOUW	19.94	10.22	9.36	6.89	11.60
KENSINGTON	8.42	7.96	9.01	12.64	9.51
KING WILLIAM'S TOWN	3.34	2.32	2.91	4.59	3.29
KLIPPLAAT	5.36	2.42	2.50	3.28	3.39
KRAGGAKAMMA	41.57	61.49	37.06	31.92	43.01
LADY GREY	17.88	4.37	1.42	3.31	6.75
LOERIE	9.27	23.13	2.87	8.42	10.92
MACLEAR	4.04	27.51	23.52	2.55	14.41
MIDDELBURG	15.18	20.44	6.79	7.61	12.51
MIDDELBURG - UITSIG	20.70	15.14	18.25	10.64	16.18
MISGUND	7.60	22.11	8.04	13.90	12.91
MOLTENO	4.07	8.48	9.99	8.41	7.74
MURRAYSBURG	12.45	11.99	31.54	39.87	23.96
NAHOON	6.27	11.52	6.80	2.94	6.88
NEWTONPARK	4.37	7.80	14.89	9.52	9.15
NIEU - BETHESDA	65.11	80.95	96.28	56.29	74.66
NOUPOORT	3.61	2.78	1.45	9.93	4.44
NUWE KERK	12.71	13.34	17.29	24.74	17.02
OOS - LONDEN	5.07	5.62	2.97	14.18	6.96
OOS LONDEN - NOORD	6.51	14.97	9.27	6.55	9.33
OOS LONDEN - WESHEUWELS	2.47	4.39	3.82	6.26	4.24
PARKHEUWEL	9.18	9.51	20.01	10.98	12.42

**A6: VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SA**

	1999/2000	2000/2001	2001/2002	2002/2003	GEM
PATERSON	8.98	10.98	11.07	15.64	11.67
PATMOS	27.87	6.49	22.46	64.73	30.39
<b>BYDRAES AFGELOPE 4 JAAR</b>					
PEARSTON	2.65	11.07	2.07	0.88	4.17
PORT ELIZABETH	4.62	4.38	4.76	3.35	4.28
P E DE DUIN	11.37	0.60	8.12	7.63	6.93
P E HEIDEVELD	8.27	8.63	6.73	6.83	7.62
P E HOOGLAND	12.47	13.74	10.77	12.38	12.34
P E LORRAINE	12.95	12.85	9.88	13.77	12.36
P E NOOITGEDACHT	10.62	10.82	5.45	4.22	7.78
P E NOORD	1.88	0.15	0.29	0.52	0.71
P E OOS	14.57	23.37	15.53	16.04	17.38
P E SENTRAAL	24.06	40.72	10.68	18.00	23.37
P E SHERWOOD	3.40	8.21	2.14	2.97	4.18
P E SONHEUWELS	7.33	5.49	8.81	6.91	7.14
P E WES	16.86	3.47	8.82	10.18	9.83
P E SIONSRAND	13.39	9.02	6.90	7.71	9.26
QUEENSTOWN	3.02	3.89	2.60	1.84	2.84
RETIEF	7.77	4.97	6.51	13.76	8.25
RIETBRON	5.37	37.41	8.80	23.60	18.80
SOMERSET - OOS	2.54	3.11	11.98	1.13	4.69
SOMERSTRAND	12.34	9.50	5.59	6.29	8.43
SONDAGSRIVIER	2.35	13.28	1.93	2.24	4.95
SONDAGSRIVIER - SUID	2.91	3.78	2.82	4.25	3.44
STERKSTROOM	2.46	6.58	1.79	5.64	4.12
STEYNSBURG	6.09	1.79	5.18	2.12	3.80
STEYTLERVILLE	15.30	20.58	5.57	10.87	13.08
STUTTERHEIM	2.09	3.20	3.41	2.82	2.88
SWARTKOPSRIVIER	7.51	16.25	6.48	6.42	9.17
SYDENHAM	6.75	6.91	1.16	7.77	5.65
TARKASTAD	10.50	5.75	6.32	4.83	6.85
TSITSIKAMMA	2.52	4.05	0.19	0.33	1.77
UGIE	7.26	12.37	10.50	0.00	7.53
UITENHAGE	6.79	4.59	4.05	4.66	5.02
UITENHAGE - DE MIST	5.17	8.55	8.85	11.11	8.42
UITENHAGE - NOORD	4.79	6.70	5.84	4.57	5.48
UITENHAGE - OOS	2.86	4.50	2.40	3.00	3.19
UITENHAGE - WINTERHOEK	7.09	5.97	7.98	7.12	7.04
UMTATA	8.73	2.94	0.65	0.84	3.29
VAN STADENSRIVIER	8.15	12.75	4.07	38.91	15.97
VENTERSTAD	11.35	10.09	5.01	3.60	7.51
VISRIVIERVALLEI	2.11	0.89	0.33	7.95	2.82
WALMER	5.88	10.12	9.41	11.35	9.19
WATERFORD	4.11	2.58	2.95	5.29	3.73
WILLOWMORE	11.55	13.27	11.87	6.09	10.70
<b>GEM. VIR DIE JAAR</b>	<b>8.97</b>	<b>11.66</b>	<b>8.97</b>	<b>10.11</b>	<b>9.93</b>

## **A7 PREDIKANTE- EN WEDUWEE-PENSIOENFONDS VAN DIE NG KERK IN SA**

### **1. INLEIDING**

Die Predikante- en Weduweepensioenfonds van die NGK in SA is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA gestig. Die geregistreerde kantoor van die Fonds is geleë te De Langestraat 5, Bellville, 7530. Die Fonds is deel van die fondse van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde kerk in SA, maar word apart van die fondse van die Sinode geadministreer en belê ten einde aan die vereistes van die Wet te voldoen.

Die Beheerliggaam bestaan uit die lede van die Kommissie van Toesig en Kontrole van die NGK in SA, twee verteenwoordigers elk van die Sinodes van die NG Kerke van Natal, Oos-Kaapland en Noord-Kaapland en twee pensionarisverteenwoordigers.

### **2. BEHEERLIGGAAM**

#### **2.1 Sinode van NG Kerk in SA**

Die verteenwoordigers van die Sinode van die NG Kerk in SA bestaan uit die lede van die Kommissie van Toesig en Kontrole waarvan ten minste die helfte van die Kommissielede deur die lede (predikante) uit hul eie geledere per meerderheidstem op die Sinodale Vergadering verkies word en waavan die restant van die Kommissielede deur die Sinode aangewys word. Die Sinode wys ook sekundi aan vir die persone deur hulle aangewys.

#### **2.2 Sinodes van Natal, Noord-Kaapland en Oos-Kaapland**

Elke sinode wys twee verteenwoordigers aan waarvan een persoon deur die lede (predikante) verbonde aan die betrokke Sinode uit hul eie geledere per meerderheidstem op die Sinodale Vergadering verkies word, en een persoon wat deur die volle Sinode aangewys word. Die Sinodes wys ook sekundi aan vir die persone deur hulle aangewys.

#### **2.3 Pensionarisverteenwoordigers**

Twee persone (en hul sekundi) word deur die pensionarisse uit hulle eie geledere per stembrief verkies.

### **3. REGLEMENTSWYSIGINGS SEDERT VORIGE SINODE**

Die belangrikste veranderings in die reëls van die Fonds sedert 1999, toe die hersiene Reglement verskyn het, was die volgende:

#### **3.1 Nuwe Voordeelvlak**

'n Nuwe voordeelvlak van 25% is bygevoeg by die bestaande voordeel-vlakke van 50%, 75%, 100%

en 125%.

#### **3.2 Verpligte Lidmaatskap**

Die verpligte inskakeling van gemeentes by die pensioenfonds vir elk van sy predikantsposte is duideliker geformuleer om enige misverstand in die verband te voorkom.

#### **3.3 Oorname van Personeel deur 'n Sekulêre onderneming**

Voorsiening is gemaak in die Reglement vir die oordrag van 'n leraar se oordragwaarde na die pensioenfonds van 'n nuwe werkgewer by die oorname van 'n kerklike onderneming deur 'n sekulêre onderneming.

#### **3.4 Pensioenfonds vir Namibië**

Op 1 April 2003 is 'n eie pensioen-fonds vir die leraars van Namibië gestig. Die Reglement word gewysig om voorsiening te maak vir die verskuiving van predikante na die nuwe Fonds. Namibiese leraars het 'n keuse gekry om hul belang soos op 1 April 2003 in die Predikante- en Weduweepensioen-fonds te laat met die oog op 'n uitgestelde aftreevoordeel, of om dit oor te plaas na die Namibiese Fonds. Nagenoeg 50 lede gaan oor na die nuwe Fonds.

#### **3.5 Uitsluiting van Lidmaatskap: Termynkontrak-leraars**

Volgens 'n besluit van die jongste vergadering van die Algemene Sinode staan dit Kerkrade vry om predikante vir 'n bepaalde termyn te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie. Die Trustees het besluit dat die reëls van die Pensioenfonds gewysig word om termynkontrak-leraars uit te sluit van lidmaatskap van die Fonds.

## A7: VERSLAG VAN DIE PREDIKANTE EN WEDUWEE PENSIOENFONDS

### 4. WAARDERING VAN DIE FONDS

Die jongste aktuariële waardering van die Pensioenfonds het plaasgevind soos op 31 Desember 2000 en die volgende aktuariële waardering vind plaas op 31 Desember 2003. Die verslag soos op 31 Desember 2000 word nie by hierdie verslag aan die Sinode ingesluit nie, omdat 'n opsomming van die verslag aan elke lid en Kerkraad gestuur is. Dit is op aanvraag beskikbaar. Die verslag vir die 3 jaar geëindig 31 Desember 2003 sal gedurende die tweede helfte van volgende jaar aan elke leraar en Kerkraad gestuur word

### 5. BELEGGINGS VAN DIE FONDS

Die beleggings van die fonds word sedert Januarie 2000 bestuur deur die firma mCubed beleggings. Dit is 'n multi-fonds bestuurder wat op grond van deeglike navorsing die fonds se bates allokkeer tussen verskillende fondsbestuurders. mCubed beleggings het volmag om die fondse op die volgende basis (benaderd) te belê:

Aandele	45%
Effekte	25%
Eiendom	Nul
Buiteland	15%
Kontant	15%

Die Aktuaris ontleed die beleggingsprestasie van die multi-fonds bestuurder aan die hand van sekere vooraf bepaalde maatstawwe en doen kwartaalliks verslag aan die Beleggingskommissie, bestaande uit ds F J Cillie, Saakgelastigde van die NG Kerk in SA, mnr A Erasmus, Beleggingsbestuurder van die Kerk, J W S Jooste (Afgetrede Hoofbestuurder: Individuele Lewens van Ou Mutual) en J Henn (Hoofbestuurder, Novare Beleggings). Die Beleggingskommissie doen verslag van die beleggings aan die Beheerliggaam.

### 6. PENSIOENVERHOOGINGS TYDENS DIE RESES

Pensioenverhogings aan pensionarisse was die afgelope 4 jaar soos volg:

1 Maart 2000:	5%
1 Maart 2001:	5%
1 Maart 2002:	7%
1 Maart 2003:	4%

Pensioenverhogings word gebaseer op die verskil tussen die Fonds se beleggingsopbrengs en die na-aftrede waarderingsrentekoers.

Die Trustees het in 2002 besluit om die na-aftrede waarderingsrentekoers vanaf die jaar 2002 te verlaag vanaf 7,5% na 7%. Effektief beteken dit dat pensionarisse se verhogings tans 'n halwe persentasiepunt beter is as onder die vorige bedeling.

### 7. BELASTING OP OORDRAG- WAARDES NA STAATSPENSIOEN-

### FONDSE

Tydens die vorige Sinode-sitting is gerapporteer dat die Ontvanger van Inkomste die Pensioenfonds aangeslaan het met R526 677-97 ten opsigte van oordragwaardes wat vanaf die Kerk se Pensioenfonds na die Staat oorbetaal is in belang van kapelane wat na die diens van die Staat geskuif het. Die Pensioenfonds het die aanslag in die Inkomste-belasting Spesiale Hof in Pretoria beveg, en uitspraak is gelewer ten gunste van die Kerk se Pensioenfonds.

### 8. GESAMENTLIKE PENSIOENFONDSE KOMITEE

Daar bestaan vier pensioenfondse vir predikante in die NG Kerk, te wete:

1. Die Pensioenfonds van die NG Kerk in SA
2. Die Pensioenfonds vandie 4 Transvaalse Sinodes
3. Die Pensioenfonds van die OVS-sinode
4. Die Pensioenfonds van die NG Kerk in Namibië

Verteenwoordigers van die vier fondse vergader jaarliks in Gauteng na afloop van die AKF-vergadering en vorm saam die Gesamentlike Pensioenfondse Komitee (GPK). Die doel van die komitee is om die reglemente asook die voordele en bydraestruktuur tussen die vier fondse naastenby dieselfde te hou.

### 9. STAND VAN DIE FONDS

Die volgende gegewens weerspieël die groei in die Fonds die afgelope 8 jaar:



## A7: VERSLAG VAN DIE PREDIKANTE EN WEDUWEE PENSIOENFONDS

	1994-12-31	1998-12-31	2002-12-31
Markwaarde	R371 milj	R426 milj	R651 milj
Aktiewe Lede	936	876	815
Pensioentrekkers	513	607	644

### 10. SURPLUS WETGEWING

Die Tweede Wysigingswet op Pensioenfondse, 2001 wat op 2001-12-07 van krag geword het, vereis dat die surplus in 'n Pensioenfonds toegedeel moet word onder sekere belanghebbendes. Hierdie belanghebbendes kan insluit huidige lede, lede wat die organisasie verlaat het sedert 1980 en pensionarisse. Sekere regulasies en riglyne in verband met die implementering van die Wet moet nog deur die Raad op Finansiële Dienste uitgereik word.

Volgens die Wetgewing is 'n regstelling van die voordele wat in die verlede betaal is slegs van toepassing indien daar tans 'n surplus, na inagneming van 'n gebeurlikheidsmarge, onder die fonds bestaan. In die verlede is alle beskikbare surplusse telkens deur middel van voordeelverbeterings aan die diensdoenende sowel as afgetrede predikante deurgegee. Gesien in die lig van die befondsingsvlak van die Fonds, soos op die jongste Aktuariële waardering van 31 Desember 2000, naamlik 102 % beskik die Fonds oor geen beskikbare surplus nie.

LS Kotze - Pensioenbestuurder  
20 Julie 2003

### 11. VERSLAG DEUR AKTUARIS

Die Aktuaris berig soos volg:

*Die huidige finansiële stand van die fonds sal weer tydens die eersvolgende Aktuariële Waardering van die fonds soos op 31 Desember 2003 vasgestel word.*

*Ek is egter van mening dat die fonds steeds in 'n gesonde finansiële toestand verkeer en dat die beoogde waardasie dit so sal bevestig*

*Daar mag moontlik by sommige lede of pensionarisse 'n bekommernis wees oor die effek wat die huidige lae aandeelpryse op die finansiële stand van die fonds kan hê. Dit kan ongelukkig nie ontken word nie dat die gevolglike lae beleggingsopbrengs wat die afgelope jaar op die bates van die fonds behaal is, die groei van die fonds benadeel, en dat daar stellig dus nie tans enige beweegruimte bestaan om voordele te verbeter, of om beduidende pensioenverhogings te kan toestaan nie.*

*Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die fonds se bates in ongeveer gelyke dele in aandele en rentedraende beleggings belê is, en dat die opbrengs op rentedraende beleggings oor die afgelope jaar relatief goed was, sodat die totale opbrengs wat op die bates van die fonds behaal is, darem nie naastenby so swak was as wat die geval sou gewees het indien die bates slegs in aandele belê was nie. Dit is egter steeds vir die fonds voordelig om sy beleggings tussen aandele en rentedraende beleggings te verdeel aangesien dit oor die lang termyn gereken die optimale resultate vir die fonds behoort te lewer.*

## **B: BESKRYWINGSPUNTE**

---

### **B BESKRYWINGSPUNTE**

#### **B1 REVISIE : BESLUIT BY PT 12.5 VAN VERSLAG SINODALE KOMMISSIE SINODE 2002**

Die sinode besluit om sy besluit by pt 12.5 van die Verslag van die Sinodale Kommissie uit te brei om soos volg te lees :

Die sinode besluit dat 'n jaarlikse dankoffer tot 'n maksimum van 10,0%, bereken volgens die Botes-formule, gehef sal word van gemeentes wat kwalifiseer om by te dra, en dat hierdie fondse op advies van die ringe deur die Sinodale Kommissie sover moontlik toegeken word aan behoeftige gemeentes of ringsprojekte

Dat gemeentes wat nie volgens die Botes-formule kwalifiseer nie, 'n 1,0% dankoffer sal betaal, om op hierdie wyse uiting te gee aan ons verbondenheid aan mekaar as Een Heilige Algemene Christelike Kerk, en ons sodoende geestelike verantwoordelikheid vir mekaar neem. Die Sinodale Kommissie sal sodanige dankoffers hef en toeken, terwyl die ringe dit sal administreer.

**Ring van Queenstown**

#### **B2 SINODALE STATE AAN RINGE**

Die sinode besluit om sy begroting en finansiële state jaarliks aan die ringe voor te lê. Sodoende kan ringe die finansiële situasie van die sinode monitor, en ook begrotings-insette lewer.

**Ring van Queenstown**

#### **B3 OUDITERING VAN RINGSTATE**

Die sinode besluit om die moontlikheid te ondersoek dat sy Interne Rekenmeester jaarliks die ouditering van die ringstate doen

**Ring van Queenstown**

**C BESKRYWINGSPUNTE RAKENDE BEPALINGS EN REGLEMENTE**

**C1 VERANDERING AAN DOOP-  
LIDMAATREGISTER**

Die sinode versoek die Argiefkommissie en die Sinodale Regskommissie om die volgende wysigings in die Dooplidmaatregister en Kerkorde aan te bring :

dat in die Dooplidmaatregister 'n bykomende kolom met die opskrif "Doopouers" ingevoeg word;

dat bep 49.1.2 soos volg gewysig word : Die naam van die vader van 'n buite-egtelike kind kan op versoek van die moeder in die dooplidmaatregister weggelaat word indien die moeder die kind ten doop bring, en ook omgekeerd;

dat bep 49.1.3 soos volg gewysig word : Die name van die aannemende ouers kan ingeskryf word indien die aannemingsorder van die Kommissaris van Kindersorg voorgelê word. Die natuurlike ouers se name kan met toestemming van die aannemende ouers in die kolom "Ouers" ingeskryf word, terwyl die aannemende ouers wat die kind(ers) ten doop bring se name in die kolom "Doopouers" ingeskryf word.

**Ring van Cradock**

## D1 VERKLARING VAN DIE ALGEMENE SINODE 2002

Tydens die vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk het ons as afgevaardigdes al hoe meer oortuig geraak van die liefde van Christus en daarom ook van die NG Kerk se roeping en plek in Suider-Afrika.

Daarom:

(a) verbind ons ons opnuut aan die Here wat ons kerk 350 jaar gelede hier geplaas het. Ons dank Hom vir die voorreg om ook nou deel van sy kerk te kan wees. Ons is daarvan oortuig dat net die Evangelie van Christus ons op 'n pad van heil kan plaas. Daarom wil ons as kerk die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, en orals getuienis aflê van die hoop wat in ons leef;

(b) verbind ons ons opnuut tot ons vasteland, in die besonder Suider-Afrika. Die tragiese verhale van die allerverskriklikste vorms van geweld, die geweldige omvang van armoede en gevolglike hongersnood, die gevolge van die vigsplandemie, die gebrek aan respek vir mense, diere en die omgewing, en ook ons aandeel daaraan, het ons ontstel. Die Sinode betuig sy meegevoel aan die talle slagoffers. Ons wil ook 'n verskil maak. Daarom verbind ons ons om mee te werk aan oplossings vir ons samelewing. Ons stel ons as kerk beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help betrokke te raak. Ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenis tot diens aan die gemeenskap;

(c) verbind ons ons tot groter eenheid met ander kerke. Ons wil graag herenig met ons kerkfamilie, soos ons glo God dit wil hê. Ons wil ook graag ons ekumeniese bande bevestig en uitbrei en saam met alle ander Christene hande vat om ons land op te bou en pynlike omstandighede te verlig;

(d) roep ons gemeentes op om by die genesing van ons land betrokke te raak. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons orals hoor. Kom ons wys die wêreld opnuut dat ons as "sout van die aarde" en "lig van die wêreld" God se Koninkryk wil laat kom.

Ons het 'n Here. Ons is hier. Ons is sy kerk.

Aan God al die eer.

## **D2 GELOOFSVERKLARING VAN DIE SINODE VAN OOS-KAAPLAND JUNIE 2002**

***Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons  
een God: Vader, Seun en Heilige Gees***

*Daarom verbind ons ons aan eenheid onder  
mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene  
oor die wêreld.*

***Ons glo aan 'n heilige kerk wat deur wet en  
belydenis 'n ligdraer in die wêreld is***

*Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde  
mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.*

***Ons glo aan 'n algemene kerk wat weens  
Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen  
bestaan***

*Daarom verbind ons ons om die boodskap van  
Christus oor die wêreld heen te dra.*

***Ons glo aan 'n Christelike kerk wat as  
barmhartigheidsgemeenskap in Christus  
gesalf is***

*Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en  
blymoedige offers te bring.*

***Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges  
wat hulle gawes met vreugde tot nut van  
mekaar gee***

*Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien  
en die ander se belang eerste te soek.*

**D3 SINODELIED OOS-KAAPLAND**

**LIED VAN DIE OOS-KAAP (WYSIE : LIEDBOEK 422)**

**HIER IN DIE OOS-KAAP IS DIE HEER  
VIR ONS DIE BRON VAN ROEM EN EER  
HY'T ONS IN HIERDIE STREEK LAAT WOON  
OM HOM AS KONING HIER TE KROON  
HIER TUSSEN BERG, KAROO EN SEE  
NEEM GOD ONS IN SY LIEFDE MEE!**

**DIE HEER SKEP ONS TOT EENHEID SAAM  
AS HEILIGES IN JESUS NAAM  
ONS GEE ONS GAWES VIR MEKAAR  
EN MAAK DAN SO SY LIEFDE WAAR  
HIER TUSSEN BERG, KAROO EN SEE  
NEEM GOD ONS IN SY LIEFDE MEE!**

**O HERE JESUS MAAK ONS VRY  
OM ALLE MENSE LIEF TE KRY  
ONS DIEN U AS 'N PRIESTERDOM  
WAT OFFERS BRING TOTDAT U KOM  
HIER TUSSEN BERG, KAROO EN SEE  
NEEM GOD ONS IN SY LIEFDE MEE  
NEEM GOD ONS IN TRIOMFTOG MEE!**

**SAKELYS  
VAN DIE  
NEGENDE VERGADERING  
VAN DIE  
SINODE VAN DIE  
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE  
KERK IN OOS-KAAPLAND**



**Voorblad**

Op 14 Oktober 1856 besluit die Ring van Graaff Reinet om oor te gaan tot die stigting van die gemeente Dordrecht, waarna die eerste kerkslede gedurende Junie 1857 bevestig word. Die kerkgebou, geheel en al van klip en een van die beste voorbeelde van die Gotiese boustyl in Suid-Afrika, toon ooreenkomste met die kerkgebou te Dordrecht in Nederland, waar die belangrike Nasionale Sinode van 1618 - 19 gehou is.

## INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	1
STRAATKAART	4
LYS VAN AFGEVAARDIGDES	5
A1 VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE	11
PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE	15
A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE	20
A2.1 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID	46
A2.2 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR GEMEENTEBEDIENING	51
A2.3 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR GETUIENIS	61
A2.4 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR JEUG	62
A2.5 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR VROUDELIDMATE	64
A2.6 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR LEER EN AKTUELE SAKE	65
A2.6.1 SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME	66
A2.6.1.1 PERSOONLIKHEID EN SPIRITUALITEIT	74
A2.6.2 SIMBOLE EN RITUELE	77
A2.6.3 EKKLESIOLOGIE: PRAKTIESE GEMEENTE-WEES VANDAG	81
A2.6.3.1 BUITELYNE VAN 'n GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE	84
A2.6.4 PUBLIEKE TEOLOGIE: DIE NG KERK EN SY OPENBARE ROL	91
A2.7 FONDSE EN ADMINISTRASIE	93
A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE	97
A4 VERSLAG VAN DIE IN MEMORIAM-KOMMISSIE	99
A5 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)	101
A6 VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID AFRIKA	109
7 VERSLAG VAN DIE PREDIKANTE EN WEDUWEE PENSIOENFONDS	114
B BESKRYWINGSPUNTE	117
B1 REVISIE: BESLUIT BY PT 12.5 VAN VERSLAG VAN SINODALE KOMMISSIE 2002	117
B2 SINODALE STATE AAN RINGE	117
B3 OUDITERING VAN RINGSTATE	117
C BESKRYWINGSPUNTE RAKENDE BEPALINGS EN REGLEMENTE	118
C1 VERANDERING AAN DOOPLIDMAATREGISTER	118
D BYLAES	119
D1 VERKLARING VAN DIE ALGEMENE SINODE 2002	119
D2 GELOOFSVERKLARING VAN DIE SINODE VAN OOS-KAAPLAND 2002	120
D3 SINODELIED OOS-KAAPLAND	121
E LAAT STUKKE	
F VERSLAE VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE	
F1 ALGEMENE SAKE	
F2 BESLUIE AAN KERKRADE	
F3 FONDSE	
F4 KOMMISSIES VIR KOMMISSIES	
F5 REGSKOMMISSIE	
F6 REISKOSTE EN VERBLYF	
F7 SKAKELING	
G HANDELINGE VAN DIE SINODE	
H BYLAES	
I SAKEREGISTER	



ooo000ooo

## INHOUDSOPGAWE

### INHOUDSOPGAWE

*NB :DIE BLADSYNOMMERS IN HIERDIE INHOUDSOPGAWE VERWYS NA TWEE  
VERSKILLENDE DOKUMENTE - P1 - 121 VERWYS NA DIE SAKELYS EN P122 EN VERDER  
VERWYS NA DIE HANDELINGE*

VOORWOORD	1
STRAATKAART	4
LYS VAN AFGEVAARDIGDES	5
A1 VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE	11
PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE	15
A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE	20
A2.1 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID	46
A2.2 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR GEMEENTEBEDIENING	51
A2.3 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR GETUIENIS	61
A2.4 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR JEUG	62
A2.5 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR VROUDELIDMATE	64
A2.6 VERSLAG VAN DIE DESKUNDIGE LID VIR LEER EN AKTUELE SAKE	65
A2.6.1 SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALISME	66
A2.6.1.1 PERSOONLIKHEID EN SPIRITUALITEIT	74
A2.6.2 SIMBOLE EN RITUELE	77
A2.6.3 EKKLESIOLOGIE: PRAKTIESE GEMEENTE-WEES VANDAG	81
A2.6.3.1 BUITELYNE VAN 'n GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE	84
A2.6.4 PUBLIEKE TEOLOGIE: DIE NG KERK EN SY OPENBARE ROL	91
A2.7 FONDSE EN ADMINISTRASIE	93
A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE	97
A4 VERSLAG VAN DIE IN MEMORIAM-KOMMISSIE	99
A5 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KOMMUNIKASIE (NG KERK IN SA)	101
A6 VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID AFRIKA	109
A7 VERSLAG VAN DIE PREDIKANTE EN WEDUWEE PENSIOENFONDS	114
B BESKRYWINGSPUNTE	117
B1 REVISIE: BESLUIT BY PT 12.5 VAN VERSLAG VAN SINODALE KOMMISSIE 2002	117
B2 SINODALE STATE AAN RINGE	117
B3 OUDITERING VAN RINGSTATE	117
C BESKRYWINGSPUNTE RAKENDE BEPALINGS EN REGLEMENTE	118
C1 VERANDERING AAN DOOPLIDMAATREGISTER	118
D BYLAES	119
D1 VERKLARING VAN DIE ALGEMENE SINODE 2002	119
D2 GELOOFSVERKLARING VAN DIE SINODE VAN OOS-KAAPLAND 2002	120
D3 SINODELIED OOS-KAAPLAND	121
VOORWOORD DEUR MODERATOR	122
VOORWOORD DEUR SKRIBA	123
E LAAT INGEKOME STUKKE	124
E1 PREDIKANTE PENSIOENFONDS : VOORDEELVERGELYKING (BYLAE BY A2.7)	124
E2 FINANSIËLE STATE VAN DIE NGK IN OOS-KAAPLAND VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2003 (BYLAE BY A2.7)	131
E3 BEGELEIDINGSFUNKSIE VAN DIE SINODE VAN NGK OOS-KAAPLAND	149
E4 ALGEMENE SAKE VAN DIE ALGEMENE SINODE	152

## INHOUDSOPGAWE

---

<b>E5 GEROEP VIR 'N TYD SOOS HIERDIE</b>	<b>156</b>
<b>E6 OOS-KAAP KONTEKS</b>	<b>157</b>
<b>F VERSLAE VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIES</b>	<b>169</b>
<b>F1 ALGEMENE SAKE</b>	<b>169</b>
<b>F2 BESLUIE AAN KERKRADE</b>	<b>170</b>
<b>F3 FONDSE</b>	<b>175</b>
<b>F4 KOMMISSIE VIR KOMMISSIES</b>	<b>176</b>
<b>F5 REGSKOMMISSIE</b>	<b>181</b>
<b>F5.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGSKOMMISSIE</b>	<b>181</b>
<b>F5.2 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGSKOMMISSIE</b>	<b>183</b>
<b>F6 REISKOSTE EN VERBLYF</b>	<b>185</b>
<b>F7 SKAKELING</b>	<b>186</b>
<b>F8 LUISTERSPAN</b>	<b>187</b>
<b>F8.1 EERSTE VERSLAG VAN DIE LUISTERSPAN</b>	<b>187</b>
<b>F8.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE LUISTERSPAN</b>	<b>188</b>
<b>G HANDELINGE VAN DIE SINODE</b>	<b>189</b>
<b>H BYLAES</b>	<b>218</b>
<b>H1 OPENINGSREDE - PROF PJ NAUDÉ - 20 OKTOBER 2003</b>	<b>218</b>
<b>H2 GROETEBOODSKAP NAMENS DIE VGK - DS LL PLAATJIES (ASSESSOR) - 20 OKTOBER 2003</b>	<b>219</b>
<b>H3 GROETEBOODSKAP NAMENS DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK - DS LJ STRAUSS (SKRIBA VAN DIE RING VAN PORT ELIZABETH) 20 OKTOBER 2003</b>	<b>220</b>
<b>H4 GROETEBOODSKAP NAMENS DIE <i>CHURCH OF THE PROVINCE OF SOUTHERN AFRICA</i> - BISHOP BETLEHEM NOPECE (THE BISHOP OF PORT ELIZABETH) - 20 OKTOBER 2003</b>	<b>221</b>
<b>H5 TEMAS: INTEGRASIE KERK EN KONTEKS</b>	<b>222</b>
<b>I SAKEREGISTER</b>	<b>224</b>

ooo000ooo

## VOORWOORD DEUR MODERATOR

Die NG Kerk in Oos-Kaapland bevind haarself tans, soos ook ander sinodes van die Kerk, in 'n oorgangstyd -

\* 'n Proses van strukturele rasionalisering het so vroeg as 1990 'n aanvang geneem, en tydens die buitengewone vergadering van die sinode in Junie 2002 is ingrypende besluite ten opsigte hiervan geneem - die plaaslike gemeente is volledig kerk, en die sinodale strukture bestaan ter wille van die gemeente - om lg met *navorsing visionerend te begelei*, en namens die gemeentes die meerdere belange te *bestuur*.

\* 'n Uiteers belangrike ding het ook by Sinode 2002 gebeur : Ons het duidelik gesê dat ons niks meer, maar ook niks minder, as *één, heilige, algemene, Christelike kerk wil wees nie, die gemeenskap van die heiliges*. Hiermee het ons as sinode vir onself, mekaar, en vir die wêreld gesê hoe ons onself sien, en hoe ons glo die Koning van die Kerk ons sien.

\* Die pas afgelope Sinode 2003 het verdere spore getrap : Ons het onself afgevra hoe die konteks of omgewing waarbinne die Here ons as kerk geroep het lyk, en hoe ons op plaaslike gemeentevlak as sout vir die aarde en lig vir die wêreld 'n verskil kan maak. Ons het gehoor dat God ons as kerk geseën het en steeds seën, sodat ons vir ander tot seën kan wees, en dat dit wat ons tradisioneel so dikwels as verleenthede gesien het, eintlik wonderlike geleenthede is.

\* Sonder omhaal van woorde het ons as Sinode 2003 onomwonde en eenparig gesê dat die eenheid van die liggaam van Christus ons na aan die hart lê, en dat ons ons gaan beywer om uit te reik na die broers en susters in die Familie van NG Kerke, sodat die kerke weer kan herenig.

Die Oos-Kaapse Sinode het homself hiermee op die pad van versoening en diensbaarheid geplaas. Hier - tussen berg, Karoo en see, waar die Here ons geplaas het, en waar van die vroegste tye in die Suid-Afrikaanse geskiedenis grensoorloë en byoorloë gevoer is, en vanwaar die Groot Trek sy begin gehad het, en die sg *struggle* van die tweede helfte van die twintigste eeu sy oorsprong - hier wil ons die Koninkryk bou, wil ons God se hande en voete wees, wil ons ons offers bring, en wil Hy ons in sy liefde meeneem.

Kom ons werk hierin eendragtig en met onverskrokke ywer saam - in elke groot stedelike gemeente, maar ook in elke een van die kleinste plattelandse gemeentetjies. Kom ons maak sy liefde waar!

Mag ons Here ons seën en gebruik.

**Hansie Schutte : VDM  
CRADOCK  
1 November 2003**

## VOORWOORD : HANDELINGE

---

### VOORWOORD DEUR SKRIBA

#### 1. DIE HANDELINGE

1.1 In hierdie Handeling vind u alle stukke wat voor die negende gewone vergadering van die Sinode van Oos-Kaapland tydens sy sitting van 20-23 Oktober 2003 te Port Elizabeth gedien het en wat nie opgeneem was in die Sakelys van die vergadering nie.

1.2 Die Inhoudsopgawe van hierdie dokument maak van die Sakelys (p 1 - 121) en Handeling (p 122 e v) een dokument, en dit behoort saam gelees te word.

1.3 Die *Verslag van die Tydelike Kommissie vir Besluite aan Kerkrade (F2)* moet asseblief deur kerkrade in behandeling geneem word. Die sake is volgens die terreine waarop die kerk werk georden sodat fotokopiee daarvan gemaak en deur kerkraadskommissies behandel kan word. Die seën van die sinodesitting gaan grootliks bepaal word deur dit wat nou op gemeentevlak en daar buite gaan gebeur.

1.4 Die notule van die vergadering vind u by **G Handeling van die Sinode**. Voorstelle, amendemente en ordemosies is vir u gerief en ter wille van makliker verwysing genommer. Die dokument is so verbruikersvriendelik as moontlik opgestel, en voorstelle is taalkundig versorg.

1.5 Vyf Bylaes is onder afdeling H opgeneem: die Openingsrede van prof Piet Naudé, en die groeteboodskappe van di LL Plaatjies (VGK Kaapland), LJ Strauss (Ned Herv Kerk) en Biskop B Nopece (CPSA). Die vyfde bylaag is die vrug van die oopplan besinning deur die sinode en vervat die temas soos geformuleer rondom die integrasie van kerk en konteks.

1.6 Die voordragte van dr Coenie Burger en Johannes Erasmus is onderskeidelik as *E5 Geroep vir 'n tyd soos hierdie* en *E6 Oos-Kaap konteks* as laat ingekome stukke opgeneem.

1.7 Geen Sakeregister kan ooit voorgee om volledig te wees nie, maar wil aileen dit vir die leser makliker maak.

#### 2. BEDANKINGS

2.1 Uiteraard het die verskillende Tydelike Kommissies 'n groot aandeel gehad aan die skryf van hierdie dokument. Aan almal wat op een of ander wyse 'n inset gelewer het om inhoud aan die handeling van die vergadering te gee 'n woord van opregte dank.

2.2 Die lede van die Tydelike Kommissie vir die Notule, Besluite aan Kerkrade en die Sakeregister het vir 'n leeu-aandeel gesorg. Ook die tiksters het hul taak met groot toewyding verrig. Dit was wonderlik om deel van so 'n span te wees.

2.3 In besonder wil ek vir broers Kobus Prinsloo (hulpskrifa) en Heinrich Alberts bedank vir die baie ure wat hulle saam met my in die gereedmaak van hierdie Handeling belê het. So deur die vaak en moegheid van die nagure was dit goed om saam met julle te swoeg en sweet. Dit was maklik en lekker om op julle te kon staat maak!

2.4 NMB het vir die druk- en bindwerk gesorg, terwyl die personeel van die kantoor van die Direkteur Administrasie vir die verpak en versend van die stukke verantwoordelik was. Baie dankie!

Soli Deo Gloria!

**Danie Mouton : VDM**  
**Skriba Sinodale Kommissie**  
**PORT ELIZABETH**  
**5 November 2003**

**E LAAT INGEKOME STUKKE : E1 PENSIOENFONDS**

---

**E1 PREDIKANT PENSIOENFONDS**















**E2 FINANSIËLE STATE VAN DIE NGK IN OOS-KAAPLAND VIR DIE  
JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2003 (BYLAE BY A2.7)**







































## E3 BEGELEIDINGSFUNKSIE VAN DIE SINODE VAN NGK OOS-KAAPLAND

### 1. INLEIDING

Die sinode van Oos-Kaapland het in 2002 sy funksies gedefinieer as: Visionêre Leierskap, Begeleiding, Navorsing en Bestuur.

Die **begeleidingsfunksie** vorm 'n integrale geheel met die ander funksies en behels oa:

1. Visionering van ringe en gemeentes
2. toerusting
3. fasilitering
4. leierskapsontwikkeling (bv deur MBTI)
5. diensverhoudinge
6. kollegiale verhoudings
7. pastor pastorum
8. mentorbegeleiding
9. standplaasverwisseling
10. konflikresolusie
11. samewerkingseenhede
12. nuwe gemeente ontwikkeling
13. gemeentebestuur en -administrasie

Sommige van dié aspekte word reeds ondervang met oa:

1. Die aanwys van 'n diensterrein koördineerder vir gemeentebediening
2. ons gereëde Sinodale Werkswinkels,
3. die opgeleide fasiliteerders in elke ringsgebied,
4. die aanwysing van sinodale koördineerders vir die ontwikkeling van die mentor-, pastor pastorum - en standplaasverwisseling bediening
5. ringswerkswinkels en
6. ringsretraites

Omdat hierdie funksie egter so omvattend is en daarby dinamies ontwikkel, gaan die sinode van 2003 ruim tyd gee vir verdere insette en bespreking om op 'n verantwoorde en deelnemende wyse vir die volgende termyn te kan beplan.

Uit die werkswinkels wat in 2003 by elkeen van die ringe gehou is, het reeds geblyk dat twee sake uitstaan as van dringende belang:

1. Die geestelike versorging en begeleiding van predikante
2. die begeleiding van kerkrade mgt diensverhoudinge wat die versorging van predikante insluit

Die sinode het gevolglik vir drr Frederick Marais en Chris van Wyk gevra om by die sinodesitting hierdie proses te begelei.

As voorbereiding vir die gesprek en besluitneming by die sinode word sinodegangers gevra om die volgende uittreksel uit die Algemene Kommissie vir Predikantebegeleiding (AKPB) se verslag aan die Algemene Sinode 2002 te bestudeer. Dit sal as vertrekpunt vir die ontwikkeling van 'n eie model van begeleiding in die Oos-Kaap dien, veral ten opsigte van die predikante.

Die aanbevelings aan die einde van dié verslag,


dien as vertrekpunt en kan op die sinode aangevul en verbeter word aan die hand van ons gesamentlike luister na die wil van die Here vir 'n tyd soos hierdie.

### 2. UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE AKPB

#### 2.1 Die proses van begeleiding van predikante

Die primêre taak van die begeleiding van predikante word as volg geformuleer deur die Algemene Kommissie vir Predikantebegeleiding (AKPB): "die bevordering van 'n predikante versorgingskultuur met die klem op die persoons- en roepings/werksbegeleiding."

Vereenvoudig kan die versorging binne drie konsentriese sirkels uitgebeeld word:



#### 2.1.1 Versorging

In die binneste sirkel is die fokus op die leraar(s) binne die **konteks van die plaaslike gemeente, die kerkrade en sy diensverhoudingekommissie**.

**Hier is die kernvraag: Hoe kan die leraar gemeentelik so versorg word dat hy/sy met gemoedsrus kan werk?**

Binne hierdie konteks handel die begeleidingsproses oor:

1. die predikant as lidmaat wat as medegelowige in die plaaslike gemeente koinoniaal meeleeft.
2. die pastorale versorging van die predikant as persoon saam met sy gesin (o.a. deur kerkradelede wat daarvoor afgesonder word);
3. hulpverlening aan die gemeente mgt beroepingsprosesse en die opstel van diensooreenkomste vir leraar(s);
4. die voortgaande werksbegeleiding van 'n leraar binne die raamwerk van 'n diensooreenkoms;
5. die doelgerigte benutting van voortgesette teologiese opleiding en ander geleenthede tot vernouing in belang van die roeping van gemeente en leraar.

#### 2.1.2 Begeleiding/Ondersteuning

In die tweede sirkel gaan dit veral om die

**begeleidende betrokkenheid van die kerkverband by die plaaslike gemeente en leraar.**

**Die kenvraag hier is: Watter tipe ondersteuning/ begeleiding kan deur die kerkverband aan die leraar gebied word?**

**Kerkverband** betrokkenheid manifesteer in die gestaltes van die sinodale fasiliteerders, hulp met diensverhoudinge en ringsvisitasie. In soverre dit die leraar en die gemeente-leraar verhouding raak, het die versorgende funksie van die kerkverband hier die volgende doelwitte op die oog:

1. diagnose en intervensie waar van toepassing;
2. verwysings in die geval van besondere krisis;
3. standplaasruiling waar aangedui;
4. die ontwikkeling van ondersteuningsgroepe; en
5. advies en aanbieding van groeigeleenthede.

### 2.1.3 Terapie/Intervensie

In die derde sirkel gaan dit om **gespesialiseerde kundigheid** wat binne en vir die kerk beskikbaar is.

**Die kernvraag is hier: Wat is die toepaslike terapeutiese begeleiding wat aan die leraar (en gemeente) gebied moet word om die spesifieke krisis te oorkom?**

Sulke **gespesialiseerde** kundigheid kan in verskillende gestaltes soos VTO-instellings, kliniese pastors, sielkundiges, sosioloë, finansiële deskundiges, bestuurskonsultante, regsgeleerdes, arbeidskundiges ens wees. Hierdie persone of instellings se insette word veral benodig in gevalle waar terapeutiese hulp nodig raak vir:

1. persoonlike intervensies ; en
2. sisteemintervensies.

## 2.2 Die begeleidingsproses geplaas binne huidige kerklike strukture

Binne bestaande kerklike strukture kan bogenoemde verantwoordelikhede binne die drie sirkels as volg geplaas word:

### 2.2.1 Gemeentevlak

Die predikant word as lidmaat van die gemeente én as werknemer begelei. As werknemer bied die praktyk van 'n **diensverhoudingskommissie** goeie geleentheid tot sinvolle en verantwoordelike ondersteuning. As persoon binne gesinsverband kan die meer pastorale versorging gedoen word deur 'n aparte **versorgingskommissie**.

### 2.2.2 Rings- en streeksinodevlak

Die volgende moontlikhede kan op rings- en sinodale vlak ontgin word as maniere waardeur leraars begelei kan word:

1. Versorging geskied eerstens in die kerkverband deur visitasie deur die ring en konsulentkappe.

2. Sinodale begeleiers (*pastor pastorum* en ander begeleiers) kan aanvullend 'n pad saam met die predikant loop.

3. Verder word hier ook aandag gegee aan die toerusting en uitbouing van die werk van sinodale begeleiers.

4. Toerustingsgeleenthede gerig op die totale welstand (gesondheid) van die predikant self – bv sy/haar persoonlike lewe, huweliks- gesins-, werks- en geloofslewe – kan 'n beslissende rol speel in die versorgingsproses.

5. Laastens word hier ook gefokus op die ontwikkeling van 'n netwerk van kundiges vir intervensiedienste (bv. deur die VTO-forum [BUVTON, EVTO, SBO] en ander Gemeente Dienste Sentrums.)

### 2.2.3 Algemene Sinodale vlak

Op algemene sinodale vlak word aandag aan die volgende sake gegee:

1. Strategiese ontwikkeling tov verdere uitbouing van predikantebegeleiding wat werksessies oor vordering en fokuspunte insluit.

2. Die aanvaarding van die beginsel van 'n Mentoraatprogram en die ontwikkeling daarvan.

3. Die ontwikkeling en bevordering van 'n *pastor-pastorum*-kultuur

4. Die akkreditering en sentralisering van opleiding vir sinodale begeleiers waar nodig.

5. Die koördinerings van die raakpunte tov die vorming van die predikant deur teologiese opleiding, VTO, gemeentebediening en predikantebediening.

6. Die uitbou van die navorsingsbasis vir predikantebediening (navorsingsprojekte oor prioriteitsareas insluit)

## 2.3 Versorgingskommissie

Die volgende voorbeeld kan as basis vir die funksionering van 'n versorgingskommissie dien:

### 2.3.1 Samestelling

Die kommissie bestaan uit persone wat in die kerkraad of gemeente bekend is vir hulle pastorale gesindheid. Die kerkraad en leraars vorm 'n poel name wat meer is as die aantal diensdoende leraars. Uit hierdie poel name kies die leraars dan 'n aantal lede met wie hulle gemaklik voel. Een lid per leraar. Hierdie lede vorm dan die versorgingskommissie.

Die rede waarom die versorgingskommissie en kommissie vir diensverhoudinge nie saamval nie, is dat as diensverhoudinge die predikant aanspreek oor iets, dit reeds regtegnies sou kon geld as 'n eerste vermaning wat in 'n saak verswarend teen die predikant gebruik kan word.

### 2.3.2 Doelstellings van kommissie

Die versorgingskommissie het ten doel om:

1. die predikant en sy gesin se probleme, besware en frustrasies voortspruitend uit sy bediening aan te hoor en, met sy samewerking, tot bevrediging van die betrokke partye aan te spreek;



2. die predikant aan te moedig om te eniger tyd openlik oor enige negatiewe faset van sy bediening te gesels;
3. gereeld te vergader met die oog op bespreking van enige aspek wat aldus onder die aandag van die versorgingskommissie gebring word;
4. die verhouding tussen predikant en gemeente, predikant en kerkraad, predikant en kollegas, voortdurend te monitor.

### 2.3.3 Werkswyse van kommissie

Die versorgingskommissie kan ook aanbevelings maak oor die wysiging of aanpassing van die predikant se kontraktuele funksies, bevoegdhede, regte en verpligtinge. Die kommissie se pligte kan uiteraard uitgebrei word.

Die versorgingskommissie is nie 'n inspeksie-kommissie wat alles wat bespreek word aan die kerkraad of gepaste struktuur voorlê nie. Al die sake is vertroulik van aard, anders verloor die groep sy funksie van omgee en vertroulikheid. Slegs die sake wat aangespreek moet word, word deurgegee.

Voorbeeld van werkswyse: "In ons gemeente het hierdie versorgingskommissie ons elkeen individueel ingeroep en gesels oor goed soos ons drome, ons vryetydsbesteding, ons roeping, ons frustrasies. Al drie lede van die kommissie was teenwoordig in die gesprek met elke individuele predikant. Daarna het die lede elk 'n predikant gekry om by besoek te gaan aflê en verder te gesels en om te gee."

Verdere kommentaar op werkswyse: "Dis uiteraard 'n proses wat ons nie so vas wil reglementeer dat dit die kreatiewe vryheid van die lede beperk nie. Ons probeer juis om dit so min kunsmatig as moontlik te doen."

## 3. AANBEVELINGS

**3.1 Om die begeleidingsfunksie van die sinode effektief te kan begin uitvoer, besluit die sinode dat:**

- 3.1.1 'n Gemeente Dienste Netwerk vir die sinode van Oos-Kaapland gestig word;
- 3.1.2 hierdie netwerk verantwoordelik is vir die begeleiding van ringe, gemeentes en predikante in samewerking met die voorgestelde navorsing sentrum;
- 3.1.3 hierdie begeleiding omvat onder andere die volgende:
  - 3.1.3.1 die ontwikkeling van 'n span kundiges
  - 3.1.3.2 die fasilitering van prosesse in ringe en gemeentes
  - 3.1.3.3 die ontwikkeling van die pastor pastorum begeleiding
  - 3.1.3.4 die ontwikkeling van 'n gepaste mentorprogram
  - 3.1.3.5 kollegiale verhoudings
  - 3.1.3.6 leierskapsontwikkeling
  - 3.1.3.7 diensverhoudinge en versorging van predikante
  - 3.1.3.8 standplaasverwisseling

### 3.1.3.9 konflikresolusie

#### 3.1.3.10 nuwe gemeente ontwikkeling

**3.1.4 'n kundige persoon of persone aangewys word deur die nuwe Sinodale Kommissie om die netwerk te ontwikkel in samewerking met ander (bv Algemene Sinodale) strukture en dienste**

**3.1.5 jaarliks vir die netwerk begroot word uit sinodale fondse (ongeveer R25 000) en vir spesifieke projekte uit die sinodale dankoffers soos deur die ringe jaarliks by die Sinodale Kommissie ooreengekom.**

## E4 ALGEMENE SAKE VAN DIE ALGEMENE SINODE

### 1. ALGEMENE SAKE VIR IMPLEMENTERING

#### 1.1 Aanvalle op plase (568: 3.4.9)

1.1.2 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om gereed vir die boerderygemeenskap te bid en op predikante om deur middel van hulle prediking steeds te poog om die regte gesindheid by die lidmate te skep.

#### 1.2 Beskermingsdienste (569: 6.3.8)

1.2.1 Die Algemene Sinode versoek gemeentes vir volgehoue voorbidding vir ons lidmate in die Beskermingsdienste, veral tydens die onsekere en uitdagende tye van transformasie.

#### 1.3 Buitelandse bediening (567: 2.4.3) - die Algemene Sinode

1.3.1 Versoek sinodes, ringe, gemeentes en predikante wat buitelandse bediening beoog, om vooraf en betyds met die Kommissie vir Buitelandse Bediening te skakel;

#### 1.4 Doop van kinderhuiskinders (567: 3.3.2)

1.4.1 Die Algemene Sinode 2002 oordeel dat die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind ouer as 7 jaar wat dit begeer, die implikasie het dat 'n persoon of persone naas die eie, pleeg- of aanneemou(er)s by die doop op die formulier kan antwoord en vir die geestelike opvoeding van 'n kinderhuiskind verantwoordelikheid kan neem. Die moontlikheid bestaan dus dat 'n ongedoopte kinderhuiskind van 7 jaar en ouer, wie se kinderhuisplasing 'n min of meer permanente vorm aangeneem het, gedoop kan word.

1.4.2 Die Algemene Sinode handhaaf die besluit dat die kinderhuis of gemeente nie korporatief as pleegouer kan optree vir doeleindes van die aflê van en die uitvoering van die doopgelofte nie. Kerkrade kan wel, nadat die biologiese ouers, waar moontlik, daarvoor geraadpleeg is, lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondopvoeding, aanwys om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind ouer as 7 jaar.

1.4.3 Die Algemene Sinode oordeel dat by die doop van en daarna by die nagmaalbediening aan 'n kinderhuiskind die begeerte eers van die kinderhuiskind self moet kom en dat kerkrade daarteen moet waak dat ander oorweginge nie 'n aanleidende rol speel nie. Net soos alle kinderhuiskinders bo 7 jaar nie sonder meer gedoop kan word nie, kan alle dooplidmate nie sonder meer tot die nagmaaltafel toegelaat word nie. Dit is dus nie besluite wat kerkrade sonder die uitgesproke begeerte van die ongedoopte of dooplidmate en sonder die versekering van behoorlike ouerlike of plaasvervangende begeleiding en sorg kan neem nie.

### 1.5 Kerkvereniging

#### 1.5.1 Bybelse begroning vir eenwording (551: 13.7)

1.5.1.1 Die Algemene Sinode herbevestig dat hy dit as Skriftuurlike opdrag aanvaar dat die wesentlike eenheid van die NG Kerkfamilie sigbaar en werksaam gemaak moet word.

1.5.1.2 Die Algemene Sinode herbevestig dat hy die strukturering van die eenheid van die NG Kerkfamilie as wesentlike deel van hierdie proses sien.

1.5.1.3 Die Algemene Sinode oordeel dat groter strukturele uitdrukking van die eenheid in die NG Kerkfamilie noodsaaklik is met die oog op heling (versoening), gesamentlike getuieis en meer effektiewe diens.

1.5.1.4 Die Algemene Sinode sien hierdie strukturering as 'n proses wat op die vlak van die plaaslike gemeente, op ringsvlak en op sinodale en algemene sinodale vlak met oorgawe ontplooi moet word.

1.5.1.5 Die Algemene Sinode bevestig dat die eenheid van die Afrikaanse susterkerke ook belangrik is en steeds nagestreef word

#### 1.5.2 Verbintenis tot een kerkverband (571:

1.3.1) - die Algemene Sinode herbevestig sy voorneme en verbintenis tot een kerkverband in die NG Kerkfamilie.

1.5.3 **Vorderingsproses** (571: 1.3.2) - die Algemene Sinode spreek sy teleurstelling uit oor die feit dat daar tot op datum, ná 8 jaar gelede se besluit deur die Algemene Sinode 1994, min vordering in die proses gemaak is.

1.5.4 **Konvent** (571: 1.3.3) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASK om in aanraking te kom met die VGKSA, NGKA en RCA om saam die moontlikheid te ondersoek om so spoedig moontlik 'n konvent te reël met die oog op die verkryging van een kerkverband.

#### 1.5.5 Struktuur vir een kerkverband (571: 1.3.5 en 578: 1.1.1)

1.5.5.1 Omdat ons gehoorsaam wil wees aan die wil en wens van ons Here Jesus Christus dat sy kerk een sal wees en omdat ons diensbaar wil wees aan die koms van sy koninkryk in Suider-Afrika en ons hele kontinent, wil die Algemene Sinode van die NG Kerk hom opnuut verbind tot 'n pad van samewerking en eenheid met alle Christelike kerke.

1.5.5.2 Ten opsigte van die eenwordingsproses van die NG Familie spreek die Algemene Sinode daarom die oortuiging uit dat daar so spoedig moontlik oorgegaan moet word tot die stigting van of hereniging tot een kerkverband vir die Familie en verklaar die Algemene Sinode hom bereid en gereed vir so 'n proses (vgl AS, H1998, p516, pt 10.2.1).

1.5.5.3 Die Algemene Sinode is van mening dat die saak van kerkvereniging 'n prosesmatige

## E LAAT INGEKOME STUKKE : E4 ALGEMENE SINODE

karakter het. Daarom moet saam gesoek word na 'n belydenisgrondslag en struktuur waarbinne die deelnemende kerke hulle tuis kan voel. Die sake genoem in die beskrywingspunt kan moontlik as voorbeelde gebruik word.

1.5.5.4 Die Algemene Sinode verleen volmag aan die ASK om die proses van kerkvereniging verder te begelei.

1.5.5.5 Die ASK (Moderamen) word versoek om ondersoek in te stel na die moontlikheid dat kerkvergaderings wat gereed is daarvoor gesamentlike vergaderings kan vorm wat reeds in die interim deel vorm van meer kerkverbande. Die ASK (Moderamen) word versoek om, indien die saak onder andere kerkordelik in orde is, die groen lig te gee aan kerkvergaderings wat dié pad wil volg.

**1.5.6 Modelle** (571: 1.3.6) - die Algemene Sinode versoek die ASK om op 'n kreatiewe manier na verskillende modelle van kerkvereniging te kyk.

**1.5.7 Inspraak van kerkrade** (571: 1.3.8)

1.5.7.1 Die Algemene Sinode besluit dat die vorming van een kerkverband in die NG Kerkfamilie eers kan plaasvind na 'n proses van behoorlike oorleg- en raadpleging met kerkrade, wat daarop gemik is om die groots moontlike konsensus in die NG Kerk te bevorder.

1.5.7.2 Indien konsensus nie bereik word nie, word die inspraak van kerkrade soos volg gereël:

1.5.7.2.1 Individuele kerkrade keur die vorming met 'n tweederdemeerderheid goed.

1.5.7.2.2 Tweederdes van alle kerkrade in die NG Kerk moet hierdie tweederdemeerderheid verkry.

**1.5.8 Kontak/Skakeling** (571: 1.3.7)

1.5.8.1 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om steeds moeite te doen om nader kontak te bewerkstellig met ander gemeentes van die NG Kerkfamilie.

1.5.8.2 Die Algemene Sinode versoek weereens die gemeentes om op plaaslike vlak te skakel met plaaslike gemeentes van VGKSA, NGKA en RCA oor samewerkings- en toenaderingsgeleenthede.

**1.5.9 Kombinasie van werksaamhede** (578:

1.5.1) - die Algemene Sinode keur B.16.5 goed as riglyn vir 'n kombinasie van werksaamhede uit verskillende kerkverbande en beveel die Reglement vir die Vermeerdering, Kombinerings, Eenwording en Samesmelting van gemeentes (sien nuwe kerkorde).

**1.5.10 Samewerkingsprojekte** (571) - die

Algemene Sinode doen 'n beroep op alle gemeentes en kerkvergaderinge om doelgerig te werk aan direkte samewerkingsprojekte met gemeentes en kerkvergaderinge van die VGK, NGKA en RCA as werkswyse. Dit kan dadelik hoogs produktief wees vir die koninkryk en sal die ideaal van kerkeenheid dien en realities maak.

**1.5.11 Vereistes vir oor-en-weer beroepbaarheid** (567: 2.3.4) - die Algemene Sinode stel die volgende vereistes vir die beroep van 'n leraar of proponent uit die NGKA, VGKSA

en RCA:

1.5.11.1 Die NG Kerk erken die opleiding en legitimasie van die NGKA, VGKSA en RCA op voorwaarde dat dit voldoen aan die vereistes wat die NG Kerk stel vir sy eie opleiding en legitimasie.

1.5.11.2 Indien die opleiding van 'n gelegitimeerde van die NGKA, VGKSA en RCA nie gelykwaardig is aan die vereistes wat die NG Kerk vir sy eie gelegitimeerdes stel nie, is so 'n persoon nie sonder meer beroepbaar in die NG Kerk nie.

1.5.11.3 Voldoen 'n gelegitimeerde van die NGKA, VGKSA en RCA nie aan die vereistes wat die NG Kerk vir gelegitimeerdes stel nie, sal sodanige persoon die nodige aanvullende kwalifikasies moet verkry ten einde beroep te kan word na 'n NG Gemeente of benoem te kan word in 'n pos in die NG Kerkverband.

1.5.11.4 Die Algemene Sinode het aan ringe opdrag gegee om toe te sien dat by die goedkeuring van beroepe uit die NG Kerkfamilie daar aan die vereistes van die NG Kerk vir opleiding, legitimasie en beroepbaarheid in die NG Kerk voldoen word. In terme van die nuutste *Kerkorde* (1998) keur die ring nie meer beroepe goed nie, maar kontroleer of daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (Art 8.1.2).

1.5.11.5 Die Drie Formuliere van Eenheid moet as belydenisgrondslag van die NG Kerk aanvaar word alvorens predikante van die Familie van NG Kerke in 'n gemeente van die NG Kerk bevestig kan word.

**1.6 Koninkryksjaar** (568: 3.7.2) - die geestelike en morele agteruitgang in ons samelewing toon dat daar 'n baie ernstige behoefte bestaan dat God se koningskap 'n veel sterker greep op ons totale Suider-Afrikaanse samelewing sal kry. In die lig hiervan besluit die Algemene Sinode

1.6.1 dat alle Suider-Afrikaanse kerke genader sal word met die oog op die moontlikheid om 'n geskikte jaar, bv 2005, as koninkryksjaar te beplan en te verklaar;

1.6.2 dat hierdie 'n eenheidsaksie van die kerk van Christus in Suider-Afrika behoort te wees;

1.6.3 dat, wat die Ned Geref Kerk betref, 'n geskikte projekkomitee aangewys sal word om hierdie saak verder te voer, met rapport aan die ASK.

**1.7 Uitsprake deur teoloë** (577: 1.4)

1.7.1 Die Algemene Sinode van die NG Kerk herbevestig hiermee sy verbondenheid aan die Woord van God en die klassieke belydenisskrifte.

1.7.2 Die Algemene Sinode wil lidmate verseker dat hulle geloof vir die Sinode kosbaar is en dat die sinode begrip het vir hulle reaksie op openbare uitsprake en debatte. Lidmate word daaraan herinner dat ons geloof gebaseer is op die genadige verkiesing van God wat die Begin en die Voleinder van ons geloof is soos verwoord in die Skrif en ons belydenisskrifte.

1.7.3 Die Algemene Sinode wys daarop dat terwyl ons vrymoedig in ons getuienis oor ons geloof kan wees, ons maar net ten dele oor God en Sy Woord kan praat. Ons het God nie in ons greep nie en ons het ook nie klaar gedink oor die Skrif en ons geloofsinhoud nie. Ons worstel saam

## E LAAT INGEKOME STUKKE : E4 ALGEMENE SINODE

om te probeer om die wonder van sy bemoeienis met ons te verwoord en te verkondig.

1.7.4 Die Algemene Sinode is oortuig dat kerkvergaderings en lidmate die verantwoordelikheid het om (sonder om mekaar te verontrus) voortdurend saam te praat oor die sake wat deur middel van openbare debatte en uitsprake op die kerk se tafel kom, en dat hulle 'n verantwoordelikheid het vir hulle teologiese en geloofstoerusting in die verband. Ons as Kerk se toerusting, besinning en omgang met die sake ter tafel moet so wees dat ons opnuut van hieruit geïnspireer word om die evangelie van vreugde en hoop konkrete gestalte in ons samelewing te laat kry in die manier waarop ons optree.

1.7.5 Die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om op deurlopende wyse by die openbare gesprek betrokke te wees omdat die NG Kerk met haar ryk teologiese tradisie verantwoordelikheid het om haarself nie te isoleer van die debatte nie.

1.7.6 Die Algemene Sinode herinner gelegitimeerdes van die NG Kerk aan hulle verbondenheid aan en verantwoordelikheid teenoor die geloofsgemeenskap in die manier waarop hulle teologie bedryf.

1.7.7 Die Algemene Sinode wys kerkrade daarop dat die opsig oor die leer en lewe van gelegitimeerdes wat lidmate is, hulle verantwoordelikheid is.

### 1.8 Verklaring roeping NG Kerk (584: C.21.2)

Tydens die vergadering van die Algemene Sinode het ons as afgevaardigdes al hoe meer oortuig geraak van die liefde van Christus en daarom ook van die NGK se roeping en plek in Suider-Afrika.

Daarom:

(a) verbind ons ons opnuut aan die Here wat ons Kerk 350 jaar gelede hier geplaas het. Ons dank Hom vir die voorreg om ook nou nog deel van sy kerk te kan wees. Ons is daarvan oortuig dat net die evangelie van Christus ons op 'n pad van heil kan plaas. Daarom wil ons as Kerk die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig en orals getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) verbind ons ons opnuut tot ons kontinent, in die besonder Suider- Afrika. Die tragiese verhale van die allerverskriklike vorms van geweld, die geweldige omvang van armoede en gevolglike hongersnood, die konsekwensies van die vigsplandemie, die gebrek aan respek vir mense, diere en die omgewing en ook ons aandeel daaraan, het ons ontstel. Die Sinode betuig sy meegevoel aan die talle slagoffers. Ons wil ook 'n verskil maak. Daarom verbind ons ons om mee te werk aan oplossings vir ons samelewing. Ons stel ons as Kerk beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help betrokke te raak. Ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenisse tot diens aan die gemeenskap

(c) verbind ons ons tot groter eenheid met ander kerke. Ons wil graag herenig met ons Kerkfamilie, soos ons glo God dit wil hê. Ons wil ook graag ons ekumeniese bande bevestig en uitbrei en met alle ander Christene hande vat om ons lande op te bou en pynlike omstandighede te verlig.

(d) roep ons gemeentes op om by die genesing van ons land betrokke te raak. Ons dank die Here vir die toegewytheid van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons orals hoor. Kom

ons wys die wêreld opnuut dat ons as "sout vir die aarde" en "lig vir die wêreld" God se Koninkryk wil laat kom.

Ons het 'n Here. Ons is hier. Ons is Sy kerk. Aan God al die eer.

### 1.9 Elektroniese bewaring (531: 1.2.4)

1.9.1 Die praktyk om dokumente wat elektronies geskep is slegs elektronies te bewaar, word nie aanbeveel nie.

1.9.2 Kommissies van die Algemene Sinode, sinodes, ringe, kerkrade, inrigtings en alle argiefskeppende instansies word versoek om, naas die elektroniese bewaring van dokumente, alle dokumentasie - notules en ander argivalia - in gedrukte vorm te bewaar en volgens die goedgekeurde riglyne vir bewaring (Agenda AS 1998:142) na die verskillende bewaarplekke oor te plaas.

1.10 **Elektroniese oorpasing** (531: 2.1.3) - die Algemene Sinode besluit dat alle elektroniese oorpasing van lidmaatskap vergesel/bevestig moet word deur die oorspronklik-getekende dokument.

1.11 **Gerekenariseerde inligting** (531: 1.3.2.4) - leraars, kommissies en gemeentes word aangemoedig om van die gerekenariseerde inligting (Bylae A.2.1 en beskikbaar by [www.ngkerk.org.za](http://www.ngkerk.org.za)) wat by die onderskeie argief- en inligtingsdienste beskikbaar is, gebruik te maak.

1.12 **Inligting-aktueel**(532) - leraars word uitgenooi om in te teken op Inligting-Aktueel, waarin die Argief die dagblaaie opsom ([ngkinlig@mweb.co.za](mailto:ngkinlig@mweb.co.za)).

1.13 **Appelliggame** (536: 7.3) - die Algemene Sinode neem kennis dat appelliggame van ringe en sinodes wel aanspreeklik kan wees vir kostes as repondente in sake waarvan sulke liggame die appél hanteer het.

1.14 **Suid-Afrikaanse Raad van Kerke** (572: 3.31.4) - die Algemene Sinode besluit om tydens die volgende driejaarlikse vergadering van die SARK om volle lidmaatskap aansoek te doen (tweederdemeerderheid).

### 1.15 Jaar van hoop (566: 13.8)

1.15.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die Werkgroep vir Missionêre Diakonaat op om die doelwitte en inisiatiewe van die Jaar van Hoop te kontinueer.

1.15.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om te besin oor en toe te sien dat die drie sake van die Jaar van Hoop voortgesit word.

1.16 **Bybelstudiegidse** (546: 9.6.1) - die Algemene Sinode moedig kerkrade en lidmate aan om in ruim mate van die Bybelstudiegidse en skolingsmateriaal van Bybel-Media gebruik te maak en sodoende hulle eie geestelike groei te bevorder.

1.17 **Gedrukte en elektroniese produkte** (546: 8.6.1) - die Algemene Sinode moedig gemeentes

aan om met groter doelgerigheid die verspreiding en gebruik van gedrukte en elektroniese produkte met 'n Christelike boodskap deur gemeentelike mediasentrums, kolporteurs en skakelpersone te bevorder.

**1.18 "Kruisgewys"** (546: 9.6.2) - die Algemene Sinode beveel by kerkrade aan om vir hulle leraars in te teken op die vastebestelskema "Kruisgewys" sodat leraars op die hoogte kan bly met die nuutste ontwikkelings op die terrein van teologiese navorsing en praktiese gemeentebediening.

**1.19 Voortgesette teologiese opleiding** (580: 5)

1.19.1 Die Algemene Sinode besluit om, in belang van die behoud van bedieningsbevoegdheid, voortgesette teologiese en ander toepaslike opleiding vir huidige predikante as verpligtend en afdwingbaar te beskou.

## E5 GEROEP VIR 'N TYD SOOS HIERDIE

DR CW BURGER

### Ons leef in anderse tye

- \* In Weste 'n tyd van dramaties-snelle veranderings (Rahner oor Europa)
- \* Wat 'n ontsaglike impak op godsdienst het
- \* Brown, Gill oor Engeland; Dingemans oor Holland
- \* In Afrika is die veranderingsproses nog weer anders en kompleks
- \* SA gaan deur vier prosesse tegelyk: politieke, ekonomiese, sosiale, rasse transisie

### Waar God op nuwe plekke en maniere werk

- \* Tog ook goeie nuus
- \* Jenkins: God doen iets in Afrika (interessante statistiek!)
- \* Min twyfel dat NG Kerk 'n wesenlike rol het (lidmate, predikante, bronne, kennis)
- \* Word bevestig deur mense van buite ons kerk
- \* Glo die Here roep ons om deel te wees van wat Hy doen in Afrika

### Is ons gereed om die roeping reg te antwoord?

- \* Ons het in 'n siklus van twyfel beland (diep onseker, verlam, sonder energie)  
Begin gewoonlik by probleme in die **gemeente**  
Het gemaak dat ons begin twyfel aan die **kerk**  
En aan die relevansie van ons **eie tradisie**  
Dit ruk aan **ons eie geroepenheid** as leraars en gemeenteleiers  
En kan ons selfs laat **wonder oor die waarheid van God** en sy evangelie
- \* Die pad daaruit is 'n omgekeerde siklus van hoop waarin ons  
Die waarheid van **God** en sy evangelie nuut ontdek  
Opnuut weet dat Christus sy werk deur sy **kerk** wil doen  
Besef dat **gemeentes** die eerste uitleggers en draers van die evangelie is  
Weer, soos Petrus, die **roepstem** van die Here, die tweede keer nuut hoor  
Die genialiteit van ons **eie tradisie** herontdek (ons stukkie van die legkaart)

### Grondreëls vir die pad van herstel (1):

- Ons sal God weer moet leer ken vir wie Hy regtig is
- \* Ken Hom slegter as wat ons dink
  - \* Calvin: oor leerbaarheid

### Grondreëls vir die pad van herstel (2)

#### Die nuwe visie op God sal ons denke oor die kerk moet stempel

In al ons vrae oor die kerk laat lei deur Wie God is en wat God sê

Wie ons is: identiteit  
Wat ons hier doen: missie of roeping  
Hoe ons die werk doen: bedienings of praktyke  
Heitink: kerk is mense rondom God en Jesus  
Kan verduidelik word deur die vier eienskappe van die kerk ... Of

#### Voorbeeld 1: Missie van die kerk?

##### Om te doen wat Christus gedoen het

- \* Verkondig die evangelie aan alle mense
- \* Reik met Christus se omgee-liefde uit na almal in nood
- \* Lewer publieke getuie oor grondslae van die evangelie soos vrede, reg, versoening, ens

#### Voorbeeld 2: Identiteit van die kerk?

##### Om vanuit die sleuterwaardes van Christus se lewe te leef

- \* Hemelvaart: geborgenheid n Christus (Kol 3) gee ons geloof en vertrou vir die lewe
- \* Opstanding: hoop en moed vir die lewe (to dare to think the impossible)
- \* Kruis: offervaardigheid en bereidheid tot lyding vir die saak van Christus
- \* Lewe van Christus: liefdesdiens aan ander en aan God
- \* Menswording: uitree uit onself (gemaksones) en intree in die leefwêreld en probleme van ander

#### Die kerk as teken, voorsmaak en instrument van Christus en sy Koninkryk

- \* Instrument:
- \* Teken
- \* Voorsmaak

### Nuwe roeping

- \* Wonderlikste ding wat met 'n mens kan gebeur
- \* Buechner: "Roeping is waar die wêreld se diepste nood en ons diepste passie ontmoet"
- \* Kom nog 'n derde element by bg twee: God se wil vir ons lewens
- \* Nietzsche: "he/she that has a why to lieve for can bear with almost any how"

#### Soos Lesslie Newbigin sê:

As I lay awake a vision came to my mind, perhaps arising from something I had read a few weeks before by William Temple. It was a vision of the cross, but it was the cross spanning the space between heaven and earth, between ideals and present realities - with arms that embraced the whole world.

I saw it as something that reached down to the most hopeless...of human misery and yet promised life and victory.

I was sure that night, in a way I had never been before, that this was the clue that I must follow if I were to make any sense of the world.

From that moment I would always know how to take bearings when I was lost.

## **E6 OOS-KAAP IN KONTEKS**

**Dr J Erasmus (Eenheid vir Godsdiens en Ontwikkelingsnavorsing)**

Ek fokus in my aanbieding op vier areas:

### **1. DEMOGRAFIE**

T.o.v. die demografie van die Oos-Kaap sal ek telkens konsentreer op beide die huidige situasie en die verskuiwing wat sedert 1996 plaasgevind het, indien enige. Persoonlike kenmerke:

- Bevolkingsgroep
- Ouderdomsverspreiding
- Bevolkingsgroep
- Taal
- Huwelikstatus
- Onderwyspeil (veral volwassenes)
- Godsdienstige verspreiding

Ekonomiese eienskappe

- Werkstatus
- Beroep
- Industrie
- Inkomste verspreiding

Huishoudelike eienskappe

- Tipe woning
- Aantal kamers in woning
- Toegang tot dienste bv. water en elektrisiteit
- Samestelling van huishoudings
- Jaar waarop familie na hierdie adres getrek het (migrasie)

### **2 POTENSIAAL VAN DIE KERK**

- Die Christelike godsdiens
- Kerk se posisionering
- Kerk se infrastruktuur

### **3. ASPEKTE WAT IMPAKTEER OP MENSE SE LEWENS**

- Werkloosheid
- Geweld (ook seksueel teenoor vroue en kinders)
- Middelafhanlikheid (Dwelms en drank)
- MIV/Vigs

### **4. INTERPRETASIE**

Hoe kan die kerk (blywend) 'n verskil maak aan die konteks?



























**F1 ALGEMENE SAKE**

Geen sake is na hierdie kommissie verwys nie.

## F2 VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR BESLUIE AAN KERKRADE

Voorsitter, broers en susters,

Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland bring die volgende besluite onder die aandag van alle kerkrade. Die besluite is geneem tydens die jongste sinodale vergadering gehou van 20-24 Oktober 2003 te Port Elizabeth.

Besluite aan kerkrade volg die orde van die sakelys. Bladsy en puntnommers van hierdie verslag verwys ook na die Sakelys van die Sinode van Oos-Kaapland.

### 1. PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE (P 17)

Die Sinode het 'n nuwe weg ingeslaan ten opsigte van die inhoud en proses van die vergadering. Voorheen is daar op verslae oor reeds afgehandelde werk gekonsentreer. Vanjaar het die fokus na die toekoms en ons oriëntering aan die toekoms verskuif. Aan die hand van 'n ontmoeting met God deur die Woord en Gees en met verrekening van die konteks waarin ons kerk moet wees, het ons besluite oor die pad vorentoe vir die kerk in Oos-Kaapland geneem.

Die vergadering het uit twee hooflyne bestaan:

1.1 Die hantering van die vier funksies van die sinode, naamlik visionering, begeleiding, bestuur en navorsing, gebaseer op die verklaring van die sinode in 2002.

1.2 Die verslag van die Sinodale Kommissie.

'n Liturgiese karakter is aan die sinode gegee deur middel van opening- en afsluitingseremonies en ander momente deur die loop van die vergadering.

Die sinode het gebruik gemaak van 'n fasiliteerder en 'n prosesmatige benadering, eerder as debatvoering, is gebruik. Die identiteit van die sinode, soos verwoord in Geloofsverklaring 2002 (sien p 120 van die Sakelys), het 'n bepalende rol in die vergadering gespeel.

Kerkrade sou toenemend die voorbeeld van die sinode kon navolg.

### 2. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (P 20)

#### GELD VIR BUIE-GEMEENTELIKE WERKSAAMHEDE (PT 2.17, P 25)

##### 2.17 GELOOFSGELOFTE-OFFERS

**2.17.3.1** *Die sinode besluit dat geld, wat vir buite-gemeentelike werksaamhede, insluitende hulp aan gemeentes binne die kerkverband, bygedra / ingesamel word, en nie tot voordeel van die plaaslike gemeente aangewend word nie, en wat ten doel het die uitbreiding van die Koninkryk van God, vir die berekening van sinodale dankoffers aftrekbaar is.*

**2.17.3.2** *Van sodanige gelde moet afsonderlik boek gehou word en deur die gemeente se ouditeure bevestig word. Dit word as "gelde vir versending" op die inkomstestaats getoon.*

**2.17.3.3** *Ter wille van 'n databank re barmhartigheidswerk en onderlinge steun in die kerkverband moet gemeentes 'n opsomming van hierdie werksaamhede en die fondse wat onderskeidelik daaraan bestee is, jaarliks saam met hul geouditeerde state indien.*

##### 2.17.4 BESLUIT

*Die sinode keur die aanbevelings (2.17.3.1 - 2.17.3.3) goed, en versoek die Sinodale Regskommissie om die besluit en sy implikasies te reglementeer.*

#### 54. KONVENT VIR EENHEID (P 37)

**54.1** Op versoek van die moderamen van die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland ondersteun die Kommissie 'n beskrywingspunt (B.16.6 - Agenda Algemene Sinode 2002) rakende 'n struktuur vir een kerkverband.

### BESLUIT OOR KERKEENHEID EN KONVENT

Die sinode het die volgende voorstel uit die vergadering rakende kerkeenheid en die konvent goedgekeur:

**Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland:**

1. Bevestig die NG Kerk se verbintenis aan die kerkherenigingsproses met al die Kerke van die NG Familie asook sy dringende wens dat hierdie hereniging so spoedig as moontlik sal plaasvind.

2. Laat hom in sy besluite oor die kerkherenigingsproses lei deur die volgende oortuigings:

2.1 Ons glo dat die hereniging van die familie van die NG Kerke noodsaaklik is omdat die Woord van die Here baie duidelik praat oor die belangrikheid van die eenheid van sy kerk. Ons glo dat die liefde wat ons as gelowiges in Christus vir mekaar koester, ons dring tot kerkhereniging.

**2.3 DIE KERKORDE, AANVULLENDE  
BEPALINGE EN REGLEMENTE (1999)**

2.3.1 - 2.3.2 Kennis geneem

**2.4 VOLGENDE SINODALE VER-  
GADERING**

2.4.1 - 2.4.3 Kennis geneem

**2.5 SKAKELING MET DIE MEDIA**

2.5.1 - 2.5.3 Goedgekeur

**2.6 LERAARS SONDER PENSIOEN-  
FONDS**

2.6.1 - 2.6.4 Kennis geneem

**2.7 AFVAARDIGING NA DIE  
KONVENT**

2.7.1 - 2.7.5 Staam oor

**2.8 REKENAARNETWERK MET KON-  
FIGURASIE**

2.8.1 - 2.8.2 Goedgekeur

**2.9 STANDAARDISERING OP MS  
OFFICE 2.9.1 - 2.9.4 Kennis geneem**

**2.10 LAS OP VOORSITTERS EN KOM-  
MISSIES**

2.10.1 - 2.10.6 Kennis geneem

**2.11 FONDSE VIR WERKSAAMHEDE  
VAN KERK**

2.11.1 - 2.11.3 Kennis geneem

**2.13 AANKOOP EN OPGRADERING  
VAN REKENAARS EN  
PROGRAMMATUUR**

2.13.1 - 2.13.3 Kennis geneem

**2.14 MEDIESE FONDS VIR WERK-  
NEMERS VAN DIE NG KERK**

2.14.1 - 2.14.3 Kennis geneem

**2.15 HALFJAARLIKSE  
VERSTELLINGS AAN DIE BEGROTING**

2.15.1 - 2.15.4 Kennis geneem

**2.16 SINODALE BYSTANDSFONDS**

2.16.1 - 2.16.4 Kennis geneem

**2.17 GELOOFSGELOFTE-OFFERS**

Verwys na die Tydelike Regskommissie

**2.18 STUDENTEBEARBEIDING**

2.18.1 - 2.18.3 Goedgekeur

**3. POS DIREKTEUR ADMINISTRASIE**

3.1 - 3.3 Kennis geneem

**4. HULP AAN GEMEENTES UIT SINO-  
DALE HULPFONDS**

4.1 - 4.3 Kennis geneem

**5. HULP AAN SINODE WES-  
TRANSVAAL**

5.1 - 5.3 Kennis geneem

**6. SKOOTREKENAAR**

6.1 - 6.2 Kennis geneem

**7. OPGRADERING VAN  
KAMPSTERREINE**

7.1 - 7.5 Kennis geneem

**8. HULP AAN INRIGTINGS EN HUL  
INWONERS**

8.1 - 8.3 Kennis geneem

**9. VERGOEDINGSPAKKETTE VAN  
LERAARS**

9.1 - 9.2 Kennis geneem

**10. SINODALE BEGROTINGS**

10.1 - 10.3 Kennis geneem

**11. FINANSIËLE STATE**

11.1 - 11.3 Kennis geneem

**12. SALARISSE EN DIENSVOOR-  
WAARDES PERSONEEL**

12.1 - 12.3 Kennis geneem

**13. PREDIKANTE- EN WEDUWEE  
PENSIOENFONDS**

13.1 - 13.2 Kennis geneem

**14. PENSIOENAANDEEL MISSIE  
JAPAN KOMITEE**

14.1 - 14.3 Kennis geneem

**15. AKKOMMODASIE TE PORT  
ELIZABETH**

15.1 - 15.4 Kennis geneem

**16. INTERPRETASIE FUNKSIONELE  
BESLUIT 27.1.2.1**

16.1 - 16.3 Kennis geneem

**17. KANTOORSLUITING OP HEMEL-  
VAARTDAG**

17.1 - 17.2 Goedgekeur

**12. A2.4 VERSLAG VAN DIE  
DESKUNDIGE LID VIR JEUG P  
62**

**1. BESLUIE VAN DIE ALGEMENE SINODE**

1.1 - 1.6.1 Kennis geneem

**2. JEUGWERK IN DIE OOS-KAAP**

2.1 - 2.1.2 Kennis geneem

## G HANDELINGE VAN DIE SINODE

Dr L Dressel van die Algemene Jeugkommissie spreek die vergadering toe.

### VOORSTEL 1

Dat die verslag van dr Dressel per e-pos aan al die gemeentes gestuur word.

(Ds MJ Coetzer / ds JC Coetzee)

**Goedgekeur**

### 13. PERSONEEL

Ds M Lourens (Vanstadensrivier) vra verlof vir Dinsdag vanaf 11:00 tweede oggendsitting tot 18:00 middagsitting.

Diak (me) CJA Landsberg (Newtonpark) vir Dinsdag eerste oggendsitting.

Ds CP Crouse (Grasvoëlkop) vir Dinsdag vanaf 12:00 tweede oggendsitting tot 16:00 middagsitting.

Oudl NJ Claasen (P.E.-Noord) vir Dinsdag aandsitting

### MAANDAG 20 JUNIE 2003 AANDSITTING

### 14. NAGMAAL

Die afgevaardigdes vergader in die NG Kerk Newtonpark waar prof PJ Naudé die nagmaalsdiens lei.

'n Opsomming van Prof Naudé se openingsrede word ingesluit as Bylae H1.

Die vergadering verdaag hierna.

## TWEEDE SITTINGS DAG

### DINSDAG 21 OKTOBER 2003 EERSTE OGGENDSITTING

### 15. DAGWYDING

Ds AC van der Westhuizen lei die dagwyding. Die sinodegangers lê 'n trinitariese belydenis deur woord en sang af.

### 16. VERWELKOMING

Die voorsitter verwelkom die lede van die vergadering sowel as drr Coenie Burger (moderator van die jongste Algemene Sinode), Frederick Marais (BUVTON), Johannes Erasmus (Eenheid vir Godsdienste Demografiese Navorsing) en Ben du Toit (Direkteur Kommunikasie - NG Kerk in SA).

### 17. PERSONEEL

Ds JWE Esterhuysen (Graaff-Reinet) sluit by die vergadering aan.

Oudl BC Hoole (Albanie) vir Dinsdag 21 Oktober as amptelike afgevaardigde en oudl JM Botha (Albanie) as waarnemer.

Oudl JM Botha (Albanie) vir Woensdag 22 Oktober as amptelike afgevaardigde en oudl BC Hoole (Albanie) as waarnemer.

Oudl BC Hoole (Albanie) vir Donderdag 23 Oktober as amptelike afgevaardigde en oudl JM Botha (Albanie) as waarnemer.

Ds MH Langenhoven (Algoapark) vra verskoning vir die tweede oggendsitting 21 Oktober vir bywoning van 'n begrafnis.

### 18. AFKONDIGINGS / REËLINGS

Reiskostevorms moet voor middagete by dr JWJ Viljoen ingehandig word.

Afgevaardigdes wat eers vandag ter vergadering verskyn, moet asseblief by die Skriba aanmeld.

Die voorsitter reël dat punt 80, Konteks en Navorsing (p 41) en laatstuk E3 na die Tydelike Fondsekommissie verwys word

Die voorstel oor Kerkeenheid en Konvent sal voor middagete bespreek word

Die voorsitter reël dat A2.6.2, die verslag oor Simbole en Rituele en A2 Verslag van die Sinodale Kommissie, punt 53, voor aandete deur die vergadering bespreek sal word.

### VOORSTEL 2

#### LAAT INGEKOME GELOOFSBRIEWE

Die moderamen versoek die vergadering dat laat ingekome geloofsbriewe na die Tydelike Regskommissie verwys word.

**Goedgekeur**

### 19. TEOLOGIESE BESINNING: 'N GESPREK OOR GOD EN DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK

Die voorsitter stel dr Coenie Burger aan die woord. Hy spreek die vergadering toe oor die tema, *Geroep vir 'n tyd soos hierdie*.

Na 'n insiggewende aanbieding bedank die voorsitter dr Burger en reël dat sy voordrag by die Handeling van die sinode ingesluit word.

**Die sinode keur die reëling goed**

Die vergadering verdaag vir tee.

### DINSDAG 21 OKTOBER 2003 TWEDE OGGENDSITTING

### 20. BESINNING IN GROEPE : GOD EN DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK

Dr JD Prinsloo stel dr Frederick Marais van Buvton aan die woord. Hy lei die vergadering in die bespreking van dr Burger se voordrag in klein groepe.

### 21. PATMOS-GEMEENTE

'n Skrywe van die afgevaardigdes van die NGK Patmos is om 10:36 ontvang waarin hulle hul geloofsbrief onttrek van die vergadering. Die voorsitter het dadelik na ontvangs hiervan met hulle geskakel en na onderhandeling 'n geskikte tyd gevind om hulle te ontmoet. Hierdie gesprek sal om 18:10 op 21 Oktober te Patmos plaasvind.

### 22. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (VERVOLG) P22

#### 2.7 AFVAARDIGING NA DIE KONVENT

#### 5.4. KONVENT VIR EENHEID: BESKRYWINGSPUNT NA ALGEMENE SINODE 2002

### 94. STREEKSKONVENT

'n Voorstel oor Kerkeenheid en Konvent wat bogenoemde pte uit A2 Verslag van die Sinodale Kommissie raak, word bespreek.

### VOORSTEL 3

#### KERKEENHEID EN KONVENT

Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland:

1. Bevestig die NG Kerk se verbintenis aan die kerkherenigingsproses met die VGK en al die ander kerke van die NG Familie asook sy dringende wens dat hierdie hereniging so spoedig as moontlik sal plaasvind.

2. Laat hom in sy besluite oor die kerkherenigingsproses lei deur die volgende oortuigings:

2.1 Ons glo dat die hereniging van die familie van die NG Kerk noodsaaklik is omdat die Woord van die Here baie duidelik praat oor die belangrikheid van die eenheid van sy kerk. Ons glo dat die liefde wat ons as gelowiges in Christus vir mekaar koester, ons dring tot kerkhereniging.

2.2 Ons glo van harte dat kerkhereniging ons ook gaan help om die roeping wat ons as kerke in Suider-Afrika het, beter te verstaan en uit te leef. Kerkeenheid is nodig ter wille van 'n gesamentlike kyk op die probleme van die land, vir gesamentlike aksie, vir gesamentlike getuienis en uiteindelik vir die geloofwaardigheid van ons werk en getuienis.

2.3 Ons glo dat die proses van kerkhereniging ons ook die geleentheid bied om 'n getuienis te lewer oor die vergewende en vernuwende krag van die evangelie van Christus. Nadat daar vir meer as 200 jaar net een NG Kerk in SA was, het daar in 1881 'n breuk binne die kerk gekom. As die breuk herstel kan word, sal dit 'n wonderlike getuienis oor die vernuwende en helende krag van die evangelie wees.

2.4 Ons is bewus van die feit dat kerkherenigingsprosesse gewoonlik komplekse en delikate prosesse is. Feitlik alle kerke wat deur sulke prosesse gegaan het, getuig daarvan.

Dit mag ons egter nie ontmoedig nie, maar moet ons motiveer om die proses met groot liefde, verantwoordelikheid en baie gebed aan te pak.

2.5 Ons is oortuig dat die besluit hieroor nie maar 'n gewone roetinebesluit is nie, maar na ons kom as 'n toets vir ons geloof in die een lewende God - die een Vader wie se kinders ons almal is, die gekruisigde en opgestane Christus wat ons in sy een liggaam ingelyf het en die een lewend-makende Gees wat ons saam in sy diens wil gebruik, tot seën in Afrika.

3. Neem met dank kennis van die Konvent vir Eenheid wat in 2002 gehou is en vereenselwig homself volledig met punte 1 en 2 van die besluit van die Konvent oor die belydenisgrondslag wat

soos volg lui:

Dat die Konvent vir Eenheid en die drie oudkerklike ekumeniese simbole, die Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar as basis en riglyn vir sy gesprek oor kerkeenheid neem;

Dat die Konvent aanbeveel dat die Belydenis van Belhar ingesluit word in die belydenis-grondslag van 'n groter herenigende kerk op 'n wyse wat die eenwordingsproses dien."

4. Vra dat die partye betrokke by die Konvent vir Eenheid versoek word om die moontlikheid van stigting van 'n sinode vir die NG Familie in Kaapland te ondersoek in terme van Reglement 6.5 van die Algemene Sinode. Die reglement maak dit moontlik dat vergaderings van verskillende kerke per ooreenkoms saam kan funksioneer - soos wat reeds in die Wes-Kaap gebeur by die KGA, Badisa en sekere ringe.

5. Besluit dat die Sinode die beskrywingspunt van die Moderamens van die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaap en in Oos-Kaapland aan die Algemene Sinode ten opsigte van die belydenisgrondslag en struktuur vir een Kerkverband, [Agenda Algemene Sinode B16.6 bladsy 443] na die Konvent deurstuur as 'n moontlike voorbeeld van hoe bg sake hanteer sou kon word (sien bylae 1).

6. Omdat ons al ons gemeentes op die pad van kerkhereniging wil saamneem, verbind ons ons aan 'n proses van oop gesprek, kommunikasie en raadpleging met ons gemeentes. In hierdie gesprek moet aandag gegee word aan oa die volgende aspekte:

6.1 Die redes waarom die Sinode oordeel dat kerkhereniging 'n noodsaaklike proses is

6.2 die moontlike verloop (in fases) van die kerkherenigingsproses en die implikasies daarvan ter wille daarvan om misverstande uit die weg te ruim;

6.3 materiaal moet beskikbaar gemaak word wat gemeentes en lidmate kan help om gesamentlike gesprekke te voer oor veral twee

sake, naamlik die roeping van die kerk van Christus in die nuwe situasie in SA en die vraag met watter geloof en belydenis ons die uitdagings tegemoet gaan. Hierin is die herlees en gesamentlike uitleg van die herenigde kerk se belydenisse van groot belang.

6.4 Ten opsigte van die Belydenis van Belhar word gevra:

6.4.1 dat informasie oor die ontstaansgeskiedenis en intensies van die Belydenis van Belhar beskikbaar gemaak word;

6.4.2 dat getuienisse uit die VGK asook die NG Kerk oor die wesenlike rol wat die Belydenis van Belhar in hul lewens speel ook beskikbaar gestel sal word;

6.4.3 dat die gesamentlike en eietydse uitleg van die Belydenis van Belhar wat deur die Konvent opgestel sal word, so gou as moontlik aan gemeentes beskikbaar gestel word;

6.4.4 dat die moontlike proses en wyse waarvolgens die Belydenis van Belhar ingesluit kan word in die belydenisgrondslag verduidelik word.

**Bylae 1**

### INLEIDING

Wat betref die **twee groter kwessies van belydenisgrondslag en struktuur** wat tot dusver eenwording bemoeilik het, stel die Sinode die volgende riglyne voor, in die hoop dat dit vir die ander kerke in ons familie aanvaarbaar sal wees:

#### 1. Belydenisgrondslag

1.1 Die Sinode aanvaar dat daar voorsiening moet wees dat die Belydenis van Belhar opgeneem word in die Belydenisgrondslag van die nuwe kerk op 'n wyse wat die eenheidsproses op 'n positiewe manier sal dien (vgl AS, H1998, P 516, pt 10.3.5).

1.2 Dit kan waarskynlik ten beste gedoen word deur 'n meer uitgebreide Kerkorde-artikel oor die belydenisgrondslag van die nuwe kerk te skryf, waarin met vyf konsentriese kringe gewerk word:

1.2.1 Die eerste kring handel oor die Bybel, die basis van ons geloof en die finale toets vir alle belydenisskrifte.

1.2.2 In die tweede kring is die ekumeniese geloofsbelydenisse wat ons met alle Christelike kerke deel.

1.2.3 In die derde kring is die drie formuliere van eenheid wat ons verbind aan die Reformasie.

1.2.4 Die vierde kring is eietydse belydenis-skrifte wat die onderskeie kerke met hul saam bring op die nuwe pad van eenheid.

1.2.5 Die vyfde kring is ander dokumente wat die kerke ook in 'n breër belydenisgrondslag opgeneem wil hê.

**Nota:** In hierdie vierde en vyfde kring word ruimte gelaat dat, hoewel lidmate van die nuwe kerk die Bybelse basis van die geskrifte aanvaar,

1.2.2 In die tweede kring is die ekumeniese geloofsbelydenisse wat ons met alle Christelike kerke deel.

1.2.3 In die derde kring is die Drie Formuliere van Eenheid wat ons verbind aan die Reformasie.

1.2.4 Die vierde kring is eietydse belydenis-skrifte wat die onderskeie kerke met hul saambring op die nuwe pad van eenheid.

1.2.5 Die vyfde kring is ander dokumente wat die kerke ook in 'n breër belydenisgrondslag opgeneem wil hê.

**Nota:** In hierdie vierde en vyfde kring word ruimte gelaat dat, hoewel lidmate van die nuwe kerk die bybelse basis van die geskrifte aanvaar, nie almal hulleself op dieselfde wyse aan die belydenisaard daarvan gebonde voel nie.

#### 2. Eenheidstruktuur

2.1 Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gesamentlike algemene sinode, gesamentlike streeksinodes en gesamentlike ringe word gevolg.

2.2 Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel met die onderneming dat gemeentes nie van buite af in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes.

2.3 Die moontlikheid word ook oopgelaat vir 'n groep gemeentes wat besondere belange deel, om 'n eie buitengewone verbandsvergadering (ring of sinode) byeen te bring wat kan rapporteer aan die breër verbandsvergaderings. Hierdie spesiale groeperings vervang egter nie die gemeentes se inskakeling by die gewone ringe, sinodes en die algemene sinode nie.

**(Ds DW Mouton / Dr JD Prinsloo)**

Die voorsitter gee geleentheid vir bespreking. Die voorstellers beantwoord enkele vrae. Die voorstel en pte 2.7, 54., 94. staan oor vir verdere bespreking.

### 23. TERUGVOER: ALGEMENE KOMMISSIE VIR KERKLIKE MEDIA

Dr WJ Botha (Algemene Kommissie vir Kerklike Media) word verwelkom en aan die woord gestel. Hy gee kortliks agtergrond-inligting oor die media-bediening van die NG Kerk. Dr Botha oorhandig 'n Kerkbybel aan ds Schutte.

Hy doen daarna 'n tafelgebed vir middagete.

### 24. AFKONDIGINGS

Die skriba doen enkele afkondigings.

### 25. PERSONEEL

Diak (me) M Ferreira (Grasvoëlkop) sluit by die vergadering aan.

Ds (me) E Bester (P.E.-Sherwood / SAPD Kapelaan) het op 20 Oktober om 16:00 by die vergadering aangesluit.

Oudl J McFarlane (Somerstrand) het by die aandsitting op 20 Oktober by die vergadering aangesluit.

Verskonings:

Ds AP Coetzee (Oos-Londen-Noord) vir die middag-sessie 21 Oktober.

Oudl A Potgieter (Algoapark-Noord) vir eerste gedeelte van eerste oggendsitting op 22 Oktober.

Ds PG Loubser vir laaste deel van die eerste oggendsitting op 22 Oktober.

Oudl NJ Claassen (P.E.-Noord) vir die aandsitting 21 Oktober

Ds N Weeber (Dias) vir die middag- en aandsittings van 22 Oktober.

Ds GJ Gouws (Sondagsrivier) vir 22 Oktober.

Oudl RJ Scholtz (P.E.-Heideveld) vir 22 Oktober.

Ds JC Coetzee (Humansdorp-Oos) vir aandsitting 21 Oktober.

Ds IJ van Zyl (Swartkopsrivier) middag- en aandsitting 21 Oktober.

Ds M Wolmarans (P.E.-Wes) Middagsitting 21 en 22 Oktober en oggendsitting 23 Oktober.

Oudl J McFarlane (Somerstrand) vir tweede oggendsitting 22 Oktober.

Oudl W Lane (Uitenhage-Noord) vir 21 en 22 Oktober - oudl F Bakkes (sek) sal in sy plek verskyn.

Oudl D Coetzee (Uitenhage-Noord) vir 21 Oktober.

Oudl A Strydom (Uitenhage-Noord) vir 23 Oktober - oudl F Bakkes (sek) sal in sy plek verskyn.

## 26. GROETEWENSE

Die volgende groetewense word aan die sinode oorgedra;

NG Kerk Nuwekerk Graaff-Reinet.

Ds Pierre Jordaan, 'n vorige moderator van ons sinode en me Nilla Jordaan

Die vergadering verdaag vir middagete.

## DINSDAG 21 OKTOBER 2003 EERSTE MIDDAGSITTING

### 27. KONTEKSTUELE REALITEITE BINNE DIE OOS-KAAP

Dr FJ Marais stel dr J Erasmus aan die vergadering voor. Hy is van die Eenheid vir Godsdiens Demografiese Navorsing. Dr Erasmus gee aan die vergadering 'n beeld van die samestelling van die bevolking in die Oos-Kaap.

'n Opsomming van Dr J Erasmus se voordrag word in die handeling ingesluit as E6 Oos-Kaap in Konteks

Die vergadering verdeel in kleingroepe om te besin oor die gestalte van 'n kerk wat die nood in die samelewing vanuit die evangelie aanspreek. Enkele groepe gee terugvoer.

Dr Marais gee die vergadering tyd om stil te word en gaan dan in gebed voor.



### 28. AFKONDIGING

Geen middagete word Donderdag na die afsluiting voorsien nie. Afgevaardigdes wat kospakkies wil ontvang, moet hul name aan die groepleiers gee, wat dit voor aandete by die skriba moet inhandig.

### 29. PERSONEEL

Oudl (me) C Cowie (P.E.-Oos) (sek) sal 22 en 23 Oktober ter vergadering verskyn.

Verskonings:

Oudl TF Rintoul (Sondagsrivier-Suid) vir 22 en 23 Oktober. Oudl (me) DJR van Deventer (sek) sal in sy plek verskyn.

Ds GJ Noeth (P.E.-Sentraal) vir die tweede middagsessie 21 Oktober.

Oudl J Bakker (P.E.-Heideveld) vir 22 Oktober. Oudl PJ Grobler sal in sy plek verskyn.

Oudl JG Slabbert (Despatch-Suid) vir 23 Oktober. Oudl JC Malan (Vanstadensrivier) vir aandsitting 22 Oktober en 23 Oktober.

Die vergadering verdaag vir middagtee.

### 30. AANKONDIGING: BESPREKING VAN A2.6.2 EN A2 PT 53

Die voorsitter reël dat A2.6.2, die verslag oor Simbole en Rituele, en A2 Verslag van die Sinodale Kommissie, punt 53, nie meer om 17:00 bespreek sal word nie.

**Die saak staan oor.**

### 31. KONTEKSTUELE REALI- TEITE BINNE DIE OOS-KAAP (VERVOLG)

Drr FJ Marais en J Erasmus gaan voort as leiers van die kleingroep-besprekings.

Die voorsitter vra dr JD Prinsloo om dr J Erasmus te bedank aangesien hy moet vertrek.

### 32. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (VERVOLG)

2.7 AFVAARDIGING NA DIE KONVENT

54. KONVENT VIR EENHEID: BESKRYWING-  
SPUNT NA ALGEMENE SINODE 2002

94. STREEKSKONVENT

VOORSTEL 3: KERKEENHEID EN KONVENT

Die voorsitter spreek die wens uit dat die vergadering 'n konsensusbesluit oor hierdie saak neem. Hy reël dat die vergadering die voorstel in kleingroepe bespreek om moontlike knelpunte uit te lig.

Daarna stel die voorsitter die voorstel punt vir punt aan die orde en gee geleentheid vir bespreking. Enkele wysigings word voorgestel. Hy reël dat lede uit die vergadering wat belangstel om insette te lewer, na afloop van die aandsitting saam met die voorstellers vergader om 'n konsensus-voorstel voor te berei.

Die saak staan oor.

### 33. NOTULE EERSTE SITTINGS-DAG

Dr A Oliphant hou die notule voor.

Oudl D Louw (Uitenhage-Winterhoek) het nie ter vergadering verskyn nie.

Na enkele redaksionele wysigings word die notule goedgekeur.

### 34. PERSONEEL

Verskonings:

Ds F Esterhuizen (Elliot) vir 23 Oktober.

Oudl JFK Marais (Somersetstrand) vir oggendsitting 23 Oktober.

Ds JS Anker (Tsitsikamma) vir tweede middagsitting 21 en 22 Oktober.

Ds AHG Lötter (Despatch-Eendrag) vir aandsitting 21 Oktober.

Oudl (ds) GJ Retief (P.E.-De Duin)

Oudl WJ Bachuis (Swartkopsrivier) tweede middagsitting 21 Oktober.

Ds D van Rooyen (P.E.-Heideveld) aandsitting 21 Oktober.

Ds WPM van Niekerk (Kraggakamma) 22 en 23 Oktober. Diak (me) D van der Merwe (Kraggakamma) (sek) verskyn 22 Oktober. Oudl JL Venter (Kraggakamma) (sek) verskyn 23 Oktober.

Ds G Bredenkamp (Parkheuvel) aandsitting 21 Oktober.

Na enkele aankondigings deur die skriba en 'n gebed deur dr A Oliphant, verdaag die vergadering vir aandete.

### DINSDAG 21 OKTOBER 2003 AANDSITTING

### 35. MODERATUUR SE ONT- MOETING MET PATMOS

Die voorsitter rapporteer dat die afgevaardigdes van NGK Patmos die moderatuur vriendelik ontvang het.

## G HANDELINGE VAN DIE SINODE

Die moderatuur het by monde van die voorsitter die afvaardiging genooi om so spoedig moontlik weer sitting in die sinodale vergadering te neem. Hierop het die afvaardiging van NGK Patmos twee voorwaardes gestel alvorens hulle na die vergadering terugkeer, naamlik:

1. 'n Verskoning vanaf die kant van die Sinodale Kommissie vir die wyse waarop die geloofsbrief van die gemeente ontvang is; en
2. 'n Belydenis vanaf die kant van die sinode dat die NG Kerk in Oos-Kaapland 'n sakramentalistiese benadering handhaaf.

Hierna het die moderatuur die afvaardiging verseker dat hulle voorwaardes aan die vergadering oorgedra sal word en dat die vergadering daarvoor sal besluit, waarna die hartlike uitnodiging tot bywoning van die vergadering herhaal is.

### 36. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (VERVOLG) PUNT 93 P 44

#### 93. FINANSIES

93.1 - 93.2 Kennis geneem

93.4 Die sinode neem die verslag A2.7 Fondse en Administrasie (p 93) in behandeling

#### 1. PERSONEEL

1.1 -1.2 Goedgekeur

#### 2. FINANSIES

2.1 Kennis geneem

2.2 Aanbevelings:

2.2.1 Kennis geneem

2.2.2 Laatstuk E2 Verslag van die onafhanklike ouditeure word voorgelê. Goedgekeur.

2.2.3 - 2.2.6 Goedgekeur

#### 3. SINODALE DANKOFFERS

3.1 - 3.2.1 Kennis geneem

3.2.2 Goedgekeur

#### 4. BEGROTING 2003/2004

4.1 - 4.3 Kennis geneem

4.4 Goedgekeur

#### 5. VERGOEDINGSPAKKET VIR LERAARS

5.1 - 5.2.1 Kennis geneem

#### 6. ALGEMENE KOMMISSIE VIR FONDSE (AKF)

6.1 - 6.2.2.1 Kennis geneem

6.2.2.2 Goedgekeur

#### 7. PENSIOENFONDS

7.1 - 7.2 Kennis geneem

7.3 - 7.3.1 Goedgekeur

7.3.2 - 7.3.4 Staar oor tot Donderdag 23 Oktober 2003 tot wanneer die Pensioenfondsverslag dien (Laatstuk E1)

#### 8. DANKBETUIGINGS

8.1 Kennis geneem

8.2 - 8.2.1 Goedgekeur

8.2.2 Kennis geneem - Die vergadering word versoek om uit eerbetoning vir die afsterwe van wyle ds GP van der Merwe op te staan.

### 37. A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE P 97

#### 1. PERSONEEL

1.1 - 1.2 Kennis geneem

#### 2. VERGADERINGS

2.1 - 2.3 Kennis geneem

#### 3. OPDRAGTE VAN DIE SINODE

3.1 - 3.1.1 Kennis geneem

3.1.2 - 3.2 Goedgekeur

3.2.1 Kennis geneem

3.2.2 Goedgekeur

#### 4. ANDER SAKE NA DIE KOMMISSIE VERWYS

4.1 - 4.2 Kennis geneem

4.3 Goedgekeur

#### 5. AKTES VAN BEVESTIGING UITGEREIK

5.1 - 5.2 Kennis geneem met die volgende verandering: ds PL van Straaten na ds JPL van Straaten

#### 6, 7 EN 8. WYSIGINGS AAN DIE BEPALINGS, REGLEMENTE, VORMS EN FUNKSIONELE BESLUIE P98

Staar oor tot F5 Verslag van die Tydelike Regskommissie

### 38. F5 VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGSKOMMISSIE

1.1 Kennis geneem

#### 1.2 Wysigings aan Artikels en Aanvullende Bepalings.

Artikel 2.3 - Bl.3

Artikel 6 - Bl. 5

Artikel 7 - Bl. 5 & 6

Besluite by Artikel 7 en Bep. 7 - Bl. 6 -11

Artikel 8 - Bl. 11

Artikel 9 - Bl. 13

Besluite by Artikel 10 - Bl. 14

Artikel 11 - Bl. 14

Besluite by Artikel 11 - Bl. 15

Artikel 12 - Bl. 15

Besluite by Artikel 12 - Bl. 16 & 17

Artikel 15 - Bl. 24

Artikel 16.1.1. - Bl. 27

Artikel 17.1. en 17.12. - Bl. 27 & 28

Artikel 22.2. - Bl. 29

Artikel 23.2. - Bl. 29

Nuwe Artikel 26 - Bl. 34

## G HANDELINGE VAN DIE SINODE

Nuwe Artikel 27 - Bl. 37  
Artikel 28 - Bl. 41  
Artikel 31.7. - Bl. 43  
Bepaling 33.2. - Bl. 46  
Bepaling 34.1.1. verval - Bl. 47  
**Kennis geneem**

Bepaling 35.8.1. wysig - Bl. 50  
Bepaling 35.8.1.4.5.1. wysig - Bl. 51  
Bepaling 35.8.1.4.6. verval -  
numering wysig - Bl. 51  
Bepaling 35.8.1.5. wysig -  
ook aantekeninge - Bl. 52  
Bepaling 35.8.1.6. I  
aaste deel van sin verval - Bl. 52  
**Goedgekeur**

Bepaling 35.8.4. tot 35.8.6 vervang deur 35.8.4. tot  
35.8.4.2.2. - Bl. 53  
Bepaling 35.9.2. - 35.9.9. verval - Bl. 54  
Artikel 39 - byvoegings 39.2. en 39.3. - Bl. 54 & 55  
Artikel 49.1. - byvoeging van besluite - Bl. 58 &  
59  
Artikel 49.2.1. tot 49.2.2.4. - byvoeging - Bl. 60  
Bepaling 50 - soos gewysig 2001. Bepaling 50.1 -  
50.6. Bl. 61 - 63  
Bepaling 52 - vervang - gewysig BS-OK - Bl. 63 -  
67  
Bepaling 53.3.- vervang - gewysig BS-OK Bl. 67 &  
68  
Bepaling 54.3.- vervang - gewysig BS-OK - Bl. 68 -  
70  
Bepaling 56.3.- vervang - gewysig BS-OK - Bl. 70  
Bepaling 57.2.- vervang - gewysig - Bl. 71  
Bepaling 57.3. - verval - Bl. 72

Bepaling 57.4.- numering wysig na 57.3. en  
daaropvolgende punte - Bl. 72  
Bepaling 57.5.2. - gedeelte bygevoeg - Bl. 72  
Artikel 58 vervang - invoeging soos AS 2002.  
numering wysig. -Bl. 73  
Artikel 61 - 66 vervang soos AS 2002 - Bl. 74 - 80  
Artikel 67 - vervang ou Art. 65 - numering wysig -  
Bl. 81  
Artikel 68 - vervang ou Art 66 - numering wysig -  
Bl. 81  
Artikel 69 - vervang ou Art 67 - numering wysig -  
Bl. 81  
Artikel 70 - vervang ou Art 68 en besluite soos AS  
2002 - Bl. 82 - 87

**Kennis geneem**

### 1.2.1 Goedgekeur

### 1.3 Wysigings aan die Reglemente

Reglement 6 - pte 2 en 18 verval - numering  
aangepas - Bl 105 & 106  
Ou Reglement 9 - Afstigting van gemeente - word  
opgeneem by nuwe Reglement 12. - Bl. 137 -  
145  
Reg 12 : Reglement vir die vermeerdering,  
kombinering, eenwording en samesmelting van  
gemeentes.  
Ou Reglement 15 - opgeneem in Reglement 12  
Ou Reglement 17 - gewysig AS 2002 - Bl. 165 &  
166  
Reglement vir Tentmakers - wysig soos AS 2002 -  
Bl 170 & 171

Reglement vir die NG Kerk en ander Christelike  
kerke en groepe - voetnota 18 bykomend. - Bl.  
173  
Reglement vir Verlof van Predikante en Sinodale  
Amptenare - voetnota 19,20,21 wysig - Bl. 176  
**Kennis geneem**

### 1.3.1 Goedgekeur

### 1.4 Kennis geneem

#### 1.4.1 Goedgekeur

### 1.5 Byvoeging en wysiging aan die Riglyne en Funksionele besluite

11. Omruiling van Standplase - Besluite van 2002  
bygevoeg. - Bl. 210

15. Gemeentegrense - verval en numering  
aangepas

Nuwe 15. Kerklike lidmaatskap - besluite van  
2002 bygevoeg. - Bl. 214

Nuwe 21. Egskeiding en hertrou - pt 8 bygevoeg -  
Bl. 219

Nuwe 26. Formule vir sinodale bydraes - wysig  
soos BS-OK - Bl. 224 - 227

Nuwe 27. Lys van spesiale kollektes - pt 27  
bygevoeg

**Kennis geneem**

#### 1.5.1 Goedgekeur

## 2. PROPONENTE EN PREDIKANTE BEVESTIG

**Kennis geneem**

Die voorsitter van die Tydelike Regskommissie  
deel die vergadering mee dat diak (me) S Francis  
gekoöpteer is op die Tydelike Regskommissie.  
**Kennis geneem**

## 39. A3 VERSLAG VAN DIE SINODALE REGSKOMMISSIE P 97

### 6. WYSIGINGS AAN DIE BEPALINGS

Afgehandel by F5

### 7. WYSIGINGS AAN DIE REGLEMENTE

Afgehandel by F5

### 8. WYSIGINGS AAN DIE VORMS EN FUNK- SIONELE BESLUIE

Afgehandel by F5

### 9. DRUK VAN DIE KERKORDE

**Goedgekeur**

Die voorsitter bedank ds WPM van Niekerk vir sy  
uitmuntende diens aan die sinode van Oos-Kaap.

### VOORSTEL 4

(Na aanleiding van, en in aansluiting by punt 22 van Verslag A2 (SK) en ooreenstemmende punt op Regskommissie Verslag)

1. Afhangende van inhoud en implikasies van reglemente en moontlike kommissiesamestelling, 'n aanbeveling dat:
  - 1.1 die werksaamhede van só 'n Diensverhoudinge Kommissie verder sal strek as net personeel van sinode om ook ringe en gemeentes te fasiliteer t.o.v. sowel toerusting as hulp met diensverhoudinge;
  - 1.2 die lede van so 'n kommissie uitgebrei sal word (al is daar nie sulke afgevaardigdes ter vergadering) om ook lidmate wat op die terrein van Menslike Hulpbronne (bestuur) werk en in Arbeidsverhoudinge opgelei is en sulke sake daaglik hanteer, in te sluit;
  - 1.3 alle lede van sodanige kommissie in elk geval deurlopend in die bestuur van diensverhoudinge opgelei word.

(Di G Bredenkamp / HJ Alberts)

**Verwys na Tydelike Regskommissie**

### VOORSTEL 5

Dat alle afgevaardigdes in die toekoms net volgens hulle ampte aangedui sal word en nie onderskeid getref sal word tussen mans en vroue afgevaardigdes nie.

(Di JJ Pretorius / AP Coetzee)

**Verwerp**

## 40. AANKONDIGINGS

Die voorsitter tref enkele reëlings t.o.v. die verloop van die vergadering op 22 Oktober 2003.

## 41. PERSONEEL

Verskonings:

Oudl DB van Zyl (P.E.-Sonheuwels) 22 Oktober vanaf 14:30.

Oudl GR Peyper (Jeffreysbaai) 22 Oktober 15:30 - 20:30.

Oudl B Fouché (Jeffreysbaai) 22 Oktober vanaf 15:30.

Ds J Potgieter (Queenstown) 21 Oktober vir aandsitting.

Oudl PJ Cloete (Burgersdorp) verdere sitting.

Oudl VJ Louw (Queenstown) 21 Oktober vir aandsitting.

Ds WFA Lötter (Queenstown) 21 Oktober vir aandsitting.

Ds J Labuschagne (Oos-Londen) 21 Oktober vir aandsitting.

Oudl AA Barnard (P.E.-Lorraine) 22 Oktober vir aandsitting.

Oudl A Olivier (King William's Town) 22 Oktober vir aandsitting.

## 42. DAGSLUITING

Die vergadering sluit af met die sing van twee liedere waarna oudl (me) M. Oliphant afsluit met 'n gebed.

### DERDE SITTINGS DAG

#### WOENSDAG 22 OKTOBER 2003 EERSTE OGGENDSITTING

#### 43. DAGWYDING

Ds TL Wait en die sanggroep van PE-Moeder-gemeente lei die sinode in die dagwyding.

#### 44. REËLINGS

Die voorsitter tref 'n aantal reëlins en stel die program van die dag bekend. Drr ACV van Wyk en JF Marais behartig die tema "Integrasie: Kerk in Konteks" tot met middagete.

Na middagete word die verslag oor simbole en rituele asook NG Kerk Patmos behandel. Daarna kom die saak oor Kerkeenheid en Konvent aan die orde.

#### 45. GROETEBODSKAP

Dr JD Prinsloo stel Biskop ZD Siwa van die Metodiste Kerk (Grahamstad distrik) aan die woord. Hy bring die groete vanaf die Metodiste Kerk en beklemtoon die belangrike rol wat die kerk in SA moet speel om die samelewing te herstel, veral ten opsigte van versoening en geregtigheid.

Dr Prinsloo bedank Biskop Siwa.

#### 46. INTEGRASIE: KERK IN KONTEKS

Die voorsitter stel drr ACV Van Wyk en JF Marais aan die woord.

Hulle gee 'n samevatting van die verloop van die proses wat tot dusver in die sinode plaasgevind het.

Die eerste verslag van die Luisterspan word aan die vergadering uitgedeel. Hierdie verslag word as F8.1 by die Handeling ingesluit.

#### STORIES VAN RINGE.

Dr ACV van Wyk stel die ringe van Uitenhage, Queenstown en Albanie voor.

#### Ring van Uitenhage

Ds TJ van Schoor vertel van die vernuwingsproses in die ring van Uitenhage.

#### Ring van Albanie

Ds BIC Steyn vertel die storie van die huidige proses in die ring van Albanie rondom

samewerking tussen gemeentes, ringsprojekte en ekumeniese samewerking.

#### Ring van Queenstown

Ds DF Oelofse vertel die storie van die ring van Queenstown. By die ringsitting van 2002 het die ring besluit hoe hulle van 'n oorlewingstryd na 'n koninkrykstryd kon oorgaan. Verskeie projekte is geïdentifiseer waardeur die ring die uitdagings van die gemeenskappe in hulle gebied kan aanspreek.

Daar is ook 'n hele aantal samewerkingsooreenkomste tussen die gemeentes van die ring gesluit.

#### Opmerkings:

Dr Van Wyk wys op positiewe ontwikkelings in die funksionering van ringe:

\* Samewerking is besig om sy beslag te kry in ringe.

\* Ringe is al hoe meer na buite gerig.

\* Daar ontstaan 'n ritme in die ringe tussen luister en doen.

\* Ringe spreek kwessies in die samelewing aan.

#### Identifisering van temas

Die sinode kry geleentheid om temas te identifiseer wat ons kerk behoort te doen aan die hand van die vraag: "Ek dink die Here roep ons as Oos-Kaapse kerk om in ons konteks ....."

Daarna volg bespreking op 'n oopplan-patroon.

Die vergadering verdaag vir tee.

#### WOENSDAG 22 OKTOBER 2003 TWEDE OGGENDSITTING

#### 47. INTEGRASIE KERK IN KONTEKS (VERVOLG)

Die sinode verdeel in groepe rondom die temas wat geïdentifiseer is.

Hierdie temas word in die Handeling as Blyae opgeneem.

#### 48. E3 BEGELEIDINGSFUNKSIE VAN DIE SINODE VAN NG KERK OOS-KAAPLAND

1. INLEIDING  
Kennis geneem.

2. UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE AKPD

2.1 - 2.3.3 Kennis geneem.

3. AANBEVELINGS  
3.1 - 3.1.5 Goedgekeur.

**49. F3 VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FONDSE**

PUNT 7  
Goedgekeur

**50. F5.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGSKOMMISSIE**

1.6 KONTEKS EN NAVORSING  
1.6.1 - 1.6.2 Goedgekeur

**51. F3 VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FONDSE**

5. KONTEKS EN NAVORSING A2 PUNT 80 P 41  
Verwerp

**52. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (VERVOLG) PUNT 80 KONTEKS EN NAVORSING P41**

80.3 Aanbevelings:  
1. - 3.1 Verwerp

**AMENDEMENT 1**

Verwys punt 80.3 - A2 Verslag van die Sinodale Kommissie (p 41):  
Die sinode besluit om die woord "sentrum" met "netwerk" te vervang in punte 1, 2 en 3.1 en keur dan die Sinodale Kommissie se aanbeveling goed.

(Di MF Steyn / HJ Alberts)

Goedgekeur

3.2 Goedgekeur  
3.3 Goedgekeur

Dr Frederick Marais spreek 'n afsluitingswoord.

**53. AANKONDIGINGS**

Die skriba doen enkele aankondigings.

**54. PERSONEEL**

Oudl PJ Grobler (PE-Heideveld) (sek) verskyn ter vergadering.

Verskonings:

Oudl GJ de Klerk (Glen Lynden) vir tweede middagsessie 22 Oktober.

Oudl JJ van Zyl (PE-Sentraal) vir aandessie 22 Oktober.

Ds IJ van Zyl (Swartkopsrivier) vir middag- en aandessie van 21 Oktober asook 22 Oktober.

**55. AGTERGRONDINLIGTING: EXTREME LIFE**

Di JSJ Swart (Cambridge) en DW Olivier (Despatch-Suid) stel 'n program oor ervaringsleer aan die afgevaardigdes bekend.

Die voorsitter doen 'n tafelgebed, waarna die vergadering verdaag vir middagete.

**WOENSDAG 22 OKTOBER 2003 EERSTE MIDDAGSITTING**

**56. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (VERVOLG) P 40**

73. GEBRUIK VAN SIMBOLE IN DIE NG KERK  
73.1 - 73.2 Kennis geneem  
73.3 Goedgekeur

**57. A2.6.2 SIMBOLE EN RITUELE P 77**

Ds BIC Steyn lê die verslag voor die vergadering aan die hand van 'n paar inleidende gedagtes.

Die voorsitter gee geleentheid vir bespreking. Die bespreking word later voortgesit.

**58. VERKIESING VAN SECUNDI VIR DIE MODERATUUR NA DIE ALGEMENE SINODE**

Die volgende persone is verkies:

Dr (prof) PJ Naudé

Dr JD Prinsloo

Ds MF Steyn

Ds CH van Heerden

### 59. F5.2 TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGS- KOMMISSIE

#### 2. GELOOFSBRIEWE

##### 2.1 Ugie

Goedgekeur

##### 2.2 Patmos

Goedgekeur

##### 2.3 Goedgekeur

Die vergadering hanteer A2 Verslag van die Sinodale Kommissie punt 53 in samehang met hierdie aanbeveling van die Tydelike Regskommissie. Die bespreking van pt 53 word later voortgesit.

### 60. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (VERVOLG) P 37, P 44

#### 2.7 AFVAARDING NA DIE KONVENT

##### 2.7.1 - 2.7.4 Kennis geneem

##### 2.7.5 Goedgekeur

#### 54. KONVENT VIR EENHEID: BESKRY- WINGSPUNT NA ALGEMENE SINODE 2002

##### 54.1 - 54.2 Kennis geneem

#### 94 STREEKSKONVENT

##### 94.1 - 94.2 Kennis geneem

##### 94.3 Goedgekeur

Lede uit die vergadering het hul insette ten opsigte van Voorstel 3, Kerkeenheid en Konvent, aan die voorstellers oorgedra, en konsensus oor 'n gewysigde voorstel is bereik. Hierdie gewysigde voorstel vervang, met toestemming van die vergadering, voorstel 3, Kerkeenheid en Konvent.

### VOORSTEL 6

#### KERKEENHEID EN KONVENT (Soos gewysig)

Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland:

1. Bevestig die NG Kerk se verbintenis aan die kerkherenigingsproses met die al die kerke van die NG Familie asook sy dringende wens dat hierdie hereniging so spoedig as moontlik sal plaasvind.

2. Laat hom in sy besluite oor die kerkherenigingsproses lei deur die volgende oortuigings:

2.1 Ons glo dat die hereniging van die familie van die NG Kerk noodsaaklik is omdat die Woord van die Here baie duidelik praat oor die belangrikheid van die eenheid van sy kerk. Ons glo dat die liefde

wat ons as gelowiges in Christus vir mekaar koester, ons dring tot kerkhereniging.

2.2 Ons glo van harte dat kerkhereniging ons ook gaan help om die roeping wat ons as kerke in Suider-Afrika het, beter te verstaan en uit te leef. Kerkeenheid is nodig ter wille van 'n gesamentlike kyk op die probleme van die land, vir gesamentlike aksie, vir gesamentlike getuienis en uiteindelik vir die geloofwaardigheid van ons werk en getuienis.

2.3 Ons glo dat die proses van kerkhereniging ons ook die geleentheid bied om 'n getuienis te lewer oor die vergewende, helende en vernuwende krag van die evangelie van Christus.

2.4 Ons is bewus van die feit dat kerkherenigingsprosesse gewoonlik komplekse en delikate prosesse is. Eitlik alle kerke wat deur sulke prosesse gegaan het, getuig daarvan.

Dit mag ons egter nie ontmoedig nie, maar moet ons motiveer om die proses met groot liefde, verantwoordelikheid en baie gebed aan te pak.

2.5 Ons is oortuig dat die besluit hieroor sal dien : tot lof van die een Vader wie se kinders ons almal is,

tot lof van die gekruisigde en opgestane Christus wat ons in sy een liggaam ingelyf het, en

tot lof van die een lewendmakende Gees wat ons saam in sy diens wil gebruik, tot seën in Afrika en die hele wêreld.

3. Die sinode erken dat die VGK die Belydenis van Belhar inbring in die kerkherenigingsproses en ons aanvaar dat die Belydenis van Belhar om daardie rede deel van die kerkherenigingsproses is. Dit beteken egter nie dat al die deelnemende kerke se lidmate of predikante dit as 'n belydenisskrif hoef te onderskryf nie. (Sien ook Bylae 1 wat oor die belydenisgrondslag handel.)

Die sinode neem met dank kennis van die Konvent vir Eenheid wat in 2002 gehou is en aanvaar dat punte 1 en 2 van die besluit van die Konvent oor die belydenisgrondslag deel sal vorm van die kerkherenigingsproses.

Dit lui soos volg:

"Dat die Konvent vir Eenheid die drie oudkerklike ekumeniese simbole, die Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar as basis en riglyn vir sy gesprek oor kerkeenheid neem;

Dat die Konvent aanbeveel dat die Belydenis van Belhar ingesluit word in die belydenis-grondslag van 'n groter herenigende kerk op 'n wyse wat die eenwordingsproses dien."

4. Vra dat die partye betrokke by die Konvent vir Eenheid versoek word om die moontlikheid van die stigting van 'n parallelle sinode vir die NG Familie in Kaapland te ondersoek in terme van Reglement 6.5 van die Algemene Sinode. Die reglement maak dit moontlik dat vergaderings van verskillende kerke per ooreenkoms saam kan funksioneer - soos wat reeds in die Wes-Kaap gebeur by die KGA, Badisa en sekere ringe.

5. Besluit dat die Sinode die beskrywingspunt van die Moderamens van die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaap en in Oos-Kaapland aan die Algemene

## G HANDELINGE VAN DIE SINODE

Sinode ten opsigte van die belydenisgrondslag en struktuur vir een Kerkverband, [Agenda Algemene Sinode B16.6 bladsy 443] na die Konvent deurstuur as 'n moontlike voorbeeld van hoe bogenoemde sake hanteer sou kon word (sien bylae 1).

6. Omdat ons al ons gemeentes op die pad van kerkhereniging wil saamneem, verbind ons ons aan 'n proses van oop gesprek, kommunikasie en raadpleging met ons gemeentes. In hierdie gesprek moet aandag gegee word aan onder andere die volgende aspekte:

6.1 Die redes waarom die Sinode oordeel dat kerkhereniging 'n noodsaaklike proses is

6.2 die moontlike verloop (in fases) van die kerkherenigingsproses en die implikasies daarvan - ter wille daarvan om misverstande uit die weg te ruim;

6.3 materiaal moet beskikbaar gemaak word wat gemeentes en lidmate kan help om gesamentlike gesprekke te voer oor veral twee sake, naamlik die roeping van die kerk van Christus in die nuwe situasie in SA en die vraag met watter geloof en belydenis ons die uitdagings tegemoet gaan. Hierin is die herlees en gesamentlike uitleg van die herenigde kerk se belydenisse van groot belang.

6.4 Ten opsigte van die Belydenis van Belhar word gevra:

6.4.1 dat informasie oor die ontstaansgeskiedenis en intensies van die Belydenis van Belhar beskikbaar gemaak word;

6.4.2 dat getuienisse uit die VGK asook die NG Kerk oor die wesenlike rol wat die Belydenis van Belhar in hul lewens speel ook beskikbaar gestel sal word;

6.4.3 dat die gesamentlike en eietydse uitleg van die Belydenis van Belhar wat deur die Konvent opgestel sal word, so gou as moontlik aan gemeentes beskikbaar gestel word;

6.4.4 dat die moontlike proses en wyse waarvolgens die Belydenis van Belhar ingesluit kan word in die belydenisgrondslag verduidelik word.

7. Die sinode versoek die moderatuur om 'n persverklaring oor hierdie besluit van die sinode uit te reik.

8. Die sinode versoek die moderatuur om beskikbaar te wees om gemeentes oor hierdie aangeleentheid te besoek en in te lig.

*Bylae 1*

### **INLEIDING**

Wat betref die **twee groter kwessies van belydenisgrondslag en struktuur** wat tot dusver eenwording bemoeilik het, stel die sinode die volgende riglyne voor, in die hoop dat dit vir die ander kerke in ons familie aanvaarbaar sal wees:

#### **1. Belydenisgrondslag**

1.1 Die Sinode aanvaar dat daar voorsiening moet wees dat die Belydenis van Belhar opgeneem

word in die Belydenisgrondslag van die nuwe kerk op 'n wyse wat die eenheidsproses op 'n positiewe manier sal dien (vgl AS, H1998, P 516, pt 10.3.5).

1.2 Dit kan waarskynlik ten beste gedoen word deur 'n meer uitgebreide Kerkorde-artikel oor die belydenisgrondslag van die nuwe kerk te skryf, waarin met vyf konsentriese kringe gewerk word:

1.2.1 Die eerste kring handel oor die Bybel, die basis van ons geloof en die finale toets vir alle belydenisskrifte.

1.2.2 In die tweede kring is die ekumeniese geloofsbelydenisse wat ons met alle Christelike kerke deel.

1.2.3 In die derde kring is die drie formuliere van eenheid wat ons verbind aan die Reformasie.

1.2.4 Die vierde kring is eietydse belydenisskrifte wat die onderskeie kerke met hul saambring op die nuwe pad van eenheid.

1.2.5 Die vyfde kring is ander dokumente wat die kerke ook in 'n breër belydenisgrondslag opgeneem wil hê.

*Nota: In hierdie vierde en vyfde kring word ruimte gelaat dat, hoewel lidmate van die nuwe kerk die bybelse basis van die geskifte aanvaar, nie almal hulleself op dieselfde wyse aan die belydenisaard daarvan gebonde voel nie.*

#### **2. Eenheidstruktuur**

2.1 Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gesamentlike algemene sinode, gesamentlike streeksinodes en gesamentlike ringe word gevolg.

2.2 Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel met die onderneming dat gemeentes nie van buite af in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemings-bevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes.

2.3 Die moontlikheid word ook oopgelaat vir 'n groep gemeentes wat besondere belange deel, om 'n eie buitengewone verbandsvergadering (ring of sinode) byeen te bring wat kan rapporteer aan die breër verbandsvergaderings. Hierdie spesiale groeperings vervang egter nie die gemeentes se inskakeling by die gewone ringe, sinodes en die algemene sinode nie.

(Ds DW Mouton / Dr JD Prinsloo)

**Eenparig Goedgekeur**

Die sinode sing Lied 200 en verdaag vir tee.



**WOENSDAG 22 OKTOBER 2003  
TWEDE MIDDAGSITTING**

Die voorsitter verduidelik die program vir die middag.

**61. BYBELKOR: INDIË**

Oudl (ds) CR Peypers stel pastoor Sam Selva Ray aan die woord. Hy lig die sinode oor sy bediening in Indië in.

**VOORSTEL 7**

Die sinode rig 'n skrywe van dank aan die musiekgroep van ds Wait wat 'n besondere dagwyding op 22 Oktober 2003 aangebied het.

Dit was voorwaar 'n besondere belewenis. Mag God u bediening ryklik seën.

Oudl R Kotzee / Oudl (me) J Beukes

**Goedgekeur**

**62. A2 VERSLAG VAN DIE  
SINODALE KOMMISSIE  
(VERVOLG) P 44**

Die voorsitter stel me L Steyn (Deskundige lid Vrouelidmate) aan die woord.

**92. VROUEBEDIENING**

92.1 - 92.3 Kennis geneem

92.4 Goedgekeur

**63. A2.5 VERSLAG VAN DIE  
DESKUNDIGE LID VIR VROUE-  
LIDMATE P 64**

1. VISIE: ELKE VROU AKTIEF VIR CHRISTUS  
Kennis geneem

2. FUNKSIONERING  
2.1 - 2.3 Kennis geneem

3. BRANDPUNTE  
3.1 - 3.3 Kennis geneem

4. STUDIEBEURSE  
4.1 Kennis geneem

5. ALGEMENE KOMMISSIE VIR  
VROUELIDMATE-VERGADERINGS  
5.1 Kennis geneem

6. GELEENTHEIDSKAARTJIES  
6.1 Kennis geneem

**64. A2 VERSLAG VAN DIE  
SINODALE KOMMISSIE  
(VERVOLG) P 38**

62. SINODALE KOLLEKTE VROUELIDMATE

62.1 - 62.2 Kennis geneem

62.3 Goedgekeur

**65. F5.2 TWEDE VERSLAG  
VAN DIE TYDELIKE REGS-  
KOMMISSIE PT 1.3**

1.3 SINODALE KOLLEKTE VROUELIDMATE

Goedgekeur

**66. F3 VERSLAG VAN DIE  
TYDELIKE KOMMISSIE VIR  
FONDSE VERVOLG**

3. SINODALE KOLLEKTE VROUELIDMATE

Goedgekeur

**67. A2 VERSLAG VAN DIE  
SINODALE KOMMISSIE  
(VERVOLG) P 35**

53. PATMOS

NG Kerk Patmos het 'n skriftelike verklaring aan die moderatuur besorg wat aan die vergadering uitgedeel word. Die voorsitter lees die verklaring voor.

Die vergadering bespreek die verklaring van Patmos. Die bespreking sal later voortgesit word.

**68. F5.2 TWEDE VERSLAG  
VAN DIE TYDELIKE REGS-  
KOMMISSIE**

3. SKRYWE VAN KERKRAAD PATMOS (21 Oktober 2003)

Die vergadering bespreek die aanbeveling van die Tydelike Regskommissie. Die bespreking sal later voortgesit word.

**69. VERKIESING VAN  
PRIMARIUS OUDERLINGE /  
DIAKENS VIR ALGEMENE  
SINODE**

Die volgende lede is verkies:  
Diak (me) S Francis

## G HANDELINGE VAN DIE SINODE

Oudl (me) EJ Langenhoven  
Oudl LC Moolman  
Oudl (ds) GJ Retief

### 70. KONSTITUERING VAN RINGE

Die ringe konstitueer afsonderlik en wys hul verteenwoordigers op die Sinodale Kommissie en afgevaardigdes na die Algemene Sinode aan..

### WOENSDAG 22 OKTOBER 2003 AANDSITTING

### 71. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (VERVOLG) P 35

#### 53. PATMOS

Die vergadering sit sy bespreking van die saak voort (sien pte 56, 57, 59, 67, 68 hierbo).

#### ORDEMOSIE

Dat die vergadering oorgaan tot stemming.

Voorsteller: Ds WA van Zyl

**Goedgekeur**

Die voorsitter reël dat die vergadering in klein groepies saambid voordat daar tot stemming oorgegaan word.

#### VOORSTEL 8

1. Die sinode neem kennis van die verloop van gebeure soos in 53.1 - 53.10 uiteengesit.
2. Die sinode oordeel dat die kernsaak die beweerde Roomse leerdwaling is soos deur Patmos verbind aan die liturgie en simbole van die vorige en huidige sinodale vergaderings, asook vergaderings van die algemene sinode.
3. Hieroor gee die sinode as volg uitsluitel:
  - 3.1 Die sinode is dankbaar teenoor Patmos vir die waarskuwing teen moontlike leerdwaling in sy optrede of hantering van simbole.
  - 3.2 Die sinode aanvaar die breet riglyne soos deur SKLAS in A2.6.2 uitgewerk.
  - 3.3 Op grond hiervan aanvaar die sinode dat
    - 3.3.1 liturgiese handeling, simbole en rituele in 'n Gereformeerde konteks altyd die Woord en redding uit genade alleen behoort te beklemtoon;

3.3.2 simbole soos die Christelike kruis en rituele soos die aansteek van kerse nie op hulself 'n "Roomse" karakter dra nie; deel is van die breet Joods-Christelike tradisie, en op verantwoordelike wyse die Gereformeerde vertolking van die evangelie kan bevestig.

(Nota: die seel van die Algemene Sinode is 'n kandelaar met sewe brandende kerse en Patmos het die kruissimbool as permanente kenmerk in die gemeente se naam opgeneem>)

4. Die sinode versoek Patmos om voortaan volledig in te skakel by die kerkverband van ring en sinode sodat ons ons gawes met vreugde tot voordeel en nut van mekaar kan aanwend.

(Dr (prof) PJ Naude / ds BIC Steyn)

**Teruggetrek met toestemming van die vergadering**

#### 53. PATMOS.

53.1 - 53.10 Kennis geneem

53.11 Goedgekeur

### 72. F5.2 TWEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGS- KOMMISSIE

#### 3. SKRYWE VAN KERKRAAD: PATMOS (21 OKTOBER 2003)

3.1 Goedgekeur

3.2 Goedgekeur

### 73. A2.6.2 SIMBOLE EN RITUELE (VERVOLG) P 77

1 - 7 Kennis geneem

8. Goedgekeur

#### VOORSTEL 9

Dat die verslag goedgekeur word en as riglyn deur gemeentes gebruik kan word vir die verantwoordelike gebruik van rituele en simbole in gemeentes

(Di WFA Lötter / C Slabbert)

**Goedgekeur**

### VOORSTEL 10

Dat die sinode aangemoedig word om van simbole en rituele gebruik te maak maar dat:

1. Die Woordverkondiging sentraal staan.
2. Simbole en rituele aanvullend sal wees tot die Woord en dit nie oorheers nie.
3. Dat die fokus van die gebruik van simbole en rituele op God sal fokus.
4. Rituele en simbole van die Bybel weer ontgin en vertoon sal word.

(Di JJJ Putter / GJA van Niekerk)

**Teruggetrek met toestemming van die vergadering**

### 74. A2 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE (VERVOLG)

18. PENSIOEN EN MEDIES VAN EMERITI EN HUL WEDUWEES  
Goedgekeur.

19. MEDIESE SUBSIDIE AAN CMR-GEPENSIONEERDES  
Kennis geneem.

20. INSTANDHOUDING VAN DIE SINODALE SENTRUM  
Kennis geneem.

21. VERSOENINGSAKSIE  
Goedgekeur.

22. KOMMISSIE VIR DIENSVERHOUDINGE  
22.1-22.4 Kennis geneem

### 75. F5.2 TWEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE REGS-KOMMISSIE

1.2 VOORSTEL UITBREIDING OPDRAG SKDV  
Goedgekeur

